science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SADiLaR
South African Centre for Digital Language Resources

ICELDA
Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment

sport, arts & culture
Department:
Sport, Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Generic Multilingual Academic Wordlist

**SADiLaR**

**ICELDA**

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| abandon | verb | to stop having an idea or thinking in a certain way | He urged us to abandon the idea. | laat vaar | werkwoord | ’n idee prysgee of ophou om op ’n bepaalde manier te dink | Hy het by ons aangedring om die idee te laat vaar. |
| abandon | verb | to stop doing something or being involved in an activity or piece of work, especially before it is completed | Have they just postponed this project, or abandoned it altogether? | staak | werkwoord | met iets ophou of jou betrokkenheid by ’n projek of aktiwiteit beëindig, veral voordat dit afgehandel is | Het hulle hierdie projek net uitgestel, of het hulle dit heeltemal gestaak? |
| ability | noun | the state of being able to do something | This spell checker also has the ability to automatically point out some grammatical errors. | vermoë | naamwoord | die toestand van in staat te wees om iets te doen | Hierdie speltoetser het ook die vermoë om outomaties sommige grammatikale foute uit te wys. |
| abnormal | adjective | different from what is normal, ordinary or expected, often in a way that seems strange, worrying, wrong or dangerous | The number of chromosomes is abnormal. | abnormaal | byvoeglike naamwoord | anders as die normale, gewone of verwagte, dikwels op ’n manier wat vreemd, kommerwekkend, verkeerd of gevaarlik lyk | Die getal chromosome is abnormaal. |
| absolute | adjective | not allowing for other opinions | Her view on the morality of people’s actions is absolute. | absoluut | byvoeglike naamwoord | wat geen ander opinies toelaat nie | Haar siening van die moraliteit van mense se handelinge is absoluut. |
| absolutise | verb | make something absolute | The danger of people who follow one particular ideology is that they absolutise the ideas in it and consequently accept no other ideas as valid. | verabsoluteer | werkwoord | iets absoluut maak | Die gevaar van mense wat een spesifieke ideologie aanhang, is dat hulle die idees daarin verabsoluteer en gevolglik geen ander idees as geldig aanvaar nie. |
| absolutism | noun | attitude that meaning is immutable and things are therefore unconditionally valid | The absolutism in her approach to religious issues scares many people. | absolutisme | naamwoord | houding dat betekenis onveranderlik en dinge dus onvoorwaardelik geldig is | Die absolutisme in haar benadering tot geloofskwessies skrik baie mense af. |
| absorb | verb | to take new information into the mind and learn and understand it | Without any prior knowledge or a printed text at our disposal, it was difficult to absorb all the information he presented on nuclear fission. | absorbeer | werkwoord | nuwe inligting in die verstand inneem en dit leer en verstaan | Sonder enige voorafkennis of ’n gedrukte teks tot ons beskikking was dit moeilik om al die inligting wat hy oor kernsplyting aangebied het, te absorbeer. |
| absorb | verb | to hold someone’s attention or interest completely | He recently finished the work that had absorbed him for almost two years. | verdiep | werkwoord | besig wees met iets wat jou aandag of belangstelling volledig in beslag neem | Hy het onlangs die werk voltooi waarin hy hom amper twee jaar verdiep het. |
| absorb | verb | find something so interesting that you do not pay attention to anything else | She was completely absorbed in her book and didn’t hear a word I said. | verdiep | werkwoord | iets so interessant vind dat jy nie aan niks anders aandag gee nie | Sy was heeltemal verdiep in haar boek en het nie ’n woord gehoor van wat ek gesê het nie. |
| abstract | verb | to infer abstract meaning from something | The knowledgeable reader can abstract certain universal truths from a good literary text. | abstraheer | werkwoord | abstrakte betekenis uit iets aflei | Die kundige leser kan sekere universele waarhede uit ’n goeie literêre teks abstraheer. |
| abstract | adjective | existing as an idea, but not as a physical thing | Love is regarded as an abstract idea. | abstrak | byvoeglike naamwoord | wat as ’n idee bestaan, maar nie as ’n fisiese voorwerp nie | Liefde word beskou as ’n abstrakte idee. |
| abstract | noun | a short summary | The abstract of the article summarises the main findings. | opsomming | naamwoord | ’n kort samevatting | Die opsomming van die artikel vat die hoofbevindinge saam. |
| abstract | noun | summary of the major aspects of an academic paper | The abstract at the beginning of a long academic article is useful if you want to know if the article is relevant to you. | sinopsis | naamwoord | opsomming van die hoofaspekte van ’n akademiese artikel | Die sinopsis aan die begin van ’n lang akademiese artikel is nuttig as jy wil weet of die artikel vir jou relevant is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| abstraction | noun | (the process of formulating) general ideas from concrete data | The thematic motifs of a text are an abstraction, ideas that readers are able to infer from the concrete textual data. | abstraksie | naamwoord | (die formulering van) algemene idees uit konkrete gegewens | Die tematiese motiewe van ’n teks is ’n abstraksie, idees wat lesers uit die konkrete teksgegewens kan aflei. |
| accelerate | verb | to make a process happen faster or sooner than expected | Game-based learning can accelerate the transfer and application of knowledge. | versnel | werkwoord | ’n proses gouer of vroeër as wat verwag word, laat plaasvind | Leer wat op spel gebaseer is, kan die oordrag en toepassing van kennis versnel. |
| accept | verb | to consider something valid | Although many physicists could accept Niels Bohr’s quantum theory as valid, Einstein refused to do so. | aanvaar | werkwoord | iets as geldig beskou | Alhoewel baie fisici Niels Bohr se kwantumteorie as geldig kon aanvaar, het Einstein geweier om dit te doen. |
| accept | verb | to believe something to be true | Jim Martin accepted Halliday’s ideas on Systemic Functional Grammar. | aanvaar | werkwoord | glo dat iets waar is | Jim Martin het Halliday se idees oor Sistemiese Funksionele Grammatika aanvaar. |
| accept | verb | to agree with or approve of someone or something | The head of the department accepted her resignation. | aanvaar | werkwoord | iemand of iets aanvaar of goedkeur | Die departementshoof het haar bedanking aanvaar. |
| acceptability | noun | the extent to which something can be believed or agreed upon | Despite many physicists’ enthusiasm for Niels Bohr’s quantum theory, Einstein doubted its acceptability. | aanneemlikheid | naamwoord | die mate waartoe iets geglo of aanvaar kan word | Ondanks baie fisici se entoesiasme oor Niels Bohr se kwantumteorie, het Einstein die aanneemlikheid daarvan betwyfel. |
| acceptable | adjective | that people can accept or agree with | Cohabitation has become socially acceptable. | aanvaarbaar | byvoeglike naamwoord | wat mense kan aanvaar of waarmee hulle kan saamstem | Saamwoon het sosiaal aanvaarbaar geword. |
| acceptable | adjective | that can be allowed | These noise levels are acceptable within the office. | aanvaarbaar | byvoeglike naamwoord | wat toegelaat kan word | Hierdie geraasvlakke is aanvaarbaar in die kantoor. |
| acceptable | adjective | what is accepted or believed to be true or correct | Einstein did not acknowledge Niels Bohr’s view on quantum particles as an acceptable theory. | aanvaarbaar | byvoeglike naamwoord | wat aanvaar word of wat as waar of as korrek beskou word | Einstein het Niels Bohr se siening oor kwantumdeeltjies nie as ’n aanvaarbare teorie erken nie. |
| acceptance | noun | when you accept or believe that something is right or true | Einstein’s critical attitude to Niels Bohr’s quantum theory is in stark contrast to many physicists’ enthusiastic acceptance of it. | aanvaarding | naamwoord | wanneer jy aanvaar of glo dat iets reg of waar is | Einstein se kritiese houding teenoor Niels Bohr se kwantumteorie staan in skrille kontras met baie fisici se entoesiastiese aanvaarding daarvan. |
| accepted | adjective | what is approved of and/or regarded as normal or correct | This type of legislation is globally accepted practice. | aanvaar | byvoeglike naamwoord | wat goedgekeur word en/of as normaal of korrek beskou word | Hierdie soort wetgewing is wêreldwyd aanvaarde praktyk. |
| access | verb | to find or retrieve information from a storage device, such as a file | She accessed three different databases to find the information. | ontsluit | werkwoord | inligting vind of herwin in ’n bergingstoestel, soos ’n lêer | Sy het drie verskillende databasisse ontsluit om die inligting te bekom. |
| access | noun | the opportunity to use or gain entry to a place or a building | The only access to the laboratory is through that door. | toegang | naamwoord | die geleentheid om tot ’n plek of gebou toegang te verkry | Die enigste toegang tot die laboratorium is deur daardie deur. |
| access | verb | to be able to get into a place or use something | In order to access the protected collection of a library, one must first ask for leave. | toegang kry | woordgroep | om by ’n plek te kan inkom of iets te kan gebruik | Om tot die beskermde versameling van ’n biblioteek toegang te kry, moet ’n mens eers verlof vra. |
| access | noun | the right, privilege or opportunity to use something or approach someone | Students must have access to a good library. | toegang | naamwoord | die reg, voorreg of geleentheid om iets te gebruik of om iemand te nader | Studente moet toegang hê tot ’n goeie biblioteek. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| accessible | adjective | that can be reached easily | Items housed in the Main Building are accessible whenever the Library is open to the public. | toeganklik | byvoeglike naamwoord | wat maklik bereik kan word | Items wat in die hoofgebou gehuisves word, is toeganklik wanneer ook al die biblioteek vir die publiek oop is. |
| accessible | adjective | approachable and friendly, with whom one can communicate comfortably | There are two accessible assistants in our university library who are happy to help students find their resources. | toeganklik | byvoeglike naamwoord | vriendelik en behulpsaam, met wie ’n mens gemaklik kan kommunikeer | Daar is twee toeganklike assistente in ons universiteitsbilioteek wat studente graag help om hul bronne te vind. |
| accommodate | verb | to take someone or something into consideration | Educators accommodate learners with poor reading ability by providing activities that are within their ability. | akkommodeer | werkwoord | iemand of iets in ag neem | Opvoeders akkommodeer leerders met ’n swak leesvermoë deur aktiwiteite aan te bied wat binne hulle vermoë is. |
| accommodating | adjective | willingness to fit in with somebody’s wishes or needs | The true scientist always tries to think accommodatingly from other points of view. However, such an accommodating way of thinking is very rare. | akkommoderend | byvoeglike naamwoord | bereidheid om by iemand se behoeftes of wense in te val | Die ware wetenskaplike probeer altyd akkommoderend vanuit ander oogpunte dink. So ’ akkommoderende manier van dink is egter baie skaars. |
| accommodation | noun | an agreement that satisfies everyone | Your accommodation of other people’s views requires that you look at things from their perspective. | akkommodering | naamwoord | ’n ooreenkoms wat almal tevrede stel | Akkommodering van ander mense se sienings vereis dat jy na dinge kyk vanuit hulle perspektief. |
| accompany | verb | to go with something or someone | The plagiarism declaration must accompany all written work submitted while you are a student of the university. | vergesel | werkwoord | saam met iets of iemand gaan | Die plagiaatverklaring moet alle skriftelike werk vergesel terwyl jy ’n student aan hierdie universiteit is. |
| accordance | noun | in agreement with or as determined by | The dismissal of the employee was effected in accordance with a fair procedure. | ooreenkomstig | naamwoord | volgens of soos bepaal deur | Die ontslag van die werknemer het geskied ooreenkomstig ’n billike prosedure. |
| according to | adjective | in agreement with | According to the requirements for a Baccalaureus Degree, you have to pass two more subjects. | ooreenkomstig | byvoeglike naamwoord | in ooreenstemming met | Ooreenkomstig die vereistes vir ’n Baccalaureus-graad, moet u nog twee vakke slaag. |
| account | noun | a report of something which has been put into own words | His presentation is a faithful account of the author’s view. | weergawe | naamwoord | ’n verslag van iets wat in eie woorde gestel is | Sy aanbieding is ’n getroue weergawe van die skrywer se siening. |
| accumulate | verb | to gradually obtain more of something | Some students enrol for a course simply to accumulate credits towards their degrees. | akkumuleer | werkwoord | geleidelik meer van iets bekom | Sommige studente skryf hulle vir ’n kursus in slegs om studiepunte of krediete vir hul graad te akkumuleer |
| accumulate | verb | to increase gradually in number or quantity | As evidence accumulates against the corrupt city manager, he desperately tries to defend himself. | akkumuleer | werkwoord | geleidelik toeneem in getal of hoeveelheid | Namate bewyse teen die korrupte stadsbestuurder akkumuleer, probeer hy homself desperaat verdedig. |
| accumulated | adjective | gathered together | The accumulated evidence gathered by the Hawks, was enough to prosecute the corrupt director of the company. | opgehoop | byvoeglike naamwoord | byeengebring | Die opgehoopte getuienis wat deur die Valke ingesamel is, was genoeg om die korrupte direkteur van die maatskappy te vervolg. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| acknowledge | verb | to recognise, accept, admit something | Prof. Crous and dr. Andrews, who have often disagreed in public, eventually acknowledged that they completely misunderstood each other. | erken | werkwoord | iets aanvaar, toegee | Prof. Crous en dr. Andrews, wat gereeld in die openbaar nie saamgestem het nie, het uiteindelik erken dat hulle mekaar heeltemal verkeerd verstaan het. |
| acknowledge | verb | accept and mention (with gratitude or appreciation) | The competent researcher will acknowledge the contributions of other researchers in her academic articles or dissertation. | erken | werkwoord | (met dankbaarheid of waardering) aanvaar en melding maak van | Die bekwame navorser sal die bydraes van ander navorsers in haar akademiese artikels of proefskrif erken. |
| acknowledged | adjective | recognised as good, important, valid or trustworthy | Our physics professor is an acknowledged authority on the subject of nuclear physics. | erken | byvoeglike naamwoord | gereken as goed, belangrik, geldig of betroubaar | Ons fisikaprofessor is ’n erkende gesag op die gebied van kernfisika. |
| acknowledgement | noun | the recognition of something as good or important | An important characteristic of researchers who do not fear competition from other researchers, is the acknowledgement of contributions of fellow scholars in their bibliography, their articles or their dissertations. | erkenning | naamwoord | die erkenning van iets as goed of belangrik | ’n Belangrike eienskap van navorsers wat nie mededinging van ander navorsers vrees nie, is die erkenning van bydraes van medewetenskaplikes in hul bibliografie, hul artikels of hul proefskrifte. |
| acknowledgement | noun | acceptance of the truth or existence of something | The company’s acknowledgment of financial slip-ups has provoked fierce criticism. | erkenning | naamwoord | aanvaarding van die waarheid of bestaan van iets | Die maatskappy se erkenning van finansiële flaters het fel kritiek ontlok. |
| acquiesce | verb | to allow something to happen, although you do not like it | Victims of gang violence will not acquiesce in the early release of convicted gang members. | toestem | werkwoord | toelaat dat iets gebeur, hoewel jy nie daarvan hou nie | Slagoffers van bendegeweld sal nie instem tot die vroeë vrylating van veroordeelde bendelede nie. |
| acquiescence | noun | (reluctant) acceptance | The government’s acquiescence in the continued use of weapons of mass destruction is intolerable. | instemming | naamwoord | (teësinnige) aanvaarding | Die regering se instemming met die voortgesette gebruik van wapens vir massavernietiging is onaanvaarbaar. |
| acquiescent | adjective | tending to allow or accept something, even if you do not like it | They were generally speaking apolitical and acquiescent, or ready to defer to authority. | instemmend | byvoeglike naamwoord | geneig om iets te aanvaar of toe te laat, al hou jy nie daarvan nie | Hulle was oor die algemeen apolities en instemmend, of bereid om hulle aan gesag oor te gee. |
| acquire | verb | to get, gain (especially by deliberately doing something for a certain amount of time) | Learners read to gather information and acquire new knowledge. | verwerf | werkwoord | kry, bekom (veral deur vir ’n bepaalde tyd doelbewus iets te doen) | Leerders lees om inligting te versamel en nuwe kennis te verwerf |
| acquire | verb | to get, obtain (especially through hard work or effort) | Dr. Krige obtained all his degrees at the University of Pretoria. | verwerf | werkwoord | (veral deur harde werk of inspanning) verkry | Dr. Krige het al sy grade aan die Universiteit van Pretoria verwerf. |
| acquired | adjective | that has been obtained or gained | Dr. Krige recently added a BCom degree to his already obtained degrees. | verwerf | byvoeglike naamwoord | wat verkry is | Dr. Krige het onlangs ’n B.Com.-graad by sy reeds verwerfde grade gevoeg. |
| acquisition | noun | the act of learning or developing a skill | Study at university is not merely the acquisition of new knowledge; it is also about developing certain values and dispositions. | verwerwing | naamwoord | die leer of ontwikkeling van ’n vaardigheid | Universiteitstudie behels nie net die verwerwing van nuwe kennis nie, dit gaan ook oor die ontwikkeling van sekere waardes en ingesteldhede. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| acquisition | noun | obtaining something after hard work and effort over a long period of time | The acquisition of a degree is an important event in the life of any student. | verwerwing | naamwoord | verkryging van iets ná harde werk en inspanning oor ’n lang tyd | Die verwerwing van ’n graad is ’n belangrike gebeurtenis in die lewe van enige student. |
| acronym | noun | the first letters of a group of words that are read together as one word | UNISA is an acronym for University of South Africa. | akroniem | naamwoord | die eerste letters van ’n groep woorde wat saam as een woord gelees word | UNISA is ’n akroniem vir Universiteit van Suid-Afrika. |
| adapt | verb | change to suit new circumstances or a new environment | University courses have to adapt to the needs of the marketplace. | aanpas | werkwoord | verander om by nuwe omstandighede of in ’n nuwe omgewing te pas | Universiteitskursusse moet aanpas by die behoeftes van die mark. |
| adaptation | noun | change or adjustment to meet a new goal or adapt to a new environment | The doctoral student must make adaptations to his first chapter, because certain aspects are not congruent with the wording in his title. | aanpassing | naamwoord | verandering om aan ’n nuwe doel te beantwoord of by ’n nuwe omgewing aan te pas | Die doktorale student moet aanpassings maak aan sy eerste hoofstuk, omdat sekere aspekte nie met die bewoording in sy titel ooreenstem nie. |
| adapted | adjective | changed to make it more suitable for a specific purpose or situation | After two weeks the student presented his lecturer with an adapted version of his first chapter. | aangepas | byvoeglike naamwoord | wat verander is om dit meer geskik vir ’n bepaalde doel of situasie te maak | Ná twee weke het die student aan sy dosent ’n aangepaste weergawe van sy eerste hoofstuk voorgelê. |
| additional | adjective | added to what was expected or to what was agreed upon | Additional imports of American beef are planned to meet rising demand. | addisioneel | byvoeglike naamwoord | bygevoeg of toegevoeg by wat verwag is of waarop daar ooreengekom is | Addisionele invoer van Amerikaanse beesvleis word beplan om aan die stygende vraag te voorsien. |
| adequate | adjective | good enough for a specific purpose | This test is adequate for measuring students’ preparedness for studying through medium of English. | geskik | byvoeglike naamwoord | goed genoeg vir ’n bepaalde doel | Hierdie toets is geskik om studente se gereedheid te meet vir studeer deur middel van Engels. |
| adequate | adjective | as much as is needed or desired | In the course of researching customer needs, it was discovered that few families have adequate life insurance. | voldoende | byvoeglike naamwoord | soveel as wat nodig is of verlang word | In die loop van die ondersoek na die behoeftes van die kliënt, is vasgestel dat min gesinne voldoende lewensversekering het. |
| adhere | verb | to stick to something | The paint will adhere to any clean surface. | kleef | werkwoord | aan iets vasklou | Die verf sal aan enige skoon oppervlak kleef. |
| adhere to | verb | to obey or follow a set of principles, a course of action, or rules | A great statesman knows when to depart from traditions and when to adhere to them. | nakom | werkwoord | ’n stel beginsels, reëls of werkwyse getrou volg | ’n Groot staatsman weet wanneer om van tradisie af te wyk en wanneer hy dit moet nakom. |
| adjust | verb | to alter, change or regulate in order to conform to a standard or to perform a function | Educators must adjust to the characteristics and learning needs of students. | aanpas | werkwoord | verander of reguleer om aan ’n standaard te voldoen of ’n funksie uit te voer | Opvoeders moet hulle by die kenmerke en leerbehoeftes van studente aanpas. |
| adjustment | noun | an alteration made to achieve a desired outcome or result | The doctoral student has to make adjustments to her first chapter, because certain aspects are not congruent with the wording in her title. | aanpassing | naamwoord | ’n verandering wat aangebring word om ’n verlangde resultaat of uitkoms te bereik | Die doktorale student moet aanpassings maak aan haar eerste hoofstuk, omdat sekere aspekte nie met die bewoording in haar titel ooreenstem nie. |
| administer | verb | to organise, provide or apply formally and correctly | The examination was administered fairly. | administreer | werkwoord | formeel en korrek organiseer, daarstel of toepas | Die eksamen is behoorlik geadministreer. |
| admit | verb | to agree that something is true | The motor manufacturer admitted to tampering with the carbon emission tests. | erken | werkwoord | toegee dat iets waar is | Die motorvervaardiger het erken dat daar met die koolstofuitlaattoetse geknoei is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| advantage | noun | something that puts you in a favourable position | It is to the advantage of all students if they regularly review their lecture notes instead of only looking at them shortly before a test or exam. | voordeel | naamwoord | iets wat jou in ’n gunstige posisie plaas | Dit is tot voordeel van alle studente as hulle gereeld hul lesingnotas hersien in plaas van dit net kort voor ’n toets of eksamen te bekyk. |
| advantageous | adjective | having an advantage | It is advantageous for a student to review lecture notes regularly, as preparation for the exam is less exhausting. | voordelig | byvoeglike naamwoord | wat ’n voordeel inhou | Dit is voordelig vir ’n student om lesingsnotas gereeld na te gaan, aangesien die voorbereiding vir die eksamen dan minder uitputtend is. |
| advocate | noun | someone who speaks, pleads or argues in favour of something | She is an advocate for women’s rights. | voorstander | naamwoord | iemand wat ten gunste van iets praat, pleit of betoog | Sy is ’n voorstander van vroueregte. |
| advocate | verb | to speak, plead or argue in favour of something | He advocates the training of farmers in modern pest control methods. | pleit vir | woordgroep | ten gunste van iets praat of betoog | Hy pleit vir die opleiding van boere in moderne plaagbeheermetodes. |
| affect | verb | to have an influence (up)on | The purity of the samples can significantly affect the results of the experiment. | beïnvloed | werkwoord | ’n invloed of uitwerking op iets hê | Die suiwerheid van die monsters kan die resultate van die eksperiment aansienlik beïnvloed. |
| affect | noun | strong emotion, especially in relation to how it influences thinking and behaviour | The scale measures positive and negative affect towards refugees. | affek | naamwoord | sterk emosie, veral met betrekking tot hoe dit denke en gedrag beïnvloed | Die skaal meet positiewe en negatiewe affek jeens vlugtelinge. |
| affirmative | adjective | being in consent with a statement or request | His affirmative answer to the question was a great relief to all of us. | bevestigend | byvoeglike naamwoord | instemmend met ’n verklaring of versoek | Sy bevestigende antwoord op die vraag was ’n groot verligting vir ons almal. |
| aggregate | noun | a whole formed by combining separate things | Although the candidate succeeds in two of his subjects, he fails in the aggregate. | totaal | naamwoord | ’n geheel wat uit verskillende dele saamgestel is | Alhoewel die kandidaat in twee van sy vakke slaag, druip hy in totaal. |
| aggregate | noun | a sum total of many different things taken together | The aggregate of all the changes made radically changed the image of the organisation. | totaal | naamwoord | die somtotaal van baie verskillende dinge bymekaar | Die totaal van al die veranderings wat aangebring is, het die beeld van die organisasie radikaal verander. |
| agitate | verb | to protest or argue in public for something you want, especially a political or social change | The student union agitated for better living conditions. | agiteer | werkwoord | in die openbaar protesteer of betoog vir iets wat jy wil hê, veral ’n politieke of sosiale verandering | Die studentevereniging agtiteer vir beter huisvesting. |
| algorithm | noun | originally only a mathematical way of calculation, but the meaning has expanded to include a broader definition, viz. a step-by-step approach to tasks and problem solving | A manual for mechanics will contain different algorithms for different tasks. | algoritme | naamwoord | oorspronklik slegs ’n wiskundige manier van berekening, maar die betekenis het uitgebrei tot ’n breër definisie, naamlik ’n stap-vir-stap-benadering tot take en probleemoplossing | ’n Handleiding vir werktuigkunde sal verskillende algoritmes vir verskillende take bevat. |
| algorithmical | adjective, adverb | making use of algorithms | algorithmic learning, methods | algoritmies | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat van algoritmes gebruik maak | algoritmiese leer, metodes |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| algorithmisation | noun | the real execution of the different steps | When training inexperienced mechanics, the algorithmisation of complex tasks is essential for their skill development. | algoritmisering | naamwoord | die werklike uitvoering van die verskillende stappe | Wanneer onervare werktuigkundiges opgelei word, is die algoritmisering van ingewikkelde take noodsaaklik vir hulle vaardigheidsontwikkeling. |
| allege | verb | to claim that something is the matter without having proof | In his main argument, he alleges that the symptoms of the patient are typical of depression. | aanvoer | werkwoord | beweer dat iets die geval is sonder om ’n bewys te hê | In sy hoofargument voer hy aan dat die simptome van die pasiënt tipies van depressie is. |
| allege | verb | to state something as a fact without giving proof | Oppenheimer (2015: 14) alleged that Balmain (2010) contrived the results of his research. | beweer | werkwoord | iets as ’n feit stel sonder om bewys te lewer | Oppenheimer (2015: 14) het beweer dat Balmain (2010) die resultate van sy navorsing versin het. |
| alleged | adjective | of which the truth has not yet been proven | The alleged offence is said to have happened on Friday night. | beweer | byvoeglike naamwoord | waarvan die waarheid nog nie bewys is nie | Die beweerde oortreding het glo Vrydagaand plaasgevind. |
| alleged | adjective | who is thought to be guilty | The police are on the outlook for the alleged murderer, but as yet have not enough evidence to prove his guilt. | vermeende | byvoeglike naamwoord | wat van iets verdink word | Die polisie is op die spoor van die vermeende moordenaar, maar het nog nie genoeg bewyse vir sy skuldigbevinding nie. |
| alliterate | verb | to repeat the same sound or letter in order to create a special effect | Notice how the w-sound alliterates in: White is the world of old-fashioned woe ... | allitereer | werkwoord | dieselfde klank of letter herhaal ten einde ’n spesiale effek te bereik | Let op hoe die w-klank allitereer in: Wit is die wêreld van outydse wee ... |
| alliteration | noun | the repetition of the same sound or letter at the beginning of adjacent words | In poetry alliteration occurs at the end but also within lines of poetry. | alliterasie | naamwoord | die herhaling van dieselfde klank of letter aan die begin van aangrensende woorde | In poësie kom alliterasie aan die einde maar ook binne versreëls voor. |
| alliterative | adjective | containing words that begin with the same sound or letter | The w sound in the words WHITE and WONDER is alliterative. | allitererend | byvoeglike naamwoord | wat woorde bevat wat met dieselfde klank of letter begin | Die w-klank in die woorde WIT en WONDER is allitererend. |
| allocate | verb | to distribute according to a plan | Seats are allocated according to the proportion of votes gained. | toewys | werkwoord | volgens ’n plan verdeel | Setels word toegewys volgens die proporsie stemme wat behaal is. |
| allocate | verb | to decide to use something for a certain purpose | When choosing the best candidate for an academic position, different weights are allocated to aspects like academic qualifications, research experience and teaching ability. | toeken | werkwoord | besluit om iets vir ’n bepaalde doel te gebruik | Wanneer die beste kandidaat vir ’n akademiese pos gekies word, word verskillende gewigte toegeken aan dinge soos akademiese kwalifikasies, navorsingservaring en doseervermoë. |
| allocation | noun | decision to use something for a certain purpose | When choosing the best candidate for an academic position, the allocation of different weights to aspects like academic qualifications, research experience and teaching ability play an important role. | toekenning | naamwoord | besluit om iets vir ’n bepaalde doel te gebruik | Wanneer die beste kandidaat vir ’n akademiese pos gekies word, speel die toekenning van verskillende gewigte aan aspekte soos akademiese kwalifikasies, navorsingservaring en doseervermoë ’n belangrike rol. |
| allude | verb | to mention something or someone briefly or indirectly | It is only possible to allude briefly to the conclusions that he has attained in treating the various problems. | verwys | werkwoord | iets of iemand vlugtig of indirek noem | Dit is slegs moontlik om kortliks te verwys na die gevolgtrekkings waartoe hy gekom by die behandeling van die verskillende probleme. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| allusion | noun | a brief or indirect reference to someone or something | Spencer makes frequent allusions to the New World. | toespeling | naamwoord | ’n vlugtige of indirekte verwysing na iemand of iets | Spencer maak gereeld toespelings op die Nuwe Wêreld. |
| alter | verb | to cause to change or make different | The holocaust significantly altered the course of history. | verander | werkwoord | ’n wysiging laat ondergaan of anders maak | Die Holocaust het die verloop van die geskiedenis ingrypend verander. |
| alternate | verb | to do or happen in turn | Most novelists alternate between dialogue and description. | wissel | werkwoord | om die beurt doen of gebeur | Die meeste romanskrywers wissel tussen dialoog en beskrywing. |
| alternate | verb | to put two things, one after the other, in a repeated pattern | The effective student alternates hard work with regular relaxation and enough hours of sleep. | afwissel | werkwoord | twee dinge, die een ná die ander, in ’n herhaalde patroon plaas | Die effektiewe student wissel harde werk af met gereelde ontspanning en genoeg ure slaap. |
| alternating | adjective | in turn | Brick-building patterns in alternating straight and wavy lines lend a playful character to walls. | afwisselend | byvoeglike naamwoord | om die beurt | Baksteen-boupatrone in afwisselende reguit en golwende lyne verleen ’n speelse karakter aan mure. |
| alternation | noun | repeated rotation | Meaningful alternation in teaching tasks should alleviate the boredom that lecturers sometimes experience in teaching their subject. | afwisseling | naamwoord | herhaalde rotasie | Sinvolle afwisseling van onderrigtake behoort die verveling te verlig wat dosente soms ervaar wanneer hulle hul vak doseer. |
| alternative | noun | one of two options | You can write an essay; the alternative is that you answer twenty short questions. | alternatief | naamwoord | een van twee moontlikhede | Jy kan ’n opstel skryf; die alternatief is dat jy twintig kortvrae beantwoord. |
| alternative | adjective | offering the choice between two things | The students have the choice of an alternative assignment. | alternatief | byvoeglike naamwoord | waarby die keuse tussen twee dinge gebied word | Die studente het die keuse van ’n alternatiewe opdrag. |
| alternatively | adverb | in the alternative | You must write a full-length essay; alternatively you can answer 20 short questions. | anders | bywoord | as alternatief | Jy moet ’n vollengte-opstel skryf; anders kan jy 20 kortvrae beantwoord. |
| ambiguity | noun | something that is not clear because it can be interpreted in different ways | The lecturer clears up misunderstandings and ambiguities through individual feedback. | dubbelsinnigheid | naamwoord | iets wat nie duidelik is nie, omdat dit op verskillende maniere geïnterpreteer kan word | Die dosent ruim misverstande en dubbelsinnighede uit die weg deur individuele terugvoer. |
| ambiguous | adjective | having more than one meaning | This statement is ambiguous, because it can be interpreted in two different ways. | dubbelsinnig | byvoeglike naamwoord | wat meer as een betekenis het | Hierdie stelling is dubbelsinnig, want dit kan op twee verskillende maniere geïnterpreteer word. |
| ambivalence | noun | simultaneous presence of conflicting wishes or feelings | Because of the ambivalence in his mind, he cannot make a decision on the matter. | ambivalensie | naamwoord | gelyktydige aanwesigheid van teenoorgestelde wense of gevoelens | Vanweë die ambivalensie in sy gemoed kan hy nie ’n besluit oor die saak neem nie. |
| ambivalent | adjective, adverb | regarding the simultaneous existence of opposite wishes or feelings | I feel ambivalent about the matter, because I understand the positive and the negative aspects of it. People do not always understand my ambivalent feelings. | ambivalent | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat betref die gelyktydige bestaan van teenoorgestelde wense of gevoelens | Ek voel ambivalent oor die saak, want ek verstaan die positiewe en negatiewe aspekte daarvan. Mense verstaan nie altyd my ambivalente gevoelens nie. |
| amend | verb | to change a law, agreement or document slightly | The agreement was amended to apply only to senior members. | aanpas | werkwoord | ’n wet, ooreenkoms of dokument effens verander | Die ooreenkoms is aangepas om slegs op senior lede van toepassing te wees. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| amend | verb | to make minor changes in order to be more accurate | Researchers amend their initial hypotheses if their experiments refute them. | wysig | werkwoord | kleiner veranderings aanbring ter wille van akkuraatheid | Navorsers wysig hulle aanvanklike hipoteses as hulle eksperimente dit weerlê. |
| anachronism | noun | an error in chronology in which a person or thing is placed in the wrong historical time | It's an anachronism when a soldier in a WWII film talks to his fiancé on his cellphone. | anachronisme | naamwoord | ’n fout in chronologie waarin ’n persoon of ding in die verkeerde historiese tyd geplaas is | Dis ’n anachronisme as ’n soldaat in ’n Tweede Wêreldoorlog-film met sy verloofde oor ’n selfoon praat. |
| anachronistic | adjective | incompatible with the time in which something happens | The soldier's cellphone conversation in the film about World War II is anachronistic. Such an anachronistic scene detracts from the authenticity of the events. | anachronisties | byvoeglike naamwoord | onversoenbaar met die tyd waarin iets plaasvind | Die soldaat se selfoongesprek in die film oor die Tweede Wêreldoorlog is anachronisties. So ’n anachronistiese toneel doen afbreuk aan die egtheid van die gebeure. |
| analogous | adjective | similar to something else | The functions of the human heart and those of a pump prove to be analogous to each other. They perform analogous functions. | analoog | byvoeglike naamwoord | in ooreenstemming met iets aanders | Die funksies van die menslike hart en dié van ’n pomp blyk analoog aan mekaar te wees. Hulle verrig analoë funksies. |
| analogy | noun | drawing a comparison in order to show a similarity between two things. | One may find analogies with one's own emotions and feelings in another person's poetry. | analogie | naamwoord | die maak van ’n vergelyking ten einde ooreenkoms tussen twee dinge te toon. | Gaaie (die vreemde meervoud van gat) het ontstaan na analogie van paaie (meervoud van pad). |
| analogy | noun | something that is comparable to something else in significant ways | There is an analogy between your own emotions and the feelings expressed in someone else's poems. | analogie | naamwoord | iets wat in belangrike opsigte met iets anders ooreenstem | Daar is ’n analogie tussen jou eie emosies en die gevoelens wat uitgedruk word in iemand anders se gedigte. |
| analyse | verb | to examine something methodically in order to explain it | You analyse a text if you examine its parts separately. | ontleed | werkwoord | iets metodies ondersoek om dit te verduidelik | Jy ontleed ’n teks as jy die dele daarvan afsonderlik ondersoek. |
| analyse | verb | to break up a whole into the parts of which it was composed and identify relationships among the parts | The students must analyse a chemical compound in order to identify it. | ontleed | werkwoord | ’n geheel opbreek in die dele waaruit dit saamgestel is en verwantskappe tussen die dele identifiseer | Die studente moet ’n chemiese verbinding ontleed ten einde dit te identifiseer. |
| analytical | adjective | making use of analysis | Your thinking is analytical if you prefer to analyse separate parts.` | analities | byvoeglike naamwoord | wat dinge ontleed | Jou denke is analities as jy verkies om afsonderlike dele te ontleed. |
| anecdotal | adjective, adverb | by means of stories | The speaker has an anecdotal style, because he loves anecdotes. | anekdoties | byvoeglike naamwoord, bywoord | deur middel van staaltjies en stories | Die spreker het ’n anekdotiese styl, want hy hou van staaltjies. |
| anecdote | noun | short, entertaining narrative that is usually true | The famous speaker alternates his serious argument with anecdotes from his life. | anekdote | naamwoord | kort, vermaaklike vertelling wat gewoonlik waar is | Die beroemde spreker wissel sy ernstige betoog af met anekdotes oor sy lewe. |
| annual | adjective | calculated over the period of one year | The annual income of a top CEO in South Africa is more than one million rand. | jaarliks | byvoeglike naamwoord | wat oor die tydperk van een jaar bereken word | Die jaarlikse inkomste van ’n top-HUB in Suid-Afrika is meer as een miljoen rand. |
| annual | noun | a magazine or book that is published once a year with the same title but different content | Modern Scientist is an annual published in December. | jaarblad | naamwoord | ’n tydskrif of boek wat een keer per jaar met dieselfde titel maar nuwe inhoud verskyn | Modern Scientist is ’n jaarblad wat in Desember verskyn. |
| annual | adjective | happening once every year | She'll be getting her annual pay increase this month. | jaarliks | byvoeglike naamwoord | wat elke jaar een maal gebeur | Sy kry hierdie maand haar jaarlikse salarisverhoging. |
| anomaly | noun | something that differs from what is usual, normal or expected | With his introverted nature, he was an anomaly in his exuberant family. | anomalie | naamwoord | iets wat verskil van die gewone, normale of wat verwag word | Met sy introverte geaardheid was hy ’n anomalie in sy uitbundige gesin. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| anthropological | adjective | relating to anthropology | Anthropological studies today focus on all types of communities and use, among others, qualitative research to verify findings. | antropologies | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met antropologie | Antropologiese studies fokus vandag op alle soorte gemeenskappe en gebruik, onder meer, kwalitatiewe navorsing om bevindings te verifieer. |
| anthropology | noun | systematic study of the origin and evolution of human beings, the organisation of social and cultural relationships, human behaviour, variations between different people, how the evolutionary past of homo sapiens influenced its social organisation and culture, etc. | Anthropology is a global discipline today, while earlier it was more limited to Europe. There are branches such as biological, cultural, linguistic and social anthropology. | antropologie | naamwoord | sistematiese studie van die oorsprong en evolusie van mense, die organisasie van sosiale en kulturele verhoudings, menslike gedrag, variasies tussen verskillende mense, hoe die evolusionêre verlede van Homo sapiens sy sosiale organisasie en kultuur beïnvloed het, ens. | Antropologie is vandag ’n wêreldwye dissipline, terwyl dit vroeër meer beperk was tot Europa. Daar is vertakkings soos biologiese, kulturele, taalkundige en sosiale antropologie. |
| anticipate | verb | to logically foresee events that might happen in the future | Using textual clues, a good reader anticipates what will happen later in the text and then formulates hypotheses. | antisipeer | werkwoord | om dinge wat in die toekoms kan gebeur, logies te voorsien | Deur die gebruik van tekstuele leidrade antisipeer ’n goeie leser wat verder in die teks gaan gebeur en formuleer dan hipoteses. |
| anticipate | verb | to regard something as probable or likely | The results are not as favourable as anticipated. | verwag | werkwoord | iets as waarskynlik of moontlik beskou | Die uitslae is nie so goed as wat verwag is nie. |
| anticipatingly | adverb | in anticipation | The strategic reader reads anticipatingly as she formulates hypotheses using the available text clues. | antisiperend | bywoord | in afwagting | Die strategiese leser lees antisiperend as sy hipoteses formuleer met behulp van die beskikbare teksleidrade. |
| anticipation | noun | the action of expecting something | Anticipation of what happens next in the text is accompanied by hypotheses based on the available text clues. | antisipasie | naamwoord | die handeling van iets te verwag | Antisipasie van wat verderaan in die teks gebeur, gaan gepaard met hipoteses wat op die beskikbare teksleidrade gegrond is. |
| anticipatory | adjective | containing, expressing or revealing anticipation | The anticipatory reading action is very effective. | antisiperend | byvoeglike naamwoord | wat antisipasie bevat, uitdruk of toon | Die antisiperende leeshandeling is baie effektief. |
| antonym | noun | a word which means the opposite | BACK is the antonym of FRONT. | sinoniem | naamwoord | ’n woord wat die teenoorgestelde beteken | AGTER is die antoniem van VOOR. |
| apparent | adjective | easy to see or understand | It is apparent that many users of African languages seem to prefer being educated in English because of the perceived benefits that still accompany the language. | duidelik | byvoeglike naamwoord | maklik om te sien of te verstaan | Dit is duidelik dat baie gebruikers van Afrikatale verkies om in Engels onderrig te word vanweë die vermeende voordele wat die taal steeds vergesel. |
| apparent | adjective | easy to notice | The discomfort of the young researcher was apparent, because he began to blush when the journalist approached him. | duidelik | byvoeglike naamwoord | maklik om te sien | Die ongemak van die jong navorser was duidelik, want hy het begin bloos toe die joernalis hom nader. |
| appeal | noun | a formal request to an authority for a decision to be changed | He made an appeal to the court to shorten his sentence. | appèl | naamwoord | ’n formele versoek aan ’n owerheid om ’n besluit te verander | Hy het ’n appèl tot die hof gerig om sy vonnis te verkort. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| appeal | verb | to make a formal request to some authority for a decision to be changed | The student appealed to the council against the decision to expel him. | appelleer | werkwoord | ’n formele versoek aan ’n owerheid rig om ’n besluit te verander | Die student het na die raad geappelleer teen die besluit om hom te skors. |
| appeal | verb | make an urgent public request | The teachers’ union appealed for programmes at all schools to teach learners to swim. | beroep | werkwoord | ’n dringende openbare versoek rig | Die onderwysersunie het ’n beroep gedoen op programme by alle skole om leerders te leer swem. |
| appeal | noun | immediate effect | The appeal of his argument lies in its simplicity. | trefkrag | naamwoord | onmiddellike uitwerking | Die trefkrag van sy argument lê in die eenvoud daarvan. |
| appear | verb | to give the impression of being or happening | Dlamini (2015) appears to support a federal system. | lyk | werkwoord | op ’n bepaalde wyse voorkom of die indruk wek dat iets gebeur | Dit lyk asof Dlamini (2015) ’n federale stelsel ondersteun. |
| appear | verb | to come into the public domain or be published | Dr. Manzini’s article appeared in an academic journal. | verskyn | werkwoord | in die openbaar kom of gepubliseer word | Dr. Manzini se artikel het in ’n akademiese tydskrif verskyn. |
| appearance | noun | the act or fact of coming into the public domain | The appearance of the research article in one of the leading journals has already sparked a lively debate. | verskyning | naamwoord | handeling of feit van in die openbaar te kom | Die verskyning van die navorsingsartikel in een van die voorste joernale het reeds ’n lewendige debat ontketen. |
| append | verb | to add to or attach | The aerial maps were appended to the assignment. | aanheg | werkwoord | om by te voeg of vas te heg | Die lugkaarte is by die werkopdrag aangeheg. |
| appendix | noun | a part at the end of a book or document which gives extra information | The detailed budget papers are included in the appendix of the proposal. | bylaag | naamwoord | ’n gedeelte aan die einde van ’n boek of dokument wat ekstra inligting verskaf | Die gedetailleerde begrotingsdokumente is in die bylaag by die voorstel ingesluit. |
| applicability | noun | the degree to which something is useful | Smith suggested the applicability of Berger’s method to the inter-communication of ships at sea. | toepaslikheid | naamwoord | die mate waarin iets nuttig is | Smith het gewys op die toepaslikheid van Berger se metode ten opsigte van die kommunikasie van skepe ter see. |
| applicable | adjective | suitable for being applied | Whilst this principle is undoubtedly applicable to the majority of chemical actions under ordinary conditions, it is subject to numerous exceptions, and cannot therefore be taken as a secure basis for theoretical reasoning. | toepaslik | byvoeglike naamwoord | geskik om toegepas te word | Hoewel hierdie beginsel ongetwyfeld toepaslik is op die meeste chemiese reaksies onder gewone omstandighede, is dit onderworpe aan talle uitsonderings en kan dit dus nie as ’n veilige basis vir teoretiese veralgemenings beskou word nie. |
| application | noun | the act of putting something into operation | Many researchers struggle with the application of their theoretical principles in practice. | toepassing | naamwoord | die handeling van iets in werking te stel | Baie navorsers sukkel met die toepassing van hul teoretiese uitgangspunte in die praktyk. |
| applied | adjective | as used in practice, opposed to theory | Applied research is a challenge, because theory and practice are not always compatible. | toegepas | byvoeglike naamwoord | soos gebruik in die praktyk, teenoor teorie | Toegepaste navorsing is ’n uitdaging, want teorie en praktyk is nie altyd versoenbaar nie. |
| apply | verb | to make practical use of something, opposed to theory | For many people, it is difficult to practically apply abstract principles in everyday life. | toepas | werkwoord | om iets prakties te gebruik, in teenstelling met teorie | Dit is vir baie mense moeilik om abatrakte beginsels in die alledaagse lewe prakties toe te pas. |
| appointment | noun | the act of appointing someone in a position or office | The appointment of the new Vice-Rector was a big surprise to us. | aanstelling | naamwoord | die handeling van iemand in ’n pos of amp te plaas | Die aanstelling van die nuwe Vise-Rektor was vir ons ’n groot verrassing. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| appreciate | verb | to increase in value over a period of time | The value of property in the area has appreciated by 10 per cent over the past three years. | styg | werkwoord | oor ’n tydperk in waarde toeneem | Die waarde van eiendom in die omgewing het die afgelope drie jaar met 10 persent gestyg. |
| appreciate | verb | to understand something | A number of scholars have appreciated the significance of the Bologna agreement for the promotion of multilingualism. | insien | werkwoord | iets verstaan | ’n Aantal geleerdes het die belangrikheid van die Bologna-ooreenkoms vir die bevordering van meertaligheid ingesien. |
| appreciate | verb | to recognise and be grateful for the good qualities of something or someone | The publication appreciates her abilities as researcher. | waardeer | werkwoord | die goeie eienskappe van iets of iemand met dankbaarheid erken | Die publikasie waardeer haar vermoëns as navorser. |
| approach | verb | to start dealing with a problem or task | The post-modern approach is to view a work of literary art from different perspectives. | benader | werkwoord | jou op ’n probleem of taak rig | Die post-modernistiese benadering is om ’n literêre kunswerk vanuit verskillende perspektiewe te benader. |
| approach | verb | to start dealing with a problem or task | Post-modern theories have approached the problem from two different perspectives. | benader | werkwoord | ’n probleem of taak begin hanteer | Postmodernistiese teorieë het die probleem vanuit twee verskillende oogpunte benader. |
| approach | noun | a way of looking at an issue, a problem or a phenomenon | He followed a qualitative approach in his research. | benadering | naamwoord | ’n manier om na ’n kwessie, probleem of verskynsel te kyk | Hy het ’n kwalitatiewe benadering in sy navorsing gevolg. |
| approach | noun | the way you deal with a problem or task | Peter’s approach to his studies is sober, because he knows he has to work hard to succeed. | benadering | naamwoord | die manier waarop jy ’n probleem of taak hanteer | Pieter se benadering tot sy studies is nugter, want hy weet hy moet hard werk om te slaag. |
| appropriate | adjective | suitable for a particular purpose, place, condition, etc. | Specific characters, appropriate for each scene of the play, were used. | geskik | byvoeglike naamwoord | geskik vir ’n besondere doel, plek, toestand, ens. | Spesifieke karakters, geskik vir elke toneel van die drama, is gebruik. |
| appropriate | verb | to take something that does not belong to you, especially illegally or without permission | The supervisor was suspended for appropriating data gathered by his doctoral student. | toeëien | werkwoord | iets neem wat nie aan jou behoort nie, veral op ’n onwettige manier of sonder toestemming | Die studieleier is geskors omdat hy data wat deur sy doktorale student versamel is, vir homself toegeëien het. |
| appropriate | adjective | suitable for a particular purpose, place, condition, etc. | She gave the appropriate response to the difficult question. | gepas | byvoeglike naamwoord | geskik vir ’n besondere doel, plek, toestand, ens. | Sy het die gepaste antwoord op die moeilike vraag verskaf. |
| appropriateness | noun | acceptability in specific circumstances | Thematic appropriateness of word choice is an important requirement in academic writing. | gepastheid | naamwoord | aanvaarbaarheid in spesifieke omstandighede | Die tematiese gepastheid van woordkeuse is ’n belangrike vereiste in akademiese skryfwerk. |
| approximate | adjective | nearly correct or accurate, but not precise | His method for determining approximate values of the roots of equations is identical in principle with the methods of Sir Isaac Newton. | benader | byvoeglike naamwoord | naastenby korrek of akkuraat, maar nie presies nie. | Sy metode om benaderde waardes vir die wortels van vergelykings te bepaal is in beginsel identies aan die metodes van sir Isaac Newton. |
| approximate | verb | to roughly estimate or make a fairly accurate calculation | The architect approximates the cost of his design at about R150 000. | raam | werkwoord | rofweg bereken of ’n redelik akkurate skatting maak | Die argitek raam die koste van sy ontwerp op ongeveer R150 000. |
| approximate | verb | to come close to or be near something in amount, quality or nature | Her singing approximated the singing of the diva, but lacked star quality. | naby kom | woordgroep | iets benader of naby aan iets wees in hoeveelheid, kwaliteit of geaardheid | Haar sang het naby aan dié van die diva gekom, maar sterkwaliteit het ontbreek. |
| approximated | adjective | what has been estimated and is fairly accurate | The approximated annual study cost of a student is R80 000. | geskat | byvoeglike naamwoord | wat beraam en redelik akkuraat is | Die geskatte jaarlikse studiekoste van ’n student is R80 000. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| approximately | adverb | almost correct or accurate | The room is approximately twelve square meters – exact dimensions are not available. | ongeveer | bywoord | byna korrek of akkuraat | Die vertrek is ongeveer twaalf vierkante meter – presiese afmetings is nie beskikbaar nie. |
| approximation | noun | rough calculation | A fair approximation of the relative price would be about R90. | skatting | naamwoord | rowwe berekening | 'n Billike skatting van die relatiewe prys sou ongeveer R90 wees. |
| approximation | noun | estimation or rough calculation | The architect’s approximation is that the project will cost about R150 000. | raming | naamwoord | skatting of rowwe berekening | Die argitek se raming is dat die projek ongeveer R150 000 sal kos. |
| arbitrary | adjective | based on individual discretion or preference | Their reasons for appointing him as captain seemed to be completely arbitrary since he had never excelled at the sport. | arbitrêr | byvoeglike naamwoord | gebaseer op individuele oordeel of voorkeur | Hulle redes vir sy aanstelling as kaptein blyk heeltemal arbitrêr te wees, aangesien hy nog nooit in dié sport uitgeblink het nie. |
| arbitrate | verb | to mediate between parties | My father had to get an arbitrator to arbitrate so he and his neighbour could settle their dispute. | arbitreer | werkwoord | as bemiddelaar tussen partye optree | My pa moes ’n arbiter kry om te arbitreer sodat hy en sy buurman hul geskil kon oplos. |
| arbitrated | adjective | mediated between parties and decided by an arbitrator or referee | The arbitrated settlement resulted in the acceptance of the new contract between my father and his neighbour. | arbitrêr | byvoeglike naamwoord | wat tussen partye bemiddel en deur ’n arbiter of skeidsregter beslis is | Die arbitrêre skikking het gelei tot die aanvaarding van die nuwe kontrak tussen my pa en sy buurman. |
| arbitrator | noun | a neutral person who mediates between parties out of court and help to settle a dispute | The arbitrator in the wage dispute case should look at both employee’s and employer’s arguments as objectively as possible. | arbiter | naamwoord | ’n neutrale persoon wat buite die hof tussen partye bemiddel en ’n geskil help besleg | Die arbiter in die loongeskilsaak behoort so objektief moontlik na beide die werknemers en die werkgewers se pleidooie te kyk. |
| area | noun | field | Her area of expertise includes linguistics, morphology and semantics. | gebied | naamwoord | veld | Haar gebied van kundigheid sluit linguistiek, morfologie en semantiek in. |
| argue | verb | to give reasons for your opinion on a particular matter | He argued that South Africa should stop selling power to neighbouring countries because it was facing massive shortages within the country. | argumenteer | werkwoord | redes gee vir jou mening oor ’n spesifieke saak | Hy het geargumenteer dat Suid-Afrika moet ophou om krag aan buurlande te verskaf, omdat die land self deur groot tekorte in die gesig gestaar word. |
| argue | verb | to give reasons to support an idea with the aim of persuading others | The speaker argues that poverty is one of the most important causes of crime. | aanvoer | werkwoord | redes gee wat ’n idee ondersteun met die doel om ander te oorreed | Die spreker voer aan dat armoede een van die belangrikste oorsake van misdaad is. |
| argue | verb | supply logical reasons for your point of view | She argues in such a way that everyone can easily follow her line of reasoning. | betoog | werkwoord | logiese redes vir jou standpunt gee | Sy betoog op so ’n manier dat almal haar redenasie maklik kan volg. |
| argument | noun | exposition of a case characterised by postulation of point of view, evidence, consideration of conflicting views and systematic structuring of thoughts leading to a logical conclusion | In her paper she develops a coherent argument in which she thoroughly supports the facts. | argument | naamwoord | uiteensetting van ’n saak wat gekenmerk word deur die postulering van ’n standpunt, bewyse, oorweging van teenstrydige sienings en sistematiese strukturering van gedagtes wat lei tot ’n logiese gevolgtrekking | In haar seminaar ontwikkel sy ’n samehangende argument waarin sy stellings deeglik met feite ondersteun. |
| argument | noun | for the purpose of expressing views | For argument’s sake, let’s think about the possibility that global warming is not going to be a global crisis. | argumentshalwe | bywoord | ter wille van die argument | Laat ons argumentshalwe nadink oor die moontlikheid dat aardverwarming nie ’n wêreldwye krisis gaan wees nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| argumentation | noun | exposition of an argument characterized by postulation of point of view, evidence, consideration of conflicting views, systematic structuring of thoughts leading to a logical conclusion | I always follow her line of argumentation easily, because her statements logically follow one another with clear links and ample evidence. | argumentasie | naamwoord | uiteensetting van 'n argument wat gekenmerk word deur postulering van gesigspunt, bewysvoering, inagneming van botsende sienings, sistematiese strukturering van gedagtes wat tot 'n logiese gevolgtrekking lei | Ek volg altyd haar argumentasie maklik, want haar stellings volg logies op mekaar met duidelike skakels en genoeg bewyse. |
| argumentation | noun | logical exposition or explanation of your point of view | His argument convinced me thanks to the evidence he supplied for his statements. | argumentasie | naamwoord | logiese uiteensetting of verduideliking van jou standpunt | Sy argumentasie het my oortuig danksy die bewyse wat hy vir sy stellings gelewer het. |
| argumentative | adjective | using reason and logic to make or support an argument | In an argumentative essay you have to adopt a firm line of reasoning for or against a case. | beredeneerd | byvoeglike naamwoord | waarby rede en logika gebruik word om 'n argument te voer of ondersteun | In 'n beredeneerde opstel moet jy 'n ferm redenasie vir of teen 'n saak aanneem. |
| art | noun | expression of creative skill which is aesthetically satisfying, striking or moving | The famous pianist entertains the audience as he transforms piano playing into a true art. | kuns | naamwoord | uitdrukking van kreatiewe vaardigheid wat esteties bevredigend, treffend of aangrypend is | Die beroemde pianis voer die gehoor mee deur klavierspel te omvorm tot 'n ware kuns. |
| artful | adjective | characteristic of art | His artful performance at the piano entertained the audience. | kunstig | byvoeglike naamwoord | kenmerkend van kuns | Sy kunstige optrede by die klavier het die gehoor vermaak. |
| artificial | adjective | not genuine or authentic, but imitated or unnatural | Communication on social networks such as Facebook is artificial because authentic personal contact is lacking. | kunsmatig | byvoeglike naamwoord | nie eg of outentiek nie, maar nageboots of onnatuurlik | Kommunikasie op sosiale netwerke soos Facebook is kunsmatig omdat outentieke persoonlike kontak ontbreek. |
| artificiality | noun | that which is not genuine or authentic, but immitated or unnatural | Many people criticise the artificiality of social networks like Facebook because they prefer direct personal contact. | kunsmatigheid | naamwoord | dit wat nie eg of outentiek is nie, maar nageboots of onnatuurlik | Baie mense kritiseer die kunsmatigheid van sosiale netwerke soos Facebook omdat hulle direkte persoonlike kontak verkies. |
| artistic | adjective | done with imagination and skill | The room was decorated in an artistic way. | artistiek | byvoeglike naamwoord | met verbeelding en vaardigheid gedoen | Die vertek is op 'n artistieke manier versier |
| artistic | adjective | characteristic of art | His artistic performance at the piano entertained the audience. | kunstig | byvoeglike naamwoord | kenmerkend van kuns | Sy kunstige uitvoering by die klavier het die gehoor vermaak. |
| artistic | adjective | to be able to produce or appreciate art | He was not an academic standout, but was particularly artistic. | kunssinnig | byvoeglike naamwoord | die vermoë om kuns te skep of te waardeer | Hy was nie 'n akademiese uitblinker nie, maar was besonder kunssinnig. |
| artistry | noun | ability or skill in producing art that is good or beautiful | Michelangelo's artistry can be seen in his famous figures on the roof of the Sistine chapel in Rome. | kunstenaarskap | naamwoord | vermoë of vaardigheid om kuns te skep wat goed of mooi is | Michelangelo se kunstenaarskap kan gesien word in sy beroemde figure op die dak van die Sistynse kapel in Rome. |
| ascribe | verb | to believe, consider or declare that something is caused by or exists because of someone or something else | The poem is ascribed to Chinua Achebe, but some scholars believe it was written by Wole Soyinka. | toeskryf | werkwoord | glo, oorweeg of verklaar dat iets veroorsaak word deur of bestaan as gevolg van iemand of iets anders | Die gedig word toegeskryf aan Chinua Achebe, maar sommige geleerdes meen dit is geskryf deur Wole Soyinka. |
| aspect | noun | a particular part or feature of a situation, idea, plan, etc. | Drug abuse affects all aspects of a person's health and personality. | aspek | naamwoord | 'n spesifieke deel of kenmerk van 'n situasie, idee, plan, ens. | Dwelmmisbruik beïnvloed alle aspekte van iemand se gesondheid en persoonlikheid. |
| aspect | noun | a characteristic or trait that must be taken into account or considered | He considered all aspects of the problem, but could not find a solution. | kant | naamwoord | 'n kenmerk of eienskap wat in ag geneem of oorweeg moet word | Hy het alle kante van die probleem oorweeg, maar kon nie 'n oplossing vind nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| assemble | verb | to fit, put or join the parts of something together | She took the television set apart and no one could put it back together. | aanmekaarsit | werkwoord | die dele van iets aanmekaar sit. | Sy het die televisiestel uitmekaar gehaal en niemand kon dit weer aanmekaarsit nie. |
| assemble | verb | to bring things together | The author of an academic article assembles information from different sources and integrates it into his article. | versamel | werkwoord | dinge bymekaar bring | Die outeur van 'n akademiese artikel versamel inligting uit verskillende bronne en integreer dit in sy artikel. |
| assemble | verb | to come together or bring things or people together in a group | The group of plant biologists assemble once every year. | vergader | werkwoord | bymekaarkom of dinge of mense in 'n groep bymekaarbring | Die groep plantbioloë vergader een keer per jaar. |
| assent | noun | official approval or agreement from someone | The principal should give assent for the research to be conducted in his school, whereas learners should give consent for the use of their responses. | toestemming | naamwoord | amptelike goedkeuring van iemand | Die skoolhoof moet toestemming gee vir die navorsing wat in sy skool gedoen word, terwyl leerders toestemming moet gee vir die gebruik van hul antwoorde. |
| assess | verb | to estimate the nature, quality, ability or significance of something | The test is used to assess the literacy levels of students, in order to determine those who are at risk or high risk of failure. | bepaal | werkwoord | die aard, gehalte, vermoë of betekenis van iets skat | Die toets word gebruik om studente se geletterdheidsvlakke te bepaal sodat daar vasgestel kan word wie 'n risiko of hoë risiko loop om te druip. |
| assess | verb | to calculate the cost, amount or extent of something | He assessed the cost of building a new laboratory. | beraam | werkwoord | om die koste, hoeveelheid of grootte van iets te bepaal | Hy het die koste van die bou van 'n nuwe laboratorium beraam. |
| assign | verb | to select something or someone for a specific purpose | The Angolan student was assigned to South Africa to represent her university. | aanwys | werkwoord | iets of iemand vir 'n spesifieke doel kies | Die Angolese student is aangewys om haar universiteit in Suid-Afrika te verteenwoordig. |
| assignment | noun | task or essay | The student has completed her first assignment. | opdrag | naamwoord | stuk werk of essay | Die student het haar eerste opdrag voltooi. |
| assimilate | verb | to absorb ideas, information, etc. so that you understand it thoroughly and feel ready to use it | Students need time to assimilate new concepts. | verwerk | werkwoord | idees, inligting, ens. opneem sodat jy dit deeglik verstaan en gereed voel om dit te gebruik | Studente benodig tyd om nuwe konsepte te verwerk. |
| assonance | noun | repetition of the same vowels in nearby words | Pink Floyd uses assonance for effect in "Hear the lark and harken to the barking of the dark fox gone to ground". | assonansie | naamwoord | herhaling van dieselfde vokale in nabygeleë woorde | Boerneef gebruik assonansie vir effek in "honou kandas, hanou malgas". |
| assonate | verb | repeat vowel sounds near each other | Yeats assonates the o-sound in THAT DOLPHIN-TORN, THAT GONG-TORMENTED SEA. | assoneer | werkwoord | vokaalklanke naby mekaar herhaal | Boerneef assoneer die o-klank in die rymwoorde RUIGTEPOL, KOL en VOL. |
| assonated | adjective | where assonance occurs | It is a pleasure to listen to the assonated sounds in Boerneef's poems. | geassoneer | byvoeglike naamwoord | waar assonansie voorkom | Dit is 'n plesier om te luister na die geassoneerde klanke in Boerneef se gedigte. |
| assume | verb | to take or take over power or responsibility | He will assume the position of chairman next week. | aanvaar | werkwoord | mag of verantwoordelikheid neem of oorneem | Hy aanvaar volgende week die pos as voorsitter |
| assume | verb | take to be the case or to be true, although you have no proof | It is reasonable to assume that the problem has multiple causes. | aanneem | werkwoord | aanvaar dat iets die geval is of waar is, al het jy geen bewys nie | Dit is redelik om aan te neem dat die probleem verskeie oorsake het. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| assumption | noun | the belief that something is the case or is true | In her assumption that most motorcyclists show criminal trends, she is guilty of gross stereotyping and categorical thinking. | aanname | naamwoord | die oortuiging dat iets die geval is of waar is | In haar aanname dat die meeste motorfietsryers kriminele neigings toon, maak sy haar skuldig aan growwe stereotipering en kategoriese denke. |
| atmosphere | noun | a feeling or mood in a particular place or situation | The relaxed atmosphere in the library helps for clear thinking. | atmosfeer | naamwoord | ’n gevoel of stemming in ’n bepaalde plek of situasie | Die ontspanne atmosfeer in die biblioteek help vir helder denke. |
| atmosphere | noun | general attitude or mindset | The atmosphere of inquiry and reflection among first-year students is striking. | gees | naamwoord | algemene houding of ingesteldheid | Die gees van ondersoek en nadenke by eerstejaarstudente is opvallend. |
| attach | verb | to fasten or join one thing to another thing | Please attach a personal declaration of responsibility for each assistant who works on the project. | aanheg | werkwoord | een ding aan ’n ander ding vasmaak of sluit | Heg asseblief ’n persoonlike verklaring van verantwoordelikheid aan vir elke assistent wat aan die projek werk. |
| attached | adjective | connected or fastened to something | Please find the reading list attached to this email. | aangeheg | byvoeglike naamwoord | bygevoeg, ingesluit of vasgeheg aan iets | Vind asseblief die leeslys aangeheg by hierdie e-pos. |
| attached | adjective | to be part of or to work for a particular organisation, especially for a short period of time | She is attached to the university satellite campus in Mamelodi. | verbonde | byvoeglike naamwoord | deel wees van of werk vir ’n bepaalde organisasie, veral vir ’n kort tydperk | Sy is verbonde aan die universiteit se satellietkampus in Mamelodi. |
| attachment | noun | an added document | Please send the document as an attachment via e-mail. | aanhegsel | naamwoord | ’n bygevoegde dokument | Stuur asseblief die dokument as ’n aanhegsel per e-pos. |
| attain | verb | to gain by putting in effort | They sought to attain their goals through negotiation rather than violence. | bereik | werkwoord | bekom of verkry deur moeite te doen | Hulle het probeer om hul doelwitte te bereik deur middel van onderhandeling eerder as geweld. |
| attitude | noun | a way of thinking or feeling about something | Attitudes are said to comprise a range of feelings, either favourable or unfavourable toward an object, a person, an issue or behaviour. | houding | naamwoord | ’n manier van dink of voel oor iets | Daar word gesê dat houdings ’n verskeidenheid gevoelens omvat, wat gunstig of ongunstig kan wees teenoor ’n voorwerp, persoon, saak of spesifieke gedrag. |
| attitude | noun | a way of thinking or feeling | The person with a positive attitude will eventually achieve success. | ingesteldheid | naamwoord | ’n manier van dink of voel | Die persoon met ’n positiewe ingesteldheid sal uiteindelik sukses behaal. |
| attribute | noun | a characteristic belonging to something or someone | She has all the attributes of a great leader – patience, intelligence and diligence. | eienskap | naamwoord | ’n eienskap van iets of iemand | Sy het al die eienskappe van ’n goeie leier – geduld, intelligensie en ywer. |
| attribute | verb | to say or believe that something is the result of something else | Students attribute their failure in exams to causes beyond their control, such as bad luck. | toeskryf | werkwoord | sê of glo dat iets die gevolg is van iets anders | Studente skryf hul mislukking in eksamens toe aan oorsake buite hul beheer, soos slegte geluk. |
| attribute | verb | to say that someone is responsible for saying or doing something | Some scholars attribute the book to Zakes Mda. | toeskryf | werkwoord | sê dat iemand verantwoordelik is vir iets wat gesê of gedoen is | Sommige geleerdes skryf die boek aan Zakes Mda toe. |
| authentic | adjective | original or genuine | The writing style of the person committing plagiarism is not authentic. | outentiek | byvoeglike naamwoord | oorspronklik of eg | Die skryfstyl van die persoon wat plagiaat pleeg, is nie outentiek nie. |
| authenticity | noun | originality or genuineness | If a student commits plagiarism, the authenticity of his assignment is questionable. | outentisiteit | naamwoord | oorspronklikheid of egtheid | As ’n student plagiaat pleeg, is die outentisiteit van sy werk onder verdenking. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| authorise | verb | to give permission or approve | A debit order is when the customer enters into an agreement with a third party and the latter is then authorised to debit the customer’s account. | magtig | werkwoord | toestemming gee of goedkeur | ’n Debietorder is wanneer die kliënt ’n ooreenkoms met ’n derde party aangaan en dié dan gemagtig word om die kliënt se rekening te debiteer. |
| authoritative | adjective | as if being an expert | Making use of authoritative texts in one’s research has the purpose of providing evidence on certain issues in the construction of an argument. | gesaghebbend | byvoeglike naamwoord | asof ’n kenner of deskundige | Die gebruik van gesaghebbende tekste in die navorsing het ten doel om bewyse te lewer oor sekere kwessies in die konstruksie van ’n argument. |
| authoritative | adjective | with regard to authority and influence | The authoritative views of Stephen Hawking are generally accepted by other scientists. | gesaghebbend | byvoeglike naamwoord | ten opsigte van gesag en invloed | Die gesaghebbende sienings van Stephen Hawking word algemeen aanvaar deur ander wetenskaplikes. |
| authoritatively | adverb | trusted as accurate | Gerald Schroeder talks authoritatively on the topic of the Bible and the Big Bang. | gesaghebbend | bywoord | vertrou as akkuraat | Gerald Schroeder praat gesaghebbend oor die Bybel en die Oerknal. |
| authority | noun | expertness in a particular field | The author’s authority is evident in his statements about the Bible and the Big Bang. | deskundigheid | naamwoord | kundigheid op ’n bepaalde gebied | Die skrywer se deskundigheid blyk duidelik uit sy uitsprake oor die Bybel en die Oerknal. |
| authority | noun | someone with the power or right to give orders or make decisions | The social worker has the authority to remove the children from their abusive home. | mag | naamwoord | iemand met die gesag of die reg om bevele te gee of besluite te neem | Die maatskaplike werker het die mag om die kinders uit die huis waar hulle mishandel word, te verwyder. |
| authority | noun | expert in a particular field | She is an authority in the field of … | deskundige | naamwoord | kundige in ’n besondere veld | Sy is ’n deskundige op die gebied van … |
| autocracy | noun | form of government where an autocrat rules | In an autocracy, the leader of the country holds all power in his own hands, which means he does not tolerate opposition. | outokrasie | naamwoord | regeringsvorm waar ’n outokraat regeer | In ’n outokrasie hou die leier van die land alle mag in sy eie hande, wat beteken dat hy nie opposisie duld nie. |
| autocratic | adjective | wielding absolute power | In certain countries in Africa and the Middle East, the mode of government is strictly autocratic, with relentless suppression of any signs of rebellion. | outokraties | byvoeglike naamwoord | wat absolute mag uitoefen | In sekere lande in Afrika en die Midde-Ooste is die regeringswyse streng outokraties, met onverbiddelike onderdrukking van enige tekens van rebellie. |
| autonomous | adjective, adverb | with freedom to function on your own | Graduate students are expected to have more autonomous thinking skills than undergraduate students. | selfstandig | byvoeglike naamwoord, bywoord | met vryheid om op jou eie te funksioneer | Van nagraadse studente word daar meer selfstandige denkvaardighede verwag as van voorgraadse studente. |
| autonomy | noun | the ability to function on your own in a responsible way | Greater autonomy is expected of postgraduate students than undergraduate. | outonomie | naamwoord | die vermoë om op ’n verantwoordelike manier op jou eie te funksioneer | Groter outonomie word van nagraadse studente as van voorgraadse studente verwag. |
| availability | noun | the fact of being at hand or to one’s disposal | Students often complain about the availability of prescribed textbooks at the beginning of the year. | beskikbaarheid | naamwoord | die toestand van byderhand of tot iemand se beskikking te wees | Studente kla dikwels oor die beskikbaarheid van voorgeskrewe handboeke aan die begin van die jaar. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| average | noun | mean calculated by dividing the sum of the values in a set by their number | A class of 6 students’ final exam marks are: 82, 77, 66, 6, 57 and 44. The average of these is 64.33. This is calculated by dividing the total of the marks (386) by the number of students (6). | gemiddelde | naamwoord | deursnee bereken deur die som van die waardes in ’n versameling deur die getal waardes te deel | ’n Klas van 6 studente se finale eksamenpunte is 82, 77, 66, 6, 57 en 44. Die gemiddelde hiervan is 64. Dit word bereken deur die totaal van die punte (386) deur die getal studente (6) te deel. |
| award | verb | to give a prize | Many students are awarded grants for further study. | toeken | werkwoord | ’n prys gee | Aan baie studente word beurse vir verdere studie toegeken. |
| award | noun | prize | A number of promising students receive awards each year from the University. | toekenning | naamwoord | prys | ’n Aantal belowende studente ontvang jaarliks toekennings van die Universiteit. |
| awarded | adjective | given as prize or reward | Two of the awarded bursaries had to be returned because the students concerned dropped out of the system. | toegeken | byvoeglike naamwoord | wat as prys of beloning gegee is | Twee van die toegekende beurse moes teruggegee word omdat die betrokke studente hulle studie gestaak het. |
| back | verb | show that something is correct | Supporting views by backing them up with well-formulated arguments is an academic convention. | steun | naamwoord | wys dat iets korrek is | Om sienings met goed geformuleerde argumente te steun, is ’n akademiese konvensie. |
| balance | noun | something that bears the most weight | The balance of opinion lies with the moderate thinkers. | balans | naamwoord | iets wat die meeste gewig dra | Die balans van mening lê by die gematigde denkers. |
| based upon | verb | where … was the starting point | My statements are based upon thorough research. | gegrond op | werkwoord | waarby … die beginpunt was | My stellings is op deeglike navorsing gegrond. |
| base on | verb | to use as the starting point for something | The researcher based his point of view on good arguments. | baseer op | werkwoord | as die beginpunt of vertrekpunt vir iets gebruik | Die navorser het sy standpunt op goeie argumente gebaseer. |
| base upon | verb | to use as the starting point for something | I base my view of democracy on the characteristics of open conversation. | grond op | werkwoord | as die beginpunt of vertrekpunt vir iets gebruik | Ek grond my siening van demokrasie op die kenmerke van ’n oop gesprek. |
| basis | noun | the important facts or ideas that support something | Mutual respect is the basis of a good relationship. | basis | naamwoord | die belangrike feite of idees wat iets steun | Wedersydse respek is die basis van ’n goeie verhouding. |
| basis | noun | the reason why people take a particular action | The company hires people based on their experience. | grond | naamwoord | die rede waarom mense spesifieke stappe doen | Die maatskappy huur mense op grond van hul ervaring. |
| basis | noun | underlying idea or theory | The basis of any democracy is the open discussion that all parties participate in. | grondslag | naamwoord | onderliggende idee of teorie | Die grondslag van enige demokrasie is die oop gesprek waaraan alle partye deelneem. |
| begin | verb | to commence | The lecture will begin at 11:00. | begin | werkwoord | ’n aanvang neem | Die lesing sal om elfuur begin. |
| being | noun | a person or an imaginary creature | Man is supposed to be a reasonable being who can make moral decisions. | wese | naamwoord | ’n mens of ’n denkbeeldige persoon | Die mens is veronderstel om ’n redelike wese te wees wat morele besluite kan neem. |
| benchmark | noun | a standard against which other things can be measured | The company’s health and wellness programme sets a benchmark for other automotive companies in South Africa. | norm | naamwoord | ’n standaard waarteen ander dinge gemeet kan word. | Die maatskappy se gesondheids- en welstandsprogram stel ’n norm vir ander motorondernemings in Suid-Afrika. |
| benchmark | verb | to evaluate or judge the standard of something by measuring it against other examples of the same thing | We have to benchmark our research against other universities, both nationally and internationally. | normeer | werkwoord | die standaard van iets evalueer of beoordeel deur dit aan soortgelyke voorbeelde te meet | Ons moet ons navorsing teen ander universiteite, beide plaaslik en internasionaal, normeer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| benefit | noun | something that is useful | It is to the benefit of all students if they regularly review their lecture notes instead of looking at them shortly before a test or exam. | voordeel | naamwoord | iets wat nuttig is | Dit is tot voordeel van alle studente as hulle gereeld hul lesingnotas hersien in plaas daarvan om kort voor ’n toets of eksamen daarna te kyk. |
| benefit from | verb | be to your advantage | Students who regularly review their lecture notes benefit from the process, because they are better prepared for class tests and the final exam. | baat by | werkwoord | voordeel trek uit | Studente wat gereeld hul lesingnotas hersien, baat daarby omdat hulle beter voorbereid is op klastoetse en die finale eksamen. |
| bias | noun | an error in the way a survey is designed, which will cause the data to be unreliable | A response bias is expected when respondents tend to answer all questions in the same direction by consciously or unconsciously misrepresenting the truth. | vooroordeel | naamwoord | ’n fout in die manier waarop ’n opname ontwerp is, wat veroorsaak dat die data onbetroubaar is | ’n Vooroordeel word in die respons verwag wanneer respondente neig om alle vrae in dieselfde rigting te beantwoord deur die waarheid bewustelik of onbewustelik te verdraai. |
| bias | noun | an opinion that influences how you deal with a person, group or issue | He showed a bias toward older employees. | vooroordeel | naamwoord | ’n opinie wat beïnvloed hoe jy met ’n persoon, groep of saak omgaan | Hy het ’n vooroordeel teenoor ouer werknemers getoon. |
| biased | adjective | showing prejudice or bias | He is too biased to give an objective opinion about the incident. | bevooroordeeld | byvoeglike naamwoord | wat vooroordeel of partydigheid toon | Hy is te bevooroordeeld om ’n objektiewe mening oor die voorval te gee. |
| bibliographic | adjective | relating to a bibliography | The student arranged the bibliographic details in her essay according to academic guidelines. | bibliografies | byvoeglike naamwoord | wat met ’n bibliografie verband hou | Die student het die bibliografiese besonderhede in haar essay volgens akademiese riglyne gerangskik. |
| bibliography | noun | list of sources consulted at the end of an academic text | Authors must ensure that the sources they refer to in the text are all included in the bibliography. | bibliografie | naamwoord | lys van geraadpleegde bronne aan die einde van ’n akademiese teks | Skrywers moet seker maak dat die bronne waarna hulle in die teks verwys, almal in die bibliografie opgeneem is. |
| binary | adjective | having two parts | We understand many things only within binary opposites, for example white versus black, male versus female, above versus below, outside versus inside. | binêr | byvoeglike naamwoord | wat twee dele het | Ons verstaan baie dinge net binne binêre teenoorgesteldes, byvoorbeeld wit teenoor swart, manlik teenoor vroulik, bo teenoor onder, buite teenoor binne. |
| brief | verb | to give essential information | Staff should be informed on how to handle media inquiries. | inlig | werkwoord | noodsaaklike inligting verskaf | Die personeel moet ingelig word oor hoe om medianavrae te hanteer. |
| brief | adjective | using few words or continuing for a short time | She made a brief working visit to Japan. | kort | byvoeglike naamwoord | wat min woorde gebruik of ’n kort tydjie aanhou | Sy het ’n kort werksbesoek aan Japan gebring. |
| bulk | noun | the main part or most of something | People of peasant status constituted the bulk of the European population. | meerderheid | naamwoord | die hoofdeel of die meeste van iets | Die Europese bevolking het uit ’n meerderheid van kleinboere bestaan. |
| calculate | verb | determine the amount or number of something mathematically | Calculate the volume of a cylinder. | bereken | werkwoord | die getal of bedrag van iets wiskundig bepaal | Bereken die volume van ’n silinder. |
| calculate | verb | plan for something to have a certain effect | His words were calculated to hurt her. | bereken | werkwoord | jou dade of woorde daarop mik om ’n sekere uitwerking te hê | Sy woorde was bereken om haar seer te maak. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| calculating | adjective | aimed at, or intending to have, a certain effect | He is a shrewd and calculating politician. | berekenend | byvoeglike naamwoord | wat daarop gemik is, of wat van voorneme is om ’n sekere uitwerking te hê | Hy is ’n uitgeslape en berekenende politikus. |
| calculation | noun | determination of the amount or number of something by means of mathematics | The figure was reduced to R283 million following further calculations. | berekening | naamwoord | bepaling van die getal of bedrag van iets op wiskundige wyse | Die bedrag is na R283 miljoen verminder ná bykomende berekenings. |
| calibrated | adjective | regarding the readings of measuring instrument, marked, checked or adjusted by comparison with a standard scale | Angle adjustment is via a butterfly nut on a calibrated gauge. | gekalibreer | byvoeglike naamwoord | betreffende die lesings van ’n meetinstrument, gemerk, nagegaan of aangepas deur vergelyking met ’n standaardskaal | Die hoek word aangepas deur ’n vleuelmoer aan ’n gekalibreerde meter. |
| capable | adjective | having the ability to perform a specific task | The team is said to be capable of playing with flair. | in staat | byvoeglike naamwoord | wat die vermoë het om ’n bepaalde taak uit te voer | Daar word gesê dat die span in staat is om met flair te speel. |
| capacity | noun | ability to do, make or achieve something | People have the capacity to participate in the process of determining their future. | vermoë | naamwoord | vermoë om iets te doen, maak of bereik | Mense het die vermoë om deel te neem aan die proses om hul toekoms te bepaal. |
| caricatural | adjective | like or with the character of a caricature | The painting becomes a caricatural emphasis of the contradiction. | karikatuuragtig | byvoeglike naamwoord | soos of met die aard van ’n karikatuur | Die skildery word ’n karikatuuragtige beklemtoning van die teenstrydigheid. |
| caricature | noun | picture or description of a person that deliberately exaggerates certain striking features of him or her to produce a comic or grotesque effect | The group portrays the ubiquitous tourist, the armed robber, the talkative street hawker and the proud car-watcher, all in caricature. | karikatuur | naamwoord | prent of beskrywing van ’n persoon wat doelbewus bepaalde uitstaande kenmerke van hom of haar oordryf om ’n komiese of groteske effek te bereik | Die groep beeld die alomteenwoordige toeris, die gewapende rower, die spraaksame straatventer en die trotse karwag uit, almal in karikatuur. |
| carry out | verb | perform, execute or accomplish something | Students must carry out four writing assignments and one research project for their year mark. | uitvoer | werkwoord | iets doen, verrig of regkry | Studente moet vier skryfopdragte en een navorsingsprojek vir hul jaarpunt uitvoer. |
| catalogue | verb | make a systematic list of items of the same type or enter an item in such a list | A number of horses have been catalogued in the horses-in-training section. | katalogiseer | werkwoord | ’n sistematiese lys van items van dieselfde soort maak of ’n item by só ’n lys voeg | ’n Aantal perde is gekatalogiseer in die afdeling vir perde wat opgelei word. |
| catalogue | noun | a complete list of items, arranged alphabetically or in another systematic order, with descriptive detail | Use the online library catalogue to find library books on the shelves. | katalogus | naamwoord | ’n volledige lys items, alfabeties of volgens ’n ander sistematiese orde gerangskik, met beskrywende besonderhede | Gebruik die biblioteek se aanlyn katalogus om biblioteekboeke op die rakke te vind. |
| categorical | adjective, adverb | according to categories | Lecturers like it when students categorise their seminar content. Others, however, do not like a categorical organisation of content. | kategories | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens kategorieë | Dosente hou daarvan as studente hul seminaarinhoud kategories organiseer. Ander, weer, hou nie van ’n kategoriese indeling nie. |
| categorical | adjective | stating something in absolute terms | Our lecturer can be very categorical in his statements. | kategories | byvoeglike naamwoord | wat iets in absolute terme uitdruk | Ons dosent kan baie kategories wees in sy stellings. |
| categorical | adjective, adverb | in absolute terms | The person who thinks categorically deals with alternative views poorly and thus often makes the assumption that others think just like him. | kategories | byvoeglike naamwoord, bywoord | in absolute terme | Die persoon wat kategories dink, hanteer alternatiewe sienings swak en maak dus dikwels die aanname dat ander net soos hy dink. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| categorise | verb | arrange people or things in groups or types according to shared qualities or characteristics | In the study of sentence construction, words are categorised into different word types. | kategoriseer | werkwoord | mense of dinge in groepe of tipes rangskik volgens hul gemeenskaplike aard of eienskappe | In die studie van sinsbou word woorde in verskillende woordsoorte gekategoriseer. |
| category | noun | distinct group, class or division of people or things, the members of which share particular characteristics | Authors can submit books in different categories for adjudication. | kategorie | naamwoord | afsonderlike groep, klas of afdeling van mense of dinge waarvan die lede bepaalde eienskappe in gemeen het | Skrywers kan boeke in verskillende kategorieë vir beoordeling voorlê. |
| causal | adjective | relating to a cause or indicating a cause | Many laws of science are in the form of the ordinary belief that a particular causal circumstance necessitates a particular effect. | oorsaaklik | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met ’n oorsaak of oorsaaklikheid aandui | Baie wette van die wetenskap is in die vorm van die gewone oortuiging dat ’n bepaalde oorsaaklike omstandigheid ’n spesifieke effek noodsaak. |
| causality | noun | a logical chain of cause and effect | Causality is clear in the following argument: He has measles; as a result, he will have to write the test later. | kousaliteit | naamwoord | ’n logiese ketting van oorsaak en gevolg | Kousaliteit is duidelik in die sin: Hy het masels; gevolglik sal hy die toets later moet skryf. |
| causality | noun | relationship between cause and effect | Further coherence is created through the suggestion of causality: The minister is ill so he has to be carried. | oorsaaklikheid | naamwoord | verhouding tussen oorsaak en gevolg | Bykomede samehang word geskep deur die aanduiding van oorsaaklikheid: Die eerwaarde is siek en daarom moes hy gedra word. |
| causative | adjective | acting as a cause or expressing causation | The judge cast doubt on the causative effect of the misrepresentation. | oorsaaklik | byvoeglike naamwoord | wat optree as ’n oorsaak of oorsaaklikheid uitdruk | Die regter het die oorsaaklike gevolg van die wanvoorstelling betwyfel. |
| cause | verb | to be the cause of or reason for | A tornado is a twisting dark cloud of wind which causes major destruction in a few seconds. | veroorsaak | werkwoord | die oorsaak van of rede wees vir | ’n Tornado is ’n kolkende, donker wolk van wind wat binne ’n paar sekondes grootskaalse vernietiging veroorsaak. |
| cause | verb | bring about or make happen | She has caused the problem through her own doing, because she revises her work too irregularly. | veroorsaak | werkwoord | teweeg bring of laat gebeur | Sy het die probleem deur haar eie toedoen veroorsaak, want sy hersien haar werk te ongereeld. |
| cause | noun | person, event or condition that brings about an effect or result | The cause of the plane crash was human fallibility. | oorsaak | naamwoord | persoon, gebeurtenis of toestand wat ’n gevolg of resultaat teweeg bring | Die oorsaak van die vliegongeluk was mensefeilbaarheid. |
| cease | verb | come to an end or put an end to something | Any society which ceases to develop ceases to exist. | ophou | werkwoord | tot ’n einde kom of iets staak | Enige samelewing wat ophou ontwikkel, hou op om te bestaan. |
| certainty | noun | conviction that something is the case | The survivors of the Twin Towers attack on September 9, 2001 can say with certainty they faced death. | sekerheid | naamwoord | oortuiging dat iets die geval is | Die oorlewendes van die Twin Towers-aanval op 9 September 2001 kan met sekerheid sê hulle het die dood in die gesig gestaar. |
| challenge | verb | call on someone to engage in a contest, or dispute someone’s authority | He challenged her authority directly. | uitdaag | werkwoord | iemand oproep om mee te ding in ’n kompetisie, of iemand se gesag bevraagteken | Hy het haar gesag regstreeks uitgedaag. |
| channel | noun | course of communication, or a path along which information is transmitted | Websites use the internet as an interactive communication channel to market activities. | kanaal | naamwoord | baan vir kommunikasie, of ’n weg waarlangs inligting gestuur word | Webwerwe gebruik die internet as ’n interaktiewe kanaal om aktiwiteite te bemark. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| character | noun | distinguishing nature of something | Character is not a static being but a dynamic process of becoming. | karakter | naamwoord | onderskeidende aard van iets | Karakter is nie ’n statiese wese nie, maar ’n dinamiese proses van wording. |
| characterisation | noun | description of the distinctive nature or features of someone or something | Establish patterns in the writing of stories concerning plot development and characterisation. | karakterisering | naamwoord | beskrywing van die uitstaande aard of kenmerke van iemand of iets | Stel by die skryf van stories patrone vas met betrekking tot plotontwikkeling en karakterisering. |
| characterise | verb | be typical or a distinctive trait of someone or something | Aunt Dolly and her loyal Swingsters had the audience dancing and swinging their heads in response to the jivy beat sounds that characterise the group’s style. | karakteriseer | werkwoord | tipies of kenmerkend van iets of iemand wees | Ant Dolly en haar getroue Swingsters het die gehoor aan die dans gehad en hul koppe laat swaai in reaksie op die opskopklanke wat die groep se styl karakteriseer. |
| characterise | verb | describe the qualities or distinct features of someone or something | The challenge is to undergo what some would characterise as a transition from conflict to reconstruction and development. | tipeer | werkwoord | die eienskappe of kenmerke van iemand of iets beskryf | Die uitdaging is om te ondergaan wat sommige tipeer as ’n oorgang van konflik na heropbou en ontwikkeling. |
| characteristic | noun | feature typically belonging to a person, place or thing that helps to identify him, her or it | Discuss the characteristics of the air pollution found in Mpumalanga. | kenmerk | naamwoord | eienskap wat tipies aan ’n persoon, plek of ding behoort en hom, haar of dit help identifiseer | Bespreek die kenmerke van die lugbesoedeling wat in Mpumalanga aangetref word. |
| characteristic | adjective | typical or distinguishing of a particular person, place or thing | The paintings in this section of the art gallery are all characteristic of the Baroque style. | kenmerkend | byvoeglike naamwoord | tipies of onderskeidend van ’n bepaalde persoon, plek of ding | Die skilderye in hierdie afdeling van die kunsgalery is kenmerkend van die Barokstyl. |
| chart | noun | map for navigation, or a sheet presenting information graphically | Exercises incorporated in the chart include stretch movements. | kaart | naamwoord | kaart vir navigasie, of ’n blad waarop inligting grafies aangedui word | Oefeninge wat deel vorm van die kaart sluit strekbewegings in. |
| chart | verb | make a map of an area, or record the development of something | The conference hopes to chart a way forward to ensure greater understanding between government and business. | karteer | werkwoord | ’n kaart van ’n gebied teken, of die ontwikkeling van iets aanteken | Die konferensie hoop om ’n weg vorentoe te karteer wat beter begrip tussen die regering en die sakesektor sal verseker. |
| chronological | adjective | of a record of events, arranged according to the time of occurrence | The documentary is precise in giving a chronological account of Sisulu’s life after his release from Robben Island. | chronologies | byvoeglike naamwoord | wat betref ’n rekord van gebeure, gerangskik volgens die tyd waarop hulle plaasgevind het | Die dokumentêre program bied ’n presiese chronologiese verslag van Sisulu se lewe ná sy vrylating van Robbeneiland. |
| chronology | noun | arrangement of events in order of their occurrence | Computer-assisted studies of style have often attempted to settle questions of chronology in the work of authors whose works are undated. | chronologie | naamwoord | rangskikking van gebeurtenisse in die volgorde waarin hulle plaasvind | Rekenaargesteunde studies van styl het dikwels vrae probeer beantwoord ten opsigte van chronologie in die werk van skrywers wie se werke ongedateer is. |
| chronology | noun | science that deals with measuring time by regular divisions and the determination of dates | While very young children can differentiate the past from the present, many have considerable difficulty in differentiating between two periods in the past, or giving precision to the concept of chronology. | chronologie | naamwoord | wetenskap wat te doen het met die gereëlde verdeling van tyd en die bepaling van datums | Hoewel baie jong kinders die verlede van die hede kan onderskei, sukkel heelparty erg om tussen twee periodes in die verlede te onderskei, of om presiesheid aan die konsep van chronologie te verleen. |
| circa | adjective | approximately, about | He died circa 1890, but the specific date is not known. | circa | | ongeveer, om en by | Hy is circa 1890 dood, maar die presiese datum is nie bekend nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| circumstance | noun | fact or condition determining or modifying an event | Politics and economics are elements of an integrated and mutually reinforcing set of circumstances which must be addressed together. | omstandigheid | naamwoord | feit of toestand wat ’n gebeurtenis bepaal of wysig | Die politiek en ekonomie is elemente van ’n geïntegreerde en wedersyds versterkende stel omstandighede wat saam aangepak moet word. |
| citation | noun | words taken directly from a source | A citation in academic writing functions as a call on authority. | aanhaling | naamwoord | woorde wat direk uit ’n bron aangehaal word | ’n Aanhaling in akademiese skryfwerk funksioneer as ’n beroep op gesag. |
| citation | noun | quotation or excerpt from a source or a reference to it for substantiation, especially in a scholarly paper | Most citations in scholarly journals are to scholarly papers, and citations to popular works are rare. | sitaat | naamwoord | aanhaling of uittreksel uit ’n bron of ’n verwysing daarna ter stawing, veral in ’n vakkundige referaat | Die meeste sitate in vakkundige joernale is na vakkundige referate, en sitate na populêre werke is seldsaam. |
| cite | verb | make reference to | Lecturers expect students at postgraduate level to know how to cite sources correctly. | aanhaal | werkwoord | verwys na | Dosente verwag van studente op nagraadse vlak om bronne korrek te kan aanhaal. |
| cite | verb | quote or mention something, especially as an example or proof of what you are saying | When researchers present their findings, it is customary to cite the sources they were able to draw upon. | siteer | werkwoord | iets aanhaal of noem, veral as voorbeeld of bewys van wat jy sê | Wanneer navorsers hulle bevindings aanbied, is dit gebruiklik om die bronne te siteer waarvan hulle gebruik gemaak het. |
| cited | adjective | what has been referred to | The cited words of an author must be in quotation marks. | aangehaal | byvoeglike naamwoord | waarna verwys is | Die aangehaalde woorde van ’n skrywer moet tussen aanhalingstekens staan. |
| civil | adjective | regarding the citizens of a state, or occurring between or among citizens of a state | They received complaints from the civil community. | burgerlik | byvoeglike naamwoord | wat betref die burgers van ’n staat, of wat tussen of onder die burgers van ’n staat voorkom | Hulle het klagtes van die burgerlike gemeenskap ontvang. |
| clarification | noun | the act of making something clear and comprehensible | The abbreviations and items in the text that require further clarification are found in the endnotes. | toeligting | naamwoord | die handeling van iets duidelik en verstaanbaar te maak | Die afkortings en dele in die teks wat verdere toeligting benodig, word in die eindnotas gevind. |
| clarify | verb | to make clear and comprehensible | The literature review can provide the necessary information to clarify one’s research aims. | verhelder | werkwoord | helder en verstaanbaar maak of uiteensit | Die literatuuroorsig kan die nodige inligting verskaf om jou navorsingsdoelstellings te verhelder. |
| clarify | verb | to make something clear and understandable, set it out clearly | Dr. Koopman clarifies the theoretical concepts in her lectures in such a way that they are clearly understood by her students. | verduidelik | werkwoord | iets helder en verstaanbaar maak, dit duidelik uiteensit | Dr. Koopman verduidelik die teoretiese konsepte in haar lesings op so ’n manier dat dit duidelik deur haar studente verstaan word. |
| clarifying | adjective | clear and comprehensible | Dr. Koopman’s special lecture was so clarifying that I finally understood all the theoretical principles. Her clarifying notes also help a lot. | verhelderend | byvoeglike naamwoord | wat helder en verstaanbaar gemaak of uiteengesit is | Dr. Koopman se spesiale lesing was so verhelderend dat ek al die teoretiese beginsels verstaan het. Haar duidelike aantekeninge help ook baie. |
| clarity | noun | the quality of being clearly expressed and explained | The clarity with which Lechte explains difficult psychological principles makes Julia Kristeva’s work more accessible. | duidelikheid | naamwoord | die kwaliteit van helder uitgedruk en verduidelik te word | Die duidelikheid waarmee Lechte moeilike sielkundige beginsels verklaar, maak Julia Kristeva se werk meer toeganklik. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| clarity | noun | to be clear | Dr. Mohapi will always reformulate a definition for the sake of clarity so that everyone can understand it. | duidelikheidshalwe | byvoeglike naamwoord | ter wille van duidelikheid | Dr Mohapi sal duidelikheidshalwe altyd ’n definisie herformuleer sodat almal dit kan verstaan. |
| classic | adjective | well-known and considered of high quality | The book, first published in 1934, became a classic text. | klassiek | byvoeglike naamwoord | baie bekend en beskou as van hoë gehalte | Die boek, wat die eerste keer in 1934 gepubliseer is, het ’n klassieke teks geword. |
| classical | adjective | as, of or with respect to the art of antiquity | Shakespeare, Vondel, Goethe and Schiller are among the classic writers of their century. | klassiek | byvoeglike naamwoord | soos, van of met betrekking tot die kuns van die oudheid | Shakespeare, Vondel, Goethe en Schiller is van die klassieke skrywers van hul eeu. |
| Classicism | noun | trend in the arts, literature and architecture that follows the models of Greek and Roman antiquity (the Classics); it had its first revival in Europe during the Renaissance and was further developed in the artistic pursuits and design during Neo-Classicism; architecture and literature strictly followed the form of classical works; this often resulted in a cold, impersonal style and loss of content quality | Classicism is a style that is associated with German poets like Goethe and Schiller. | Klassisisme | naamwoord | neiging in die kunste, letterkunde en argitektuur wat die modelle van die Griekse en Romeinse oudheid (die Klassieke) volg; dit het sy eerste herlewing in Europa gedurende die Renaissance en word verder ontwikkel in die artistieke strewe en ontwerp van die Neo-Klassisisme; argitektuur en letterkunde volg die vorm van klassieke werke streng na; dit lei dikwels tot ’n koue, onpersoonlike styl en ’n verlies aan inhoudskwaliteit | Klassisisme is ’n styl wat geassosieer word met Duitse digters soos Goethe en Schiller. |
| classicist | noun | a scholar or student in the languages, letters and culture of the ancient Greeks and Romans | The classicist George Chapman undertook one of the best translations of the Iliad into English. | klassikus | naamwoord | ’n geleerde of student in die tale, lettere en kultuur van die antieke Grieke en Romeine | Die klassikus George Chapman het een van die beste vertalings van die Ilias in Engels onderneem. |
| classicist | adjective | according to the rules of classical art | In ornaments and furniture excavated in Pompeii, one sees classic trends such as strict, symmetrical and precise lines. | klassisisties | byvoeglike naamwoord | volgens die reëls van klassieke kuns | In ornamente en meubels wat in Pompeii opgegrawe is, sien ’n mens klassieke tendense, soos streng, simmetriese en presiese lyne. |
| Classics | noun | everything to do with Greek and Roman antiquity | The lecturer brought the world of the Classics to life with her lectures. | Klassieke | naamwoord | alles wat te make het met die Griekse en Romeinse oudheid | Die dosent het met haar lesings die wêreld van die Klassieke verlewendig. |
| classify | verb | to arrange something in groups according to features | Novels are classified according to their genre. | klassifiseer | werkwoord | iets volgens kenmerke in groepe rangskik | Romans word geklassifiseer volgens hul genre. |
| clear | adjective | easy to understand | Dr. Seakhoa makes a clear distinction between moral, immoral and a-moral actions. | duidelik | byvoeglike naamwoord | maklik om te verstaan | Dr. Seakhoa tref ’n duidelike onderskeid tussen morele, immorele en a-morele optrede. |
| clear | adjective | easy to see | It is clear that children’s attention span is getting shorter. | duidelik | byvoeglike naamwoord | maklik om te sien | Dit is duidelik dat kinders se aandagspan korter word. |
| clearly | adverb | in a way that is easy to see, hear or understand | Dr. Seakhoa always introduces new concepts to students so that they can clearly understand them. | duidelik | bywoord | op ’n manier wat maklik is om te sien, te hoor of te verstaan | Dr Seakhoa stel altyd nuwe konsepte aan studente bekend sodat hulle dit duidelik kan verstaan. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| cliché | noun | overused or unoriginal phrase | Politicians are best known for their use of clichés, such as WE HAVE COME A LONG WAY and TOGETHER WE WILL BUILD THE FUTURE. | cliché | naamwoord | oormatig gebruikte of onoorspronklike frase | Politici is veral bekend vir hul gebruik van clichés, soos ONS HET ’N LANG PAD GEKOM en SAAM BOU ONS DIE TOEKOMS. |
| cliché-like | adjective | like a cliché | Politicians are best known for their cliché-like language in phrases such as AT THE END OF THE DAY and TIME TO CHANGE. | clichéagtig | byvoeglike naamwoord | soos ’n cliché | Politici is veral bekend vir hul clichéagtige taal in frases soos AAN DIE EINDE VAN DIE DAG en TYD OM TE VERANDER. |
| clue | noun | information that helps you understand something | The life of a book character may give the reader a clue of the author’s own life story. | aanduiding | naamwoord | inligting wat jou help om iets te verstaan | Die lewe van ’n boekkarakter kan die leser dalk ’n aanduiding van die skrywer se eie lewensverhaal gee. |
| clue | noun | a piece of information to solve a riddle or crime | The good reader is like a detective looking for every possible textual clue to fill in the natural gaps in texts. | leidraad | naamwoord | ’n stukkie inligting om ’n raaisel of misdaad op te los | Die goeie leser is soos ’n speurder wat elke moontlike leidraad soek om die natuurlike leemtes in tekste self in te vul. |
| code | noun | a set of rules, principles or laws | Students have to follow the university’s code of conduct. | kode | naamwoord | ’n stel reëls, beginsels of wette | Studente moet die universiteit se kode van gedrag volg. |
| code | verb | use words, letters or numbers to indicate that an item belongs to a specific group or collection | The data was coded by using a set of predetermined categories. | kodeer | werkwoord | woorde, letters of syfers gebruik om aan te toon dat ’n item tot ’n spesifieke groep of versameling behoort | Die data is gekodeer deur ’n stel voorafbepaalde kategorieë te gebruik. |
| cogent | adjective | reasonable and convincing | She had cogent reasons for continuing with her research and so the university agreed to support her. | afdoende | byvoeglike naamwoord | redelik en oortuigend | Sy het afdoende redes gehad om voort te gaan met haar navorsing, en daarom het die universiteit ingestem om haar te ondersteun. |
| cognition | noun | the process by which people understand things | The body, emotions and cognition cannot be separated in the expressive mode of the performance of poetry. | bewussyn | naamwoord | die toestand en proses waardeur mense dinge verstaan | Die liggaam, emosies en bewussyn kan in die ekspressiewe opvoering van poësie nie geskei word nie. |
| cognition | noun | mental action | Cognition includes analytical and holistic thinking. | kognisie | naamwoord | verstandelike aktiwiteit | Kognisie sluit analitiese en holistiese denke in. |
| cognitive | adjective | relating to the mind and brain | You will not find cognitive laziness in a responsible student who is thinking critically about subject content. | kognitief | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met denke en die brein | Jy sal nie kognitiewe luiheid vind by ’n verantwoordelike student wat krities oor vakinhoud dink nie. |
| cognitively | adverb | in terms of thinking and the brain | If you are cognitively lazy, you do not want to think. | kognitief | bywoord | wat betref denke en die brein | As jy kognitief lui is, wil jy nie dink nie. |
| cohere | verb | to be orderly and logically consistent or linked | This ancient manuscript consists of various parts that cohere so poorly that one might assume that it was written by different authors. | saamhang | werkwoord | ordelik en logies met mekaar verband hou | Hierdie antieke manuskrip bestaan uit verskillende dele wat so swak saamhang dat mens kan aanneem dat dit deur verskillende skrywers geskryf is. |
| coherence | noun | the orderly and coherent relation between the parts of the whole | The coherence in this ancient text is so poor that one can assume that it was written by different authors. | samehang | naamwoord | die ordelike en samehangende verhouding tussen die dele van ’n geheel | Die samehang in hierdie ou teks is so swak dat ’n mens kan aanneem dat dit deur verskillende outeurs geskryf is. |
| coherent | adjective | which makes logical sense | A well-thought-out text always forms a coherent whole. | samehangend | byvoeglike naamwoord | wat logies sin maak | ’n Goed deurdagte teks vorm altyd ’n samehangende geheel. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| coherent | adjective | marked by an orderly and consistent relation between the parts of a whole | You must report your findings in a logical, coherent and ethical manner. | samehangend | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur ’n ordelike en konsekwente verband tussen die dele van ’n geheel | Jy moet jou bevindings op ’n logiese, samehangende en etiese manier rapporteer. |
| coherent | adjective | marked by an orderly and consistent relation between the parts of a whole | Because this ancient text is not at all coherent, one can assume that it was written by different authors. | samehangend | byvoeglike naamwoord | wat gekenmerk word deur ’n ordelike en logiese samehang van dele van die geheel; koherent | Omdat hierdie antieke teks hoegenaamd nie samehangend is nie, kan mens aanneem dat dit deur verskillende skrywers geskryf is. |
| coherently | adverb | logically | The speaker’s content was not presented coherently. As a result, the audience completely missed the point of her speech. | samehangend | byvoeglike naamwoord | logies | Die spreker het haar inhoud nie samehangend aangebied nie. As gevolg daarvan het die punt van haar toespraak die gehoor verbygegaan. |
| cohesion | noun | semantic relation between parts of a text or elements in a text that ensures that the text flows logically | It is important that there is cohesion between sentences and paragraphs in a text, but overall coherence is also important in order for the text to make sense at the macro level. | samehang | naamwoord | semantiese verband tussen dele van ’n teks of elemente in ’n teks wat verseker dat die teks logies vloei | Dit is belangrik dat daar samehang tussen sinne en paragrawe in ’n teks is, maar algehele samehang is ook belangrik om die teks sinvol te maak op makrovlak. |
| coincide | verb | to be exactly the same as, or very similar to, something else | Their test answers coincided, thus the lecturer thought that they might have cheated. | ooreenstem | werkwoord | presies of baie dieselfde as iets anders wees | Hul antwoorde het ooreengestem en daarom het die dosent gedink dat hulle in die toets gekul het. |
| coincide | verb | to happen simultaneously | The reign of Alexander coincided with the golden age of Russian literature. | saamval | werkwoord | gelyktydig gebeur | Die bewind van Alexander het met die goue eeu van die Russiese letterkunde saamgeval. |
| collapse | verb | to fall down suddenly | He collapsed on the ground due to a heart attack. | ineenstort | werkwoord | skielik omval | Hy het op die grond ineengestort weens ’n hartaanval. |
| collapse | noun | a sudden failure in the way something works, so that it cannot continue. | The collapse of the country’s economy led to the revolution. | ineenstorting | naamwoord | die skielike mislukking van iets sodat dit nie kan voortgaan nie. | Die ineenstorting van die land se ekonomie het tot die revolusie gelei. |
| collected | adjective | that has been gathered together or assembled | In 2016, Human & Rousseau published the Collected Works of Eugene Marais in two volumes. | versamel | byvoeglike naamwoord | iets wat bymekaargemaak of byeengebring is | Human & Rousseau het in 2016 die Versamelde Werke van Eugene Marais in twee bundels uitgegee. |
| collection | noun | group of similar things that are kept or brought together | The museum houses a collection of Stone Age tools. | versameling | naamwoord | groep soortgelyke dinge wat versamel of bymekaargemaak is | In die museum word ’n versameling werktuie uit die Steentyd bewaar. |
| colloquium | noun | academic discussion or seminar in which more than one speaker participates | The Social Work Department is hosting a colloquium next week where invited speakers will talk about urbanisation. | kollokwium | naamwoord | akademiese bespreking of seminaar waaraan meer as een spreker deelneem | Die Departement Maatskaplike Werk bied volgende week ’n kollokwium aan waar uitgenooide sprekers oor verstedeliking sal praat. |
| come forth | verb | come out | If you know who committed the crime, please come forth. | na vore kom | woordgroep | uitkom | As jy weet wie die misdaad gepleeg het, kom asseblief na vore. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| commence | verb | to begin or start | Research may only commence from the second week of February and must be concluded before the beginning of the last quarter of the academic year. | begin | werkwoord | aangevoor word, aan die gang kom of in werking tree | Navorsing kan eers vanaf die tweede week van Februarie begin en moet voor die begin van die laaste kwartaal van die akademiese jaar afgehandel wees. |
| commencement | noun | the point in time when something starts | Would passengers kindly switch off their cellphones before the commencement of the flight. | aanvang | naamwoord | die oomblik wanneer iets begin | Sal passasiers asseblief voor die aanvang van die vlug hulle selfone afskakel. |
| comment | noun | a written or spoken remark, criticism or observation about an event, a person etc. | Comments on the website indicate people’s general dissatisfaction with medical services in the province. | kommentaar | naamwoord | ’n geskrewe of gesproke opmerking, kritiek of waarneming oor ’n gebeurtenis, persoon, ens. | Kommentaar op die webwerf dui op mense se algemene ontevredenheid met mediese dienste in die provinsie. |
| comment | noun | something that reveals something, usually bad, about a situation or event | The number of unemployed people is a comment on the health of the country’s economy. | refleksie | naamwoord | iets wat iets, gewoonlik sleg, oor ’n situasie of gebeurtenis openbaar | Die aantal werkloses werp ’n refleksie op die gesondheid van die land se ekonomie. |
| comment | verb | to give your opinion about something or someone, or your explanation for something | An old man approached me and commented about my resemblance to the Shabalalas he knew from his village. | kommentaar lewer | werkwoord | jou mening oor iets of iemand gee, of iets verduidelik | ’n Ou man het my genader en kommentaar gelewer oor my ooreenkoms met die Shabalalas wat hy in sy dorp geken het. |
| comment | noun | expression of opinion or reaction | Lecturers making positive comments in class usually motivate students to do their best. By contrast, students are demotivated by lecturers who make negative remarks. | opmerking | naamwoord | meningsuiting of reaksie | Dosente wat positiewe opmerkings maak in die klas, motiveer gewoonlik studente om hul bes te lewer. Daarteenoor word studente gedemotiveer deur dosente wat negatiewe aanmerkings maak. |
| commission | noun | a special group delegated to consider a matter | The Department appointed a commission of inquiry into the alleged unfair dismissal of two employees. | kommissie | naamwoord | ’n spesiale groep wat afgevaardig is om oor ’n saak te besin | Die Departement het ’n kommissie van ondersoek aangestel na die beweerde onbillike ontslag van twee werknemers. |
| commission | verb | to officially ask somebody to do or write something | He was commissioned to investigate the corruption in the company. | opdrag gee | woordgroep | iemand amptelik vra om iets te doen of te skryf | Hy is opdrag gegee om die korrupsie in die maatskappy te ondersoek. |
| commit | verb | to say you will use something for a particular purpose | The university has committed additional funds to postgraduate bursaries. | toewys | werkwoord | sê dat jy iets vir ’n spesifieke doel sal gebruik | Die universiteit het addisionele fondse vir nagraadse beurse toegewys. |
| commodity | noun | a useful or valuable thing that can be sold to make a profit | Gold is a precious commodity to South Africa. | kommoditeit | naamwoord | ’n nuttige of waardevolle ding wat verkoop kan word om wins te maak | Goud is ’n kosbare kommoditeit vir Suid-Afrika. |
| common | adjective | shared by two or more people or things | The Free State and Gauteng share a common border. | gemeenskaplik | byvoeglike naamwoord | wat deur twee of meer mense of dinge gedeel word | Die Vrystaat en Gauteng deel ’n gemeenskaplike grens. |
| communicate | verb | to interchange information or ideas with someone else, using words, signs, etc. | More and more people communicate via Skype as a substitute for face to face interaction. | kommunikeer | werkwoord | inligting of idees met iemand anders uitruil deur woorde, gebare, ens. te gebruik | Meer en meer mense kommunikeer via Skype as plaasvervanger vir interaksie van aangesig tot aangesig. |
| community | noun | a group of people sharing the same social practices | He is well respected in the community of civil engineers. | gemeenskap | naamwoord | ’n groep mense wat dieselfde sosiale praktyke deel | Hy word hoog geag in die gemeenskap van siviele ingenieurs. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| community | noun | a group of people sharing the same social practices | The values within a community normally influence the thinking of individuals within that community. | gemeenskap | naamwoord | ’n groep mense wat dieselfde sosiale praktyke deel | Die waardes binne ’n gemeenskap beïnvloed gewoonlik die denke van individue binne daardie gemeenskap. |
| community | noun | a group of interdependent entities sharing the same space or interests | The team studied kinship relations in the community for a period of four years. | samelewing | naamwoord | ’n groep onafhanklike entiteite wat dieselfde ruimte of belange deel | Die span het vier jaar lank verwantskapsverhoudings in die samelewing bestudeer. |
| comparable | | possible to compare | Protestantism and Roman Catholicism are comparable, because both are an outgrowth of the same Christian faith on which one can base a comparison between the two. | vergelykbaar | byvoeglike naamwoord | moontlik om te vergelyk | Protestantisme en Rooms-Katolisisme is vergelykbaar, want albei is ’n uitvloeisel van dieselfde Christelike geloof waarop ’n mens ’n vergelyking tussen die twee kan baseer. |
| comparative | adjective, adverb | which involves the observation of similarities and differences between things | Many comparative studies form part of the research. | vergelykend | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat die waarneming van ooreenkomste en verskille tussen dinge behels | Vele vergelykende studies vorm deel van die navorsing. |
| compare | verb | examine things to determine in what respects they are similar and in what respects they differ from each other | Many researchers typically compare their findings with those of their colleagues in the same field. | vergelyk | werkwoord | dinge ondersoek om vas te stel in watter opsigte hulle eenders is en in watter opsigte hulle van mekaar verskil | Baie navorsers vergelyk gewoonlik hul bevindings met dié van hul kollegas in dieselfde veld. |
| comparison | noun | the examination of things to see how they are similar of different | In this essay you must make a comparison of the earlier and later compositions of Beethoven. | vergelyking | naamwoord | die ondersoek van dinge om vas te stel in watter opsigte hulle eenders is en in watter opsigte hulle van mekaar verskil | In hierdie opstel moet jy ’n vergelyking tref tussen die vroeëre en latere komposisies van Beethoven. |
| compatibility | noun | a state in which two things are able to exist in harmonious combination | The compatibility of two such divergent schools of thought as positivism and postmodernism is inconceivable. | versoenbaarheid | naamwoord | eienskappe of toestand wat twee of meer dinge in staat stel om ’n harmoniese geheel te vorm | Die versoenbaarheid van twee uiteenlopende denkrigtings soos positivisme en postmodernisme is ondenkbaar. |
| compatible | adjective | able to exist and perform in harmonious combination | Their findings on the ecological impact of fracking are compatible with those of previous researchers. | versoenbaar | byvoeglike naamwoord | wat in harmonie kan bestaan en funksioneer | Hulle bevindinge oor die ekologiese uitwerking van hidrobreking is versoenbaar met dié van vorige navorsers. |
| compensate | verb | to pay someone money for something | The university compensated students for the injuries they sustained when the lift in the administration building fell one floor. | vergoed | werkwoord | iemand met geld vir iets vergoed | Die universiteit het studente vergoed vir die beserings wat hulle opgedoen het toe die hysbak in die administrasiegebou een verdieping geval het. |
| compensate | verb | to balance, remove or mitigate the negative consequences of something | The richness of the data compensated for the small sample. | vergoed | werkwoord | die negatiewe gevolge van iets balanseer, verwyder of versag | Die rykheid van die data het vergoed vir die klein steekproef. |
| competence | noun | the skill to perform a particular task | Managers need the competence to develop global marketing strategies. | vaardigheid | naamwoord | die vaardigheid om ’n spesifieke taak uit te voer | Bestuurders het die vaardigheid nodig om globale bemarkingstrategieë te ontwikkel. |
| compilation | noun | a list, document, book, report, etc. that has been put together by assembling information | Study material must bear witness to a logical compilation. | samestelling | naamwoord | ’n lys, dokument, boek, verslag, ens. wat saamgestel is deur inligting saam te voeg | Studiemateriaal moet getuig van ’n logiese samestelling. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| compile | verb | to put together a list, document, book, report, etc. by assembling information. | The researcher compiled a research report after completing the study. | opstel | werkwoord | ’n lys, dokument, boek, verslag, ens. saamstel deur inligting te versamel | Die navorser het ’n navorsingsverslag opgestel na voltooiing van die studie. |
| compile | verb | to put together a list, document, book, report, etc. by assembling information | Study material must be compiled logically. | saamstel | werkwoord | ’n lys, dokument, boek, verslag, ens. saamstel deur inligting saam te voeg | Studiemateriaal moet logies saamgestel word. |
| compiled | adjective | that has been put together as a list, document, book, report, etc. by assembling information | The study material for Applied Mathematics is compiled logically. | saamgestel | byvoeglike naamwoord | wat as ’n lys, dokument, boek, verslag, ens. opgestel is deur inligting saam te voeg | Die studiemateriaal vir Toegepaste Wiskunde word logies saamgestel. |
| compiler | noun | a person who puts parts or information together. | Richard Yates was the compiler of the short-story collection. | samesteller | naamwoord | ’n persoon wat dele of inligting bymekaarsit. | Richard Yates was die samesteller van die kortverhaalbundel. |
| complement | verb | to add to something in a way that improves it or completes it | The oral examination is designed to complement the written examination. | aanvul | werkwoord | iets by iets anders voeg op ’n manier wat dit verbeter of voltooi | Die mondelinge eksamen is ontwerp om die skriftelike eksamen aan te vul. |
| complement | verb | to contribute to something else in such a way that it is made better | Written assignments and formal examinations complement each other well as assessment methods. | aanvul | werkwoord | om tot iets by te dra sodat die eindproduk beter is | Geskrewe opdragte en formele eksamens vul mekaar goed aan as assesseringsmetodes. |
| complement | noun | something that provides additional qualities in order to improve or complete something else. | A picture would be the perfect complement to the text in explaining the concept. | toevoeging | naamwoord | iets wat addisionele eienskappe bied om iets anders te verbeter of te voltooi | ’n Prent sal die perfekte toevoeging tot die teks wees om die begrip te verduidelik. |
| complementary | adjective | complimenting or supplementing each other | Assessment methods that are considered complementary are written assignments, oral performances, etc. | aanvullend | byvoeglike naamwoord | wat mekaar komplementeer of aanvul | Assesseringsmetodes wat as aanvullend beskou word, is skriftelike opdragte, mondelinge opvoerings, ens. |
| completed | adjective | which forms an integral whole | The series of lectures presented by the lecturer forms a completed unit. | voltooi | byvoeglike naamwoord | wat ’n volledige en afgehandelde geheel vorm | Die reeks lesings wat deur die dosent aangebied word, vorm ’n voltooide eenheid. |
| complex | adjective | which consists of different interdependent parts | The South African political problems are too complex to solve in the blink of an eye. | ingewikkeld | byvoeglike naamwoord | wat uit verskillende interafhanklike dele bestaan | Die Suid-Afrikaanse politieke probleme is te ingewikkeld om binne ’n oogwink op te los. |
| complexity | noun | state of being complex or intricate | The complexity of South African society causes enormous challenges. | kompleksiteit | naamwoord | toestand van kompleks of ingewikkeld te wees | Die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing bring geweldige uitdagings. |
| complicate | verb | to make something complicated | With too many explanations, one complicates something that is really simple. | kompliseer | werkwoord | om iets ingewikkeld of gekompliseerd te maak | Met te veel verduidelikings kompliseer mens iets wat eintlik eenvoudig is. |
| component | noun | one of the individual parts making up a larger entity | The primary components of sand are minerals such as feldspars and quartz. | komponent | naamwoord | een van die individuele dele waaruit ’n groter geheel bestaan | Die primêre komponente van sand is minerale soos veldspaat en kwarts. |
| compound | noun | a whole formed by joining two or more elements or parts | A compound of sleep and good eating habits are essential for good health. | mengsel | naamwoord | ’n geheel wat gevorm word deur die verbinding van twee of meer elemente | ’n Mengsel van slaap en goeie eetgewoontes is belangrik vir goeie gesondheid. |
| comprehend | verb | to fully understand something that is complicated or difficult | Entropy is a complex concept that is difficult to comprehend. | begryp | werkwoord | om iets wat ingewikkeld of moeilik is, ten volle te verstaan | Entropie is ’n komplekse begrip wat moeilik is om te begryp. |
| comprehensive | adjective, adverb | including or dealing with most or all aspects of something | Professor O’Connel is popular because of his comprehensive lecture style. | volledig | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat die meeste of alle aspekte van iets insluit of hanteer | Professor O’Connel is gewild vanweë sy volledige lesingstyl. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| comprehensive | adjective | including all or everything | She did a comprehensive study on the emotional bond between pets and people. | omvattend | byvoeglike naamwoord | wat alles insluit | Sy het ’n omvattende studie gedoen oor die emosionele band tussen troeteldiere en mense. |
| comprehensiveness | noun | condition that includes most or all aspects of something | She will be working on her doctorate for a long time due to the comprehensiveness of her subject. | omvattendheid | naamwoord | toestand wat die meeste of alle aspekte van iets insluit | Vanweë die omvattendheid van haar onderwerp gaan sy nog lank aan haar doktorsgraad werk. |
| comprise | verb | consist of | Solar radiation comprises a range of wavelengths. | behels | werkwoord | bestaan uit | Sonuitstraling behels ’n reeks golflengtes. |
| comprise | verb | be made up of | This study comprises so many disciplines that we will have to work across subject boundaries. | omvat | werkwoord | bestaan uit | Hierdie studie omvat soveel dissiplines dat ons oor vakgrense heen sal moet saamwerk. |
| comprise of | verb | be made up of | The course is comprised of ten core modules. | bevat | werkwoord | bestaan uit | Die kusus bevat tien kernmodules. |
| compute | verb | to calculate a figure or amount | It was the task of the project manager to compute the total price of the project. | bereken | werkwoord | ’n getal of bedrag uitwerk | Dit was die taak van die projekbestuurder om die totale koste van die projek te bereken. |
| conceive | verb | to form an idea in your mind | The mining project was originally conceived in 1905. | bedink | werkwoord | ’n idee of prentjie van iets in jou gedagtes vorm | Die mynprojek is oorspronklik in 1905 bedink. |
| conceive | verb | to imagine a particular situation | It is very difficult to conceive of modern life without access to the internet. | voorstel | werkwoord | jou ’n besondere situasie verbeel | Dit is baie moeilik om jou die moderne lewe voor te stel sonder toegang tot die internet. |
| concentrate | verb | to focus your full attention on something | Due to her illness she was unable to concentrate on anything. | konsentreer | werkwoord | jou volle aandag op iets toespits | As gevolg van haar siekte kon sy op niks konsentreer nie. |
| concentrate | verb | to bring together | The medical research laboratory is concentrating all its efforts on developing a vaccine for TB. | toespits | werkwoord | bymekaar bring | Die mediese navorsingslaboratorium spits al sy pogings toe op die ontwikkeling van ’n entstof vir TB. |
| concentrated | adjective | made stronger by removing water from it | Hand soap, soft drinks and liquid medicine are concentrated solutions commonly found in the household. | gekonsentreer | byvoeglike naamwoord | sterker gemaak deur water daaruit te verwyder | Handewasseep, koeldrank en vloeibare medisyne is gekonsentreerde oplossings wat algemeen in huishoudings voorkom. |
| concept | noun | an abstract or general idea | I struggle to understand the concept of evolution. | begrip | naamwoord | ’n abstrakte of algemene idee | Ek sukkel om die begrip evolusie te verstaan. |
| concept | noun | basic content, idea or design | Leonardo da Vinci presented his concept of an airplane in sketch form. | konsep | naamwoord | basiese inhoud, idee of ontwerp | Leonardo da Vinci het sy konsep van ’n vliegtuig in die vorm van ’n skets aangebied. |
| conceptual | adjective | according to meaning | Conceptual learning is related to constructive thinking. | begripmatig | byvoeglike naamwoord | volgens betekenis | Begripmatige leer verband hou met die konstruktiewe denke. |
| conceptual | adjective, adverb | with regard to a concept or concepts | Conceptual understanding is dependent on concrete representations. | konseptueel | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot ’n konsep of konsepte | Konseptuele begrip is afhanklik van konkrete voorstellings. |
| conceptualisation | noun | abstract representation | Leonardo da Vinci presented his conceptualisation of an airplane in sketch form. | konseptualisering | naamwoord | abstrakte voorstelling | Leonardo da Vinci het sy konseptualisering van ’n vlieënde masjien in sketsvorm aangebied. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| conceptualise | verb | to form a concept | Leonardo da Vinci conceptualised the flying machine and then presented it in concrete form. | konseptualiseer | werkwoord | ’n konsep vorm | Leonardo da Vinci het die vlieënde masjien gekonseptualiseer en dit toe in konkrete vorm aangebied. |
| concise | adjective | giving only the information that is necessary or important | Avoid long, complex sentences and repetition to keep your writing concise. | bondig | byvoeglike naamwoord | wat slegs die nodigste of belangrikste inligting gee | Vermy lang, ingewikkelde sinne en herhaling om jou skryfwerk bondig te hou. |
| conciseness | noun | the extent to which only the necessary or important information is given | Conciseness is one of the most important skills of academic writers. | bondigheid | naamwoord | die mate waarin slegs die nodigste of belangrikste inligting gegee word | Bondigheid is een van die belangrikste vereistes van akademiese skryfwerk. |
| conclude | verb | to make a decision after considering all the information you have | The student concludes his argument skillfully with a logical deduction. | afsluit | werkwoord | ’n besluit neem nadat jy al die inligting wat jy het, oorweeg het | Die student sluit sy argument vaardig af met ’n logiese gevolgtrekking. |
| conclude | verb | to successfully complete something you have been doing, especially for a long time | They followed up every possible lead and concluded the investigation after three years. | afsluit | werkwoord | iets waarmee jy ’n lang ruk besig was, suksesvol afhandel | Hulle het elke moontlike leidraad opgevolg en die ondersoek ná drie jaar afgesluit. |
| conclude | verb | to make a decision after considering all the information you have | In the article he concludes that it is possible for poor countries to curb the spread of HIV. | gevolgtrekking | werkwoord | ’n besluit neem nadat jy al die inligting tot jou beskikking oorweeg het | In die artikel kom hy tot die gevolgtrekking dat dit moontlik is vir arm lande om die verspreiding van MIV te bekamp. |
| conclusion | noun | an opinion you reach after considering all the information | The anecdotal conclusion of his lecture was greeted with loud applause. | afsluiting | naamwoord | ’n opinie wat jy vorm nadat jy al die inligting tot jou beskikking oorweeg het | Die anekdotiese afsluiting van sy lesing is met luide applous begroet. |
| conclusion | noun | the completion and finalisation of something | The conclusion of a dissertation requires nerves of steel because there is so much detail to be finally checked. | afhandeling | naamwoord | die voltooiing en finalisering van iets | Die afhandeling van ’n proefskrif verg senuwees van staal omdat daar soveel detail is wat finaal nagegaan moet word. |
| conclusion | noun | an opinion you reach after thinking about all the information | The judge has reached a conclusion and will deliver her verdict next week. | gevolgtrekking | naamwoord | ’n opinie wat jy vorm nadat jy al die inligting oorweeg het | Die regter het tot ’n gevolgtrekking gekom en sal volgende week haar uitspraak lewer. |
| conclusion | noun | an opinion you reach after thinking about all the information | In consequence of his poor class attendance and incomplete class mark, I have arrived at the conclusion that he is not interested in study or may be struggling with personal problems. | gevolgtrekking | naamwoord | ’n mening wat jy vorm nadat jy oor al die inligting nagedink het | As gevolg van sy swak klasbywoning en onvolledige klaspunt, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat hy nie in studie belangstel nie of dalk met persoonlike probleme sukkel. |
| conclusion | noun | an opinion you reach after considering all the information | Professor Mohapi is impressed with his student’s essay in which the problem statement is well motivated and the student comes to a clear conclusion of his argument. | slotsom | naamwoord | ’n opinie wat jy vorm nadat jy al die inligting tot jou beskikking oorweeg het | Professor Mohapi is beïndruk met sy student se opstel waarin die probleemstelling goed gemotiveer is en die student tot ’n duidelike slotsom komin sy argumentasie. |
| concrete | adjective, adverb | in a concrete (physical) way | Without concrete thinking, full understanding of many academic words is impossible. | konkreet | byvoeglike naamwoord, bywoord | op ’n konkrete (fisiese) manier | Sonder konkrete denke is volledige begrip van baie akademiese woorde onmoontlik. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| concretise | verb | to make concrete | Students must concretise concepts using examples. | konkretiseer | werkwoord | konkreet maak | Studente moet konsepte met behulp van voorbeelde konkretiseer. |
| concur | verb | agree with somebody or something | We concur with the decision. | saamstem | werkwoord | met iemand of iets saamstem | Ons stem saam met die besluit. |
| concurrent | adjective | occurring at the same time | The artist's work was displayed in three concurrent exhibits. | gelyktydig | byvoeglike naamwoord | wat op dieselfde tyd plaasvind | Die kunstenaar se werk is in drie gelyktydige uitstallings vertoon. |
| condemn | verb | disapprove of something or someone very strongly | The international community condemned the acts of violence in the country. | veroordeel | werkwoord | iets of iemand baie sterk afkeur | Die internasionale gemeenskap het die dade van geweld in die land ten sterkste veroordeel. |
| condemn | verb | to give judgement against something or someone | One can easily condemn the actions of others without regard to their circumstances. | afkeur | werkwoord | iets of iemand veroordeel | ’n Mens kan die optrede van ander maklik afkeur sonder om hul omstandighede in ag te neem. |
| conduct | noun | the way a business, campaign or activity is organised or managed | There is growing criticism of the conduct of the pharmaceutical companies in the Third World. | gedrag | naamwoord | die manier waarop ’n besigheid, veldtog of aktiwiteit georganiseer of bestuur word | Daar is toenemend kritiek teen die gedrag van farmaseutiese ondernemings in die Derde Wêreld. |
| conduct | verb | to perform or carry out | The university conducted a survey into student responses to the newly implemented fee structure. | doen | werkwoord | aanpak, uitvoer of verrig | Die universiteit het ’n opname gedoen van studente se reaksie op die nuut geïmplementeerde gelde-struktuur. |
| confer | verb | exchange thoughts on something | The two judges conferred with each other and agreed that the man should be sentenced to life in prison. | beraadslaag | werkwoord | gedagtes oor iets uitruil | Die twee regters het (met mekaar) beraadslaag en ooreengekom dat die man lewenslange tronkstraf moet kry. |
| confer | verb | to officially give someone a degree, title, etc. | A doctorate in engineering was conferred on him in 2019. | toeken | werkwoord | amptelik ’n graad, titel, ens. aan iemand gee | In 2019 is ’n doktorsgraad in ingenieurswese aan hom toegeken. |
| confine | verb | to prevent something from spreading beyond a particular place or group | Two firefighters managed to confine the fire to the living room. | beperk | werkwoord | voorkom dat iets verder as ’n spesifieke plek of groep versprei | Twee brandbestryders het daarin geslaag om die brand tot die sitkamer te beperk. |
| confine | verb | to place limits on | Reading problems are not confined to school dropouts. | beperk | werkwoord | binne perke plaas | Leesprobleme is nie net tot skoolverlaters beperk nie. |
| confirm | verb | to say, or show with facts or evidence, that something is definitely true | Further genetic tests confirmed the diagnosis. | bevestig | werkwoord | sê, of met feite of bewyse toon, dat iets definitief waar is | Verdere genetiese toetse het die diagnose bevestig. |
| confirmation | noun | the action of confirming something | The official confirmation of prof. Schroeder's appointment as dean was not a surprise to us. | bevestiging | naamwoord | die handeling van iets te bevestig | Die amptelike bevestiging van prof. Schroeder se aanstelling as dekaan was nie vir ons ’n verrassing nie. |
| confirmation | noun | reinforcement or proof with new evidence or facts | Confirmation of your statements by citing facts and examples is essential if you want to convince people. | stawing | naamwoord | versterking of bewys met nuwe getuienis of feite | Stawing van jou stellings met feite en voorbeelde is noodsaaklik as jy mense wil oortuig. |
| criticism | noun | analysis and judgement of merits and faults | He took the constructive criticism of his wife to heart and made quite a few adjustments in the novel. | kritiek | naamwoord | ontleding en beoordeling van meriete en foute | Hy het sy vrou se opbouende kritiek ter harte geneem en ’n hele paar aanpassings in die roman gemaak. |
| crucial | adjective | of extreme importance | Donations of food are crucial to the survivors of the flood. | kritiek | byvoeglike naamwoord | van uiterste belang | Skenking van voedsel is kritiek vir die oorlewendes van die vloed. |
| cultivate | verb | develop | It is possible to cultivate good habits with those who do not yet practise them. | kultiveer | werkwoord | ontwikkel | ’n Mens kan goeie gewoontes kultiveer by diegene wat nog nie daaroor beskik nie. |
| cultivate | verb | to develop a way of thinking or behaving | Video games are claimed to cultivate violence in some children. | aankweek | werkwoord | ’n manier van dink of optree ontwikkel | Daar word beweer dat videospeletjies geweld by sommige kinders aankweek. |
| cultural | adjective | relating to the ideas, conventions and social customs of a society | The cultural significance of folk festivals should not be underestimated. | kultureel | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot die idees, konvensies en sosiale gebruike van ’n samelewing | Die kulturele betekenis van volksfeeste moet nie onderskat word nie. |
| culture | noun | a particular society at a particular time and place | Piercing of body parts is not a modern phenomenon – it has been practiced by ancient cultures. | kultuur | naamwoord | ’n bepaalde samelewing op ’n bepaalde tyd en plek | Die maak van gaatjies in liggaamsdele is nie ’n moderne verskynsel nie – dit is reeds gedoen deur antieke kulture. |
| culture | noun | the customs, social institutions, beliefs and arts shared by a particular society or civilisation | Khoi-San culture is still preserved in rock paintings. | kultuur | naamwoord | die gebruike, sosiale instellings, oortuigings en kunsvorme wat deur ’n bepaalde samelewing of beskawing gedeel word | Die kultuur van die Khoi-San word steeds in rotstekeninge bewaar. |
| culture | noun | activities such as art, music, literature, which are considered important to a civilisation at a particular time | The popular culture festival in Johannesburg is drawing thousands of visitors. | kultuur | naamwoord | aktiwiteite soos kuns, musiek, letterkunde, wat ’n beskawing op ’n spesifieke tydstip belangrik ag | Die gewilde fees van kulture in Johannesburg lok duisende besoekers. |
| culture | noun | ideas, customs, and social behaviour of a society | The difference between the distinctive culture of the Inuit and that of Western civilisation can be clearly seen in their eating habits, dress, educational methods and religious practices. | kultuur | naamwoord | idees, gebruike en sosiale gedrag van ’n samelewing | Die verskil tussen die kenmerkende kultuur van die Innuïete en die Westerse beskawing is duidelik te sien in hul eetgewoontes, kleredrag, opvoedkundige metodes en godsdienstige praktyke. |
| currency | noun | the state of being accepted or used by a lot of people | The word BRAAI has gained currency among English speakers. | ingang | naamwoord | die toestand van deur baie mense aanvaar of gebruik te word | Die woord BRAAI het ook by Engelssprekendes ingang gevind. |
| currency | noun | the metal or paper medium of exchange that is used at present | The South African currency unit is the rand. | geldeenheid | naamwoord | die metaal- of papier-ruilmiddel wat tans gebruik word | Die Suid-Afrikaanse geldeenheid is die rand. |
| curricular | adjective | relating to a curriculum | The curricular focus of schools differs. | kurrikulêr | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot ’n kurrikulum | Die kurrikulêre fokus van skole verskil. |
| curriculate | verb | plan and draw up a curriculum for a subject | Teachers who are appointed to curriculate, must have many years of experience in teaching the subject. | kurrikuleer | werkwoord | ’n kurrikulum vir ’n vak beplan en opstel | Onderwysers wat aangestel word om te kurrikuleer, moet baie jare ondervinding in die onderrig van die vak hê. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| curriculum | noun | elements comprising a course of study | If you consider the Latin origins of CURRI-, a curriculum is the figurative path that you run to a certain goal with a particular subject content. | kurrikulum | naamwoord | elemente waaruit uit ’n studiekursus bestaan | As ’n mens die Latynse oorsprong CURRI- in gedagte hou, is ’n kurrikulum die figuurlike pad wat ’n mens met bepaalde vakinhoud na ’n bepaalde doelwit stap. |
| curriculum vitae | noun | brief account of qualifications and previous work experience, sent with a job application | If you apply for a position, your application must be accompanied by a full curriculum vitae. | curriculum vitae | naamwoord | kort opsomming van kwalifikasies en vorige werkservaring wat saam met ’n aansoek om ’n betrekking gestuur word | As jy aansoek doen om ’n pos, moet ’n volledige curriculum vitae jou aansoek vergesel. |
| cycle | noun | a periodically repeated sequence of events | The prize is awarded in four-year cycles – this year it is awarded for autobiographies. | siklus | naamwoord | ’n reeks gebeure wat periodiek herhaal word | Die prys word in siklusse van vier jaar toegeken – hierdie jaar word dit toegeken vir outobiografieë. |
| cycle | noun | one complete series of movements that completes an electrical, mechanical or electronic process | The washing machine has a special cycle for wool fabrics. | siklus | naamwoord | een volledige reeks bewegings wat ’n elektriese, meganiese of elektroniese proses voltooi | Die wasmasjien het ’n spesiale siklus vir wolstowwe. |
| data | noun | information, facts, measurements or observations which are examined to find out things | A questionnaire will be used to collect the data. | data | naamwoord | inligting, feite, metings of waarnemings wat ondersoek word om dinge uit te vind | ’n Vraelys sal gebruik word om die data te versamel. |
| debate | noun | a discussion on a subject about which people’s opinions differ | The debate about firearms dominated the sitting of Parliament today. | debat | naamwoord | ’n bespreking oor ’n onderwerp waaroor mense se menings verskil | Die debat oor vuurwapens het die sitting van die parlement vandag oorheers. |
| debate | verb | have a discussion with reasons for and against a proposal in order to make a decision or solve a problem | Today the Department of Social Security will debate the provision of child support grants. | debatteer | werkwoord | ’n bespreking voer met redes vir en teen ’n voorstel ten einde ’n besluit te neem of ’n probleem op te los | Vandag gaan die Departement van Maatskaplike Sekerheid die verskaffing van kindertoelaes debatteer. |
| debate | noun | discussion where participants state different points of view | In my opinion the debate in Parliament lacks reasonable thinking due to the subjectivity of speakers’ arguments. | debattering | naamwoord | bespreking waar deelnemers verskillende standpunte stel | Die debattering in die parlement gaan myns insiens mank aan redelike denke weens die subjektiwiteit van sprekers se argumente. |
| debating | adjective | in a formal, argumentative way | My friend makes himself unpopular because he talks to people at parties in a debating style when they just want social talk. | debatterend | byvoeglike naamwoord | op ’n formele, stryerige manier | My vriend maak homself ongewild omdat hy by partytjies in debatterende styl met mense gesels wanneer hulle net lus is vir sosiale praatjies. |
| decade | noun | a period of ten years | She taught at the university for over a decade. | dekade | naamwoord | ’n tydperk van tien jaar | Sy het meer as ’n dekade aan die universiteit klas gegee. |
| decentralise | verb | to remove something from one concentration point and divide and distribute it | When a body decides to decentralise, the authority is transferred from the center to the periphery. | desentraliseer | werkwoord | iets van een konsentrasiepunt verwyder en dit verdeel en versprei | As ’n liggaam besluit om te desentraliseer, word die gesag van die sentrum na die periferie verplaas. |
| decline | verb | to become smaller, fewer or weaker | The number of new army recruits has declined from 20 000 to 13 000 a year. | afneem | werkwoord | kleiner, minder of swakker word | Die getal nuwe weermagrekrute het van 20 000 tot 13 000 per jaar afgeneem. |
| decline | noun | a gradual lessening in the quantity, quality or importance of something | There has been a decline in enthusiasm for long-term research projects. | afname | naamwoord | ’n geleidelike vermindering in die hoeveelheid, kwaliteit of belangrikheid van iets | Daar was ’n afname in entoesiasme vir langtermyn-navorsingsprojekte. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| deconstruct | verb | to undermine textual meaning by highlighting inherent conflict and contradictions | Derrida believes that texts have no final meaning, because texts are constantly deconstructing themselves. | dekonstrueer | werkwoord | tekstuele betekenis ondermyn deur inherente konflik en teenstrydighede uit te lig | Derrida meen dat tekste geen finale betekenis het nie, omdat tekste hulself voortdurend dekonstrueer. |
| deconstruction | noun | philosophical school of thought that rejects the generally accepted view that words in texts form a coherent meaning | Derrida, the French father of deconstruction, rejects the notion that a writer's intent determines the meaning of a text. | dekonstruksie | naamwoord | filosofiese denkrigting wat die algemeen aanvaarde siening verwerp dat woorde in 'n teks 'n samehangende betekenis vorm | Derrida, die Franse vader van dekonstruksie, verwerp die opvatting dat die bedoeling van 'n skrywer die betekenis van 'n teks bepaal. |
| deconstructive | adjective | related to the theory of deconstruction | Derrida was considered one of the greatest deconstructive thinkers of his time. | dekonstruktief | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met die teorie van dekonstruksie | Derrida is beskou as een van die grootste dekonstruktiewe denkers van sy tyd. |
| decrease | noun | condition of becoming smaller, fewer of weaker | There is a clear decrease in his study time, considering the time he spends on his social life. | afname | naamwoord | toestand van kleiner, minder of swakker word | Daar is 'n duidelike afname in sy studietyd, in ag genome die tyd wat hy aan sy sosiale lewe bestee. |
| decrease | verb | to continuously become fewer in number or less in value | The value of the rand can be expected to decrease when the economy slows down. | daal | werkwoord | voortdurend minder word in getal of waarde | Daar kan verwag word dat die waarde van die rand sal daal wanneer die ekonomie verlangsaam. |
| decrease | verb | to continuously become fewer in number or less in value | The population of the area has decreased drastically. | afneem | werkwoord | voortdurend verminder in getal of waarde | Die bevolking in die gebied het drasties afgeneem. |
| decree | noun | an official order from a government or ruler that becomes the law | The decree guaranteed freedom of speech for the media. | dekreet | naamwoord | 'n amptelike bevel van 'n regering of heerser wat wet word | Die dekreet het vryheid van spraak vir die media gewaarborg. |
| dedicate | verb | to say that a book, movie or piece of music was written, made or composed for someone you love or respect | I would like to dedicate my first book to my mother. | opdra | werkwoord | sê dat 'n boek, film of musiekstuk geskryf, gemaak of gekomponeer is vir iemand wat jy liefhet of respekteer | Ek wil my eerste boek aan my ma opdra. |
| dedicate | verb | to devote time and effort to something | He dedicated his life to justice for his fellow human beings. | wy | werkwoord | tyd en moeite aan iets bestee | Hy het sy lewe aan geregtigheid vir sy medemens gewy. |
| deduce | verb | to form an opinion based on the information or evidence available | Students often deduce a meaning from a poem that was not intended and cannot be motivated. | aflei | werkwoord | 'n mening vorm gebaseer op die bewyse wat beskikbaar is | Studente lei uit 'n gedig dikwels 'n betekenis af wat nie bedoel is of gemotiveer kan word nie. |
| deduction | noun | an opinion that has been based on the available information or evidence | From her icy attitude he made the deduction that she is angry with him. | afleiding | naamwoord | 'n mening gebaseer op die beskikbare inligting of bewyse | Uit haar ysige houding het hy die afleiding gemaak dat sy vir hom kwaad is. |
| deduction | noun | reasoning from the general to the specific | If 80% of teens participate in sports and Alan is a teenager, one can conclude by deduction that Alan is very likely to participate in sports. | deduksie | naamwoord | redenasie van die algemene na die spesifieke | As 80% van die tieners aan sport deelneem en Alan 'n tiener is, kan 'n mens deur deduksie die afleiding maak dat Alan heel waarskynlik aan sport deelneem. |
| deduction | noun | an opinion that has been based on the available information or evidence | Taking into account his poor class attendance and bad marks, the deduction can be made that he is not interested in study or may be struggling with personal problems. | afleiding | naamwoord | 'n mening wat gebaseer is op die inligting of bewyse wat beskikbaar is | Gegewe sy swak klasbywoning en swak punte, kan die afleiding gemaak word dat hy nie in studie belangstel nie of dalk met persoonlike probleme sukkel. |
| deductive | adjective, adverb | arguing from the general to the specific | He uses a deductive approach. | deduktief | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat van die algemene na die spesifieke redeneer | Hy gebruik 'n deduktiewe benadering. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| default | noun | through lack of opposition rather than conscious choice or action | My opponent may be good, but I will prove that I didn't ascend the championship throne by default. | verstek | naamwoord | weens gebrek aan opposisie eerder as bewustelike keuse of handeling | My teenstander is miskien goed, maar ek sal bewys dat ek die kampioenskapstroon nie by verstek bestyg het nie. |
| default | noun | something that exists or happens if you do not change it intentionally | The default option on my computer is to save my work every five minutes. | verstek | naamwoord | iets wat bestaan of gebeur as jy dit nie doelbewus verander nie | Die verstekopsie op my rekenaar is om my werk elke vyf minute te stoor. |
| defer | verb | to accept someone's decision or opinion because you respect him or her | When asked about possible solutions he deferred to the experts. | eerbiedig | werkwoord | iemand se besluit of opinie aanvaar, omdat jy hom of haar respekteer | Toe hy gevra is oor moontlike oplossings, het hy die kenners eerbiedig. |
| defer | verb | to delay until a later time | She deferred her decision to a later date. | uitstel | werkwoord | tot later uitstel | Sy het haar besluit tot ’n later datum uitgestel. |
| deficient | adjective | not containing or having enough of something that is needed for proper functioning | This diet is deficient in vitamin A and C. | ontoereikend | byvoeglike naamwoord | wat nie genoeg het of genoeg bevat van iets wat nodig is om behoorlik te funksioneer nie | Hierdie dieet is ontoereikend wat vitamien A en C betref. |
| definable | adjective | that can be described or defined in order to distinguish it from something else | Scientific concepts are not always easily definable. | definieerbaar | byvoeglike naamwoord | wat beskryf of omskryf kan word om dit sodoende van iets anders te onderskei | Wetenskaplike begrippe is nie altyd maklik definieerbaar nie. |
| define | verb | to describe something thoroughly and correctly | The postgraduate student used a technical dictionary to define technical terms in his study. | definieer | werkwoord | iets deeglik en korrek beskryf | Die nagraadse student het ’n vakwoordeboek gebruik om tegniese terme in sy studie te definieer. |
| define | verb | to provide the characteristics of something to distinguish it from other things | In the introduction to your dissertation you need to define core concepts. | definieer | werkwoord | die eienskappe of kenmerke van iets verskaf sodat dit van ander dinge onderskei kan word | In die inleiding tot jou proefskrif moet jy kernbegrippe definieer. |
| define | verb | to provide the characteristics of something to distinguish it from other things | It is important that the student first properly describes the problem she is investigating before beginning her research. | omskryf | werkwoord | die eienskappe of kenmerke van iets verskaf sodat dit van ander dinge onderskei kan word | Dit is belangrik dat die student eers die probleem wat sy ondersoek deeglik omskryf voordat sy met haar navorsing begin. |
| defined | adjective | for which a definition has been provided | After the lecture most students understand the defined concept much better. | gedefinieer | byvoeglike naamwoord | waarvoor ’n definisie verskaf is | Ná die lesing verstaan die meeste studente die gedefinieerde konsep baie beter. |
| defined | adjective | determined in such a way that it can be distinguished from other things or concepts | Research should be conducted according to clearly defined guidelines. | omskryf | byvoeglike naamwoord | sodanig bepaal of gedefinieer dat dit van ander dinge of konsepte onderskei kan word | Navorsing behoort volgens duidelik omskrewe riglyne te geskied. |
| definite | adjective | clearly defined | All the great figures in history had definite ideas and they also conveyed their views in definitive language. | definitief | byvoeglike naamwoord | duidelik gedefinieer | Al die groot figure in die geskiedenis het besliste idees gehad en hulle het ook hul sienings in definitiewe taal oorgedra. |
| definite | adjective | explicit and clearly defined | The website offers no definite answers to my questions about the software. | definitief | byvoeglike naamwoord | eksplisiet en duidelik omskryf. | Die webwerf bied geen definitiewe antwoorde op my vrae oor die sagteware nie. |
| definition | noun | exact statement of the meaning of something | A training group is by definition a group that participants join to learn something, usually through experience. | definisie | naamwoord | presiese verklaring van die betekenis van iets | ’n Opleidingsgroep is per definisie ’n groep waarby deelnemers aansluit om iets te leer, gewoonlik deur ondervinding. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| deliberate | verb | to think very carefully about something so that a decision can be made | After having deliberated for two hours, the committee decided to support the motion. | beraadslaag | werkwoord | baie goed oor iets dink sodat ’n besluit geneem kan word | Nadat hulle twee uur beraadslaag het, het die komitee besluit om die mosie te steun. |
| deliberate | verb | to think very carefully about something so that a decision can be made | After the open discussion between the lecturer and his students, he deliberates their suggestions. | oorweeg | werkwoord | baie goed oor iets dink sodat ’n besluit geneem kan word | Na die oop gesprek tussen die dosent en sy studente oorweeg hy enkele van hulle voorstelle. |
| deliberate | adjective | slow and determined | The police force made a deliberate attempt at reducing crime in the area. | doelbewus | byvoeglike naamwoord | stadig en vasberade | Die polisiemag het ’n doelbewuste poging aangewend om misdaad in die gebied te verminder. |
| deliberately | adverb | on purpose | The student deliberately committed plagiarism and hoped the lecturer would not see it. | doelbewus | byvoeglike naamwoord | met opset | Die student het doelbewus plagiaat gepleeg en gehoop dat die dosent dit nie sou sien nie. |
| deliberateness | noun | intention | The calculated deliberateness of the action was as shocking and surreal as the first time he’d hit her. | doelbewustheid | naamwoord | opsetlikheid | Die berekende doelbewustheid van die handeling was net so skokkend en surrealisties soos die eerste keer toe hy haar geslaan het. |
| deliberation | noun | careful consideration | After considerable deliberation Rhodes and Jameson concluded that they might successfully intervene between Kruger and the Uitlanders. | beraadslaging | naamwoord | deeglike besinning | Na aansienlike beraadslaging het Rhodes en Jameson tot die gevolgtrekking gekom dat hulle suksesvol tussen Kruger en die Uitlanders kon ingryp. |
| deliberation | noun | the process of thoroughly discussing and considering something | To give time for raising funds and deliberation, the property was re-let for a year to the original purchaser. | beraadslaging | naamwoord | die proses om iets deeglik te bespreek en oorweeg | Om tyd toe te laat vir die insameling van fondse en beraadslaging, is die eiendom vir ’n jaar aan die oorspronklike koper verhuur. |
| deliver | verb | give | The best time to deliver a lecture is in the morning, because after lunch it is often hard to concentrate on your facts. | lewer | werkwoord | gee | Die beste tyd om ’n lesing te lewer is in die oggend, want ná middagete is dit dikwels moeilik om op jou feite te konsentreer. |
| delusion | noun | something you believe but which is not true | If you are under the delusion that only your opinions are correct, it might be that you do not properly reflect on your views. | waan | naamwoord | iets wat jy glo, maar wat nie waar is nie | As jy onder die waan verkeer dat slegs jou opinies reg is, kan dit wees dat jy nie behoorlik oor jou sienings nadink nie. |
| demand | verb | strictly require | The study program demands commitment from the student. | vereis | werkwoord | streng vereis | Die studieprogram vereis toewyding van die student. |
| demonstrate | verb | to show or outline an action step by step | In the training of inexperienced mechanics, one has to demonstrate the dismantling of, for example, a carburetor in an algorithmic way. | demonstreer | werkwoord | ’n handeling stapsgewys toon of uiteensit | In die opleiding van onervare werktuigkundiges moet ’n mens die aftakeling van byvoorbeeld ’n vergasser op ’n algoritmiese manier demonstreer. |
| demonstrate | verb | to show that you have a certain skill, quality, ability or feeling | She demonstrated her love for children by volunteering at an orphanage. | demonstreer | werkwoord | wys dat jy ’n sekere vaardigheid, kwaliteit, vermoë of gevoel het | Sy het haar liefde vir kinders gedemonstreer deur vrywillig by ’n kinderhuis te werk. |
| demonstrate | verb | to show or prove something | The figure below demonstrates the extent to which the land became less arable. | aantoon | werkwoord | iets (ver)toon of bewys | Die onderstaande figuur toon aan tot watter mate die grond minder bewerkbaar geword het. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| demonstrated | adjective | of which a demonstration is provided | Thanks to her concrete presentation, everyone understands the demonstrated principles better. | gedemonstreer | byvoeglike naamwoord | waarvan ’n demonstrasie verskaf word | Danksy haar konkrete aanbieding verstaan almal die gedemonstreerde beginsels beter. |
| demonstration | noun | a practical explanation | During the writing course, the author gave a demonstration of some writing techniques. | demonstrasie | naamwoord | ’n praktiese verduideliking | Tydens die skryfskool het die skrywer ’n demonstrasie gelewer van enkele skryftegnieke. |
| denotation | noun | literal meaning | The denotation of DOG is: four-legged, barking pet. | denotasie | naamwoord | letterlike betekenis | Die denotasie van HOND is: viervoetige, blaffende troeteldier. |
| denotative | adjective | which carries the main meaning and does not include feelings or opinions | The meaning of DOG as a four-legged barking pet is denotative. | denotatief | byvoeglike naamwoord | wat die hoofbetekenis dra en nie gevoelens of menings insluit nie | Die betekenis van HOND as ’n viervoetige huisdier wat blaf, is denotatief. |
| denote | verb | to give a sign or indication of | On the periodic table the element sodium is denoted by the symbol Na. | aandui | werkwoord | ’n teken of aanduiding te gee van | In die periodieke tabel word die element natrium deur die simbool Na aangedui. |
| denote | verb | to mean or represent | The acronym AIDS denotes Acquired Immune Deficiency Syndrome. | beteken | werkwoord | voorstel of aandui | Die akroniem VIGS staan vir verworwe immuniteitsgebreksindroom. |
| dense | adjective | difficult to understand because it contains many ideas and information, and uses difficult language | Her writing is so dense that only other experts in the field understand it. | dig | byvoeglike naamwoord | moeilik om te verstaan omdat dit baie idees en inligting bevat en moeilike taal gebruik | Haar skryfwerk is so dig dat net ander kundiges in die veld dit verstaan. |
| dense | adjective | containing many people or objects with little space between them | The path became more indistinct with each step, eventually coming to an end in dense underbrush. | dig | byvoeglike naamwoord | wat baie mense of voorwerpe bevat met min spasie tussen hulle | Die pad het met elke tree dowwer geword en uiteindelik in digte ruigtes doodgeloop. |
| deny | verb | to declare that something is untrue | He denied that he cheated during the test. | ontken | werkwoord | verklaar dat iets onwaar is | Hy het ontken dat hy tydens die toets gekul het. |
| deny | verb | to reject something as false, or to refuse to believe, accept or acknowledge something | The company denied responsibility for the accident. | ontken | werkwoord | iets as vals verwerp, of weier om iets te glo, aanvaar of erken | Die maatskappy het verantwoordelikheid vir die ongeluk ontken. |
| depress | verb | to make the value of prices or wages lower | Food aid usually depresses food prices in the benefitting country. | verlaag | werkwoord | die waarde van pryse of lone minder maak | Voedselhulp het gewoonlik tot gevolg dat die pryse van kos in die land wat bevoordeel word, verlaag word. |
| derivable | adjective | which can be derived from something | The answer was easily derivable from the clues. | afleibaar | byvoeglike naamwoord | wat van iets afgelei kan word | Die antwoord was maklik afleibaar van die leidrade. |
| derivation | noun | formation of a word from another word | SINGING, SANG, SINGER and SONG were formed by derivation from the word SING. | afleiding | naamwoord | vorming van ’n woord uit ’n ander woord | SINGEND, SANG, SANGER en GESANG is deur afleiding van die woord SING gevorm. |
| derivative | noun | a word formed from another word | The word SINGER is a derivative of SING. | afleiding | naamwoord | ’n woord wat uit ’n ander woord gevorm is | Die woord SANGER is ’n afleiding van SING. |
| derive | verb | calculate, discover or establish something using the available information | The great problem for the Realists is how to derive the individual from the universal. | aflei | werkwoord | iets bereken, ontdek of daarstel deur die beskikbare inligting te gebruik | Die groot probleem vir die Realiste is hoe om die individuele van die universele af te lei. |
| describe | verb | explain what something or someone is or looks like | Describe in detail how a solar-powered geyser works. | beskryf | werkwoord | verduidelik hoe iets of iemand is of lyk | Beskryf in detail hoe ’n sonaangedrewe geiser werk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| description | noun | speech or writing that gives an account of what something is like | He obtained a complete description of the man, his vehicle and its registration number. | beskrywing | naamwoord | spraak of skrywe wat rekenskap gee van hoe iets is | Hy het 'n volledige beskrywing van die man, sy voertuig en die registrasienommer daarvan gekry. |
| description | noun | account giving the characteristics of something or someone | The lecturer asks the class: What would be a common description of peer assessment? | omskrywing | naamwoord | verslag van die voorkoms of eienskappe van iets of iemand | Die dosent vra aan die klas: Wat sal 'n gangbare omskrywing van portuurassessering wees? |
| descriptive | adjective | giving an account of what something is like | The descriptive parts in your book are usually more convincing than the philosophical parts. | beskrywend | byvoeglike naamwoord | wat verduidelik hoe iets is | Die beskrywende dele in jou boek is gewoonlik meer oortuigend as die filosofiese dele. |
| design | verb | create something new or original | The ability to design a proper research plan is key to successful research. | ontwerp | werkwoord | iets nuuts of oorspronkliks tot stand bring | Die vermoë om 'n behoorlike navorsingsplan te ontwerp, is die sleutel tot suksesvolle navorsing. |
| design | noun | the way that something looks, works or is used | The new arts building has an art nouveau design. | ontwerp | naamwoord | hoe iets lyk, werk of gebruik word | Die nuwe kunstegebou het 'n art nouveau-ontwerp. |
| design | noun | a detailed drawing or plan of something to show how it will work and how you will make it | She submitted a number of designs for the fashion show. | ontwerp | naamwoord | 'n gedetailleerde tekening of plan van iets wat aantoon hoe dit sal werk en hoe jy dit sal maak | Sy het 'n aantal ontwerpe vir die modeskou voorgelê. |
| design | noun | a detailed plan of something that shows how it will work and how you will approach it | There are serious gaps in the researcher's research design. | ontwerp | naamwoord | 'n gedetailleerde plan van iets wat wys hoe dit sal werk en hoe jy dit sal aanpak | Daar is ernstige leemtes in die navorser se navorsingsontwerp. |
| design | verb | create a drawing, plan or model according to which something can be made or built | The software engineers will design a text to speech app for the new cell phone. | ontwerp | werkwoord | 'n tekening, plan of model skep waarvolgens iets gemaak of gebou kan word | Die sagteware-ingenieurs sal 'n teks-na-spraak-app vir die nuwe foon ontwerp. |
| design | verb | develop a drawing, plan or model according to which something can be made, built or written | Designing a proper research plan is the key to successful research. | ontwerp | werkwoord | 'n tekening, plan of model ontwikkel waarvolgens iets gemaak, gebou of geskryf kan word | Om 'n behoorlike navorsingsplan te ontwerp, is die sleutel tot suksesvolle navorsing. |
| design | verb | to plan or develop something that is intended for a specific purpose | The syllabus was designed for the five-year programme. | ontwikkel | werkwoord | iets beplan of ontwikkel met 'n spesifieke doel in gedagte | Die leerplan is vir die vyfjaarprogram ontwikkel. |
| design | noun | an overall plan or intention that you have in your mind when you do something | It was unclear whether the explosion was an accident or whether it happened by design. | plan | naamwoord | 'n algemene plan of voorneme wat jy in gedagte het wanneer jy iets doen | Dit was nie duidelik of die ontploffing 'n ongeluk was en of dit volgens 'n plan – opsetlik – uitgevoer is nie. |
| designed | adjective | which has been drawn, planned or modelled to show how it can be built, made or written | It is evident that the academic essay was written according to a well designed scheme. | ontwerp | byvoeglike naamwoord | wat geteken, beplan of gemodelleer is om aan te toon hoe dit gebou, gemaak of geskryf kan word | Dit is duidelik dat die akademiese opstel volgens 'n goed ontwerpte plan geskryf is. |
| detailed | adjective | showing attention to detail | The causes of the problem were set out in a detailed account. | uitvoerig | byvoeglike naamwoord | wat aandag aan besonderhede gee | Die oorsake van die probleem is in 'n uitvoerige verslag uiteengesit. |
| detect | verb | to discover or determine | The disease can be cured if it is detected early. | opspoor | werkwoord | ontdek of bepaal | Die siekte kan genees word as dit vroeg opgespoor word. |
| determination | noun | firm intention to achieve a goal | It was not easy, but thanks to hard work, determination, passion and perseverance, I got it right. | vasberadenheid | naamwoord | vaste voorneme om 'n doel te bereik | Dit was nie maklik nie, maar danksy harde werk, vasberadenheid, passie en deursettingsvermoë het ek dit reggekry. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| determination | noun | solution achieved through arguments and reasoning | The judge handed down an interim judgment ordering the state not to deport the academic pending the final determination of the case. | beslissing | naamwoord | oplossing wat bereik word deur argumente en beredenering | Die regter het ’n tussentydse uitspraak gelewer wat beveel dat die staat die akademikus nie moet deporteer nie, hangende die finale beslissing van die saak. |
| determine | verb | to discover the facts about something | The financial needs of students must be determined. | bepaal | werkwoord | die feite omtrent iets vasstel | Die finansiële behoeftes van studente moet bepaal word. |
| determine | verb | to supply a detailed description of something, or to calculate something meticulously | If astronomers can determine the distance between galaxies, humans will begin to realise the enormity of the universe. | bepaal | werkwoord | ’n gedetailleerde beskrywing van iets gee, of iets noukeurig bereken | As sterrekundiges die afstand tussen sterrestelsels kan bepaal, sal mense die omvang van die heelal begin besef. |
| determining | adjective | which causes something to happen in a particular way | The research team was able to point out that the form of the land exercises a determining influence on the climate of the region. | bepalend | byvoeglike naamwoord | wat tot gevolg het dat iets op ’n bepaalde manier gebeur | Die navorsingspan kon daarop wys dat die landvorm ’n bepalende invloed op die klimaat van die streek uitoefen. |
| detriment | noun | disadvantage or damage, harm or loss | The great emphasis on writing skills is to the detriment of speaking skills. | nadeel | naamwoord | skade of verlies | Die groot klem op skryfvaardighede is tot nadeel van praatvaardigheide. |
| develop | verb | to produce a new idea, method, system or product | We developed interesting new ideas during the group session. | genereer | werkwoord | ’n nuwe idee, metode, stelsel of produk produseer | Ons het tydens die groepsessie interessante nuwe idees gegenereer. |
| develop | verb | gradually grow and become bigger | The seedling developed into a flowering plant. | ontwikkel | werkwoord | geleidelik groei en groter word | Die saailing het in ’n blomplant ontwikkel. |
| develop | verb | to produce a new idea, method, system or product | The company developed a new system to use less electricity. | ontwikkel | werkwoord | ’n nuwe idee, metode, stelsel of produk produseer | Die maatskappy het ’n nuwe stelsel ontwikkel om minder elektrisiteit te gebruik. |
| develop | verb | extend further | Your are unable to further develop your argument because you do not systematically expound your thoughts. | ontwikkel | werkwoord | verder uitbrei | Jy kan jou argument nie verder ontwikkel nie, omdat jy jou gedagtes nie sistematies uiteensit nie. |
| develop | verb | to grow and become mature | The biggest challenge for students who want to think in an academic way is to develop other points of view. | ontwikkel | werkwoord | groei en volwasse word | Die grootste uitdaging vir studente wat op ’n akademiese wyse wil dink, is om ander standpunte te ontwikkel. |
| develop | verb | make or become more advanced | If you want to think like an adult, the biggest challenge is that you need to develop the ability to respect the views of others. | ontwikkel | werkwoord | meer gevorderd maak of raak | As jy soos ’n volwassene wil dink, is die grootste uitdaging dat jy die vermoë moet ontwikkel om ander se standpunte te respekteer. |
| developed | adjective | which has grown and changed | In the developed world, the percentage of farmers dropped from more than 90 percent to 4 percent in the last two centuries. | ontwikkel | byvoeglike naamwoord | wat gegroei en verander het | In die ontwikkelde wêreld het die persentasie boere die afgelope twee eeue van meer as 90 persent tot 4 persent gedaal. |
| developing | adjective | growing or changing | In developing countries, many people depend on subsistence farming. | ontwikkelend | byvoeglike naamwoord | wat groei en verander | In die ontwikkelende wêreld is baie mense van bestaansboerdery afhanklik. |
| development | noun | process of growth and improvement | The Greek philosopher Socrates was known for his development of critical thinking in students. | ontwikkeling | naamwoord | proses van groei en verbetering | Die Griekse wysgeer Socrates was bekend vir sy ontwikkeling van kritiese denke by studente. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| development | noun | progress and change taking place | There is no development of an argument in her essay, only the accumulation of facts without a logical flow. | ontwikkeling | naamwoord | vordering en verandering wat plaasvind | Daar is geen ontwikkeling van ’n argument in haar opstel nie, slegs die opeenstapeling van feite sonder ’n logiese vloei. |
| development | noun | building process or new buildings | a new urban development | ontwikkeling | naamwoord | bouproses of nuwe geboue | ’n nuwe stedelike ontwikkeling |
| deviate | verb | do something in a way that is different from the usual, accepted way | The plane had to deviate from its usual route due to a storm. | afwyk | werkwoord | iets doen op ’n manier wat van die gewone, aanvaarde manier verskil | Die vliegtuig moes vanweë ’n storm van sy gewone roete afwyk. |
| deviation | noun | movement away from what is expected or acceptable | The deviation from the usual word order results in the reader reading the sentence with greater attention. | afwyking | naamwoord | beweging weg van wat verwag of aanvaarbaar is | Die afwyking van die gewone woordvolgorde het tot gevolg dat die leser die sin met groter aandag lees. |
| deviatory | adjective | which differs from an accepted standard or norm | Deviant behaviour patterns are often found in drug addicts. | afwykend | byvoeglike naamwoord | wat van ’n aanvaarde standaard of norm verskil | Afwykende gedragspatrone kom dikwels by dwelmverslaafdes voor. |
| device | noun | a tool or device designed for a specific purpose | Internet access is available on a variety of devices. | toestel | naamwoord | ’n instrument of toestel wat vir ’n spesifieke doel ontwikkel is | Internettoegang is beskikbaar op verskillende toestelle. |
| devise | verb | to plan, work out or invent something complicated or clever in your mind | The strategic maneuvers devised by the general caught the enemy's troops off guard. | bedink | werkwoord | iets ingewikkeld of slim uitdink of beplan | Die strategiese maneuvers wat die generaal bedink het, het die vyand se troepe onkant betrap. |
| devise | verb | to plan, work out or invent something complicated or clever in your mind | The engineer devised a clever plan to save the bridge from the flood waters. | beraam | werkwoord | iets ingewikkeld of slim bedink of beplan | Die ingenieur het ’n slim plan beraam om die brug van die vloedwater te red. |
| devising | noun | the act of thinking or planning something complicated or clever | Considerable artistry is asked for in the devising of labyrinths and mazes. | beplanning | naamwoord | die uitdink of ontwerp van iets ingewikkeld of slim | Die beplanning van labirinte en doolhowe verg aansienlike kennis en vaardigheid. |
| devote | verb | to give most of your attention or time to something or someone | He devoted himself to educating street children. | toewy | werkwoord | die meeste van jou aandag of tyd aan iets of iemand wy | Hy het hom aan die opvoeding van straatkinders toegewy. |
| devote | verb | to put in a lot of effort or spend a lot of time on something | The dean devoted the first part of his speech to an explanation of the university's language policy. | wy | werkwoord | baie moeite doen of baie tyd aan iets bestee | Die dekaan het die eerste deel van sy toespraak aan ’n verduideliking van die universiteit se taalbeleid gewy. |
| diagram | noun | a simple line drawing, sketch or plan which explains or illustrates what something looks like or how it works | The diagrams in the engineering textbook made the work easier to understand. | diagram | naamwoord | ’n eenvoudige lyntekening, skets of plan wat verduidelik of illustreer hoe iets lyk of hoe dit werk | Die diagramme in die ingenieurshandboek het dit makliker gemaak om die werk te verstaan. |
| dialectic | noun | intellectual exchange of ideas, discussion and reasoning by dialogue | The book can be read as a long-running dialectic between individualism and communalism. | dialektiek | naamwoord | intellektuele uitruil van idees, bespreking en beredenering deur middel van dialoog | Die boek kan gelees word as ’n uitgebreide dialektiek tussen individualisme en kommunalisme. |
| dialectical | adjective | making use of logical thinking and discussion | Writers of argumentative texts use a dialectical style when they contradict one another. | dialekties | byvoeglike naamwoord | wat logiese denke en bespreking gebruik | Skrywers van argumentatiewe tekste gebruik ’n dialektiese styl wanneer hulle mekaar weerspreek. |
| dichotomise | verb | to divide into two incompatible groups | It is oversimplification to dichotomise the population of a country into opposing poor and rich classes. | verdeel | werkwoord | in twee onversoenbare groepe verdeel | Dit is ’n oorvereenvoudiging om die bevolking van ’n land in ’n arm en ryk klas te verdeel. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| dichotomy | noun | division into two mutually exclusive groups or classes | It is over-simplification to apply the dichotomy of, for example, white and black, right and wrong, concrete and abstract, male and female to all situations or people. | digotomie | naamwoord | verdeling in twee groepe of klasse wat mekaar onderling uitsluit | Dit is oorvereenvoudiging om die digotomie van byvoorbeeld wit en swart, reg en verkeerd, konkreet en abstrak, manlik en vroulik op alle situasies of mense toe te pas. |
| dicotomous | adjective | characterised by dichotomy | If you reason in terms of X versus Y, your reasoning is dichotomous. | digotomies | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur digotomie | As jy in terme van X teenoor Y redeneer, is jou redenasie digtomies. |
| dictate | verb | to control how something happens | Her selection of research sites was dictated by availability. | bepaal | werkwoord | beheer hoe iets gebeur | Haar keuse van navorsingsterreine is deur beskikbaarheid bepaal. |
| dictate | verb | to tell someone how they should behave and what they must do | The education department dictates many things to schools. | voorskryf | werkwoord | vir iemand vertel hoe om op te tree en wat om te doen | Die onderwysdepartement skryf baie dinge aan skole voor. |
| didactic | adjective | which aims to teach and impart knowledge and wisdom | Our lecturer uses interesting didactic techniques to keep our attention. | didakties | byvoeglike naamwoord | wat ten doel het om te onderrig en kennis en wysheid oor te dra | Ons dosent gebruik interessante didaktiese tegnieke om ons aandag te behou. |
| didactics | noun | something that teaches or intends to teach | All teachers had to take both general didactics and subject didactics as a subject during their training. | didaktiek | naamwoord | iets wat leer of op onderrig gemik is | Alle onderwysers moes tydens hul opleiding beide algemene didaktiek en vakdidaktiek as vak neem. |
| differ | verb | be different from something or somebody | The third data set differed significantly from the second. | verskil | werkwoord | anders as iets of iemand wees | Die derde datastel het aansienlik van die tweede verskil. |
| differ | verb | to be different or have a different opinion | They differed so strongly in their view of the problem that they had to call in a facilitator to help them solve the problem. | verskil | werkwoord | om anders te wees of ’n ander mening te hê | Hulle het so sterk verskil in hul siening van die probleem dat hulle ’n fasiliteerder moes inroep om hulle te help om die probleem op te los. |
| difference | noun | a way in which one person or thing is different from another | The difference between relevant and irrelevant articles lies in the extent to which the article fits in with the theme of your assignment. | verskil | naamwoord | ’n manier waarop een mens of ding anders is as ’n ander | Die verskil tussen relevante en irrelevante artikels lê in die mate waarin die artikel by die tema van jou opdrag inpas. |
| different | adjective | not like someone or something else | The two parties solve their problems in different ways, because they approach problems in different ways. | verskillend | byvoeglike naamwoord | nie soos iemand of iets anders nie | Die twee partye los hul probleme op verskillende maniere op, omdat hulle probleme op verskillende maniere benader. |
| differentiate | verb | to treat one differently from the other | In some countries tax law differentiates between married and unmarried individuals. | onderskei | werkwoord | die een anders as die ander hanteer of behandel | In sommige lande onderskei belastingwetgewing tussen getroude en ongetroude individue. |
| differentiate | verb | to recognise or show what makes one thing different from another | A good reader differentiates between relevant and irrelevant information in a text. | onderskei | werkwoord | herken of wys wat een ding anders as ’n ander maak | ’n Goeie leser onderskei tussen relevante en irrelevante inligting in ’n teks. |
| differentiate | verb | to see the difference between things | If you are looking for sources for your assignment, you should be able to distinguish between relevant and irrelevant articles. | onderskei | werkwoord | sien hoe dinge van mekaar verskil | As jy na bronne vir jou werkopdrag soek, moet jy tussen relevante en irrelevante artikels kan onderskei. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| differentiated | adjective | where a difference has been made | Differentiated teaching accommodates differences between learners in different ways. | gedifferensieer | byvoeglike naamwoord | waar ’n verskil gemaak is | Gedifferensieerde onderrig akkommodeer verskille tussen leerders op verskillende maniere. |
| differentiation | noun | process of distinguishing between things | Differentiation between relevant and irrelevant textual information is an essential reading skill. | onderskeid | naamwoord | proses waarby daar tussen dinge onderskei word | Onderskeid tussen relevante en irrelevante teksinligting is ’n noodsaaklike leesvaardigheid. |
| diffuse | adjective | vague, indirect or difficult to understand or explain | The translation, which is diffuse, fails to reproduce the spirit of the original. | omslagtig | byvoeglike naamwoord | vaag, indirek of moeilik om te verstaan of te verduidelik | Die vertaling, wat omslagtig is, gee nie die gees van die oorspronklike weer nie. |
| diffuse | verb | to make available and spread over a wide area or to many people | The facts about AIDS have been diffused across rural Africa. | versprei | werkwoord | oor ’n groot gebied versprei of aan baie mense beskikbaar stel | Die feite oor vigs is oor landelike Afrika versprei. |
| diffuse | adjective | spread out over a large area | It is difficult for health workers to reach the diffuse population in rural areas. | versprei | byvoeglike naamwoord | wat oor ’n groot gebied versprei is | Dit is moeilik vir gesondheidswerkers om die verspreide bevolking op die platteland te bereik. |
| digest | verb | to think about a lot of difficult information so that you can understand it | He found the feedback difficult to digest. | verwerk | werkwoord | oor baie of moeilike inligting nadink sodat jy dit kan verstaan | Hy het terugvoer moeilik gevind om te verwerk. |
| dimension | noun | a part of a situation that affects your opinion about it | The dimension of quality has not been included in the evaluation instrument. | dimensie | naamwoord | ’n deel van ’n situasie wat jou mening daaroor beïnvloed | Die dimensie van gehalte is nie in die evalueringsinstrument ingesluit nie. |
| dimensional | adjective | relating to dimentions | I’m going to bring my special glasses, because the film is three-dimensional. | dimensioneel | byvoeglike naamwoord | wat met dimensies verband hou | Ek gaan my spesiale bril saambring, want die film is driedimensioneel. |
| dimensions | noun | the length, width and height of something | What are the dimensions of a king-size bed? | afmetings | naamwoord | die lengte, breedte en hoogte van iets | Wat is die afmetings van ’n koninggrootte-bed? |
| diminish | verb | to make or become less or weaker. | One's ability to enjoy life is significantly diminished by poor health. | verminder | werkwoord | minder of swakker maak of word | ’n Mens se vermoë om die lewe te geniet, word aansienlik verminder deur swak gesondheid. |
| discern | verb | to be aware of something or understand it after looking at it or thinking about it carefully | Kant discerned an overall pattern in human history. | onderskei | werkwoord | bewus wees van iets of dit verstaan nadat jy daarna gekyk of goed daaroor nagedink het | Kant het ’n algemene patroon in die mens se geskiedenis onderskei. |
| discourse | noun | a point of view shared by a specific social group, often expressed in writing | She contributed to the discourse on liberalism in Africa. | diskoers | naamwoord | ’n standpunt wat deur ’n spesifieke sosiale groep gedeel word, dikwels uitgedruk deur daaroor te skryf | Sy het bygedra tot die diskoers oor liberalisme in Afrika. |
| discourse | noun | the language used in a particular context | In scientific discourse it is essential to give hard facts and evidence. | diskoers | naamwoord | die taal wat in ’n bepaalde konteks gebruik word | In ’n wetenskaplike diskoers is dit noodsaaklik om harde feite en bewyse te lewer. |
| discourse markers | noun | words in a text, lecture, speech or paper that help readers and listeners to follow the discourse with ease | Examples of discourse markers are words such as CONSEQUENTLY, THEREFORE, ON THE CONTRARY, SUCH, ABOVE, THIS, SUBSEQUENTLY, FIRSTLY, FINALLY, INTRODUCTORY, etc. | diskoersmerkers | naamwoord | woorde in ’n teks, lesing, toespraak of referaat wat lesers en luisteraars die diskoers met gemak help volg | Voorbeelde van diskoersmerkers is woorde soos GEVOLGLIK, DAAROM, INTEENDEEL, SULKE, BOSTAANDE, HIERDIE, VERVOLGENS, EERSTENS, LAASTENS, INLEIDEND, ens. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| discourse reading | noun | a way of reading comprehension in which the reader, with the help of thematic keywords, link words and argument markers, follows the course of the theme through the text and better understands the coherence or connection between the thematic units | When one uses discourse reading, it is immediately evident if the author has used the necessary discourse markers to guide the reader through the text. | diskoerslees | naamwoord | ’n manier van lees vir begrip waarin die leser met behulp van tematiese sleutelwoorde, skakelwoorde en argumentmerkers die verloop van die tema deur die teks volg en die samehang of verband tussen die tematiese eenhede beter verstaan | Wanneer ’n mens diskoerslees gebruik, is dit gou duidelik of die skrywer die nodige diskoersmerkers gebruik het om die leser deur die teks te lei. |
| discourse reading | noun | reading a broad outline of a text | The students do discourse reading to determine the theme of the text and determine how many broad thematic units it consists of. | diskoerslees | werkwoord | die oorhoofse lees van ’n teks | Die studente doen diskoerslees om die tema van die teks vas te stel en te bepaal uit hoeveel breë tematiese eenhede dit bestaan. |
| discrete | adjective | careful not to let other people see or notice something | As I didn't want to be seen I walked a discrete distance behind her. | diskreet | byvoeglike naamwoord | versigtig om ander mense nie iets te laat sien of agterkom nie | Aangesien ek nie gesien wou wees nie, het ek ’n diskrete ent agter haar geloop. |
| discuss | verb | to talk or write about something in detail | The research findings were discussed in detail in his doctoral thesis. | behandel | werkwoord | in detail oor iets praat of skryf | Die navorsingsbevindinge is breedvoerig in sy doktorale proefskrif behandel. |
| discuss | verb | to consider a problem or an issue from more than one point of view | The essay discusses the pros and cons of euthanasia. | bespreek | werkwoord | ’n probleem of saak vanuit meer as een oogpunt oorweeg | Die opstel bespreek die voor en teen van genadedood. |
| discussed | adjective | that has been talked about or considered from more than one viewpoint | The discussed facts did not convince me. | bespreek | byvoeglike naamwoord | waaroor gepraat is of wat uit meer as een oogpunt oorweeg is | Die bespreekte feite het my nie oortuig nie. |
| discussion | noun | the process of talking about something and considering it from different angles | I listened to her discussion on the freedom of the press with reference to the rights of individuals. | bespreking | naamwoord | die proses om oor iets te praat en dit uit verskillende hoeke te oorweeg | Ek het geluister na haar bespreking oor persvryheid met verwysing na die individu se regte. |
| disentangle | verb | separate yourself or remove something from a situation | When one has to solve complex problems, it is important to be able to disentangle so that you can also approach them objectively from other perspectives. | losmaak | werkwoord | jouself op ’n afstand van iets plaas of iets uit ’n situasie verwyder | Wanneer ’n mens ingewikkelde probleme moet oplos, is dit belangrik om jou daarvan te kan losmaak sodat jy dit ook objektief uit ander perspektiewe kan benader. |
| disentanglement | noun | becoming free of prejudices | For successful disentanglement, you need to be able to look at an issue from the point of view of others and really try to understand it, especially if your point of view differs from theirs. | losmaking | naamwoord | proses van vooroordele opsy te skuif | Vir suksesvolle losmaking moet jy in staat wees om na ’n saak vanuit ander se oogpunt te kyk en dit regtig probeer verstaan, veral as jou standpunt van hulle s’n verskil |
| disperse | verb | separate and let go in different directions | The security guards dispersed the angry crowd outside the building. | uiteengaan | werkwoord | skei en in verskillende rigtings laat gaan | Die veiligheidswagte het die woedende skare buite die gebou uiteen laat gaan. |
| disperse | verb | to spread over a wide area | The seeds of the dandelion are dispersed by the wind. | versprei | werkwoord | oor ’n groot gebied versprei | Die sade van die perdeblom word deur die wind versprei. |
| displace | verb | force to move from one place to another | In her autobiography she writes about having been displaced many times during her school career. | ontwortel | werkwoord | verplig om van een plek na ’n ander te skuif | In haar outobiografie skryf sy dat sy tydens haar skoolloopbaan dikwels ontwortel is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| display | verb | to put something in a place where people can come to see it | Learners displayed their projects at the science expo. | vertoon | werkwoord | iets op ’n plek plaas waarheen mense kan kom om dit te sien | Leerders het hul projekte by die wetenskap-ekspo vertoon. |
| dispose | verb | have a good attitude towards | Research has found that people are more favourably disposed to people with personalities similar to their own. | goedgesind | werkwoord | ’n goeie gesindheid hê teenoor | Navorsing het bevind dat mense ander mense met persoonlikhede soortgelyk aan hul eie meer goedgesind is. |
| dispose | verb | transfer control of something to someone else, for example by selling it | The trust may not dispose of its assets unless all the trustees are in support. | verhandel | werkwoord | beheer oor iets aan iemand anders oordra, byvoorbeeld deur dit te verkoop | Die trust mag nie sy bates verhandel nie, tensy al die trustees dit steun. |
| dispose | verb | to get rid of something | Domestic waste is disposed of by municipal services. | verwyder | werkwoord | wegneem | Huishoudelike afval word deur munisipale dienste verwyder. |
| disposer | noun | somebody who arranges something or makes things happen | If you study committed to your own study timetable, you are the disposer of your own future. | beskikker | naamwoord | iemand wat iets reël of laat gebeur | As jy toegewyd volgens jou eie studierooster studeer, is jy die beskikker van jou eie toekoms. |
| disposition | noun | the natural qualities of a person’s character. | His disposition is to always see the good in other people. | ingesteldheid | naamwoord | die natuurlike eienskappe van ’n persoon se karakter | Sy ingesteldheid is om altyd die goeie in ander mense raak te sien. |
| disposition | noun | the natural qualities of a person’s character | The student who maintains a cheerful disposition in spite of difficulties will eventually achieve success. | gees | naamwoord | die natuurlike eienskappe van ’n persoon se karakter | Die student wat ten spyte van probleme blymoedig van gees bly, sal uiteindelik sukses behaal. |
| dispute | verb | argue about or question something | These matters are in dispute. | betwis | werkwoord | oor iets argumenteer of dit bevraagteken | Hierdie sake word betwis. |
| dispute | verb | to question whether something is true | When phoning the bank to confirm a deposit, it is important to check whether it was cheque or cash, requesting written confirmation, as verbal assurances can be disputed. | betwis | werkwoord | die waarheid van iets bevraagteken | Wanneer jy die bank bel om ’n deposito te bevestig, is dit belangrik om na te gaan of dit ’n tjek of kontant was, en om skriftelike bevestiging te vra, aangesien mondelinge versekerings betwis kan word. |
| dispute | noun | an argument or disagreement between countries, people or groups | The two countries are involved in a dispute. | geskil | naamwoord | ’n argument of meningsverskil tussen lande, mense of groepe | Die twee lande is in ’n geskil gewikkel. |
| dispute | noun | an argument or disagreement between countries, people or groups | If the two parties cannot resolve their dispute soon, the case will eventually end up in court. | dispuut | naamwoord | ’n argument of meningsverskil tussen lande, mense of groepe | As die twee partye nie binnekort hul dispuut kan oplos nie, sal die saak uiteindelik in die hof beland. |
| disseminate | verb | spread widely | It is important for researchers to disseminate their research results to the broad research community. | versprei | werkwoord | wyd versprei | Dit is belangrik dat navorsers hul navorsingsresultate na die breë navorsingsgemeenskap versprei. |
| dissemination | noun | the process of making something widely known | The dissemination of research results is to the benefit of the academic community. | verspreiding | naamwoord | die handeling van iets wyd bekend te maak of wyd te versprei | Die verspreiding van navorsingsresultate is tot voordeel van die akademiese gemeenskap. |
| dissertation | noun | a long piece of writing about a particular subject that is done to earn an advanced degree at a university | An example of a dissertation is a document that a postgraduate student writes to complete a master’s programme or degree. | verhandeling | naamwoord | ’n lang teks wat oor ’n bepaalde onderwerp geskryf word om ’n gevorderde graad aan ’n universiteit te behaal | ’n Voorbeeld van ’n verhandeling is ’n dokument wat ’n nagraadse student skryf om ’n magisterprogram of -graad te voltooi. |
| dissipate | verb | expel something or make it less strong until it disappears completely | His fear dissipated when he met his opponent face to face. | verdwyn | werkwoord | iets verdryf of dit minder sterk laat word totdat dit heeltemal verdwyn | Sy vrees het verdwyn toe hy sy teenstander van aangesig tot aangesig ontmoet. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| dissolve | verb | to officially end or break up an organisation or institution | The marriage was dissolved in 2019. | ontbind | werkwoord | ’n organisasie of instelling amptelik beëindig | Die huwelik is in 2019 ontbind. |
| distinct | adjective | clear and definite | The professor has distinct ideas about how a research project should be run. | duidelik | byvoeglike naamwoord | duidelik en definitief | Die professor het duidelike idees oor hoe ’n navorsingsprojek uitgevoer moet word. |
| distinct | adjective | clearly different or separate | The distinct characteristics of the dinosaur is described in this chapter. | uniek | byvoeglike naamwoord | duidelik anders of apart | Die unieke kenmerke van die dinosourus word in hierdie hoofstuk beskryf. |
| distinction | noun | a clear difference | A distinction is made between written and spoken language. | onderskeid | naamwoord | ’n duidelike verskil | ’n Onderskeid word getref tussen geskrewe en gesproke taal. |
| distinction | noun | excellence that sets someone apart from others | My brother passed all his subjects with distinction through sustained dedication and discipline. | onderskeiding | naamwoord | uitnemendheid wat iemand van ander onderskei | My broer het deur volgehoue toewyding en dissipline al sy vakke met onderskeiding geslaag. |
| distinctive | adjective | having a quality or characteristic that makes it different and easy to recognise | The lemon juice gives the dish a distinctive flavour. | kenmerkend | byvoeglike naamwoord | wat ’n kwaliteit of eienskap het wat dit anders en maklik herkenbaar maak | Die suurlemoensap gee die gereg ’n kenmerkende geur. |
| distinctive | adjective | clearly different from other things | The distinctive feature of iron oxide is its red colour. | onderskeidend | byvoeglike naamwoord | duidelik anders as ander dinge | Die onderskeidende kenmerk van ysteroksied is die rooi kleur daarvan. |
| distinctiveness | noun | the quality of being different | They don't differ much from their peers in what they do. This lack of distinctiveness destroys their chance, as beginners, to effectively make their mark. | eiesoortigheid | naamwoord | die kwaliteit van anders wees | Hulle verskil nie veel van hul eweknieë in wat hulle doen nie. Hierdie gebrek aan eiesoortigheid vernietig hul kans om as beginners hul stempel effektief af te druk. |
| distort | verb | to report or explain something so that its real meaning changes and it becomes untrue | He was accused of distorting the facts in his testimony. | verdraai | werkwoord | iets so oordra of verduidelik dat die werklike betekenis daarvan verander en dit onwaar word | Hy is daarvan beskuldig dat hy die feite in sy getuienis verdraai het. |
| distort | verb | to change the shape of something | Her face was distorted with anger as she ran out of the room. | vertrek | werkwoord | die vorm van iets verander | Haar gesig was vertrek van woede toe sy uit die kamer hardloop. |
| distort | verb | to change the sound of something | The sound was distorted. | verwring | werkwoord | die klank van iets verander | Die klank was verwring. |
| distribute | verb | to divide or share out things such as food, medicine, or books among several people | Volunteers distributed food to the starving victims of famine. | versprei | werkwoord | dinge soos kos, medisyne of boeke aan verskillende mense uitdeel | Vrywilligers het kos onder die slagoffers van die hongersnood versprei. |
| distribute | verb | to spread over a certain area | The seeds must be distributed evenly over the flowerbed. | versprei | werkwoord | oor ’n bepaalde gebied verdeel of uitstrooi | Die sade moet eweredig oor die blombedding versprei word. |
| distributed | adjective | given or sent to different people | The distributed food parcels came from private donators. | versprei | byvoeglike naamwoord | wat aan verskillende mense gegee of gestuur is | Die verspreide kospakkies het van privaatskenkers gekom. |
| distribution | noun | the process of handing out or distributing something | The food and clothes are collected for distribution among the needy. | verspreiding | naamwoord | die proses van iets uit te deel of te versprei | Die kos en klere word ingesamel vir verspreiding onder behoeftiges. |
| diverge | verb | deviate or turn away from a given direction | Certain assignments require the student to diverge by considering alternative possibilities as an answer. | divergeer | werkwoord | van ’n gegewe rigting afwyk of wegdraai | Sekere opdragte vereis dat die student divergeer en alternatiewe moontlikhede as antwoord beskou. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| diverge | verb | when something that used to be the same or similar to something else becomes different or develops differently | We used to work together, but at a certain point our interests diverged and we had to part company. | uitmekaarloop | werkwoord | wanneer iets wat dieselfde of soortgelyk aan iets anders is, anders word of anders ontwikkel | Ons het vroeër saamgewerk, maar op ’n sekere tydstip het ons belangstellings uitmekaar begin loop en ons paaie het geskei. |
| diverge | verb | to separate and go from a common point in different directions | Her study will diverge into three related branches. | uiteenloop | werkwoord | van ’n gemeenskaplike punt in verskillende rigtings uitmekaarloop | Haar studie gaan in drie verwante vertakkings uiteenloop. |
| diverge | verb | deviate from or turn away from a given direction | The path follows the course of the river for a while, but diverges from the river in order to head into town. | wegdraai | werkwoord | van ’n gegewe rigting afwyk of wegdraai | Die pad volg die loop van die rivier vir ’n ent, maar draai dan weg na die dorp toe. |
| divergence | noun | the ability to accommodate alternative possibilities | The results show that convergence (consensus) dominates in corporate spheres rather than divergence. | divergensie | naamwoord | die vermoë om alternatiewe moontlikhede te akkommodeer | Die resultate toon dat konvergensie (konsensus) eerder as divergensie in die korporatiewe sfeer oorheers. |
| divergent | adjective, adverb | characterised by development in different directions | Certain class assignments require the student to think divergently. | divergent | byvoeglike naamwoord, bywoord | gekenmerk deur ontwikkeling in verskillende rigtings | Sekere klasopdragte vereis dat die student divergent moet dink. |
| diverse | adjective | showing a large variety | The opinions of the members of the committee are diverse. | uiteenlopend | byvoeglike naamwoord | wat ’n groot verskeidenheid vertoon | Die menings van die lede van die komitee is uiteenlopend. |
| diverse | adjective | very different from one another | Engineers came up with various solutions to repair the bridge across the Vaal River. | verskillend | byvoeglike naamwoord | baie verskillend van mekaar | Ingenieurs het verskillende oplossings bedink om die brug oor die Vaalrivier te herstel. |
| diverse | adjective | very different from one another | The region was occupied by many diverse tribes. | uiteenlopend | byvoeglike naamwoord | baie verskillend van mekaar | Die gebied is deur baie uiteenlopende stamme beset. |
| diversity | noun | situation where there are different forms of the same thing | The diversity of schools of thought within the same faculty is astounding. | verskeidenheid | naamwoord | situasie waar daar verskillende vorme van dieselfde ding is | Die verskeidenheid van denkrigtings binne dieselfde fakulteit is verstommend. |
| diversity | noun | range of people or things that are very different from one another | There is a diversity of languages being taught at the university. | verskeidenheid | naamwoord | versameling mense of dinge wat baie van mekaar verskil | ’n Verskeidenheid tale word aan die universiteit onderrig. |
| division | noun | the process of dividing things into different groups or parts | According to Marx the division between rich and poor determined all other issues. | verdeling | naamwoord | proses waar dinge in verskillende groepe of dele verdeel word. | Volgens Marx het die verdeling tussen ryk en arm alle ander kwessies bepaal. |
| doctrine | noun | strictly defined religious acceptance with firm fundamental beliefs, followed by the adherents of a particular religion or denomination | In the Roman Catholic Church, the dogma of Mary’s Immaculate Conception demonstrates the overwhelming grace of God. | dogma | naamwoord | streng gedefinieerde godsdienstige aanname met vaste fundamentele oortuigings, soos gevolg deur die aanhangers van ’n bepaalde godsdiens of denominasie | In die Rooms-Katolieke Kerk demonstreer die dogma van Maria se onbevlekte ontvangenis die oorweldigende genade van God. |
| doctrine | noun | set of beliefs or theory which is accepted as the truth | Dennett points out that it took more than a century for Copernicus' 1543 doctrine that Earth was not the centre of the universe to be accepted. | leerstelling | naamwoord | opvatting, teorie of beskouing wat as waarheid aanvaar word | Dennett wys daarop dat dit meer as ’n eeu geneem het voordat Copernicus se leerstelling uit 1543 aanvaar is dat die aarde nie die middelpunt van die heelal is nie. |
| doctrine | noun | a set of beliefs or principles, especially ones that form a main part of a philosophy, religion, etc. | My purpose in this chapter will not be to persuade the reader of any political doctrine. | leerstelling | naamwoord | ’n stel opvattings of beginsels, veral dié wat die kern van ’n filosofie, godsdiens, ens. vorm. | My doel in hierdie hoofstuk sal nie wees om die leser tot enige politieke leerstelling te oorreed nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| document | noun | printed text and graphics for a specific purpose, e.g. to provide information | These documents will serve as proof in the court case. | dokument | naamwoord | gedrukte teks en grafika met ’n spesifieke doel, bv. om inligting te verskaf | Hierdie dokumente sal dien as bewysstukke in die hofsaak. |
| document | verb | to create a record of something | The phenomenon has been documented by various researchers. | dokumenteer | werkwoord | om ’n rekord van iets te skep | Die verskynsel is deur verskeie navorsers gedokumenteer. |
| dogma | noun | concept, theory or view accepted as truth | Jean Jacques Rousseau’s dogma of equality, freedom and fraternity still has a very strong influence today. | dogma | naamwoord | opvatting, teorie of beskouing wat as waarheid aanvaar word | Jean Jacques Rousseau se dogma van gelykheid, vryheid en broederskap het vandag nog ’n baie sterk invloed. |
| dogmatic | adjective, adverb | completely certain that your beliefs are right | Traditional Christians dogmatically follow the doctrine of Christ’s virgin birth. | dogmaties | byvoeglike naamwoord, bywoord | volkome seker dat jou geloof of oortuigings reg is | Tradisionele Christene volg die leerstelling van Christus se maagdelike geboorte dogmaties. |
| dogmatic | adjective, adverb | according to a dogma | Jean Jacques Rousseau’s principle of equality, freedom and fraternity is still dogmatically followed in some countries today. | dogmaties | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens die dogma | Jean Jacques Rousseau se beginsel van gelykheid, vryheid en broederskap word in sommige lande vandag nog dogmaties nagevolg. |
| dogmatic | adjective, adverb | according to dogma | The dogmatic pursuit of any ideology is dangerous and restrictive. | dogmaties | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens dogma | Die dogmatiese navolging van enige ideologie is gevaarlik en beperkend. |
| dogmatic | adjective, adverb | adhering to priciples (dogma) as undeniable truth | My brother’s dogmatic statements about dress, eating habits and music scare people off because he doesn't tolerate opinions other than his own. | dogmaties | byvoeglike naamwoord, bywoord | aanhang van beginsels (dogma) asof dit ’n absolute waarheid is | My broer se dogmatiese uitsprake oor kleredrag, eetgewoontes en musiek skrik mense af omdat hy nie ander opinies as sy eie duld nie. |
| dogmatisation | noun | the proclamation of something as absolute truth without the necessary evidence | His offensive dogmatisations annoy everyone, because he firmly believes in the truth of his own unproven statements and does not heed anyone else’s opinions. | dogmatisering | naamwoord | die verkondiging van iets as absolute waarheid sonder die nodige bewyse | Sy aanstootlike dogmatiserings irriteer almal, want hy glo vas in die waarheid van sy eie onbewese uitsprake en slaan nie ag op enigiemand anders se opinies nie. |
| dogmatise | verb | to accept something as the truth without evidence | Centuries ago, Jean Jacques Rousseau dogmatised that the principle of equality, freedom and fraternity is the only valid truth. | dogmatiseer | werkwoord | iets as waarheid aanvaar sonder bewyse | Jean Jacques Rousseau het eeue gelede gedogmatiseer dat die beginsel van gelykheid, vryheid en broederskap die enigste geldige waarheid is. |
| dogmatise | verb | to define or proclaim doctrines | The less we dogmatise about religion, the less we will be influenced by second-rate commentaries. | dogmatiseer | werkwoord | leerstellings definieer of verkondig | Hoe minder ons oor godsdiens dogmatiseer, hoe minder sal ons deur tweederangse kommentaar beïnvloed word. |
| domain | noun | area of knowledge or activity | Based on his research, the domain of epidemic diseases of plants was opened up to investigation. | domein | naamwoord | gebied van kennis of ’n aktiwiteit | Op grond van sy navorsing is die domein van epidemiese siektes van plante vir ondersoek oopgestel. |
| dominate | verb | to be the most important person or thing in a situation | AIDS issues dominate debates on primary health care in South Africa. | oorheers | werkwoord | die belangrikste persoon of ding in ’n situasie wees | Kwessies oor vigs oorheers debatte oor primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika. |
| dominate | verb | to control or have a strong influence over something or someone | It was important to France to dominate the valleys of the Alps and the Rhine. | oorheers | werkwoord | ’n sterk invloed hê op, of iemand of iets beheer | Dit was vir Frankryk belangrik om die valleie van die Alpe en die Ryn te oorheers. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| doublet | noun | word pair with almost the same form and meaning, e.g. CRITICAL and CRITICISM, PAIR and COUPLE | Doublets are word pairs with almost the same form and meaning, for instance skirt and shirt, pair and couple. | doeblet | naamwoord | woordpaar waarvan die vorm en betekenis byna dieselfde is, bv. BROS en BROOS, AMBAG en AMP, KRITIES en KRITIEK | Doeblette is woordpare met byna dieselfde vorm en betekenis, soos bros en broos, ambag en amp. |
| doubt | noun | a degree of distrust | Some doubt has been cast upon the authenticity of the painting. | twyfel | naamwoord | ’n mate van wanvertroue. | Daar is twyfel oor die egtheid van die skildery. |
| doubt | verb | to be sceptical about | There is sufficient evidence to doubt her claims. | betwyfel | werkwoord | skepties oor iets wees | Daar is voldoende bewyse om haar bewerings te betwyfel. |
| draft | noun | any version of a document before the final version | I have completed the first draft of my assignment. | konsep | naamwoord | enige weergawe van ’n dokument voor die finale weergawe | Ek het die eerste konsep van my werkopdrag voltooi. |
| draft | noun | first (preliminary) plan or design | The government tabled the proposal as a draft for a first round of discussions. | konsep | naamwoord | eerste (voorlopige) plan of ontwerp | Die regering het die voorstel as konsep vir ’n eerste besprekingsronde ter tafel gelê. |
| draft | verb | to compile a first or preliminary version | She drafted a preliminary version of the report. | opstel | werkwoord | ’n eerste of voorlopige weergawe saamstel | Sy het ’n voorlopige weergawe van die verslag opgestel. |
| dualism | noun | view about or state of duality | Anthropological dualism teaches, for instance, that man is composed of soul and body, while physical dualism teaches that reality is composed of spirit and matter. | dualisme | naamwoord | standpunt oor of toestand van tweeledigheid | Antropologiese dualisme leer byvoorbeeld dat die mens uit siel en liggaam bestaan, terwyl fisiese dualisme leer dat die werklikheid uit gees en materie bestaan. |
| dualistic | adjective | which possesses the property of duality | The Chinese and especially the Taoists believe that the human psyche is both dualistic and holistic, because the opposing forces Yin (female, dark, passive) and Yang (male, light and active) complement each other. | dualisties | byvoeglike naamwoord | wat die eienskap van tweeledigheid besit | Die Chinese en veral die Taoïste meen dat die psige van die mens beide dualisties en holisties is, omdat die opponerende magte Yin (vroulik, donker, passief) en Yang (manlik, lig en aktief) mekaar aanvul. |
| duality | noun | condition, property or fact that something consists of two members or constituents | Man is widely seen as a duality of mind and body. | tweeledigheid | naamwoord | toestand, eienskap of feit dat iets uit twee lede of bestanddele bestaan | Die mens word algemeen gesien as ’n tweeledigheid van verstand en liggaam. |
| duration | noun | the period of time during which something continues | For the duration of the lecture, students are not allowed to leave the lecture hall. | duur | naamwoord | die tydperk waartydens iets voortduur | Vir die duur van die lesing mag studente nie die lesingsaal verlaat nie. |
| dynamic | adjective | full of energy, new and exciting ideas, and ambitious | He was a dynamic doctor who revitalised the whole clinic. | dinamies | byvoeglike naamwoord | vol energie, nuwe en opwindende idees, en ambisieus | Hy was ’n dinamiese dokter wat nuwe lewe in die kliniek geblaas het. |
| dynamic | adjective | active, energetic and continuously moving or changing | Educational reform has to be a dynamic process to keep up with students’ changing needs. | dinamies | byvoeglike naamwoord | aktief, energiek en voortdurend aan die beweeg of verander | Onderwyshervorming moet ’n dinamiese proses wees om met die veranderende behoeftes van studente tred te hou. |
| dynamic | noun | something that causes change or action | Capitalism is a dynamic of economic change. | stukrag | naamwoord | iets wat verandering of aksie veroorsaak | Kapitalisme is ’n stukrag van ekonomiese verandering. |
| dynamics | noun | the ways in which things or people behave, react and affect one another | His book was the first successful attempt to analyse the dynamics of the system. | dinamika | naamwoord | die maniere waarop dinge of mense optree, reageer en mekaar beïnvloed | Sy boek was die eerste suksesvolle poging om die dinamika van die stelsel te belig. |
| ecological | adjective | related to ecology or living organisms | People who leave cigarette butts in the field are ecologically insensitive and a danger to the well-being of the earth. | ekologies | byvoeglike naamwoord | wat met ekologie of lewende organismes verband hou | Mense wat sigaretstompies in die veld agterlaat, is ekologies ongevoelig en ’n gevaar vir die welstand van die aarde. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ecology | noun | the branch of biology that deals with the relations of organisms to one another and to their physical surroundings | Modern man harms ecology with his thoughtless misuse of natural resources. | ekologie | naamwoord | die tak van biologie wat handel oor die verhoudings van organismes met mekaar en hul fisiese omgewing | Die moderne mens benadeel ekologie deur sy onnadenkende misbruik van natuurlike hulpbronne. |
| economic | adjective | relating to the state economy | A country’s economic climate is evident in, among other things, food prices and interest rates. | ekonomies | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot die ekonomie of staatshuishouding | Die ekonomiese klimaat van ’n land blyk onder meer uit voedselpryse en rentekoerse. |
| economic | adjective | related to trade, industry and development of wealth | The relative value of currency is directly linked to the economic stability of a country. | ekonomies | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met handel, nywerheid en die ontwikkeling van welvaart | Die relatiewe waarde van valuta is direk gekoppel aan die ekonomiese stabiliteit van ’n land. |
| economic | adjective | providing sufficient profit to continue | The mining group must investigate more economic ways of extracting ore. | ekonomies | byvoeglike naamwoord | wat voldoende wins bied om te kan voortgaan | Die myngroep moet ondersoek instel na meer ekonomiese maniere om erts te ontgin. |
| economy | noun | the system of production, distribution and consumption | The economy suffered because of a cycle of droughts and floods. | ekonomie | naamwoord | die stelsel van produksie, verspreiding en verbruik | Die ekonomie het swaargekry weens ’n siklus van droogtes en oorstromings. |
| economy | noun | the use of the minimum resources | The diesel engine performs the same as petrol engines, but with greater fuel economy. | ekonomie | naamwoord | die gebruik van die minimum hulpbronne | Die dieselenjin werk net soos petrolenjins, maar met groter brandstofekonomie. |
| economy | noun | the state of a country or region in terms of the production and consumption of goods and services and the supply of money | One can observe the struggling economy of a country in rising food prices and interest rates. | ekonomie | naamwoord | die toestand van ’n land of streek in terme van die produksie en verbruik van goedere en dienste en die voorsiening van geld | Mens sien die sukkelende ekonomie van ’n land onder andere aan stygende kospryse en rentekoerse. |
| edit | verb | to correct and adapt the content of an article, book or film to prepare it for publication | She edited the student magazine before it was sent to the printers. | redigeer | werkwoord | die inhoud van ’n artikel, boek of film korrigeer en aanpas om dit vir publikasie voor te berei | Sy het die studentetydskrif geredigeer voordat dit na die drukker gestuur is. |
| edited | adjective | which has been corrected and adapted in order to prepare it for publication | A good publisher ensures that all texts that are published are thoroughly edited. | geredigeer | byvoeglike naamwoord | wat gekorrigeer en aangepas is ten einde dit gereed te maak vir publikasie | ’n Goeie uitgewer sorg dat alle tekste wat gepubliseer word, deeglik geredigeer word. |
| editing | noun | removal of irrelevant content, misspellings, clumsy and misleading phrasing and poor sentence structure | The editing of a thesis should be left to a professional text editor. | redigering | naamwoord | verwydering van irrelevante inhoud, spelfoute, lomp en misleidende formulering en swak sinsbou | Die redigering van ’n proefskrif behoort aan ’n professionele teksredakteur oorgelaat te word. |
| effect | noun | result or influence | The negative effect of drugs on adolescents cannot be denied. | uitwerking | naamwoord | gevolg of invloed | Die negatiewe uitwerking van dwelms op adolessente kan nie ontken word nie. |
| effect | noun | result or influence | The article deals with the effects of global warming on Sub-Saharan Africa. | gevolg | naamwoord | resultaat of invloed | Die artikel handel oor die gevolge van aardverwarming op Afrika suid van die Sahara. |
| effective | adjective | having the qualities or resources required to meet a task | Combining different teaching methods in the classroom is more effective than using only one. | doeltreffend | byvoeglike naamwoord | wat oor die eienskappe of hulpbronne beskik wat nodig is om ’n taak te verrig | Die kombinasie van verskillende onderrigmetodes in die klaskamer is meer doeltreffend as om slegs een te gebruik. |
| efficacy | noun | the ability of something to produce the desired results | The researchers assessed the efficacy of sports training. | doeltreffendheid | naamwoord | die vermoë van iets om die gewenste resultate te lewer | Die navorsers het die doeltreffendheid van sportafrigting geassesseer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| elaborate | verb | to describe in detail and provide a lot of information | In a follow-up report the company elaborated on the implementation of its strategy to increase productivity. | uitwei | werkwoord | in besonderhede beskryf en baie inligting verskaf | In ’n opvolgverslag het die onderneming uitgewei oor die implementering van sy strategie om produktiwiteit te verhoog. |
| elaborate | adjective | very detailed and complex, often with many different parts and carefully developed | The scientists spent years developing an elaborate plan to combat malaria. | uitgebrei | byvoeglike naamwoord | baie gedetailleerd en ingewikkeld, dikwels met baie verskillende dele en noukeurig ontwikkel | Die wetenskaplikes het jare lank ’n uitgebreide plan ontwikkel om malaria te bekamp. |
| element | noun | one of the individual parts making up a larger entity | The building of a new student centre is the key element in the rector’s plan to upgrade the campus. | element | naamwoord | een van die individuele dele wat ’n groter geheel uitmaak | Die bou van ’n nuwe studentesentrum is die sleutelelement in die plan van die rektor om die kampus op te gradeer. |
| element | noun | one of the basic or typical parts of something | The first lecture deals with the elements of good design. | element | naamwoord | een van die basiese of tipiese onderdele van iets | Die eerste lesing handel oor die elemente van goeie ontwerp. |
| element | noun | a small quantity of something, such as risk, truth or surprise | All investments contain an element of risk. | element | naamwoord | ’n klein hoeveelheid van iets, soos risiko, waarheid of verrassing | Elke belegging bevat ’n element van risiko. |
| element | noun | one of the individual parts making up a larger entity | His theory is unscientific because it contains subjective ideological elements that undermine the objective character of science. | element | naamwoord | een van die individuele dele wat ’n groter geheel uitmaak | Sy teorie is onwetenskaplik omdat dit subjektiewe ideologiese elemente bevat wat die objektiewe karakter van die wetenskap ondermyn. |
| elementary | adjective | relating to the basics of a subject | Some people think knowledge of the characteristics of research is elementary, but many others find it very complex. | elementêr | byvoeglike naamwoord | wat met die basiese beginsels van ’n onderwerp verband hou | Sommige mense dink dat kennis van die kenmerke van navorsing elementêr is, maar baie ander vind dit baie kompleks. |
| elevate | verb | to give someone or something a more important position | Her desire was to elevate Russian to one of the literary languages of Europe | verhef | werkwoord | iemand of iets ’n belangriker plek gee | Haar begeerte was om Russies tot een van die literêre tale van Europa te verhef |
| elevate | verb | to increase the amount, intensity or pressure of something | Smoking and obesity can elevate bad cholesterol levels. | verhoog | werkwoord | die hoeveelheid, intensiteit of druk van iets verhoog | Rook en vetsug kan slegte cholesterolvlakke verhoog. |
| elicit | verb | to do or say something, such as asking a question, to get someone else to respond or give information | The use of closed questions elicited specific information concerning the demographic characteristics of the respondents. | ontlok | werkwoord | iets doen, sê of vra om van iemand ’n reaksie of inligting te bekom | Die gebruik van geslote vrae het spesifieke inligting ontlok rakende die demografiese eienskappe van die respondente. |
| eliminate | verb | end or do away with | Writers should always use spell-checkers to eliminate unnecessary errors. | uitskakel | werkwoord | eindig of wegdoen | Skrywers moet altyd speltoetsers gebruik om onnodige foute uit te skakel. |
| ellips | noun | omission of words, indicated by three dots | When a student quotes a fairly long sentence from a source, she can use the ellipse and omit less important words to focus on the keywords. | ellips | naamwoord | weglating van woorde, aangedui deur drie stippels | Wanneer ’n student ’n redelike lang sin uit ’n bron aanhaal, kan sy die ellips gebruik en minder belangrike woorde weglaat om op die sleutelwoorde te fokus. |
| elliptical | adjective | making use of ellipsis | A sentence is elliptical if the writer omits words from the sentence and indicates the omissions with 3 dots. | ellipties | byvoeglike naamwoord | wat van ellips gebruik maak | ’n Sin is ellipties as die skrywer woorde uit die sin weglaat en die weglating met 3 stippels. |
| eloquent | adjective | visibly expressive, showing an emotion or meaning without using words | Her paintings are an eloquent reminder of the power and beauty of nature. | veelseggend | byvoeglike naamwoord | sigbaar uitdrukkingsvol, wat emosie of betekenis vertoon sonder om woorde te gebruik | Haar skilderye is ’n veelseggende herinnering aan die mag en prag van die natuur. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| eloquent | adjective | able to express your opinions or ideas well, in speech or in writing, especially in a way that affects other people | His speeches were always eloquent and powerful. | welsprekend | byvoeglike naamwoord | in staat om jou menings of idees goed in spraak of skrif uit te druk, veral op ’n manier wat ander mense raak | Sy toesprake was altyd welsprekend en kragtig. |
| embody | verb | to be an expression or symbol of an idea, principle or quality | Nelson Mandela embodied the spirit of reconciliation. | beliggaam | werkwoord | ’n uitdrukking of simbool van ’n idee, beginsel of kwaliteit wees | Nelson Mandela het die gees van versoening beliggaam. |
| embrace | verb | to include something, such as a group of people, ideas or things, in a topic, discussion or category | People around the world have turned against their communist regimes and embraced democracy. | aangryp | werkwoord | iets soos ’n groep mense, idees of dinge by ’n onderwerp, bespreking of kategorie insluit | Mense oor die wêreld heen het teen hul kommunistiese regimes gedraai en demokrasie aangegryp. |
| embrace | verb | to accept something, such as an idea or a belief or new opinion, and to support it eagerly | After having embraced Judaism she changed her name to Hadassah. | aangryp | werkwoord | iets soos ’n idee, oortuiging of nuwe mening aanvaar en dit gretig ondersteun | Nadat sy die Judaïsme aangegryp het, het sy haar naam na Hadassah verander. |
| emerge | verb | to come out into view or become clear | It emerged from the court case that the suspect’s fingerprints were on the murder weapon. | blyk | werkwoord | te voorskyn kom of duidelik word | Dit het uit die hofsaak geblyk dat die verdagte se vingerafdrukke op die moordwapen was. |
| emerge | verb | to come into existence or become known | Microsoft emerged as the leading computer software company. | verrys | werkwoord | tot stand kom of bekend word | Microsoft het as die toonaangewende rekenaarprogrammatuuronderneming verrys |
| emigrate | verb | to come from another country to settle in this country | He can leave South Africa and emigrate to the USA to work there. | emigreer | werkwoord | to leave your country to settle in another country | Hy kan Suid-Afrika verlaat en na die VSA emigreer om daar te werk. |
| emphasis | noun | special importance or significance | The fundamental feature of the book is the emphasis placed on human reason. | klem | naamwoord | spesiale belang of betekenis | Die fundamentele kenmerk van die boek is die klem wat op die menslike rede gelê word. |
| emphasis | noun | special importance or significance | The article places great emphasis on feminism and the role of women in eighteenth-century politics. | klem | naamwoord | spesiale belang of betekenis | Die artikel plaas groot klem op feminisme en die rol van vroue in die agtiende-eeuse politiek. |
| emphasise | verb | to stress or highlight | The lecturer underlines each topic sentence in the text to emphasise the core issues. | beklemtoon | werkwoord | beklemtoon of uitlig | Die dosent onderstreep elke onderwerpsin in die teks om die kernvraagstukke te beklemtoon. |
| emphasise | verb | to stress or highlight | The dietician emphasised the value of exercise in weight-loss. | benadruk | werkwoord | beklemtoon of uitlig | Die dieetkundige het die waarde van oefening in gewigsverlies benadruk. |
| emphasised | adjective | bearing stress or accent | Write the emphasised words in italics rather than underlining them. | beklemtoon | byvoeglike naamwoord | wat met klem of nadruk gesê word | Skryf die beklemtoonde woorde kursief, eerder as om hulle te onderstreep. |
| empirical | adjective | derived from experiment and observation in the real world, rather than theory | Einstein’s theory that gravity can bend light has been empirically proven when astronomers could observe this phenomenon during a solar eclipse with sophisticated instruments. | empiries | byvoeglike naamwoord | afgelei van eksperimentering en waarneming in die regte wêreld, eerder as teorie | Einstein se teorie dat swaartekrag lig kan buig, is empiries bewys toe sterrekundiges hierdie verskynsel tydens ’n sonsverduistering met gesofistikeerde instrumente kon waarneem. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| empirical | adjective | derived from experiment and observation in the real world, rather than theory | The empirical part of her research included interviews with the parents of the patients, and observation of the therapy sessions. | empiries | byvoeglike naamwoord | afgelei van eksperimentering en waarneming in die regte wêreld, eerder as teorie | Die empiriese deel van haar navorsing het onderhoude met die ouers van die pasiënte en waarneming van die terapiesessies ingesluit. |
| empiricism | noun | experience as basis for knowledge | Empiricism is the belief that experience is the basis of all knowledge. | empirie | naamwoord | ervaring as basis vir kennis | Empirie is die oortuiging dat ervaring die basis van alle kennis is. |
| empiricism | noun | the belief that knowledge is based on the evidence of experience or experiments | Empiricism allows the facts to speak for themselves, and attempts to omit the interpretation of the researcher as far as possible. | empirisme | naamwoord | die oortuiging dat kennis gebaseer is op die bewyse van ervaring of eksperimente | Empirisme laat die feite vanself spreek en poog om die interpretasie van die navorser sover moontlik weg te laat. |
| empiricism | noun | school of thought hat derives knowledge exclusively or mainly from experience | Because he believes in empiricism, he was looking for answers from his research. | empirisme | naamwoord | denkskool wat kennis uitsluitend of in hoofsaak van ervaring aflei | Omdat hy in empirisme glo, was hy op soek na antwoorde uit sy navorsing. |
| empower | verb | to enable someone to gain greater control over his or her life or situation | Libraries empower pupils by giving them the freedom to make their own choices about reading and learning experiences. | bemagtig | werkwoord | iemand in staat stel om groter beheer oor sy of haar lewe of situasie te verkry | Biblioteke bemagtig leerders deur hulle die vryheid te gee om hul eie keuses oor lees- en leerervarings te maak. |
| empowered | adjective | with the authority or power to do something | Empowered students criticise first themselves before they look for the fault somewhere else. | bemagtig | byvoeglike naamwoord | met die bevoegdheid, gesag of mag om iets te doen | Bemagtigde studente kritiseer eers hulleself voordat hulle die fout êrens anders soek. |
| empowerment | noun | authority or power given to someone | The true educator believes in empowerment and teaches her students how to think critically. | bemagtiging | naamwoord | bevoegdheid, gesag of mag wat aan iemand gegee is | Die ware opvoeder glo in bemagtiging en leer haar studente hoe om krities te dink. |
| enable | verb | to provide the means to perform a task | Free internet access will enable more people to work from home. | in staat stel | woordgroep | die middele bied om ’n taak uit te voer | Gratis internettoegang sal meer mense in staat stel om tuis te werk. |
| encircle | verb | to form a circle around something or someone | A child who is encircled by caring parents and family members should develop into a balanced adult. | omring | werkwoord | ’n sirkel om iets of iemand vorm | ’n Kind wat omring is deur ouers en familielede wat omgee, behoort ’n gebalanseerde volwassene te word. |
| encompass | verb | to include a range or a large number of things | Estuaries encompass broad ecosystems that usually extend many miles beyond the open waters of a bay or lagoon. | omvat | werkwoord | ’n reeks of ’n groot aantal dinge insluit | Riviermondings omvat breë ekosisteme wat gewoonlik baie kilometers verder strek as die oop water van ’n baai of strandmeer. |
| encounter | noun | an unexpected convergence | There was a violent encounter between the protesters and the government officials. | botsing | naamwoord | ’n onverwagse sameloop | Daar was ’n gewelddadige botsing tussen die betogers en die regeringsamptenare. |
| encounter | verb | to come across or find unexpectedly | They encountered many problems during the pilot phase of the project. | ondervind | werkwoord | onverwags vind of teëkom | Hulle het tydens die loodsfase van die projek baie probleme ondervind. |
| enduring | adjective | lasting over a period of time | Cartoons have a universal and enduring appeal. | blywend | byvoeglike naamwoord | wat oor ’n tydperk voortduur | Tekenprente het ’n universele en blywende aantrekkingskrag. |
| energy | noun | the effort and attention which someone uses to do something or achieve something | He applied all his energy to winning a gold medal in the marathon. | energie | naamwoord | die moeite en aandag wat iemand gebruik om iets te doen of iets te bereik | Hy het al sy energie ingespan om ’n goue medalje in die marathon te verower. |
| enforce | verb | to compel to behave in a certain way | Medical law is a tool for enforcing medical ethics. | afdwing | werkwoord | dwing om op ’n sekere manier op te tree | Mediese reg is ’n instrument om mediese etiek af te dwing. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| enhance | verb | to make better or more attractive | The proposed research should enhance our understanding of Alzheimer's disease. | verbeter | werkwoord | beter of aantrekliker maak | Die voorgestelde navorsing behoort ons begrip van Alzheimer se siekte te verbeter. |
| enlighten | verb | to explain something to someone so that they have a greater knowledge or understanding of it | I don't know much about the testing process: Could you enlighten me? | inlig | werkwoord | iets aan iemand verduidelik sodat hy of sy dit beter verstaan of begryp | Ek weet nie veel van die toetsproses nie: Kan jy my inlig? |
| enlightened | adjective | having a rational, modern, well-informed outlook | Enlightened thinkers such as the brilliant physicist Isaac Newton and the mathematician Rene Descartes are also considered enlightened scientists. | verlig | byvoeglike naamwoord | met 'n rasionele, moderne, goed ingeligte uitkyk | Verligte denkers soos die briljante fisikus Isaac Newton en die wiskundige Rene Descartes word ook as verligte wetenskaplikes beskou. |
| Enlightenment | noun | intellectual European tendency of the late 18th century in response to the excessive influence of tradition and religion on human thought and freedom – a continuation of liberation that began with the Renaissance | During the Enlightenment people began to free themselves from the power of the Church and the State. | Verligting | naamwoord | intellektuele Europese stroming van die laat 18de eeu in reaksie op die oormatige invloed van tradisie en godsdiens op menslike denke en vryheid – 'n voortsetting van die bevryding wat met die Renaissance begin het | Tydens die Verligting het mense hulleself van die mag van die Kerk en die Staat begin bevry. |
| enrich | verb | to improve the quality of something, usually by adding something to it | Reading can enrich your understanding and appreciation of a language. | verryk | werkwoord | die gehalte van iets te verbeter, gewoonlik deur iets daaraan toe te voeg | Lees kan jou begrip van en waardering vir 'n taal verryk. |
| ensure | verb | to make certain | Three data sources were used to ensure the validity of the research. | verseker | werkwoord | om seker te maak | Drie databronne is gebruik om die geldigheid van die navorsing te verseker. |
| entity | noun | a thing which is perceived to have its own distinct existence | The state and the legal system are separate entities. | entiteit | naamwoord | 'n ding wat beskou word as iets wat op sy eie bestaan | Die staat en die regstelsel is afsonderlike entiteite. |
| enumerate | verb | to name or mention a list of things one by one | The question required students to enumerate the causes of black-spot disease on citrus fruit. | opnoem | werkwoord | 'n lys dinge een vir een noem | Die vraag vereis dat studente die oorsake van swartvleksiekte by sitrusvrugte moet opnoem. |
| enumerative | adjective | listing everything that is contained in a whole | The concluding chapter of her dissertation is enumerative in nature. | opsommend | byvoeglike naamwoord | wat alles lys wat in 'n geheel vervat is | Die slothoofstuk van haar proefskrif is opsommend van aard. |
| environment | noun | surrounding conditions, circumstances, situations, people or events which affect something | The business case study required a thorough analysis of the business environment. | omgewing | naamwoord | omliggende toestande, omstandighede, situasies, mense of gebeure wat iets beïnvloed | Die besigheidsgevallestudie het 'n deeglike ontleding van die sakeomgewing vereis. |
| environment | noun | surrounding conditions, circumstances, situations, people or events which affect the life of someone or something | The social environment plays an important role in the development of a child. | omgewing | naamwoord | omliggende toestande, omstandighede, situasies, mense of gebeure wat die lewe van iemand of iets beïnvloed | Die sosiale omgewing speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n kind. |
| episode | noun | an event, incident or short period of time during which something specific, important or unusual happens | In the last episode of the soapie the main character dies. | episode | naamwoord | 'n gebeurtenis, voorval of kort tydperk waartydens iets spesifieks, belangriks of ongewoons gebeur | In die laaste episode van die sepie sterf die hoofkarakter. |
| epoch | noun | a period in history – a number of years that can be regarded as a unit | The 21st century is an epoch of growing uncertainty. | tydperk | naamwoord | 'n tydperk in die geskiedenis – 'n aantal jare wat as 'n eenheid beskou kan word | Die 21ste eeu is 'n tydperk van groeiende onsekerheid. |
| equate | verb | to consider or describe two or more things as the same, similar or closely connected | In his conference paper he equated discrimination with violence. | gelykstel | werkwoord | twee of meer dinge as dieselfde, soortgelyk of nou verbonde beskou of beskryf | In sy referaat stel hy diskriminasie gelyk aan geweld. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| equilibrium | noun | a controlled balance between opposing forces, influences or aspects of a situation | Exploitation of the Antarctic continent could have devastating repercussions as the stability of the continent is essential to the climatic and ecological equilibrium of the Southern Hemisphere. | ewewig | naamwoord | ’n beheerde balans tussen opponerende kragte, invloede of aspekte van ’n situasie | Die ontginning van die Antarktiese kontinent kan verwoestende gevolge hê, aangesien die stabiliteit van die kontinent noodsaaklik is vir die klimaat en ekologiese ewewig van die Suidelike Halfrond. |
| equip | verb | to provide somebody with the necessary items to perform a certain function | The programme equipped him with the knowledge and skills to find employment soon after graduation. | toerus | werkwoord | aan iemand die nodige items gee om ’n sekere funksie te verrig | Die program het hom toegerus met die kennis en vaardighede om kort nadat hy gradueer het, werk te kry. |
| equip | verb | to provide somebody with the necessary items or skills to perform a certain function | Successful students ensure that they equip themselves with the necessary study skills. | toerus | werkwoord | aan iemand die nodige items of vaardighede gee om ’n sekere funksie te verrig | Suksesvolle studente sorg dat hulle hulself met die nodige studievaardighede toerus. |
| equipment | noun | the necessary items or skills to perform a certain function | Strategic reading and thinking techniques can be seen in the metaphorical sense as the thoughtful student’s study “equipment”. | toerusting | naamwoord | die nodige items of vaardighede om ’n sekere funksie te verrig | Strategiese lees- en denktegnieke kan in metaforiese sin as die nadenkende student se studie-toerusting gesien word. |
| equipped | adjective | having the items or skills to perform a certain function | Countries such as America, Britain and China are equipped with the most modern weapons. | toegerus | byvoeglike naamwoord | wat die items of vaardighede het om ’n sekere funksie te verrig | Lande soos Amerika, Brittanje en China is met die modernste wapens toegerus. |
| equivalent | adjective | with the same value, function or meaning as something or someone else | Although they had different responsibilities on the project, they received equivalent pay and recognition. | gelyk | byvoeglike naamwoord | met dieselfde waarde, funksie of betekenis as iets of iemand anders | Hoewel hulle verskillende verantwoordelikhede vir die projek gehad het, het hulle gelyke beloning en erkenning ontvang. |
| era | noun | time period, usually in history | We live in an era of globalisation and super-diversity. | era | naamwoord | tydperk, gewoonlik in die geskiedenis | Ons leef in ’n era van globalisering en superdiversiteit. |
| erode | verb | break down or destroy | The series of misfortunes eroded his self-confidence. | aftakel | werkwoord | afbreek of vernietig | Al die ongelukke het sy selfvertroue afgetakel. |
| err | verb | to make a mistake | He erred in gossiping about his colleagues to people who knew them personally and was caught out. | fouteer | werkwoord | ’n fout maak | Hy het gefouteer deur oor sy kollegas te skinder by mense wat hulle ken en is uitgevang. |
| erratic | adjective, adverb | not following a fixed pattern and characterised by many changes | Her behaviour was erratic and the guard became suspicious so he followed her. | wisselvallig | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat nie ’n vaste patroon volg nie en deur baie veranderinge gekenmerk word | Haar gedrag was wisselvallig en die wag het agterdogtig geraak, en hy het haar gevolg. |
| error | noun | something that was done wrong | It was clear that the plane crashed due to pilot error. | fout | naamwoord | iets wat verkeerd gedoen is | Dit was duidelik dat die vliegtuig weens ’n fout deur die vlieënier neergestort het. |
| essay | noun | a short text on a particular subject | The literary critic writes an essay and the student a paper. | essay | naamwoord | ’n kort teks oor ’n spesifieke onderwerp | Die letterkundige skryf ’n essay en die student ’n werkstuk |
| essence | noun | intrinsic nature, mostly something abstract | The true researcher will try to penetrate into the essence of the problem. | kern | naamwoord | intrinsieke aard, meestal iets abstraks | Die ware navorser sal tot die kern van die probleem probeer deurdring. |
| essence | noun | inherent nature of a person or thing | The most striking feature of wisdom is the ability to distinguish between the appearance and the essence of things. | wese | naamwoord | inherente aard van ’n persoon of ding | Die opvallendste kenmerk van wysheid is die vermoë om te onderskei tussen die voorkoms en die wese van dinge. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| essential | adjective | extremely important or necessary | The research was essential for ensuring the provincial administration improves its efficiency. | noodsaaklik | byvoeglike naamwoord | uiters belangrik of nodig | Die navorsing was noodsaaklik om te verseker dat die provinsiale administrasie sy doeltreffendheid verbeter. |
| establish | verb | to create or begin something which is expected to exist or last for a long time | It is time for the department of education to establish cultural studies at institutions of learning. | instel | werkwoord | iets skep of begin wat na verwagting lank sal voortduur en bestaan | Dit is tyd dat die departement van onderwys kulturele studies by instellings vir leer instel. |
| establish | verb | to find out the facts about something | He is currently attempting to establish what happened. | vasstel | werkwoord | die feite oor iets uitvind | Hy probeer tans vasstel wat gebeur het. |
| establish | verb | to create or begin something such as an organisation, fund or activity, which is expected to exist or last for a long time | She established an organisation to feed and clothe the homeless. | stig | werkwoord | iets skep of begin, soos ’n organisasie, fonds of aktiwiteit, wat na verwagting lank sal voortduur of bestaan | Sy het ’n organisasie gestig om haweloses te voed en te klee. |
| establish | verb | to make something to last | The head of the faculty has established an attitude of accountability with its staff. | vestig | werkwoord | iets blywend of permanent maak | Die hoof van die fakulteit het ’n ingesteldheid van verantwoordbaarheid by sy personeel gevestig. |
| establishment | noun | the creation of something which is expected to exist or last for a long time | The students of the new residence are furious about the establishment of certain new regulations. | instelling | naamwoord | die skep van iets wat na verwagting lank sal bestaan of voortduur | Die studente van die nuwe koshuis is woedend oor die instelling van sekere nuwe regulasies. |
| establishment | noun | the creation of something which is expected to exist or last for a long time | The establishment of a unique Institute for Disaster Studies is a step forward in the management of disasters worldwide. | oprigting | naamwoord | die skep van iets wat na verwagting lank sal bestaan | Die oprigting van ’n unieke Instituut vir Rampstudies is ’n stap vorentoe in die bestuur van rampe wêreldwyd. |
| estate | noun | all the property and money that someone owns when he or she dies | Her estate is worth R3 million. | boedel | naamwoord | al die eiendom en geld wat iemand besit wanneer hy of sy sterf | Haar boedel is R3 miljoen werd. |
| estimate | verb | to judge the approximate value, number or quantity of something | Researchers estimate that two thirds of the 6 700 languages spoken world wide will have disappeared by the year 2100. | skat | werkwoord | die benaderde waarde, getal of hoeveelheid van iets beoordeel | Navorsers skat dat twee derdes van die 6 700 tale wat wêreldwyd gepraat word, teen 2100 sal verdwyn het. |
| estimate | verb | die benaderde waarde, aantal of hoeveelheid van iets beoordeel | The assessor estimates the damage to my car at R15 000. | raam | werkwoord | om die benaderde waarde of syfers of hoeveelheid van iets te skat | Die assessor raam die skade aan my motor op R15 000. |
| estimate | noun | rough calculation | According to the latest estimate, South Africa will show a negative growth rate this year and in the coming years. | raming | naamwoord | rowwe berekening | Volgens die nuutste raming gaan Suid-Afrika vanjaar en in die volgende jare ’n negatiewe groeikoers toon. |
| estimate | verb | to judge the approximate value, number or quantity of something | I estimate that the damage to my car will amount to about R15 000. | skat | werkwoord | die benaderde waarde, aantal of hoeveelheid van iets beoordeel | Ek skat die skade aan my motor sal ongeveer R15 000 beloop. |
| estimated | adjective | roughly calculated without sufficient facts or relevant information | The estimated 150 000 homeless residents were promised jobs and homes. | beraamde | byvoeglike naamwoord | rofweg bereken sonder voldoende feite of relevante inligting | Die beraamde 150 000 daklose inwoners werk en huise beloof. |
| estimated | adjective | roughly calculated without sufficient facts or relevant information | Customs officials found cigarettes with an estimated street value of R4,7 million | geraamde | byvoeglike naamwoord | rofweg bereken sonder voldoende feite of relevante inligting | Doeane-amptenare het sigarette gevind met ’n geraamde straatwaarde van R4,7 miljoen |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| estimation | noun | a rough calculation | By the end of the day it was clear that the initial estimation of 1 800 houses damaged was too low. | skatting | naamwoord | ’n rowwe berekening | Aan die einde van die dag was dit duidelik dat die aanvanklike skatting van 1 800 huise wat beskadig is, te laag was. |
| ethic | noun | moral belief that influences the way you act | Her work ethic is so strong that she will work through the night rather than miss a deadline. | etiek | naamwoord | morele oortuiging wat beïnvloed hoe jy optree | Haar werksetiek is so sterk dat sy deur die nag sal werk eerder as om ’n sperdatum te mis. |
| ethical | adjective | relating to ethical principles | It is ethical to think about your own actions before criticising others. | eties | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot etiese beginsels | Dit is eties om na te dink oor jou eie optrede voordat jy ander kritiseer. |
| ethical | adjective | related to beliefs about what is right and wrong | Private secretaries must be capable of being trusted with confidential information and must have complete integrity and high ethical standards. | eties | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met oortuigings oor wat reg en verkeerd is | Privaat sekretarisse moet met vertroulike inligting vertrou kan word en moet oor algehele integriteit en hoë etiese standaarde beskik. |
| ethics | noun | the science of norms, laws and values | Individual ethics is the ethics that studies the obligations of man towards himself. | etiek | naamwoord | die wetenskap van norme, wette en waardes | Individuele etiek is die etiek wat die verpligtings van die mens teenoor homself bestudeer. |
| ethics | noun | principles of right and wrong for an individual or group | The organisation strongly adheres to a code of ethics. | etiese kode | woordgroep | beginsels van wat reg en verkeerd is vir ’n individu of ’n groep | Die organisasie hou streng by ’n etiese gedragskode. |
| ethnic | adjective | relating to a particular group of people and their traditions and customs | South Africa has a wide variety of ethnic groups. | etnies | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot ’n bepaalde groep mense en hul tradisies en gebruike | Suid-Afrika het ’n wye verskeidenheid etniese groepe. |
| etymological | adjective | related to the original meaning and origin of words | Etymological information can help one to better understand and remember a word or phrase. | etimologies | byvoeglike naamwoord | wat met die oorspronklike betekenis en herkoms van woorde verband hou | Etimologiese inligting kan ’n mens help om ’n woord of uitdrukking beter te verstaan en te onthou. |
| etymology | noun | the origin and basic meaning of words | The etymology of words can be found in good etymology dictionaries. | etimologie | naamwoord | die oorsprong en basiese betekenis van woorde | Die etimologie van woorde is te vind in goeie etimologiewoordeboeke. |
| euphemism | noun | indication or definition of something offensive or unpleasant by a name or expression that sounds less unpleasant | It is an euphemism to say that someone has passed away, instead of saying he is dead. | eufemisme | naamwoord | aanduiding of omskrywing van iets aanstootliks of onaangenaams deur ’n benaming of uitdrukking wat minder onaangenaam klink | Dit is ’n eufemisme om te sê dat iemand oorlede is, in plaas van om te sê hy is dood. |
| euphemistic | adjective | making use of an euphemism | There are many euphemistic sayings. | eufemisties | byvoeglike naamwoord | wat ’n eufemisme gebruik | Daar is baie eufemistiese woorde. |
| evaluate | verb | to judge the value of something on the basis of criteria and facts | They evaluated various software packages with regard to utility, economy and functionality. | evalueer | werkwoord | die waarde van iets aan die hand van kriteria en feite beoordeel | Hulle het verskillende sagtewarepakkette geëvalueer ten opsigte van nut, ekonomie en funksionaliteit. |
| evaluate | verb | to judge the value of something on the basis of criteria and facts | The lecturer evaluates her students’ progress using a number of assessment methods. | evalueer | werkwoord | die waarde van iets aan die hand van kriteria en feite beoordeel | Die dosent evalueer die vordering van haar studente aan die hand van ’n aantal assesseringsmetodes. |
| evaluated | adjective | relating to something of which the value has been judged on the basis of facts or other criteria | Thanks to the lecturer’s excellent test feedback, the evaluated students were even better prepared for the final exam. | geëvalueer | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot iets waarvan die waarde op grond van feite of ander kriteria beoordeel is | Danksy die uitstekende terugvoer van die dosent, was die geëvalueerde studente nog beter voorbereid vir die finale eksamen. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| evaluation | noun | process of determining quality, ability or significance | The evaluation of a manuscript is done by literary experts on behalf of the publisher. | beoordeling | naamwoord | proses om gehalte, vermoë of betekenis te bepaal | Die beoordeling van ’n manuskrip word deur literêre kundiges namens die uitgewer gedoen. |
| evaluation | noun | process of determining quality, ability or significance | The student evaluations must be completed by the end of the semester. | evaluering | naamwoord | proses om gehalte, vermoë of betekenis te bepaal | Die evaluering van studente moet teen die einde van die semester afgehandel wees. |
| evaluation | noun | process of determining quality, ability or significance | The lecturer’s evaluation throughout the year shows what the students do not understand | evaluering | naamwoord | die proses om gehalte, vermoë of betekenis te bepaal | Die dosent se evaluering deur die jaar wys wat die studente nie verstaan nie. |
| evaluative | adjective | based on a process of determining quality, ability or significance | In this paper, an evaluative review is offered of research done by the team in the field of corpus linguistics. | evaluerend | byvoeglike naamwoord | gebaseer op ’n proses om gehalte, vermoë of betekenis te bepaal | In hierdie referaat word ’n evaluerende oorsig aangebied van navorsing wat die span op die gebied van korpuslinguistiek gedoen het. |
| eventual | adjective | expected to happen sometime in the future | The eventual aim of land redistribution is to make up for the wrongs of the past. | uiteindelik | byvoeglike naamwoord | wat na verwagting die een of ander tyd in die toekoms sal gebeur | Die uiteindelike doel van grondherverdeling is om die onregte van die verlede goed te maak. |
| evident | adjective | easy to notice | The frustrations and discontent of people are evident every day. | duidelik | byvoeglike naamwoord | maklik om op te let | Die frustrasies en ontevredenheid van mense is daagliks duidelik. |
| evoke | verb | to produce a memory or an image or idea in someone’s mind | The play evoked memories of a happy childhood. | oproep | werkwoord | ’n herinnering of ’n beeld of idee in iemand se gedagtes oproep | Die toneelstuk het herinneringe van gelukkige kinderjare opgeroep. |
| evolve | verb | to develop gradually | The project has evolved from a small community project into a nationwide campaign. | ontwikkel | werkwoord | stadigaan ontvou | Die projek het ontwikkel van ’n klein gemeenskapsprojek in ’n landwye veldtog. |
| examine | verb | to study carefully | The archaeologist will carefully examine the skeleton recently found in the Eastern Cape to determine its age. | ondersoek | werkwoord | noukeurig bestudeer | Die argeoloog sal die skelet wat onlangs in die Oos-Kaap gevind is, noukeurig ondersoek om vas te stel hoe oud dit is. |
| examine | verb | to study an idea or object carefully | It is your task to examine the sociological causes of child abuse. | ondersoek | werkwoord | ’n idee of voorwerp noukeurig bestudeer | Jou taak is om die sosiologiese oorsake van kindermishandeling te ondersoek. |
| example | noun | something concrete (an object or a situation) that illustrates a concept or statement | In a good argument, statements are always illustrated with appropriate examples to convince the reader or listener. | voorbeeld | naamwoord | iets konkreets (’n voorwerp of situasie) wat ’n konsep of stelling toelig of illustreer | In ’n goeie argument word stellings altyd met gepaste voorbeelde toegelig om die leser of luisteraar te oortuig. |
| exceed | verb | to be better than some standard | A real object cannot exceed the speed of light. | oorskry | werkwoord | beter as een of ander standaard wees | ’n Werklike voorwerp kan nie die snelheid van lig oorskry nie. |
| exceed | verb | to be more or greater in number than something else | He is bankrupt because his liabilities exceed his assets. | oorskry | werkwoord | meer of groter in getal wees as iets anders | Hy is bankrot, want sy laste oorskry sy bates. |
| excel | verb | do something very well | Students who excel in their specific subject areas often receive academic awards. | presteer | werkwoord | uitstekend vaar | Studente wat in hul spesifieke vakgebiede presteer, ontvang dikwels akademiese toekennings. |
| excel | verb | do something very well | Students are highly motivated to work hard in order to excel in tasks and receive rewards. | uitblink | werkwoord | iets baie goed doen | Studente is hoogs gemotiveer om hard te werk ten einde in werkopdragte uit te blink en belonings te ontvang. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| excerpt | noun | an abstract from a text, film, piece of music, etc. | When you insert an excerpt from a text into your own writing, you place it between quotation marks with the source reference in brackets. | uittreksel | naamwoord | ’n gedeelte uit ’n teks, film, musiekstuk, ens. | As jy ’n uittreksel uit ’n teks in jou eie skrywerk invoeg, plaas jy dit tussen aanhalingstekens met die bronverwysing tussen hakies. |
| excess | noun | more than is necessary | The tests show an excess of sodium in her blood. | oormaat | naamwoord | meer as wat nodig is | Die toetse toon ’n oormaat natrium in haar bloed. |
| exclude | verb | to not allow someone to participate in something | The staff were excluded from the protests on campus. | uitsluit | werkwoord | nie toelaat dat iemand aan iets deelneem nie | Die personeel is uitgesluit van die betogings op die kampus. |
| exclude | verb | to not include something | The package has been structured so as to exclude cost increases. | uitsluit | werkwoord | iets nie insluit nie | Die pakket is so gestruktureer dat koste-verhogings uitgesluit word. |
| execute | verb | to carry out a plan or do something you have agreed to do | Tasks that have not been executed by 15 December have to stand over. | uitvoer | werkwoord | ’n plan uitvoer of iets doen waartoe jy ingestem het | Take wat teen 15 Desember nog nie uitgevoer is nie, moet oorstaan. |
| exegesis | noun | critical interpretation of a text, especially of the Bible | I know of three German theologians who made brilliant exegeses of the New Testament. | eksegese | naamwoord | kritiese interpretasie van ’n teks, veral van die Bybel | Ek weet van drie Duitse teoloë wat briljante eksegeses van die Nuwe Testament gemaak het. |
| exegete | noun | someone who elucidates a text, especially the Bible | Two of my theology lectureres are excellent exegetes of the New Testament. | eksegeet | naamwoord | iemand wat ’n teks, veral die Bybel, toelig | Twee van my teologiedosente is uitstekende eksegete van die Nuwe Testament. |
| exegetic | adjective | relating to exegesis or the interpretation of a text, especially the Bible | The lexicon draws attention to related meanings of different words in the Bible and is of utmost importance for the exegetical study of the Bible text. | eksegeties | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met eksegese of die interpretasie van ’n teks, veral die Bybel | Die leksikon vestig die aandag op verwante betekenisse van verskillende woorde in die Bybel en is vir die eksegetiese studie van die Bylbelteks van die uiterste belang. |
| exert | verb | make a strong effort physically or mentally | He was cautioned by the doctor not to exert himself during exercise. | inspan | werkwoord | liggaamlik of geestelik ’n sterk poging aanwend | Hy is deur die dokter vermaan om hom nie in te span tydens oefening nie. |
| exert | verb | to use power, influence, authority or pressure to make something happen | He exerts great influence on the other board members. | uitoefen | werkwoord | mag, invloed, gesag of druk gebruik om iets te laat gebeur | Hy oefen groot invloed uit op die ander raadslede. |
| exhibit | verb | to show or display | The artist’s paintings will be exhibited at the opening of the art gallery. | uitstal | werkwoord | wys of vertoon | Die kunstenaar se skilderye sal ten tyde van die opening van die kunsgalery uitgestal word. |
| exist | verb | to live | To be is to exist. | wees | werkwoord | lewe | Om te wees is om te bestaan. |
| exist | verb | to be there | Many theories exist about the increasing global warming we are experiencing. | bestaan | werkwoord | daar wees | Baie teorieë bestaan oor die toenemende aardverwarming wat ons ervaar. |
| exist | verb | to be present in the universe | Good and evil exist in all human beings. | bestaan | werkwoord | in die heelal teenwoordig wees | Goed en kwaad bestaan in alle mense. |
| existence | noun | presence in the world | The existence of numerous theories of increasing global warming does not help to solve the problem. | bestaan | naamwoord | teenwoordigheid in wêreld | Die bestaan van talle teorieë oor toenemende aardverwarming help nie om die probleem op te los nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| existentialism | noun | a philosophical theory or approach which emphasises the existence of the individual person as a free and responsible agent determining his or her own development through acts of the will | The rise of existentialism in the 1950s seriously damaged the power of churches and clergy. | eksistensialisme | naamwoord | ’n filosofiese teorie of benadering wat die bestaan beklemtoon van die individu as ’n vrye en verantwoordelike agent wat sy of haar ontwikkeling deur eie wilsbesluite bepaal | Die opkoms van eksistensialisme in die 1950's het die mag van kerke en geestelikes ernstig geskaad. |
| existentialist | adjective | relating to existentialism | The idea is existentialist: only through bodily pain is man assured of the authenticity of his existence. | eksistensialisties | byvoeglike naamwoord | wat met die eksistensialisme verband hou | Die idee is eksistensialisties: slegs deur liggaamlike pyn is die mens verseker van die egtheid van sy bestaan. |
| existing | adjective | happening or being used now | The existing political system is based on the principle of the empowerment of the strongest political party. | bestaande | byvoeglike naamwoord | wat nou daar is, gebruik word of gebeur | Die bestaande politieke stelsel is gebaseer op die beginsel van bemagtiging van die sterkste politieke party. |
| expand | verb | to make or become bigger or wider | During the 1970s social welfare programmes expanded rapidly. | uitbrei | werkwoord | groter, breër of wyer maak of word | Gedurende die 1970's het die welsynsprogramme vinnig uitgebrei. |
| expert | adjective | very skilled or good | They need expert advice on marketing the technologically advanced product. | kundig | byvoeglike naamwoord | baie goed of vaardig | Hulle benodig kundige raad oor hoe om die tegnologies gevorderde produk te bemark. |
| expert | noun | a person with special knowledge and experience | She is an expert on global warming. | kenner | naamwoord | iemand met spesialiskennis en -ervaring | Sy is ’n kenner wat aardverwarming betref. |
| explain | verb | to tell in a way that makes it easy to understand | The methodology section explains how the participants were selected. | verduidelik | werkwoord | vertel op ’n manier wat dit maklik maak om te verstaan | Die metodologie-afdeling verduidelik hoe die deelnemers gekies is. |
| explain | verb | to make something clear by describing it in detail | Students prefer lecturers who explain new concepts in simple language so that everyone can understand them. | verduidelik | werkwoord | iets duidelik maak deur dit in besonderhede te beskryf | Studente verkies dosente wat nuwe konsepte in eenvoudige taal verduidelik sodat almal dit kan verstaan. |
| explain | verb | to give reasons for something | The theory explains why so many teenagers display risk behaviour. | verklaar | werkwoord | redes vir iets gee | Die teorie verklaar waarom soveel tieners risikogedrag vertoon. |
| explanation | noun | description or statement that makes something clear | The economist supplies the journalist with an explanation of the events that led to the sudden collapse of world markets. | uiteensetting | naamwoord | beskrywing of stelling wat iets duidelik maak | Die ekonoom gee aan die joernalis ’n uiteensetting van die gebeure wat tot die skielike ineenstorting van die wêreldmarkte gelei het. |
| explanatory | adjective | serving to explain something | The explanatory notes in the margin help the reader to better understand the text. | verduidelikend | byvoeglike naamwoord | met die doel om iets te verduidelik | Die verduidelikende aantekeninge in die kantlyn help die leser om die teks beter te verstaan. |
| explicate | verb | highlight the meaning of something by explicitly stating it so that everyone understands what is meant | The lawyer asked the defendant to explicate. | ekspliseer | werkwoord | die betekenis van iets uitlig deur dit eksplisiet te stel sodat almal verstaan wat bedoel word | Die advokaat het die beskuldigde gevra om te ekspliseer. |
| explicate | verb | to make clear, explicit and comprehensible | You have to explicate the rationale for the study. | uiteensit | werkwoord | duidelik, eksplisiet en verstaanbaar maak | Jy moet die rede vir die studie uiteensit. |
| explication | noun | elucidating explanation | Explication is needed when explaining imagery in a poem. | eksplisering | naamwoord | toeligtende verduideliking | Eksplisering is nodig wanneer beelde in ’n gedig verklaar word. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| explicit | adjective | precisely and clearly expressed with no attempts to hide anything | The director gave explicit reasons for dismissing the project leader. | duidelik | byvoeglike naamwoord | presies en duidelik uiteengesit sonder enige poging om iets weg te steek | Die direkteur het duidelike redes verstrek waarom die projekbestuurder ontslaan is. |
| explicit | adjective | precisely and clearly expressed with no attempts to hide anything | In their planning documents employers must give explicit indications of how they intend implementing the new policy. | eksplisiet | byvoeglike naamwoord | presies en duidelik uitgedruk sonder enige poging om iets weg te steek | In hul beplanningsdokumente moet werkgewers eksplisiet aandui hoe hulle van plan is om die nuwe beleid te implementeer. |
| explicit | adjective | stated or shown clearly and in detail | Viewers are warned against explicit language and scenes. | eksplisiet | byvoeglike naamwoord | duidelik en uitvoerig gestel of vertoon | Kykers word gewaarsku teen eksplisiete taal en tonele. |
| exploit | verb | to use or manipulate to one’s advantage | Traders on the stock exchange exploited the weak rand to make money. | uitbuit | werkwoord | tot jou voordeel gebruik of manipuleer | Handelaars op die aandelebeurs het die swak rand uitgebuit om geld te maak. |
| exploit | verb | to treat someone unfairly, e.g. to use their work or ideas without giving them credit in order to get money or advantage for yourself | She felt that the tragedy was exploited by the media. | uitbuit | werkwoord | iemand onregverdig behandel, bv. om sonder erkenning sy of haar werk of idees te gebruik om geld of voordeel vir jouself te kry | Sy het gevoel dat die tragedie deur die media uitgebuit word. |
| exponent | noun | a person who supports or explains an idea, plan, theory or belief and tries to persuade others that it is useful or good | The professor is a leading exponent of herbal medicine. | eksponent | naamwoord | ’n persoon wat ’n idee, plan, teorie of oortuiging ondersteun of verduidelik, en ander probeer oortuig dat dit nuttig of goed is | Die professor is ’n toonaangewende eksponent van kruiegeneeskunde. |
| export | noun | the sale of products or materials to another country | Profits from the export of alcohol are heavily taxed. | uitvoer | naamwoord | die verkoop van produkte of stowwe aan ’n ander land | Winste op die uitvoer van alkohol word swaar belas. |
| export | noun | something that is sold to another country | Wine is an important export for South Africa. | uitvoerproduk | naamwoord | iets wat aan ’n ander land verkoop word | Wyn is ’n belangrike uitvoerproduk vir Suid-Afrika. |
| export | verb | send something to another country or sell something abroad | South Africa exports wine to the rest of the world. | uitvoer | werkwoord | iets na ’n ander land stuur of iets in die buiteland verkoop | Suid-Afrika voer wyn na die res van die wêreld uit. |
| export | verb | to introduce something such as an activity or idea to another country | German ideas on education have been exported to rural Africa. | uitvoer | werkwoord | iets soos ’n aktiwiteit of idee in ’n ander land bekend stel | Duitse idees oor onderwys is na landelike Afrika uitgevoer. |
| expose | verb | to show or make visible | An independent audit of the entire civil service in the province has exposed a lack of even basic management skills. | blootlê | werkwoord | wys of sigbaar maak | ’n Onafhanklike oudit van die hele staatsdiens in die provinsie het ’n gebrek aan selfs basiese bestuursvaardighede blootgelê. |
| extensive | adjective | large in amount, degree or size | His extensive research requires extra funding. | uitgebrei | byvoeglike naamwoord | groot in hoeveelheid, graad of grootte | Sy uitgebreide navorsing verg ekstra finansiering. |
| extensive | adjective | including a lot of information and details | The accident received extensive coverage from the media. | uitgebrei | byvoeglike naamwoord | wat baie inligting en besonderhede bevat | Die ongeluk het uitgebreide dekking in die media gekry. |
| external | adjective | on the outside | The external pressure must be higher than the internal pressure for the expansion to take place. | ekstern | byvoeglike naamwoord | aan die buitekant | Die eksterne druk moet hoër wees as die interne druk om die uitsetting te laat plaasvind. |
| extract | noun | substance that has been obtained from another substance by means of a particular process. | Almond extract gives rice pudding a lovely flavour. | ekstrak | naamwoord | stof wat deur middel van ’n spesifieke proses uit ’n ander stof verkry is | Amandel-ekstrak gee ’n heerlike geur aan ryspoeding. |
| extract | verb | to obtain something from something else, using a chemical or industrial process or machine | Iron is extracted from iron ore. | onttrek | werkwoord | iets van iets anders verkry deur ’n chemiese of industriële proses of masjien te gebruik | Yster word uit ystererts onttrek. |
| extract | verb | to remove, usually with some force or effort | The broken piece was extracted from the machine using pliers. | uittrek | werkwoord | iets verwyder, gewoonlik met ’n mate van krag of inspanning | Die gebreekte stuk is met ’n tang uit die masjien getrek. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| extract | verb | to take a short piece of writing or information from a book etc. | If you extract a section from a text and insert it verbatim into your own assignment, you place it between quotation marks with the source reference in brackets. | uitlig | werkwoord | ’n kort stukkie teks of inligting uit ’n boek ens. neem | As jy ’n gedeelte uit ’n teks lig en woordeliks in jou eie opdrag invoeg, plaas jy dit tussen aanhalingstekens met die bronverwysing tussen hakies. |
| extract | noun | a small part of a book, piece of music, etc. which is printed or published on its own | This extract from the novel shows how poor children can be exploited in cities. | uittreksel | naamwoord | kort gedeelte van ’n boek, musiekstuk of dergelike wat apart verskyn | Die uittreksel uit die roman wys hoe arm kinders in stede uitgebuit kan word. |
| facilitate | verb | to make something easier or allow it to happen | The university is serious about facilitating access for economically disadvantaged students. | fasiliteer | werkwoord | iets makliker maak of laat gebeur | Die universiteit is ernstig daaroor om toegang vir ekonomies benadeelde studente te fasiliteer. |
| facilitate | verb | to make something easier in order to reach a specific goal | He set up a players committee to facilitate better communication between players and management. | fasiliteer | werkwoord | iets makliker maak om ’n bepaalde doel te bereik | Hy het ’n spelerskomitee op die been gebring om beter kommunikasie tussen die spelers en bestuur te fasiliteer. |
| facilitation | adjective | process of facilitation | District municipalities have a crucial role to play in economic development, planning and facilitation. | fasilitering | byvoeglike naamwoord | proses van fasilitering | Distriksmunisipaliteite het ’n deurslaggewende rol te speel in ekonomiese ontwikkeling, beplanning en fasilitering. |
| facilitation | noun | making a process easier | Her facilitation is so good that all beginner speakers participate in the conversation classes with ease. | fasilitering | naamwoord | die vergemakliking van ’n proses | Haar fasilitering is so goed dat alle beginnersprekers met gemak aan die gespreksklasse deelneem. |
| facilitator | noun | someone who makes a process easier | She is a competent facilitator who knows exactly how to make the beginner speakers feel at ease and lets them speak with enough confidence. | fasiliteerder | naamwoord | iemand wat ’n proses makliker laat verloop | Sy is ’n bekwame fasiliteerder wat presies weet hoe om die beginnersprekers op hul gemak te laat voel en hulle met genoeg selfvertroue laat praat. |
| fact | noun | something that can be proven | It is a fact that the earth rotates around the sun every 24 hours. | feit | naamwoord | iets wat bewys kan word | Dit is ’n feit dat die aarde elke 24 uur om die son draai. |
| fact | noun | information used as evidence in an argument, publication or report | The scientist systematically sets out the facts in his argument. | feit | naamwoord | inligting wat as bewysstuk in ’n argument, publikasie of verslag gebruik word | Die wetenskaplike sit die feite stelselmatig in sy argument uiteen. |
| faction | noun | a small group within a larger group, which has opposing ideas to the main part of the group | The rival factions in the political party cannot reach an agreement. | faksie | naamwoord | ’n klein groep binne ’n groter groep wie se idees van dié van die groter groep verskil | Die mededingende faksies in die politieke party kan nie tot ’n vergelyk kom nie. |
| factor | noun | anything that contributes causally to a result | Education is a key factor in raising awareness of health issues in a population. | faktor | naamwoord | enigiets wat oorsaaklik tot ’n resultaat bydra | Onderwys is ’n belangrike faktor in die bewusmaking van gesondheidskwessies in ’n bevolking. |
| factor | noun | fact or circumstance contributing to a result | Discuss all the factors that lead to global warming. | faktor | naamwoord | feit of omstandigheid wat tot ’n resultaat bydra | Bespreek al die faktore wat tot aardverwarming lei. |
| factor in | verb | to include in your calculations on how much something will cost, how long it will take, etc. | She forgot to factor in the painter’s wages when she estimated how much painting the house would cost. | byreken | werkwoord | in jou berekeninge opneem oor hoeveel iets sal kos, hoe lank dit sal duur, ens. | Sy het vergeet om die verwer se loon by te reken in haar beraming oor hoeveel dit sal kos om die huis te verf. |
| factual | adjective | based on or containing facts | An argument without a factual basis is just a set of opinions. | feitelik | byvoeglike naamwoord | wat op feite gebaseer is of wat feite bevat | ’n Argument sonder ’n feitelike basis is net ’n stel opinies. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| factual | adjective | based on or containing facts | An argument is usually supported by factual information. | feitelike | byvoeglike naamwoord | wat op feite gebaseer is of wat feite bevat | ’n Argument word gewoonlik deur feitelike inligting ondersteun. |
| fallacy | noun | a false or mistaken idea or belief, based on incorrect information or faulty reasoning, which many people believe to be true | It is a fallacy that the Scots are stingy, in fact, they give more to charity than any other group in the British Isles. | dwaling | naamwoord | ’n valse of verkeerde idee of oortuiging, gebaseer op verkeerde inligting of foutiewe redenasies, wat baie mense dalk glo, waar is | Dit is ’n dwaling dat die Skotte suinig is, in der waarheid dra hulle, van al die groepe op die Britse Eilande, die meeste tot liefdadigheid by. |
| fallacy | noun | a weakness in someone’s argument caused by faulty logic or a mistake in their reasoning | The fallacy contained in their argument is that they have made generalisations on the basis of too few examples. | dwaling | naamwoord | ’n swak plek in iemand se argument wat aan foutiewe logika of ’n redenasiefout te wyte is | Die dwaling in hul argument is dat hulle veralgemeen het op grond van te min voorbeelde. |
| feasible | adjective | that can be done and is likely to work | Using two languages as media of instruction is feasible. | haalbaar | byvoeglike naamwoord | wat gedoen kan word en waarskynlik sal werk | Die gebruik van twee tale as onderrigmedium is haalbaar. |
| feature | noun | an important, interesting or typical aspect of something | Describe the characteristic features of an earthquake. | eienskap | naamwoord | ’n belangrike, interessante of tipiese aspek van iets | Beskryf die kenmerkende eienskappe van ’n aardbewing. |
| feature | noun | a special article on a particular subject in a magazine, newspaper, etc. | The newspaper has a special feature on the writer who won the award. | glansartikel | naamwoord | ’n spesiale artikel oor ’n bepaalde onderwerp in ’n tydskrif, koerant, ens. | Die koerant het ’n spesiale artikel oor die skrywer wat die toekenning ontvang het. |
| feature | verb | to have an important part in or to be included | The conference will feature the dean as one of the plenary speakers. | spog met | werkwoord | iemand of iets spesiaals insluit of in ’n belangrike rol hê | Die kongres spog met die dekaan as een van die hoofsprekers. |
| feigned | adjective | what is pretended | Your feigned facts are no more than personal assumptions. | kamtig | byvoeglike naamwoord | wat voorgegee word | Jou kamtige feite is niks meer as persoonlike aannames nie. |
| fertile | adjective | if an environment or situation is fertile, then new ideas, results, political groups, etc. are encouraged and can easily develop and succeed | Poorer regions are a fertile breeding ground for revolution. | vrugbaar | byvoeglike naamwoord | as ’n omgewing vrugbaar is, word nuwe idees, resultate, politieke groepe, ens. aangemoedig en kan dit maklik ontwikkel en slaag | Arm streke is ’n vrugbare teelaarde vir revolusie. |
| fertile | adjective | full of new, interesting and unusual ideas | The new lecturer's fruitful thinking will make valuable contributions to research. | vrugbaar | byvoeglike naamwoord | vol nuwe, interessante en ongewone idees | Die nuwe dosent se vrugbare denke sal waardevolle bydraes tot navorsing lewer. |
| field | noun | sphere of study | Stephen Hawking, the British theoretical physicist, was a famous expert in the field of theoretical cosmology. | gebied | naamwoord | gebied van studie | Stephen Hawking, die Britse teoretiese fisikus, was ’n beroemde deskundige op die gebied van teoretiese kosmologie. |
| figurative | adjective | use in a way that differs from the usual, normal or basic meaning | Figurative language (imagery) is often found in literature, because poets think figuratively rather than literally. | figuurlik | byvoeglike naamwoord | gebruik op ’n manier wat van die gewone, normale of basiese betekenis verskil | Figuurlike taal (beeldspraak) word dikwels in die letterkunde aangetref, omdat digters figuurlik eerder as letterlik dink. |
| figure | verb | to play a role in a process or situation | How does the current electricity crisis figure in the foreign investment policy? | figureer | werkwoord | ’n rol in ’n proses of situasie speel | Hoe figureer die huidige elektrisiteitskrisis in die beleid ten opsigte van buitelandse beleggings? |
| figure | noun | a person's bodily shape | My father’s burly figure suddenly appears in the door. | figuur | naamwoord | die vorm van iemand se liggaam | My pa se fors figuur verskyn skielik in die deur. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| figure of speech | noun | word usage that aims to achieve an effect, e.g. irony, metaphor, hyperbole, euphemism or satire | Imagery is a figure of speech often found in poetry. | stylfiguur | naamwoord | woordgebruik wat ten doel het om ’n bepaalde effek te bewerkstellig, bv. ironie, metafoor, hiperbool, eufemisme of satire | Beeldspraak is ’n stylfiguur wat dikwels in poësie voorkom. |
| final | adjective | the last | The decision of the disciplinary committee is final, and no further discussion will be held on the issue. | finaal | byvoeglike naamwoord | die laaste | Die besluit van die tugkomitee is finaal en daar sal geen verdere bespreking oor die kwessie gevoer word nie. |
| finalisation | noun | completion or final draft of something | The finalisation of a dissertation requires nerves of steel because there is so much detail to be finally checked. | finalisering | naamwoord | voltooiing of finale konsep van iets | Die finalisering van ’n proefskrif benodig senuwees van staal omdat daar soveel besonderhede is wat uiteindelik nagegaan moet word. |
| finalise | verb | produce a final version | My roommate has two days left to finalise her paper with source references and a bibliography. | afhandel | werkwoord | ’n finale weergawe produseer | My kamermaat het twee dae oor om haar werkstuk met bronverwysings en ’n bibliografie af te handel. |
| finality | noun | the fact of being finished | We are still in the process of negotiations, but it seems we are getting to the stage where we will reach finality. | finaliteit | naamwoord | die toestand van afgehandel te wees | Ons is nog besig om te onderhandel, maar dit lyk asof ons in die stadium is waar ons finaliteit gaan bereik. |
| finance | verb | to provide the money, often a large amount, that is needed to pay for something | She worked full-time to finance her husband’s university education. | finansier | werkwoord | die geld, dikwels ’n groot bedrag, voorsien wat nodig is om vir iets te betaal | Sy het voltyds gewerk om haar man se universiteitsopleiding te finansier. |
| finance | noun | the money that a person or organisation has available and the way in which they manage this money | Experts from large companies provide information on a range of topics, such as finance, investments and insurance, from which business people can benefit. | finansies | naamwoord | die geld wat ’n persoon of organisasie beskikbaar het en die manier waarop hierdie geld bestuur word | Kundiges van groot maatskappye verskaf inligting oor ’n verskeidenheid onderwerpe, soos finansies, beleggings en versekering, waarby sakelui baat kan vind |
| finance | noun | the commercial activity of providing funds and capital | The balance of the required finance will be provided by the bank. | finansiering | naamwoord | die kommersiële aktiwiteit om fondse en kapitaal te verskaf | Die balans van die vereiste finansiering sal deur die bank voorsien word. |
| finite | adjective | with a definite limit or fixed size | There is a finite number of energy resources from which to generate electricity. | beperk | byvoeglike naamwoord | met ’n definitiewe beperking of vaste grootte | Daar is ’n beperkte aantal energiebronne vir die opwekking van elektrisiteit. |
| fit | verb | meet expectations or meet a goal | Good writers always try to choose words that fit within the theme of their text. | pas | werkwoord | aan verwagtinge voldoen of aan ’n doel beantwoord | Goeie skrywers probeer altyd woorde kies wat binne die tema van hul teks pas. |
| flexible | adjective | able to adjust to different conditions | The company is looking for someone who can work flexible hours. | buigsaam | byvoeglike naamwoord | in staat om by verskillende toestande aan te pas | Die maatskappy soek na iemand wat buigsame kan werk. |
| fluctuate | verb | move in a rising and falling pattern | The device malfunctioned due to fluctuations in the electrical current. | fluktueer | werkwoord | in ’n stygende en dalende patroon beweeg | Die toestel het onklaar geraak weens die fluktuerende elektriese stroom. |
| fluctuate | verb | keep rising and falling | There are many students whose marks fluctuate significantly within the same subject. | wissel | werkwoord | aanhou styg en daal | Daar is baie studente wie se punte vir dieselfde vak aansienlik wissel. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| fluctuating | adjective | going up and down | The fluctuating nature of the motor car industry often results in the employment of poorly qualified persons. | wisselend | byvoeglike naamwoord | wat op en af gaan | Die wisselende aard van die motorbedryf lei dikwels tot die indiensneming van swak gekwalifiseerde persone. |
| fluctuation | noun | change in a level, price or amount | The fluctuation in the motor car industry often results in the employment of poorly qualified persons. | fluktuering | naamwoord | verandering in ’n vlak, prys of bedrag | Die fluktuering in die motorbedryf lei dikwels tot die indiensneming van swak gekwalifiseerde persone. |
| fluent | adjective | able to speak or write a language correctly and easily without hesitation | She is fluent in Spanish. | vlot | byvoeglike naamwoord | wat sonder huiwering ’n taal korrek en maklik kan praat of skryf | Sy is vlot in Spaans. |
| fluid | adjective | not fixed and likely to change | Although the two institutions have merged, the arrangement is still fluid. | vloeibaar | byvoeglike naamwoord | nie vasgestel nie en wat waarskynlik sal verander | Hoewel die twee instellings saamgesmelt het, is die reëling steeds vloeibaar. |
| focus | noun | the subject or situation that is the centre of interest or attention | The main focus of the course is social anthropology. | fokus | naamwoord | die onderwerp of situasie wat die middelpunt van belangstelling of aandag is | Die belangrikste fokus van die kursus is sosiale antropologie. |
| focus | noun | special attention to a particular subject or situation | The media’s focus on primary health care has raised awareness. | fokus | naamwoord | spesiale aandag aan ’n spesifieke onderwerp of situasie | Die media se fokus op primêre gesondheidsorg het die bewustheid verhoog. |
| focus | noun | the clear purpose of something | His essay lacks focus. | fokus | naamwoord | die duidelike doel van iets | Sy opstel het geen fokus nie. |
| focus | verb | to concentrate on or pay special attention to a particular person or thing instead of other people or things | She focuses all her energy on completing her dissertation. | fokus | werkwoord | konsentreer op of spesiale aandag skenk aan ’n bepaalde persoon of ding in plaas van ander mense of dinge | Sy fokus al haar energie op die voltooiing van haar proefskrif. |
| focus | verb | to pay particular attention to something | Focus on the consequences of littering. | fokus | werkwoord | besondere aandag aan iets gee | Fokus op die gevolge van rommelstrooiing. |
| focus | verb | to concentrate on something | You need to think carefully about exactly what you want to focus on in your research. | fokus | werkwoord | op iets konsentreer | Jy moet goed nadink oor presies waarop jy in jou navorsing wil fokus. |
| focused | adjective | directing attention, interest or activity towards something specific | Focused study is only possible if you strike a balance between study and socialisation. | gefokus | byvoeglike naamwoord | wat aandag, belangstelling of aktiwiteit op iets spesifieks rig | Gefokusde studie is slegs moontlik as jy ’n balans vind tussen studie en sosialisering. |
| focus group | noun | a number of respondents whose opinions about a product are obtained in the context of marketing through qualitative research (e.g., conversations and questionnaires) | After this focus group discussion, Tertia’s qualitative investigation will be completed and she will be finalising the results of her study. | fokusgroep | naamwoord | aantal respondente wie se menings oor ’n produk verkry word in die konteks van bemarking deur kwalitatiewe navorsing (bv. gesprekke en vraelyste) | Ná hierdie fokusgroepbespreking sal Tertia se kwalitatiewe ondersoek afgehandel wees en sal sy die resultate van haar studie finaliseer. |
| follow from | verb | to arise from something | His violent behaviour does not logically follow from his peace speech the day before. | volg uit | woordgroep | uit iets voortvloei | Sy gewelddadige gedrag volg nie logies uit sy vredestoespraak van die vorige dag nie. |
| follow upon | verb | to come directly after something in time | In his lecture, theory and example systematically follow upon one another. | volg op | woordgroep | in tyd direk op iets volg | In sy lesing volg teorie en voorbeeld stelselmatig op mekaar. |
| follow upon | verb | appear in logical order | The author of an academic article must make sure that his arguments follow upon one another in a logical way. | volg op | woordgroep | logies aansluit by | Die outeur van ’n akademiese artikel moet seker maak dat sy argumente op ’n logiese manier op mekaar volg. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| forgo | verb | to give something up or to decide not to have something | The student volunteers forgo their summer holidays to do development work. | prysgee | werkwoord | iets opgee of besluit om iets nie te hê nie | Die studentevrywilligers gee hul somervakansie prys om ontwikkelingswerk te doen. |
| format | noun | the layout and appearance of a document or display | The format of the two textbooks is completely different. | formaat | naamwoord | die uitleg en voorkoms van ’n dokument of vertoon | Die formaat van die twee handboeke is heeltemal verskillend. |
| format | verb | to arrange a text and visual elements in a specific way on a page or screen | All assignments have to be formatted according to the prescribed style sheet. | formateer | werkwoord | teks en visuele elemente op ’n spesifieke manier op ’n bladsy of skerm rangskik | Alle opdragte moet volgens die voorgeskrewe stylblad geformateer word. |
| format | noun | the organisation, plan or design of something | The celebrations take place in the format of a carnival. | vorm | naamwoord | die organisasie, plan of ontwerp van iets | Die vieringe vind plaas in die vorm van ’n karnaval. |
| formula | noun | a particular method of achieving something | The formula for success is hard work. | formule | naamwoord | ’n bepaalde metode om iets te bereik | Die formule vir sukses is harde werk. |
| formulate | verb | to invent and plan all the details of a proposal or project | The commission was tasked with formulating a monetary policy. | opstel | werkwoord | al die besonderhede van ’n voorstel of projek uitdink en beplan | Die kommissie het opdrag gekry om ’n monetêre beleid op te stel. |
| formulate | verb | to use particular words to clearly express your opinions, feelings or ideas | They formulated their ideas in carefully crafted prose. | formuleer | werkwoord | bepaalde woorde gebruik om jou menings, gevoelens of idees duidelik uit te druk | Hulle het hul idees geformuleer in noukeurig geslypte prosa. |
| formulate | verb | to express something in a logical way | In the final draft of your paper you have to formulate clearly and concisely. | formuleer | werkwoord | iets op ’n logiese manier uitdruk | In die finale weergawe van jou werkstuk moet jy duidelik en bondig formuleer. |
| formulation | noun | the way in which something is formulated or expressed | The student who takes good care of her language uses clear and concise formulation. | formulering | naamwoord | die manier waarop iets geformuleer of uitgedruk word | Die student wat haar taal goed versorg, gebruik duidelike en bondige formulering. |
| forthcoming | adjective | going to happen or appear | I am looking forward to the forthcoming rugby season. | komend | byvoeglike naamwoord | wat gaan gebeur of verskyn | Ek sien uit na die komende rugbyseisoen. |
| forthcoming | adjective | willing to give information about something | She was forthcoming in her response to the allegations. | tegemoetkomend | byvoeglike naamwoord | bereid om inligting oor iets te gee | Sy was tegemoetkomend in haar reaksie op die aantygings. |
| found | verb | to base something on something else | Geology is an applied science founded on the careful observation of the natural world coupled with the application of physical, chemical and biological concepts to explain earth processes. | grond | werkwoord | iets op iets anders baseer | Geologie is 'n toegepaste wetenskap wat gegrond is op noukeurige waarneming van die natuurlike wêreld, tesame met die toepassing van fisiese, chemiese en biologiese konsepte om aardprosesse te verklaar. |
| foundation | noun | something basic or important on which something else is based | Lecturers often complain that students’ writing lacks a solid theoretical foundation on which their ideas are based. | grondslag | naamwoord | iets basies of belangrik waarop iets anders gebaseer is | Dosente kla dikwels dat studente se skryfwerk nie ’n stewige teoretiese grondslag het waarop hul idees gebaseer is nie. |
| foundation | noun | the basics or principles on which future work or actions are built | The study provides a solid foundation for further research. | basis | naamwoord | die basiese beginsels waarop toekomstige werk of optrede gegrond word | Die studie bied ’n stewige basis vir verdere navorsing. |
| framework | noun | supporting structure underlying a theory, concept or subject | I place my research within the framework of eco-criticism. | raamwerk | naamwoord | ondersteunende struktuur onderliggend aan ’n teorie, konsep of onderwerp | Ek plaas my navorsing binne die raamwerk van ekokritiek. |
| framework | noun | a set of ideas, beliefs or principles forming the basis for understanding something | The textbook provides a general framework for understanding biology. | raamwerk | naamwoord | ’n stel idees, oortuigings of beginsels wat die basis vorm om iets te verstaan | Die handboek bied ’n algemene raamwerk vir die verstaan van biologie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| framework | noun | overarching structure | The successful lecturer plans each lecture within the framework of her course objectives. | raamwerk | naamwoord | oorkoepelende struktuur | Die suksesvolle dosent beplan elke lesing binne die raamwerk van haar kursusdoelstellings. |
| frontier | noun | the extreme limit of what is known about something in a particular field | If this research project is successful, our frontiers of knowledge will be pushed back. | grens | naamwoord | die uiterste limiet van wat bekend is oor iets in ’n bepaalde veld | As hierdie navorsingsprojek suksesvol is, sal dit die grense van ons kennis verskuif. |
| fuel | verb | increase the amount or intensity of something | His resignation will fuel speculation that the whole company was involved in the theft of the money. | aanblaas | werkwoord | die hoeveelheid of intensiteit van iets verhoog | Sy bedanking sal spekulasie aanblaas dat die hele maatskappy by die diefstal van die geld betrokke was. |
| fulfil | verb | to achieve a required or necessary official standard of something | She has fulfilled all the requirements for the programme and will graduate in September. | voldoen aan | werkwoord | ’n vereiste of noodsaaklike amptelike standaard van iets bereik | Sy het aan al die vereistes vir die program voldoen en sal in September graad kry. |
| function | noun | what something is used for | Internet banks can perform the functions of traditional banks at half the price. | funksie | naamwoord | waarvoor iets gebruik word | Internetbanke kan die funksies van tradisionele banke teen die helfte van die prys verrig. |
| function | noun | the purpose that something has | The function of the introduction is to provide a brief summary of the article as a whole. | doel | naamwoord | die oogmerk wat iets het | Die doel van die inleiding is om ’n kort opsomming van die artikel as geheel te gee. |
| function | verb | to do the work or to fulfil the purpose that you or a particular thing is supposed to do or fulfil | The building’s water supply has been reconnected and it is functioning as normal. | funksioneer | werkwoord | die werk doen of die doel vervul wat jy of ’n bepaalde ding veronderstel is om te doen of te vervul | Die gebou se watertoevoer is weer gekoppel en dit funksioneer normaalweg. |
| function | verb | to work in ’n specific way | Many words in a language function as more than one part of speech, as determined by context. | funksioneer | werkwoord | op ’n spesifieke manier werk | Baie woorde in ’n taal funksioneer as meer as een woordsoort, soos bepaal deur die konteks. |
| functional | adjective | being of practical use | The use of appropriate punctuation is functional in academic essays. | funksioneel | byvoeglike naamwoord | wat van praktiese waarde is | Die gebruik van toepaslike leestekens is funksioneel in akademiese opstelle. |
| functionality | noun | one or all of the operations that something is able to perform | You can do so much with the phone’s GPS system that it takes functionality to a whole new level. | funksionaliteit | naamwoord | een of al die bewerkings wat iets kan uitvoer | ’n Mens kan so baie dinge met die foon se GPS-stelsel doen dat dit funksionaliteit na ’n heel nuwe vlak neem. |
| function as | verb | to be something or work as something | Pretoria functions as the administrative capital of South Africa. | funksioneer as | werkwoord | iets wees of as iets werk | Pretoria funksioneer as die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika. |
| fundamental | adjective | absolutely necessary and important as a part of something, to the point that the second thing cannot exist or succeed without it | Agriculture is fundamental to the economy of the country. | fundamenteel | byvoeglike naamwoord | absoluut noodsaaklik en belangrik as deel van iets, tot die punt dat die tweede ding nie sonder die eerste kan bestaan of slaag nie | Landbou is fundamenteel vir die ekonomie van die land. |
| fundamental | adjective | forming the necessary basis of something | The concept of justice is fundamental to his theory. | fundamenteel | byvoeglike naamwoord | die nodige basis van iets vorm | Die konsep van geregtigheid is fundamenteel tot sy teorie. |
| fundamental | adjective | in a rudimentary way | There are sometimes fundamental differences between the ideological desires of a government on the one hand and the national interest on the other. | fundamenteel | byvoeglike naamwoord | wat die grondslag of basis van iets betref | Daar bestaan soms fundamentele verskille tussen die ideologiese begeertes van ’n regering aan die een kant en die landsbelang aan die ander kant. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| fuse | verb | to join two or more so that they become one thing | The kwaito group has fused symphonic sounds into their music. | saamvoeg | werkwoord | twee of meer dinge verbind sodat hulle een ding word | Die kwaito-groep het simfoniese klanke met hul musiek saamgevoeg. |
| fuse | verb | to join together different ideas, qualities or things, especially so that you can form a pleasing combination or whole | What separates her from her peers is her ability to fuse education and entertainment into what she calls edutainment. | versmelt | werkwoord | verskillende idees, eienskappe of dinge saamvoeg, veral om ’n aangename kombinasie of geheel te verkry | Wat haar van haar eweknieë onderskei, is haar vermoë om onderwys en vermaak te laat versmelt tot wat sy opvoedvermaak noem. |
| gauge | verb | check measuring instruments or weights and then place an official stamp or mark on it | This scale has not been gauged and therefore you cannot be sure if you bought exactly one kilogram of meat. | yk | werkwoord | meetinstrumente of gewigte nagaan en dan ’n amptelike stempel of merk daarop plaas | Hierdie skaal is nie geyk nie en dus kan jy nie seker wees of jy presies ’n kilogram vleis gekoop het nie. |
| gender | noun | the properties distinguishing male and female roles | Employers may not discriminate against employees based on gender. | geslag | naamwoord | die eienskappe wat manlike en vroulike rolle onderskei | Werkgewers mag nie op grond van geslag teen werknemers diskrimineer nie. |
| generate | verb | to create or bring into existence | The workshops will use problem solving to generate new ideas. | genereer | werkwoord | skep of tot stand bring | Die werksessies sal probleemoplossing gebruik om nuwe idees te genereer. |
| generic | adjective | not specific | If one plans a language acquisition course for students from different disciplines, the text content will be generic, as creating subject-specific texts for each subject is practically impossible. | generies | byvoeglike naamwoord | nie spesifiek nie | Wanneer ’n mens ’n taalverwerwingskursus beplan vir studente uit verskillende vakgebiede, sal die teksinhoud generies wees, aangesien die skep van vakspesifieke tekste vir elke vak prakties onmoontlik is. |
| genre | noun | subdivision of any art, with a distinctive own approach, design and (or) subject – used mainly within the three major categories of literary art, namely prose, poetry and drama | He focused mainly on two genres: the literary essay and pastoral poetry. | genre | naamwoord | vertakking van enige kuns met ’n kenmerkende, eie benadering, ontwerp en (of) onderwerp – hoofsaaklik by die drie hoofkategorieë van literêre kuns, naamlik prosa, poësie en drama | Hy het veral op twee genres gefokus: die literêre opstel en landskapskildering. |
| germ | noun | the beginning or early stage of something, like an idea, from which that thing can develop into a bigger or more important thing | The germ of his theory, developed much later, can already be seen in his first book. | kiem | naamwoord | die begin- of vroeë stadium van iets, soos ’n idee, waaruit daardie ding tot ’n groter of belangriker ding kan ontwikkel | Die kiem van sy teorie, wat heelwat later ontwikkel is, kan reeds in sy eerste boek gesien word. |
| globe | noun | a more or less round object | The trees were clipped into globes. | bol | naamwoord | ’n min of meer ronde voorwerp | Die bome is tot bolle gesnoei. |
| gloss | verb | provide explanatory notes for subject-specific words or phrases | Some authors gloss their textbooks so that students can look up the meaning of technical terms. | glosseer | werkwoord | vir vakspesifieke woorde of frases verklarende notas verskaf | Sommige skrywers glosseer hul handboeke sodat studente die betekenis van tegniese terme kan naslaan. |
| glossary | noun | alphabetical list of words with explanations, as in some textbooks | Some textbooks contain a glossary that explains the meaning of difficult technical terms. | glossarium | naamwoord | alfabetiese lys woorde met verduidelikings, soos in party handboeke | Sommige handboeke bevat ’n glossarium wat die betekenis van moeilike tegniese terme verklaar. |
| goal | noun | that which a plan is intended to achieve, which will usually require effort and time | The goal of her medical studies is to become a successful pediatrician. | doel | naamwoord | dit wat ’n plan bedoel is om te bereik, wat gewoonlik moeite en tyd verg | Die doel van haar mediese studies is om ’n suksesvolle pediater te word. |
| goal | noun | that which a plan is intended to achieve, which will usually require effort and time | Any goal could be achieved if people didn’t allow themselves to get side-tracked. | doelwit | naamwoord | dit wat ’n plan bedoel is om te bereik, wat gewoonlik moeite en tyd verg | Enige doelwit kan bereik word as mense nie toelaat dat hulle aandag afgelei word nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| grade | noun | the level or quality of a particular product or material | The coal mined in that area is usually of the highest grade. | graad | naamwoord | die vlak of gehalte van ’n besondere produk of materiaal | Die steenkool wat in daardie gebied ontgin word, is gewoonlik van die hoogste graad. |
| grade | noun | a particular quality, level, value, etc. | All the farmer’s pears are first grade and are marketed overseas. | graad | naamwoord | ’n bepaalde kwaliteit, vlak, waarde, ens. | Al die boer se pere is eerste graad en word oorsee bemark. |
| grade | verb | to award a mark or a position on a scale to indicate intensity, amount or quality | The hotel, which boasts a sea view and draws many international guests, has been graded a three-star hotel. | gradeer | werkwoord | ’n punt of plek op ’n skaal toeken om intensiteit, hoeveelheid of gehalte aan te dui | Die hotel, wat met ’n see-uitsig spog en baie internasionale gaste lok, is as ’n drie-ster-hotel gegradeer. |
| grade | verb | sort by type and quality | The postgraduate student in Agriculture had to grade different pear types according to their taste and appearance. | gradeer | werkwoord | volgens soort en gehalte sorteer | Die nagraadse student in Landbou moes verskillende peersoorte volgens hul smaak en voorkoms gradeer. |
| grade | verb | to put things or people into categories according to their qualities or abilities | The artifacts discovered during the excavation were graded according to size, colour and shape. | klassifiseer | werkwoord | dinge of mense in kategorieë plaas volgens hul kwaliteite of vermoëns | Die artefakte wat tydens die opgrawing gevind is, is volgens grootte, kleur en vorm geklassifiseer. |
| graduand | noun | someone who is going to receive or received an academic degree | All graduands wear gowns during graduation. | graduandus | naamwoord | iemand wat ’n akademiese graad gaan ontvang | Alle graduandi dra togas gedurende die gradeplegtigheid. |
| graduate | verb | to receive a degree | My five best friends graduate at the end of this year from the University of Stellenbosch. | gradueer | werkwoord | ’n graad ontvang | My vyf beste vriende gradueer einde vanjaar aan die Universiteit van Stellenbosch. |
| graduate | noun | someone who received an academic degree | I would like to advise graduates to be patient while looking for a job. | gegradueerde | naamwoord | iemand wat ’n akademiese graad verwerf het | Ek wil gegradueerdes aanraai om geduldig te wees terwyl hulle werk soek. |
| graduated | adjective | somebody who has obtained a degree | My graduated son is without a job despite his degree. | gegradueer | byvoeglike naamwoord | iemand wat ’n graad verwerf het | My gegradueerde seun is ondanks sy graad sonder werk. |
| grant | verb | to allow someone to have something, such as giving someone permission to do something | The students were granted permission to use the parking lot for their fundraising concert. | verleen | werkwoord | iemand iets toelaat, soos aan iemand toestemming gee om iets te doen | Daar is aan die studente toestemming verleen om die parkeerterrein vir hul fondsinsamelingskonsert te gebruik. |
| grant | verb | to accept or admit that someone’s opinion, belief or idea is true, even if it is unpleasant or will not necessarily make a difference to your own beliefs or ideas | It is granted that he was a good researcher, but his teaching abilities left much to be desired. | toegee | werkwoord | aanvaar of erken dat iemand se mening, oortuiging of idees waar is, selfs al is dit onaangenaam of al sal dit nie noodwendig ’n verskil aan jou eie oortuigings of idees maak nie | Daar word toegegee dat hy ’n goeie navorser was, maar sy onderrigvermoë het veel te wense oorgelaat. |
| grant | noun | amount of money given to complete a project | He was awarded a research grant to help him complete his Master’s dissertation. | toelaag | naamwoord | bedrag geld gegee om ’n projek te voltooi | ’n Toelaag vir navorsing is aan hom toegeken om hom te help om sy magisterverhandeling te voltooi. |
| gravity | noun | the extreme seriousness or importance of an event or situation | The Prime Minister of Pakistan emphasised the gravity of the civil unrest in India. | erns | naamwoord | die uiterste erns of belangrikheid van ’n gebeurtenis of situasie | Die premier van Pakistan het die erns van die burgerlike onrus in Indië beklemtoon. |
| gravity | noun | the extremely serious way in which someone speaks or behaves | The Vice Chancellor’s speeches have always been characterised by gravity. | gewigtigheid | naamwoord | die uiters ernstige manier waarop iemand praat of optree | Gewigtigheid was nog altyd ’n kenmerk van die visekanselier se toesprake. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| guarantee | noun | a formal promise, usually in writing, that something will happen or will be done, or that something is of a particular standard or quality | Some banks offer a guarantee on their credit cards against the risk of money loss through fraud. | waarborg | naamwoord | ’n formele belofte, gewoonlik skriftelik, dat iets sal gebeur of gedoen sal word, of dat iets van ’n bepaalde standaard of gehalte is | Sommige banke bied ’n waarborg op hul kredietkaarte teen die risiko van geldverlies deur bedrog. |
| guarantee | verb | to give a commitment that something will be done or will happen | The insurance company guarantees complete satisfaction with their service. | waarborg | werkwoord | ’n verbintenis gee dat iets gedoen sal word of sal gebeur | Die versekeringsmaatskappy waarborg volledige tevredenheid met hul diens. |
| guarantee | verb | to make sure that something will behave, happen or work in a particular way | Roosevelt is saying that if a nation can guarantee some basic amount of economic security as a means to promote freedom, it should consider doing so. | waarborg | werkwoord | seker maak dat iets op ’n bepaalde manier funksioneer, gebeur of werk | Roosevelt sê ’n nasie wat ’n basiese mate van ekonomiese veiligheid kan waarborg as ’n manier om vryheid te bevorder, moet oorweeg om dit te doen. |
| guidance | noun | help or advice which is given to somebody | During the first term of their first year students require guidance and sympathy far more than instruction. | leiding | naamwoord | hulp of raad wat aan iemand gegee word | Gedurende die eerste kwartaal van hulle eerste jaar benodig studente leiding en simpatie baie meer as onderrig. |
| guidance | noun | help or advice given to somebody | When I cannot make an informed decision, I ask my parents for their guidance. | leiding | naamwoord | hulp of raad wat aan iemand gegee word | As ek nie ’n ingeligte besluit kan neem nie, vra ek my ouers om leiding. |
| guideline | noun | piece of advice which is given to somebody | The student must complete her assignment according to certain guidelines. | riglyn | naamwoord | raad wat aan iemand gegee word | Die student moet haar opdrag volgens sekere riglyne voltooi. |
| hand | noun | used to introduce the second of two contrasting points | The nature lover is sad about cut down trees, the city dweller, on the other hand, doesn’t think about it. | daarenteen | bywoord | gebruik om die tweede van twee kontrasterende punte in te lei | Die natuurliefhebber is hartseer oor afgekapte bome, die stedeling daarenteen dink nie daaraan nie. |
| have | verb | to posess | The successful student has strategic thinking skills to plan her study timetable. | het | werkwoord | om te besit | Die suksesvolle student het strategiese denkvaardighede om haar studierooster te beplan. |
| heckle | verb | to criticise people, events or practices through mockery | The goal of the speaker from the opposition party was to heckle our political leaders. | hekel | naamwoord | mense, gebeure of gebruike deur skerp spot kritiseer | Die doel van die speaker van die opposisieparty was om ons politieke leiers te hekel. |
| hegemonic | adjective | dominant in a social or political context | English is gaining hegemonic status over the other indigenous languages. | hegemonies | byvoeglike naamwoord | oorheersend in ’n sosiale en politieke konteks | Engels kry hegemoniese status bo die ander inheemse tale. |
| hegemony | noun | supremacy or domination of one country, geographical area, political system, culture and language over another | English is gaining hegemony over indigenous languages in South Africa. | hegemonie | naamwoord | oorheersing of oppergesag van een land, geografiese gebied, politieke stelsel, kultuur en taal bo ’n ander | Engels is besig om hegemonie bo inheemse tale in Suid-Afrika te verkry. |
| hermeneutic | adjective, adverb | relating to hermeneutics | A hermeneutic approach to the reading process helps language lecturers and teachers to better cope with the reading difficulties of students and learners through their teaching techniques. | hermeneuties | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot hermeneutiek | ’n Hermeneutiese benadering tot die leesproses help taaldosente en -onderwysers om deur middel van hul onderrigtegnieke die leesprobleme van studente en leerders beter te hanteer. |
| hermeneutics | noun | study of the theory and practice of interpretation | Traditionally hermeneutics studies the interpretation of written texts in literature, religion and the legal system. | hermeneutiek | naamwoord | bestudering van die teorie en praktyk van interpretasie | Tradisioneel bestudeer hermeneutiek die interpretasie van geskrewe tekste in literatuur, godsdiens en die regswese. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| heuristic | adjective, adverb | enabling a person to learn for him- of herself | The heuristic approach in education means the child learns through discovery. | heuristies | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat iemand in staat stel om self te leer | Die heuristiese benadering in die onderwys beteken dat die kind leer deur self dinge te ontdek. |
| heuristics | noun | broad approach to problem situations by finding solutions without knowing in advance how this is going to happen, often through a mixture of systematic questioning, logical reasoning, or a guess based on intuition, experience and even common sense | Thousands of years ago the famous philosopher Socrates used heuristics to get his students to answer life-questions through systematic questioning. | heuristiek | naamwoord | breë benadering tot probleemsituasies deur oplossings te vind sonder om vooraf te weet hoe dit gaan gebeur, dikwels deur ’n mengsel van stelselmatige bevraagtekening, logiese redenasie of ’n raaiskoot gebaseer op intuïsie, ervaring en selfs gesonde verstand | Duisende jare gelede het die beroemde wysgeer Sokrates heuristiek gebruik om sy studente self lewensvrae te laat beantwoord deur hulle stelselmatig te ondervra. |
| hierarchical | adjective, adverb | arranged in order of rank | In the Roman Catholic Church there is a clear hierarchical system of positions of authority with the Pope at the very top. | hiërargies | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat in volgorde van rang gerangskik is | In die Rooms-Katolieke Kerk is daar ’n duidelike hiërargiese stelsel van gesagsposisies met die pous heel bo. |
| hierarchy | noun | a series of groups at different levels of importance within a system. | The company has a fairly flat hierarchy – a CEO, managers and other employees. | hiërargie | naamwoord | ’n reeks groepe op verskillende vlakke van belangrikheid binne ’n stelsel. | Die maatskappy het ’n redelike plat hiërargie – ’n uitvoerende hoof, bestuurders en ander werknemers. |
| hierarchy | noun | a system which organises ideas and beliefs into a type of system or structure | The hierarchies of concepts in biology are best portrayed by means of diagrams and concept maps. | hiërargie | naamwoord | ’n stelsel wat idees en oortuigings in ’n tipe stelsel of struktuur organiseer | Die hiërargieë van konsepte in die biologie word die beste met behulp van diagramme en konsepkaarte voorgestel. |
| hierarchy | noun | a system in which things or persons are ranked in accordance with relative status or authority | The mind map that graphically represents the thematic units of the text works with thematic hierarchy. | hiërargie | naamwoord | ’n stelsel waarin dinge of persone ingedeel word volgens hul relatiewe status of gesag | Die breinkaart wat die tematiese eenhede van die teks grafies voorstel, werk met tematiese hiërargie. |
| high-handed | adjective, adverb | using power without considering others | The high-handed decisions of the head of department upset the staff, who feel he is acting despotic. | eiegeregtig | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat mag gebruik sonder om ander in ag te neem | Die departementshoof se eiegeregtige besluite ontstel die personeel, wat voel dat hy despoties optree. |
| highlight | verb | to make more visible or prominent | The session chair highlighted the main points of the paper. | uitlig | werkwoord | meer sigbaar of prominent maak | Die voorsitter van die sessie het die hoofpunte van die referaat uitgelig. |
| hit | verb | to strike | The country's agriculture sector has been hit hard by the Aids pandemic | tref | werkwoord | raak | Die land se landbousektor is swaar getref deur die vigs-pandemie |
| holism | noun | theory or philosophy of life assuming that the whole is more than the sum of the parts | Holism is the theory that reality is more than the sum of the constituent parts. | holisme | naamwoord | teorie of lewensfilosofie wat uitgaan van die veronderstelling dat die geheel meer is as die som van die dele | Holisme is die teorie dat die werklikheid meer is as die som van die samestellende dele. |
| holistic | adjective, adverb | characterised by the belief that the parts of something are intimately interconnected and explicable only by reference to the whole | A holistic view of life sees life as a dynamic web of influences. | holisties | byvoeglike naamwoord, bywoord | gekenmerk deur die oortuiging dat die dele van iets onderling nou met mekaar verbind is en slegs verklaar kan word deur na die geheel te verwys | ’n Holistiese lewensbeskouing sien die lewe as ’n dinamiese web van invloede. |
| homogeneity | noun | the condition of being the same or of the same kind | Homogeneity in a country with so many  languages and cultures is difficult. | homogeniteit | naamwoord | die toestand van dieselfde te wees of tot dieselfde soort te behoort | Homogeniteit in ’n land met soveel tale en kulture is moeilik. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| homogeneous | adjective | of the same kind | South Africa certainly does not have a homogeneous population. | homogeen | byvoeglike naamwoord | van dieselfde soort | Suid-Afrika het beslis nie ’n homogene bevolking nie. |
| homogeneous | adjective | consisting of people or parts that are the same or similar | Pretoria has a strong, homogeneous Greek community made up of people who share a common culture, religion and language. | homogeen | byvoeglike naamwoord | wat bestaan uit mense of dele wat dieselfde of soortgelyk is | Pretoria het ’n sterk, homogene Griekse gemeenskap wat bestaan uit mense wat ’n gemeenskaplike kultuur, godsdiens en taal deel. |
| homonym | noun | word with the same sound and form as another word, but which differs in meaning | Words like CAN and CAN are homonyms. | homoniem | naamwoord | woord met dieselfde klank- en spelvorm as ’n ander woord, maar wat verskil in betekenis | Woorde soos ARM en ARM is homonieme. |
| homonymous | adjective | relating to a homonym or homonyms | The italicised words are homonymous words. | homoniem | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot ’n homoniem of homonieme | Die skuins gedrukte woorde is homonieme woorde. |
| homophone | noun | word that sounds the same as another word but is spelled differently | TO and TWO are homophones. | homofoon | naamwoord | woord wat dieselfde klink as ’n ander woord, maar anders gespel word | LEI en LY is homofone. |
| homophonic | adjective | relating to a homphone | In the two sentences, the italicised words are homophonic. | homofoon | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot ’n homofoon of homofone | In die twee sinne is die skuins gedrukte woorde homofoon. |
| hostile | adjective | strongly opposing or rejecting something | He believed that anybody who did not smile when he spoke were hostile to his suggestions. | vyandiggesind | byvoeglike naamwoord | wat iets sterk teëstaan of verwerp | Hy het geglo dat enigiemand wat nie glimlag wanneer hy praat nie, sy voorstelle vyandiggesind was. |
| hyperbole | noun | figure of speech using exaggeration for effect | I was shocked to death! is an example of a hyperbole. | hiperbool | naamwoord | stylfiguur wat oordrywing gebruik ter wille van effek | Ek het my morsdood geskrik! is ’n voorbeeld van ’n hiperbool. |
| hyperbolic | adjective, adverb | relating to a hyperbole | A hyperbolic style should never be used at the expense of solid content. | hiperbolies | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot ’n hiperbool | ’n Hiperboliese styl moet nooit ten koste van stewige inhoud gebruik word nie. |
| hypothesis | noun | an idea based on known facts which is suggested as a possible explanation for or proof of a condition or situation, but which has not yet been demonstrated to be true | The medical research team has put forward a new hypothesis on how the virus works. | hipotese | naamwoord | ’n idee gebaseer op bekende feite wat as ’n moontlike verklaring of bewys van ’n toestand of situasie aan die hand gedoen word, maar wat nog nie as waar bewys is nie | Die mediese navorsingspan het met ’n nuwe hipotese gekom oor hoe die virus moontlik werk. |
| hypothesis | noun | an idea based on known facts which is suggested as a possible explanation for or proof of a condition or situation, but which has not yet been demonstrated to be true | The doctoral student's hypothesis that trauma can be treated better with hypnosis than with accepted methods was refuted because he could not prove it. | hipotese | naamwoord | ’n idee gebaseer op bekende feite wat as ’n moontlike verklaring of bewys van ’n toestand of situasie aan die hand gedoen word, maar wat nog nie as waar bewys is nie | Die doktorale student se hipotese dat trauma beter met hipnose as met aanvaarde metodes behandel kan word, is weerlê, want hy kon dit nie bewys nie. |
| hypothesis | noun | a supposition which is taken for the truth and on whch an argument is built | He knows that his hypothesis about the characteristics of motorcyclists is preliminary, because it is subject to further research. | veronderstelling | naamwoord | veronderstelling wat as waarheid aangeneem word en waarop ’n argument gebou word | Hy weet dat sy veronderstelling oor die kenmerke van motorfietsryers voorlopig is, want dit is onderhewig aan verdere bewyse. |
| hypothesise | verb | to suggest a possibility | When you hypothesise, you make an unproven statement that has yet to be proven. | veronderstel | werkwoord | ’n moontlikheid aan die hand doen | As jy veronderstel, maak jy ’n verklaring wat nog bewys moet word. |
| hypothesise | verb | to make a premise to explain or predict certain facts or observations | It is hypothesised that people who are positive enjoy better health than those with a negative outlook on life. | veronderstel | werkwoord | ’n veronderstelling maak om sekere feite of waarnemings te verduidelik of te voorspel | Daar word veronderstel dat mense wat positief is, beter gesondheid geniet as diegene met ’n negatiewe lewensuitkyk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| hypothesise | verb | to make a statement in order to explain or predict certain facts or observations until enough facts are available to make a final statement | Before empirical evidence was available, scientists hypothesised that the drug might be targeting a hormone. | veronderstel | werkwoord | ’n voorlopige veronderstelling maak om iets te verduidelik of te voorspel totdat genoeg feite beskikbaar is om ’n finale stelling te kan maak | Voordat empiriese bewyse beskikbaar was, het wetenskaplikes veronderstel dat die middel moontlik ’n hormoon teiken. |
| hypothetical | adjective, adverb | relating to a hypothesis | Hypothetical thinking is essential. | hipoteties | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot ’n hipotese | Hipotetiese denke is noodsaaklik. |
| idea | noun | concept of something | Although an idea is an abstract concept, its origin is concrete, for it arises as an image in the mind. | idee | naamwoord | voorstelling van iets | Hoewel ’n idee ’n abstrakte begrip is, is die oorsprong daarvan konkreet, want dit ontstaan as ’n beeld ’n mens se gedagtes. |
| identical | adjective | exactly the same | Ten of the sets of twins are identical, and some teachers are battling to identify them individually. | identies | byvoeglike naamwoord | presies dieselfde | Tien van die tweelinge is identies, en sommige onderwysers sukkel om hulle individueel te identifiseer. |
| identification | noun | the process of recognising something and saying what it is | The identification of plagiarism is no problem for the experienced lecturer, as there is usually a clear difference between the student’s writing style and that of the source text. | identifisering | naamwoord | die proses om iets te herken en te sê wat dit is | Die identifisering van plagiaat is geen probleem vir die ervare dosent nie, want daar is gewoonlik ’n duidelike verskil tussen die skryfstyl van die student en dié in die bronteks. |
| identification | noun | the process of recognising something and saying what it is | The identification of semi-precious stones rest partially on the observation of colour by the human eye. | identifikasie | naamwoord | die proses om iets te herken en te sê wat dit is | Die identifikasie van halfedelstene berus gedeeltelik op die waarneming van kleur deur die menslike oog. |
| identification | noun | process of recognising something or someone | Identification of thematic keywords is an essential reading skill. | identifisering | naamwoord | proses om iets of iemand tussen ander uit te ken | Die identifisering van tematiese sleutelwoorde is ’n noodsaaklike leesvaardigheid. |
| identified | adjective | recognised and correctly named | When you link the identified keywords, the text looks like a word web. | geïdentifiseer | byvoeglike naamwoord | herken en korrek benoem | As jy die geïdentifiseerde sleutelwoorde aan mekaar verbind, lyk die teks soos ’n woordweb. |
| identify | verb | recognise and say what it is | In a text with plagiarism, a lecturer can usually identify the source from which the student steals through the difference in sentence construction and formulation. | identifiseer | werkwoord | herken en sê wat dit is | In ’n teks met plagiaat kan ’n dosent gewoonlik die bron waaruit die student steel, identifiseer deur die verskil in sinskonstruksie en formulering. |
| identify | verb | to recognise and name | New tests have been devised to identify people with schizophrenia. | identifiseer | werkwoord | herken en benoem | Nuwe toetse is ontwikkel om mense met skisofrenie te identifiseer. |
| identify | verb | to find and recogise | A strategic reader knows where to find the thematic keywords in a text and can therefore identify them fairly quickly. | identifiseer | werkwoord | vind en herken | ’n Strategiese leser weet waar die tematiese sleutelwoorde in ’n teks gevind kan word en kan hulle dus redelik vinnig identifiseer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ideological | adjective, adverb | relating to an ideology | Terrorist groups' actions are usually ideologically driven, because their ideological views dominate everything they think and do. | ideologies | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot 'n ideologie | Terroristegroepe se optrede is gewoonlik ideologies gedrewe, omdat hul ideologiese sienings alles wat hulle dink en doen oorheers. |
| ideology | noun | a system of related ideas, usually of a political or economic system | The myth of romance is based on the ideology of patriarchy whereby the man is the protector and pursuer of the woman. | ideologie | naamwoord | 'n stelsel van verwante idees, gewoonlik van 'n politieke of ekonomiese stelsel | Die mite van romanse is gebaseer op die ideologie van patriargie waardeur die man die beskermer en agtervolger van die vrou is. |
| ideology | noun | a set of idealised ideas that form the basis of a political, economic or religious system and often lead to assumptions and unyielding actions | The ideology of Communism has declined in popularity since the fall of the Berlin Wall. | ideologie | naamwoord | 'n stel geïdealiseerde idees wat die basis vorm van 'n politieke, ekonomiese of godsdienstige en dikwels lei tot aannames en onversetlike optrede | Die ideologie van Kommunisme het sedert die val van die Berlynse Muur in gewildheid afgeneem. |
| idiosyncrasy | noun | specific characteristics, temperament, way of thinking or state of mind peculiar to an individual | My roommate's idiosyncrasies really get the better of me. | eienaardigheid | naamwoord | spesifieke eienskappe, temperament, denkwyse of gemoedstoestand eie aan 'n individu | My kamermaat se eienaardighede kry my regtig onder. |
| idiosyncratic | adjective, adverb | (peculiar) characteristic of someone or something | My roommate's idiosyncratic preference for tomatoes at 3 am, her inexplicable fear of sandals and her loving dedication to hairy spiders she collects under her bed in a glass jar made me decide to look for other accommodation. | idiosinkraties | byvoeglike naamwoord, bywoord | (eienaardige) kenmerk van iemand of iets | My kamermaat se idiosinkratiese voorkeur vir tamaties om 03:00, haar onverklaarbare vrees vir sandale en haar liefdevolle toewyding aan harige spinnekoppe wat sy onder haar bed in 'n glaspot versamel, het my laat besluit om ander huisvesting te soek. |
| ignorance | noun | lack of knowledge or education | Her insensitive gender attitudes were born out of ignorance. | onkunde | naamwoord | gebrek aan kennis of opvoeding | Haar ongevoelige houding teenoor genderkwessies is te wyte aan onkunde. |
| illuminate | verb | to make clear or to explain carefully | The lecturer illuminated the mathematical problem. | belig | werkwoord | Die dosent het die wiskundige probleem belig. | Die dosent het die wiskundeprobleem belig. |
| illustrate | verb | explain by giving specific examples | The stories printed below this editorial illustrate some recent achievements in this field. | illustreer | werkwoord | verduidelik deur spesifieke voorbeelde te gee | Die verhale wat onder hierdie hoofartikel geplaas word, illustreer 'n paar onlangse prestasies op hierdie gebied. |
| illustrate | verb | to provide with pictures | In this cooking guide, the method is illustrated with pictures. | illustreer | werkwoord | van prente voorsien | In hierdie kookgids word die metode met prente geïllustreer. |
| illustrated | adjective | relating to illustrations, explanations and elucidations | The successful student always works with illustrated statements so that his lecturer understands what his concepts mean. | geïllustreer | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot illustrasies, verduidelikings en toeligtings | Die suksesvolle student werk altyd met geïllustreerde stellings sodat sy dosent begryp wat sy konsepte beteken. |
| illustration | noun | picture or example that makes it easier to understand something | The soldier dragging his wounded companion under bullet rain is an illustration of humanity. | illustrasie | naamwoord | prent of voorbeeld wat dit makliker maak om iets te verstaan | Die soldaat wat sy gewonde makker deur 'n koeëlreën sleep, is 'n illustrasie van menslikheid. |
| image | noun | the general impression that a person, an organisation or a product gives to the public | An important part of the success of a business is its image. | beeld | naamwoord | die algemene indruk wat 'n persoon, organisasie of produk by die publiek wek | 'n Belangrike deel van die sukses van 'n onderneming is die beeld wat dit het. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| image | noun | a mental representation of someone or something | When reading an academic text a student should build up a mental image of the meaning. | beeld | naamwoord | ’n innerlike voorstelling van iemand of iets | Wanneer ’n akademiese teks gelees word, moet ’n student ’n innerlike beeld van die betekenis opbou. |
| image | noun | a mental representation of someone or something | My personal image of peace is a landscape of hills, without people. | voorstelling | naamwoord | ’n geestelike beeld van iemand of iets | My persoonlike voorstelling van vrede is ’n landskap van heuwels, sonder mense. |
| imaginary | adjective | existing in the imagination | The imaginary reality of people often shows no relation to the actual state of affairs. | denkbeeldig | byvoeglike naamwoord | wat in die verbeelding bestaan | Die denkbeeldige werklikheid van mense toon dikwels geen verband met die werklike toedrag van sake nie. |
| imaginative | adjective | full of plans and ideas | There is a lot to dislike in the movie, mostly the lack of any effort to do anything original or imaginative with the theme. | verbeeldingryk | byvoeglike naamwoord | vol planne en idees | Daar is baie dinge omtrent die prent om nie van te hou nie, veral die gebrek aan moeite om iets oorspronkliks of verbeeldingryk met die tema te doen. |
| imagine | verb | to make a mental representation of someone or something | I imagine a landscape of hills without people. | verbeel | werkwoord | jou iemand of iets innerlik voorstel | Ek verbeel my ’n landskap van heuwels sonder mense. |
| immigrate | verb | to come from another country to settle in this country | He can immigrate back to Africa, to live and work in SA. | immigreer | werkwoord | van ’n ander land kom om jou in hierdie land te vestig | Hy kan terug na Afrika immigreer, om in SA te woon en werk. |
| impact | noun | the effect or influence that something has on something else | The injury may have a considerable impact on his performance in rugby this season. | impak | naamwoord | die uitwerking of invloed wat iets op iets anders het | Die besering kan hierdie seisoen ’n aansienlike impak hê op sy vertoning in rugby. |
| impact | noun | the effect or influence that something has on something else | The strike had a major impact on service delivery. | impak | naamwoord | die uitwerking of invloed wat iets op iets anders het | Die staking het ’n groot impak op dienslewering gehad. |
| impact | verb | to have an effect upon | The toll fee increase will impact negatively on the region's economic growth. | uitwerking | naamwoord | ’n invloed hê op | Die verhoging van die tolgeld sal ’n negatiewe uitwerking hê op ekonomiese groei in die streek. |
| implement | verb | to put in practice | The government implemented the new equality laws. | implementeer | werkwoord | in praktyk toepas | Die regering het die nuwe gelykheidswette geïmplementeer. |
| implement | verb | to put in practice | The government failed to implement the recommendations of the commission. | uitvoer | werkwoord | in praktyk toepas | Die regering het nie die aanbevelings van die kommissie uitgevoer nie. |
| implementable | adjective | which can be put to practice | The project that is planned by the engineering student is hardly implementable and he will have to redesign it. | implementeerbaar | byvoeglike naamwoord | wat toegepas kan word | Die projek wat die ingenieurstudent beplan, is skaars implementeerbaar en hy sal dit moet herontwerp. |
| implementation | noun | the application of something in a way that is in line with its purpose or design | The lecturer is supported by an assistant in the implementation of his duties. | uitvoering | naamwoord | die toepassing van iets op ’n manier wat in lyn is met die doel of ontwerp daarvan | Die dosent word deur ’n assistent bygestaan in die uitvoering van sy pligte. |
| implicate | verb | to show or suggest that somebody is involved in something bad, such as a crime | Police claims implicated him in the robbery. | betrek | werkwoord | wys of suggereer dat iemand betrokke is by iets sleg, soos ’n misdaad | Polisieverklarings het hom by die roof betrek. |
| implication | noun | meaning or thought not directly expressed in words | Bill resented the implication that he had stolen the money simply because he was carrying a lot of cash in his pockets. | implikasie | naamwoord | betekenis of gedagte wat nie direk in woorde uitgedruk word nie | Bill was verontwaardig oor die implikasie dat hy die geld gesteel het bloot omdat hy baie kontant in sy sak gehad het. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| implicit | adjective | suggested or understood without being said directly | A consumer price rise is implicit in the removal of electricity subsidies. | implisiet | byvoeglike naamwoord | gesuggereer of verstaan sonder dat dit direk gesê word | ’n Verbruikersprysstyging is implisiet in die opheffing van elektrisiteitsubsidies. |
| implicit | adjective, adverb | said indirectly | The implicit meaning of the image CHISEL POINT OF THE RIVER is that the water gradually calves away the river bank. | implisiet | byvoeglike naamwoord, bywoord | iets wat indirek gesê word | Die implisiete betekenis van die beeld BEITELPUNT VAN DIE RIVIER is dat die water die oewer geleidelik wegkalwe. |
| imply | verb | to express or state indirectly | His silence seems to imply that he agrees with the decision. | impliseer | werkwoord | indirek uitdruk of stel | Dit lyk asof sy stilswye impliseer dat hy met die besluit saamstem. |
| imply | verb | to suggest something as a logical result of something else | Socialising implies that most names and faces of people can be remembered. | impliseer | werkwoord | op iets dui as ’n logiese resultaat van iets anders | Sosialisering impliseer dat die name en gesigte van die meeste mense onthou kan word. |
| imply | verb | to suggest something without saying it directly | In an academic context, it is inappropriate to imply your intention, because your listener and reader want to know exactly what the purpose of your argument is. | suggereer | werkwoord | iets te kenne gee sonder om dit direk te sê | In akademiese konteks is dit onvanpas om jou bedoeling te suggereer, want jou hoorder en leser wil presies weet wat die doel van jou argument is. |
| import | noun | an item or items brought into a country from another country | The imports are transported from Durban to Johannesburg. | invoer | naamwoord | ’n item of goedere wat vanuit ’n ander land na ’n land gebring word | Die invoere word van Durban na Johannesburg vervoer. |
| import | noun | the process of bringing goods into a country from another country | Import of drugs is illegal. | invoer | naamwoord | die proses om goedere vanuit ’n ander land na ’n land te bring | Die invoer van dwelms is onwettig. |
| import | verb | to bring goods, services or ideas into a country from another country | South Africa imports oil from America. | invoer | werkwoord | goedere, dienste of idees na ’n land bring vanuit ’n ander land | Suid-Afrika voer olie uit Amerika in. |
| importance | noun | the quality of being important | Einstein’s theory of relativity was and still is of great importance to scientists trying to understand the cosmos. | belang | naamwoord | die eienskap van belangrik te wees | Einstein se relatiwiteitsteorie was en is steeds van groot belang vir wetenskaplikes wat die kosmos probeer verstaan. |
| impose | verb | to force to behave in a certain way | He tries to impose his opinions on the students. | afdwing | werkwoord | dwing om op ’n sekere manier op te tree | Hy probeer sy menings op die studente afdwing. |
| impress | verb | emphasise something to make someone understand its importance | The lecturer impressed on the students the consequences of plagiarism. | benadruk | werkwoord | klem op iets lê om iemand die belangrikheid daarvan te laat verstaan | Die dosent het die gevolge van plagiaat by die studente benadruk. |
| impressionable | adjective | easily influenced | Some adolescents experiment with drugs because they are easily impressionable. | beïnvloedbaar | byvoeglike naamwoord | wat maklik beïnvloed word | Sommige adolessente eksperimenteer met dwelms omdat hulle maklik beïnvloedbaar is. |
| impulse | noun | instinctive drive or urge | He represses the impulse to tell the whole story. | impuls | naamwoord | instinktiewe drang of behoefte | Hy onderdruk die impuls om die hele verhaal te vertel. |
| incentive | noun | something that encourages a person to do something | Without salary increases, there is little incentive to work harder. | aansporing | naamwoord | iets wat ’n persoon aanmoedig om iets te doen | Sonder salarisverhogings is daar min aansporing om harder te werk. |
| incessant | adjective | not stopping | The incessant and intense noise from loud music can cause permanent hearing loss. | aanhoudend | byvoeglike naamwoord | wat nie ophou nie | Die aanhoudende en intense geraas van harde musiek kan permanente gehoorverlies veroorsaak. |
| incidence | noun | the number of times something – usually unpleasant – happens | There has been a high incidence of crime on campus. | voorkoms | naamwoord | die aantal kere wat iets – gewoonlik onaangenaams – gebeur | Daar was ’n hoë voorkoms van misdaad op die kampus. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| inclination | noun | a natural tendency or disposition towards something | A person with a positive inclination will eventually be successful. | ingesteldheid | naamwoord | ’n natuurlike neiging of ingesteldheid jeens iets | Die persoon met ’n positiewe ingesteldheid sal uiteindelik suksesvol wees. |
| inclined | adjective | to have a physical or mental tendency towards something | He is inclined to dismiss all counter arguments as fallacies. | geneig | byvoeglike naamwoord | fisies of geestelik tot iets neig | Hy is geneig om alle teenargumente as dwalings af te maak. |
| income | noun | financial gain over a given period of time | Last year his total income amounted to R170 000. | inkomste | naamwoord | finansiële wins oor ’n bepaalde tydperk | Verlede jaar het sy totale inkomste R170 000 beloop. |
| incommensurability | noun | impossibility to compare two theories, opinions or views of life because there is no common framework or frame of reference that can serve as a basis for the comparison | Feyerabend believed that deciding between different scientific views was complicated by the incommensurability of scientific theories. | onvergelykbaarheid | naamwoord | onmoontlikheid om twee teorieë, opinies of lewensienings met mekaar te vergelyk omdat daar geen gemeenskaplike raamwerk of verwysingskader is wat as basis vir die vergelyking kan dien nie | Feyerabend was van mening dat die keuse tussen verskillende wetenskaplike sienings deur die onvergelykbaarheid van wetenskaplike teorieë bemoeilik word. |
| incomparable | adjective | impossible to compare | Protestantism and Dadaism are incomparable, as there is no benchmark against which the comparison can take place. | onvergelykbaar | byvoeglike naamwoord | onmoontlik om te vergelyk | Protestantisme en Dadaïsme is onvergelykbaar, want daar is geen maatstaf waarteen die vergelyking kan plaasvind nie. |
| incorporate | verb | to put together with or merge with something that already exists | As from last year all bonuses have been incorporated into employees’ monthly salaries. | insluit | werkwoord | saamvoeg of saamsmelt met iets wat reeds bestaan | Van verlede jaar af word alle bonusse by werknemers se maandelikse salarisse ingesluit. |
| incorporate | verb | to include something as part of a whole | Try to incorporate your own original view into your essay. | inkorporeer | werkwoord | iets as deel van ’n geheel insluit | Probeer jou eie oorspronklike siening in jou opstel inkorporeer. |
| incorporation | noun | the process of incorporating something into something else | The incorporation of your own view has considerably raised the standard of your essay. | inkorporering | naamwoord | die proses van van iets by iets anders te voeg of in te lyf | Die inkorporering van jou eie siening het die standaard van jou opstel aansienlik verhoog. |
| increase | noun | growth in size or quantity | The increase in undisciplined public behaviour is disturbing. | toename | naamwoord | groei in grootte of hoeveelheid | Die toename in ongedissiplineerde openbare gedrag is ontstellend. |
| increase | verb | to grow in size or quantity | The number of under-prepared young people who want to enter the labour market increases steadily. | toeneem | werkwoord | om in grootte of hoeveelheid te groei | Die aantal onvoorbereide jongmense wat die arbeidsmark wil betree, neem voortdurend toe. |
| increasing | adjective | growing in size or quantity | I am shocked by the increasing violence on the campus. | toenemend | byvoeglike naamwoord | wat groei in grootte of hoeveelheid | Ek is geskok oor die toenemende geweld op die kampus. |
| incur | verb | to have to pay or repay costs as a result of your own action | The college incurred high costs to build and equip two new computer laboratories. | aangaan | werkwoord | koste moet betaal of terugbetaal as gevolg van jou eie optrede | Die kollege het hoë koste aangegaan om twee nuwe rekenaarlaboratoriums te bou en toe te rus. |
| index | noun | alphabetical list of names or topics at the back of a book | Strategic readers can search through the index of a book for keywords to see if the book contains information about the topic they are researching. | indeks | naamwoord | alfabetiese lys name of onderwerpe agter in ’n boek | Strategiese lesers kan in die indeks van ’n boek na sleutelwoorde soek om te sien of die boek inligting bevat oor die onderwerp wat hulle navors. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| index | verb | to include keywords, names and topics in an alphabetical list at the back of a book | The assistant helps the author to index the most important keywords for inclusion in a new City Planning textbook. | indekseer | werkwoord | sleutelwoorde, name en onderwerpe in ’n alfabetiese lys agter in ’n boek opneem | Die assistent help die skrywer om die belangrikste sleutelwoorde te indekseer vir opname in ’n nuwe handboek oor stadsbeplanning. |
| index | noun | a list of names or topics in alphabetical order | I searched for the term in the alphabetical index at the back of the book. | register | naamwoord | ’n lys name of onderwerpe in alfabetiese volgorde | Ek het na die term gesoek in die alfabetiese indeks agter in die boek. |
| index | verb | to make a list of names or topics in alphabetical order | The author has indexed his book to make information easier to find. | indekseer | werkwoord | ’n lys opstel van name of onderwerpe in alfabetiese volgorde | Die skrywer het sy boek geïndekseer om inligting makliker vindbaar te maak. |
| indexed | adjective | provided with an index | The student’s well-indexed dissertation impressed the supervisor. | geïndekseer | byvoeglike naamwoord | van ’n indeks voorsien | Die student se goed geïndekseerde skripsie het die studieleier beïndruk. |
| indicate | verb | to mention something | Students should indicate their sources in brackets in their academic essays. | aandui | werkwoord | iets noem | Studente moet in hul akademiese opstelle hul bronne tussen hakies aandui. |
| indicate | verb | to focus attention on a place, direction, person or thing | The teacher indicated the location of the cathedral on the map. | aandui | werkwoord | die aandag op ’n plek, rigting, persoon of ding vestig | Die onderwyser het die ligging van die katedraal op die kaart aangedui. |
| indicate | verb | to state, name or suggest something indirectly | He indicated that he was happy with the decision. | aandui | werkwoord | iets indirek stel, noem of suggereer | Hy het aangedui dat hy met die besluit tevrede was. |
| indicated | adjective | what has been mentioned | The indicated sources help the lecturer to easily check the reference list. | aangedui | byvoeglike naamwoord | wat genoem is | Die aangeduide bronne help die dosent om die bronnelys maklik na te gaan. |
| indication | noun | that which has been mentioned | Indicating sources in brackets is essential in an academic essay. | aanduiding | naamwoord | dit wat genoem is | Die aanduiding van bronne tussen hakies is noodsaaklik in ’n akademiese opstel. |
| indigenous | adjective | which originated in a specific place or naturally occurs there | The baobab tree is indigenous to South Africa. | inheems | byvoeglike naamwoord | wat op ’n spesifieke plek ontstaan het of natuurlik daar voorkom | Die kremetart is inheems in Suid-Afrika. |
| individual | adjective | unique characteristic of someone or something | The writer has an individual style of writing. | eiesoortig | byvoeglike naamwoord | unieke kenmerk van iets of iemand | Die skrywer het ’n eiesoortige skryfstyl. |
| individual | noun | a single person | They called on individuals to donate blood. | individu | naamwoord | ’n enkele persoon | Hulle het ’n beroep op individue gedoen om bloed te skenk. |
| individual | noun | integrated person | Die persoon wie se analitiese en holistiese denke, sintuie, gevoelens en intuïsies ’n geheel vorm, is sielkundig ’n individu. | individu | naamwoord | geïntegreerde mens | Die mens wie se analitiese en holistiese denke, sintuie, gevoelens en intuïsie ’n geheel vorm, is sielkundig gesien ’n individu. |
| individual | noun | a partcular person | It is often difficult for people to maintain their interests as individuals against the interests of society. | individu | naamwoord | ’n spesifieke persoon | Dis vir mense dikwels moeilik om hulle belange as individue teenoor die belange van die samelewing te handhaaf. |
| individual | adjective | regarded separately rather than as part of a group | Individual interviews were conducted with the respondents to ensure that their peers' opinions did not influence their responses. | individueel | byvoeglike naamwoord | wat afsonderlik eerder as deel van ’n groep beskou word | Individuele onderhoude is met die respondente gevoer om te verseker dat hul portuurgenote se menings nie hul antwoorde beïnvloed nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| individual | adjective, adverb | of, which relates to, or is peculiar to a particular individual | A student with learning difficulties can get individual help. | afsonderlik | byvoeglike naamwoord, bywoord | van, wat betrekking het op, of eie is aan ’n bepaalde individu | ’n Student met leerprobleme kan afsonderlike hulp kry. |
| individualisme | noun | phenomenon of independence | In successful group work, there must be a healthy balance between group members’ individualism and collaboration skills. | individualisme | naamwoord | verskynsel van selfstandigheid | In suksesvolle groepwerk moet daar ’n gesonde balans wees tussen groeplede se individualisme en hul samewerkingsvaardighede. |
| individualistic | adjective, adverb | marked by individuality | The pianist’s individualistic performance surprised the audience, as no one had ever interpreted Chopin so individualistically before. | individualisties | byvoeglike naamwoord, bywoord | gekenmerk deur individualiteit | Die pianis se individualistiese optrede het die gehoor verbaas, want niemand het Chopin voorheen so individualisties geïnterpreteer nie. |
| individuality | noun | whole of characteristics and qualities that are typical of a particular individual | Body piercings are a cosmetic trend done for fashion and to express one's individuality. | individualiteit | naamwoord | geheel van eienskappe en hoedanighede wat kenmerkend is van ’n bepaalde individu | Die maak van gaatjies in dele van die lyf en gesig is ’n kosmetiese neiging in navolging van die mode en om individualiteit uit te druk. |
| individuate | verb | to systematically integrate your thinking processes, senses, intuition and emotions, essentially an unconscious process | The phrase – the tallest man in England – will fail to individuate any person if the class of tallest men in England happens to have more than one member. | individueer | werkwoord | jou denkprosesse, sintuie, intuïsie en emosies stelselmatig integreer, in wese ’n onbewuste proses | Die uitdrukking – die langste man in Engeland – kan geen persoon individueer as die klas langste mans in Engeland toevallig meer as een lid het nie. |
| induce | verb | cause to act or happen | The drug was found to induce anxiety. | veroorsaak | werkwoord | iets laat gebeur | Daar is bevind dat die middel angs veroorsaak. |
| induction | | process of reasoning from the particular example to the general principle | An example of induction in logic is: Every time you eat peanuts you start to sneeze, therefore you must be allergic to peanuts. | induksie | naamwoord | proses van redenering vanaf ’n spesifieke voorbeeld na die algemene beginsel | ’n Voorbeeld van induksie in logika is: Elke keer as jy grondboontjies eet, nies jy, daarom moet jy allergies vir grondboontjies wees. |
| inductive | adjective, adverb | arguing from the specific to the general | Our lecturer works inductively: He first gives examples within the context of his lecture from which we must then derive the general principles. | induktief | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat van die spesifieke na die algemene argumenteer | Ons dosent werk induktief: Hy gee eers voorbeelde binne die konteks van sy lesing, waaruit ons dan die algemene beginsels moet aflei. |
| inevitable | adjective | which cannot be avoided or prevented | Ageing and death are inevitable in human beings. | onafwendbaar | byvoeglike naamwoord | wat nie vermy of voorkom kan word nie | Veroudering en dood is onafwendbaar by mense. |
| infer | verb | to conclude by reasoning | From these facts one can infer that the company is making a profit. | aflei | werkwoord | deur redenasie aflei | Uit hierdie feite kan ’n mens aflei dat die maatskappy wins maak. |
| inferior | adjective | lower in value, quality, position or importance | Some people think that government schools are inferior to private schools. | minderwaardig | byvoeglike naamwoord | van minder of geringer waarde, gehalte, stand of belang | Sommige mense dink dat staatskole minderwaardig is in vergelyking met privaat skole. |
| inflate | verb | to exaggerate the importance of something or make something appear more impressive than it really is | The press inflated security issues. | opblaas | werkwoord | die belangrikheid van iets oordryf of iets indrukwekkender laat lyk as wat dit werklik is | Die pers het die veiligheidskwessies opgeblaas. |
| influence | verb | to have an effect upon | The student’s drug use negatively affects his performance. | beïnvloed | werkwoord | ’n uitwerking hê op | Die student se dwelmgebruik beïnvloed sy prestasie negatief. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| influence | noun | the effect or influence that something has on something else | Psychologists are increasingly seeing the negative influence of drug abuse on students' academic success. | uitwerking | naamwoord | die effek of invloed wat iets op iets anders het | Sielkundiges sien toenemend die negatiewe uitwerking van dwelmmisbruik op studente se akademiese sukses. |
| influence | noun | the effect that something has on something else | The negative influence of drugs on adolescents cannot be denied. | invloed | naamwoord | die uitwerking wat iets op iets anders het | Die negatiewe invloed van dwelms op adolessente kan nie ontken word nie. |
| influence | noun | the effect that something has on something else | She studied the influence of drug abuse on academic achievement. | effek | naamwoord | die uitwerking wat iets op iets anders het | Sy het die effek van dwelmmisbruik op akademiese prestasie bestudeer. |
| influential | adjective | posessing influence or carrying weight | The wealthy capitalist is very influential, because everyone listens attentively to his influential proposals for alleviating poverty. | invloedryk | byvoeglike naamwoord | wat invloed of gewig dra | Die ryk kapitalis is baie invloedryk, want almal luister aandagtig na sy invloedryke voorstelle om armoede te verlig. |
| inform | verb | to have an important influence on something | The research showed how indigenous knowledge systems informed theory-building in the field. | vorm | werkwoord | 'n belangrike invloed op iets hê | Die navorsing het getoon hoe inheemse kennisstelsels teoriebou in die veld gevorm het. |
| inform | verb | to provide facts that have not been known to a person before | She informed the police about the robbery. | inlig | werkwoord | feite verskaf wat nie voorheen aan iemand bekend was nie | Sy het die polisie oor die rooftog ingelig. |
| inform | verb | to provide facts that have not been known to a person before | It is good manners to inform your lecturer beforehand if you will not be able to attend his lecture. | inlig | werkwoord | feite verskaf wat nie voorheen aan iemand bekend was nie | Dit is goeie maniere om jou dosent vooraf in te lig as jy nie sy lesing kan bywoon nie. |
| information | noun | facts that have not been known to a person before | You need to incorporate factual information into your assignment to support your statements. | inligting | naamwoord | feite wat nie voorheen aan iemand bekend was nie | Jy moet feitelike inligting in jou opdrag insluit om jou stellings te ondersteun. |
| informed | adjective | based on possession of information | He will wait for the official results in order to make informed comments. | ingelig | byvoeglike naamwoord | gebaseer op feite en inligting tot jou beskikking | Hy sal op die amptelike uitslae wag ten einde ingeligte kommentaar te kan lewer. |
| infrastructure | noun | the basic components of a system or organisation | More money is needed to save the crumbling infrastructure in South Africa. | infrastruktuur | naamwoord | die basiese komponente van 'n stelsel of organisasie | Meer geld is nodig om die verkrummelende infrastruktuur in Suid-Afrika te red. |
| inherent | adjective | existing as an essential constituent or characteristic | Everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected. | inherent | byvoeglike naamwoord | wat as 'n wesenlike bestanddeel of eienskap bestaan | Elkeen het inherente waardigheid en die reg dat hul waardigheid respekteer en beskerm word. |
| inhibit | verb | to prevent something from happening or cause it to happen more slowly | Rapid inflation inhibits economic growth. | inhibeer | werkwoord | voorkom dat iets gebeur of dit stadiger laat gebeur. | Vinnige inflasie inhibeer ekonomiese groei. |
| initial | adjective | occurring at the beginning | The initial stages of the disease are asymptomatic. | aanvanklik | byvoeglike naamwoord | wat aan die begin plaasvind | Die aanvanklike stadia van die siekte is sonder simptome. |
| initial | adjective | occurring at the beginning | The initial intention was to provide only an indication of the infectiousness of the virus, but over time, the program expanded to raise awareness of measures to prevent infection. | aanvanklik | byvoeglike naamwoord | wat aan die begin plaasvind | Die aanvanklike bedoeling was om die aansteeklikheid van die virus te beklemtoon, maar mettertyd is bewustheid ook gekweek van maatreëls om infeksie te voorkom. |
| initiate | verb | to set in motion, start an event or prepare the way for something | She proposes to initiate discussions on planning the event. | begin | werkwoord | aan die gang te sit, iets begin of die weg vir iets voorberei | Sy stel voor om besprekings oor die beplanning van die geleentheid te begin. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| initiate | verb | to start | Extroverts initiate a conversation more easily than introverts who listen better. | begin | werkwoord | aan die gang (laat) kom | Ekstroverte begin ’n gesprek makliker as introverte wat beter luister. |
| initiate | verb | to start or set in motion | The university initiated investigations of fraud against the administration. | instel | werkwoord | begin of aan die gang sit | Die universiteit stel ondersoek in na die bewerings van bedrog teen die administrasie. |
| initiated | adjective | having begun a process | Peter’s skilfully initiated conversation led to fruitful discussions between people who had never wanted to talk before. | geïnisieer | byvoeglike naamwoord | wat ’n proses begin het | Peter se vaardig geïnisieerde gesprek het gelei tot vrugbare gesprekke tussen mense wat vantevore nooit wou praat nie. |
| initiation | noun | process to start something | I am amazed at Pieter’s skillful initiation of conversation between people who had never wanted to talk to each other before. | inisiëring | naamwoord | proses om iets te begin | Ek is verstom oor Pieter se vaardige inisiëring van gesprekvoering tussen mense wat voorheen nooit met mekaar wou praat nie. |
| initiation | noun | process of preparing the way or starting an event | The initiation of an investigation into allegations of fraud at the university has been welcomed. | instelling | naamwoord | proses van iets aan die gang sit of ’n gebeurtenis te laat begin | Die instelling van ’n ondersoek na bewerings van bedrog aan die universiteit is verwelkom. |
| initiative | noun | independent action | A person with initiative takes on new challenges with ease. | inisiatief | naamwoord | onafhanklike optrede | Iemand met inisiatief pak met gemak nuwe uitdagings aan. |
| innate | adjective | forming a natural part of something | All humans have an innate moral compass. | ingebore | byvoeglike naamwoord | wat ’n natuurlike deel van iets uitmaak | Elke mens het ’n ingebore morele kompas. |
| innovate | verb | to bring something new to an environment | The company’s success lies in its ability to innovate. | innoveer | werkwoord | iets nuuts in ’n omgewing inbring | Die maatskappy se sukses lê in sy vermoë om te innoveer. |
| innovate | verb | introduce a new idea or new ideas | Those firms who successfully innovate will constantly stay one step ahead of the competition. | innoveer | werkwoord | ’n nuwe idee bekend stel of ’n nuwigheid of nuwighede invoer | Die ondernemings wat suksesvol innoveer, sal voortdurend ’n stap voor die kompetisie bly. |
| innovation | noun | a newly introduced idea | The technological innovations of our time make life easier. | innovasie | naamwoord | ’n nuut bekendgestelde idee | Die tegnologiese innovasies van ons tyd maak die lewe makliker. |
| innovation | noun | a newly introduced idea | The innovation in thinking about literary works of art has, to a large extent, been brought about by ecocriticism. | vernuwing | naamwoord | ’n nuut bekendgestelde idee | Die vernuwing in die denke oor literêre kunswerke is tot ’n groot mate deur ekokritiek bewerkstellig. |
| innovative | adjective | oorspronklik of gevorderd | Ecocriticism has contributed to a new, innovative focus on literary works of art. | innoverend | byvoeglike naamwoord | oorspronklike/gevorderde idee of produk | Ekokritiek het bygedra tot ’n nuwe, innoverende fokus op literêre kunswerke. |
| insert | verb | to put into or introduce into something | The student need to insert references in her essay. | invoeg | werkwoord | by iets anders invoeg of byvoeg | Die student moet verwysings in haar opstel invoeg. |
| insight | noun | clear or deep perception of a situation | The approach yielded valuable insights into the problem. | insig | naamwoord | duidelike of diep persepsie van ’n situasie | Die benadering het waardevolle insigte in die probleem opgelewer. |
| insight | noun | clear or deep perception of a situation | Substantial subject knowledge is crucial for PhD studies, but the decisive factor is that doctoral students have insight into their field of research. | insig | naamwoord | duidelike of diep persepsie van ’n situasie | Vakkennis is van kardinale belang vir PhD-studies, maar die deurslaggewende faktor is dat doktorale studente insig in hul vakgebied het. |
| insight | noun | the capacity to gain understanding of somebody or something | She has astonishing insight for such a young child. | insig | naamwoord | die vermoë om iemand of iets te verstaan | Sy het ’n verstommende insig vir so ’n jong kind. |
| insightful | adjective, adverb | demonstrating deep perception of a situation | It was an insightful experience. | insiggewend | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat diep begrip van ’n situasie demonstreer | Dit was ’n insiggewende ervaring. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| inspect | verb | to look over or look into carefully | They require that the structure is inspected after construction by the design engineer as a final check point. | inspekteer | werkwoord | deeglik kyk na of deeglik ondersoek | Hulle vereis as ’n finale kontrolepunt dat die struktuur ná konstruksie deur die ontwerpingenieur geïnspekteer word. |
| instance | noun | a particular example or case | In a number of instances the quality of the recording was too poor for transcription. | geval | naamwoord | ’n spesifieke voorbeeld of geval | In ’n aantal gevalle was die kwaliteit van die opname te swak vir transkripsie. |
| instinct | noun | a natural tendency or ability to behave or react in a certain way | Animals’ instinct is to run away when faced with danger. | instink | naamwoord | ’n natuurlike neiging of vermoë om op ’n sekere manier op te tree of te reageer | Diere se instink is om weg te hardloop as hulle voor gevaar te staan kom. |
| institute | noun | a society or organisation for a special purpose | My sister works for the African Art Institute. | instituut | naamwoord | ’n vereniging of organisasie met ’n spesiale doel | My suster werk vir die Afrika-kunsinstituut. |
| institute | verb | to start a new process, or put in place a new policy or system | The university has instituted new policies to increase students’ safety on campus. | instel | werkwoord | ’n nuwe proses begin, of ’n nuwe beleid of stelsel in plek kry | Die universiteit het nuwe beleid ingestel om die veiligheid van studente op die kampus te verhoog. |
| instruct | verb | to inform formally | Participants were instructed to circle the correct answer in each case. | aansê | werkwoord | formeel inlig of versoek | Deelnemers is aangesê om in elke geval die regte antwoord te omkring. |
| instruct | verb | to impart skills or knowledge | He instructed me in driving a car. | leer | werkwoord | vaardighede of kennis oordra aan | Hy het my geleer om motor te bestuur. |
| instruction | noun | detailed information about how to do something | The instructions in the user manual of the sound system were completely incomprehensible. | instruksie | naamwoord | uitvoerige inligting oor hoe om iets te doen | Die instruksies in die gebruikershandleiding van die klankstelsel was heeltemal onbegryplik. |
| instruction | noun | the act of teaching someone something | It has been demonstrated that learners benefit from some formal instruction. | onderrig | naamwoord | die handeling van iemand iets te leer | Daar is bewys dat leerders voordeel trek uit formele onderrig. |
| integral | adjective | a complete or independent part of something | Each of the five chapters forms an integral part of the book and cannot be read separately from the other. | integraal | byvoeglike naamwoord | ’n volledige of onafhanklike deel van iets | Elk van die vyf hoofstukke vorm ’n integrale deel van die boek en kan nie los van die ander gelees word nie. |
| integral | adjective | existing as an essential part or characteristic of something | In 1029 this marchland was finally incorporated with Bohemia, and so became an integral part of the German empire. | integraal | byvoeglike naamwoord | wat ’n wesenlike onderdeel of kenmerk van iets vorm | In 1029 is die niemandsland eindelik by Boheme ingelyf, en so het dit ’n integrale deel van die Duitse Ryk geword. |
| integrate | verb | to make into a whole or make part of a whole | Community engagement at the university is completely integrated with research on the one hand, and teaching and learning on the other. | integreer | werkwoord | ’n geheel of deel van ’n geheel maak | Gemeenskapsbetrokkenheid aan die universiteit is volledig geïntegreer in navorsing aan die een kant en onderrig en leer aan die ander kant. |
| integrate | verb | make into a whole | Integrating the views of different writers into one coherent text is a major academic challenge. | integreer | werkwoord | tot ’n geheel maak | Om die sienings van verskillende skrywers in een samehangende teks te integreer, is ’n groot akademiese uitdaging. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| integrated | adjective | coordinated or linked | A lecturer who reads a student's assignment must ascertain whether the views of different writers really form an integrated whole within the student's thematic line of thought. | geïntegreer | byvoeglike naamwoord | gekoördineer of met mekaar verbind | 'n Dosent wat die opdrag van 'n student lees, moet vasstel of die sienings van verskillende skrywers werklik 'n geïntegreerde geheel vorm binne die tematiese gedagtegang van die student. |
| integration | noun | process by which parts are put together into a whole | The integration of different writers' views into one coherent text in which everything forms a new whole is a major challenge for first-year students. | integrering | naamwoord | proses waardeur dele tot 'n geheel saamgevoeg word | Die integrering van verskillende skrywers se sienings in een samehangende teks waarin alles 'n nuwe geheel vorm, is 'n groot uitdaging vir eerstejaarstudente. |
| integrity | noun | the quality of being honest and possessing strong moral principles | What we need is a leader with high moral and professional integrity. | integriteit | naamwoord | die eienskap van eerlik te wees en sterk morele beginsels te hê | Wat ons nodig het is 'n leier met hoë morele en professionele integriteit. |
| integrity | noun | the state of being whole and not divided | Without the dramatic music, the play loses its integrity. | integriteit | naamwoord | die toestand van heel en nie verdeel te wees nie | Sonder die dramatiese musiek verloor die stuk sy integriteit. |
| intellect | noun | the power and capacity of the mind to reason and think logically | The intellect is not the most important aspect of a person's personality. | intellek | naamwoord | die krag en vermoë van die verstand om logies te redeneer en te dink | Die intellek is nie die belangrikste aspek van 'n persoon se persoonlikheid nie. |
| intellect | noun | entirety of man's mental and spiritual abilities | I am amazed at my uncle's intellect. | intellek | naamwoord | geheel van die mens se verstandelike en geestelike vermoëns | Ek verstom my aan my oom se intellek. |
| intellectual | adjective | relating to a highly developed intellect | My uncle is very intellectual and can have intellectual conversations on various topics. | intellektueel | byvoeglike naamwoord | wat met 'n hoogs ontwikkelde intellek verband hou | My oom is baie intellektueel en kan oor verskillende onderwerpe intellektuele gesprekke voer. |
| intellectualise | verb | to make something intellectual | It's amazing how some teachers can intellectualise a child's bad behaviour without thinking for a moment about its psychological causes. | intellektualiseer | werkwoord | iets intellektueel maak | Dis verstommend hoe sommige onderwysers 'n kind se swak gedrag kan intellektualiseer sonder om 'n oomblik aan die sielkundige oorsake daarvan te dink. |
| intellectualism | noun | view that overestimates the function of the intellect by elevating it above all other human capacities as the only criterion for understanding reality | Intellectualism denies the value of integration between intellect, emotion, sensuality and intuition for a more integrated perception of reality. | intellektualisme | naamwoord | siening wat die funksie van die intellek oorskat deur dit bo alle ander menslike vermoëns uit te lig as die enigste maatstaf vir die verstaan van die werklikheid | Intellektualisme ontken die waarde van integrasie tussen intellek, emosie, sensualiteit en intuïsie vir 'n meer geïntegreerde persepsie van die werklikheid. |
| intellectualistic | adjective, adverb | relating to intellectualism | Some teachers' intellectualistic handling of problem children attests to a lack of insight into the human psyche. | intellektualisties | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot intellektualisme | Sommige onderwysers se intellektualistiese hantering van probleemkinders getuig van 'n gebrek aan insig in die menslike psige. |
| intelligent | adjective | having a good ability to think and understand | She is intelligent, and always has the entire picture in perspective. | intelligent | byvoeglike naamwoord | met 'n goeie vermoë om te dink en verstaan | Sy is intelligent en het altyd die hele prentjie in perspektief. |
| intelligible | adjective | which can be understood | Viewers look forward to intelligible programmes aimed at the whole family. | verstaanbaar | byvoeglike naamwoord | wat verstaan kan word | Kykers sien uit na verstaanbare programme wat op die hele gesin gerig is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| intend | verb | to have a plan or purpose in mind | Jan had intended to study all night, but the arrival of his girlfriend put an end to his good intentions. | bedoel | werkwoord | ’n plan of doel voor oë hê | Jan het bedoel om die hele nag te studeer, maar die koms van sy vriendin het ’n einde gemaak aan sy goeie bedoelings. |
| intend | verb | to have a plan or purpose in mind | I intend to finish my research proposal by the end of the month. | plan | naamwoord | ’n plan of doel voor oë hê | Ek is van plan om my navorsingsvoorstel teen die einde van die maand klaar te hê. |
| intended | adjective | meant or planned | The lecturer’s advice to answer the easy questions first was really well intended. | bedoel | byvoeglike naamwoord | as doel of voorneme hê | Die dosent se raad om die maklike vrae eerste te beantwoord, was regtig goed bedoel. |
| intense | adjective | extremely sharp or focused | The victims of the bombing experienced intense emotions, such as fear, anger and despair. | intens | byvoeglike naamwoord | uiters skerp of gefokus | Die slagoffers van die bomaanval het intense emosies ervaar, soos vrees, woede en wanhoop. |
| intention | noun | what you plan to do | Jan had intended to study all night, but the arrival of his girlfriend put an end to his good intentions. | bedoeling | naamwoord | wat jy beplan om te doen | Jan se bedoeling was om die hele nag te studeer, maar die koms van sy vriendin het ’n einde gemaak aan sy goeie bedoelings. |
| intention | noun | what you plan to do | He announced his intention to apply for the position of head of department. | voorneme | naamwoord | wat jy beplan om te doen | Hy het sy voorneme aangekondig om vir die pos van departementshoof aansoek te doen. |
| interact | verb | to do something together or with others | Psychologists study the way in which humans interact with one another. | omgaan | werkwoord | iets saam met ander doen | Sielkundiges bestudeer die manier waarop mense met mekaar omgaan. |
| interact | verb | to act in close relation with each other | Human lungs interact with the circulatory system to filter oxygen into the blood. | saamwerk | werkwoord | in wisselwerking wees | ’n Mens se longe en bloedsomloopstelsel werk saam om suurstof in die bloed te filtreer. |
| interaction | noun | communication through reciprocal action | The interaction between lecturer and student can only be productive if both parties are willing to provide input. | interaksie | naamwoord | kommunikasie deur wisselwerking | Die interaksie tussen dosent en student kan slegs produktief wees as albei partye bereid is om insette te lewer. |
| interactive | adjective | allowing a two-way flow | I really like interactive lectures. | interaktief | byvoeglike naamwoord | tweerigtingvloei moontlik maak | Ek hou baie van interaktiewe lesings. |
| interlude | noun | a period of time between two events | She has resumed her career as a writer after a four-year interlude. | verposing | naamwoord | tyd tussen twee gebeure | Sy het haar loopbaan as skrywer hervat na ’n verposing van vier jaar. |
| intermediate | adjective | around the middle of a scale that represents time, places or things | The learners study English at intermediate level. | intermediêr | byvoeglike naamwoord | ongeveer in die middel van ’n skaal wat tyd, plekke of dinge voorstel | Die leerders neem Engels op intermediêre vlak. |
| internal | adjective | located on the inside or inward | The patient died as a result of internal bleeding. | inwendig | byvoeglike naamwoord | geleë aan die binnekant of binne | Die pasiënt is dood as gevolg van inwendige bloeding. |
| interpret | verb | to make sense of or assign a meaning to | The learner could not interpret the difficult question. | interpreteer | werkwoord | sin maak van of ’n betekenis toeken aan | Die leerder kon die moeilike vraag nie interpreteer nie. |
| interpret | verb | to make clear the meaning (of a text) | How readers interpret a text is determined by reading ability, perspective and background. | interpreteer | werkwoord | die betekenis van (’n teks) duidelik maak | Hoe lesers ’n teks interpreteer, word bepaal deur hul leesvermoë, perspektief en agtergrond. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| interpret | verb | to comprehend the information in spoken or written language | Without the strategies to read an academic article, you can easily misinterpret the author's intention. | interpreteer | werkwoord | die inligting in gesproke of geskrewe taal begryp | Sonder die strategieë om ’n akademiese artikel te lees, kan jy die skrywer se bedoeling maklik verkeerd interpreteer. |
| interpret | verb | to translate spoken language immediately into a different language | The interpreter had to interpret for the accused who did not understand English. | tolk | werkwoord | gesproke taal onmiddellik in ’n ander taal vertaal | Die tolk moes tolk vir die beskuldigde wat nie Engels verstaan nie. |
| interpretation | noun | understanding of events, people and written texts, as influenced by background, perspective and experience | People's interpretation of the cartoon largely depends on their political and religious beliefs. | interpretasie | naamwoord | begrip van gebeure, mense en geskrewe tekste, beïnvloed deur agtergrond, perspektief en ervaring | Mense se interpretasie van die spotprent hang grootliks af van hulle politieke en godsdienstige oortuigings. |
| interpretation | noun | the comprehension of information in spoken or written language | My interpretation of the article's content differs from yours. | interpretasie | naamwoord | die begrip van inligting in gesproke of geskrewe taal | My interpretasie van die artikel se inhoud verskil van joune. |
| interpreted | adjective | relating to interpretation | Writers must remember that their narration about an event does not necessarily reflect reality but is merely their interpreted version of the event. | geïnterpreteer | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot interpretasie | Skrywers moet onthou dat hul vertelling oor ’n gebeurtenis nie noodwendig die werklikheid weerspieël nie, maar slegs hul geïnterpreteerde weergawe van die gebeurtenis is. |
| interrelate | verb | be related to each other | Drought and famine are interrelated. | verbind | werkwoord | onderling verbonde wees | Droogte en hongersnood hou onderling met mekaar verband. |
| interval | noun | a period of time between two events | The students returned to university after an interval of four weeks. | onderbreking | naamwoord | ’n tydperk tussen twee gebeure | Die studente het ná ’n onderbreking van vier weke na die universiteit teruggekeer. |
| intervene | verb | to get involved in order to change or stop an action | Governments do not often interfere in religious affairs. | inmeng | werkwoord | betrokke raak ten einde ’n gebeurtenis anders te laat verloop of dit stop te sit | Regerings meng nie dikwels in godsdienssake in nie. |
| interview | noun | conversation between two people during which one obtains information from the other | I went for an interview and got the job. | onderhoud | naamwoord | gesprek tussen twee mense waartydens die een inligting van die ander verkry | Ek het vir ’n onderhoud gegaan en die werk gekry. |
| interview | verb | to conduct an interview with someone | She was interviewed on radio about her discovery. | uitvra | werkwoord | ’n onderhoud (met iemand) voer | Sy is oor die radio oor haar ontdekking uitgevra. |
| intrinsic | adjective | belonging to the real nature of something | One of the intrinsic qualities of glass is brilliancy. | intrinsiek | byvoeglike naamwoord | tot die werklike aard van iets behoort | Een van die intrinsieke kenmerke van glas is die glans daarvan. |
| introduced | adjective | something that has been made known | The newly introduced regulations in the residence upset the students. | ingestel | byvoeglike naamwoord | iets wat bekend gemaak is | Die pas ingestelde regulasies in die koshuis het die studente omgekrap. |
| intuition | noun | understanding a situation without conscious thought | Her intuition made her realise that the situation was dangerous. | intuïsie | naamwoord | die verstaan van ’n situasie sonder om doelbewus daaraan te dink | Haar intuïsie het haar laat besef dat die situasie gevaarlik was. |
| intuition | noun | direct understanding of a matter without the intervention of mind or senses | If you suddenly gain insight into something of which you do not necessarily have factual information, it is probably your intuition that is at work. | intuïsie | naamwoord | direkte of onmiddellike begrip van ’n saak, sonder redenering, asof vanself | As jy skielik insig kry in iets waaroor jy nie noodwendig feitelike inligting het nie, is dit waarskynlik jou intuïsie wat aan die werk is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| intuitive | adjective, adverb | reacting to intuition | Modern man has lost his intuitive way of experiencing the world largely due to the overemphasis on analytical thinking. | intuïtief | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat op intuïsie reageer | Die moderne mens het sy intuïtiewe manier van die wêreld ervaar grotendeels verloor weens die oorbeklemtoning van analitiese denke. |
| inverse | adjective | having an opposite or contrary effect | Multiplication and division are inverse operations. | omgekeer | byvoeglike naamwoord | met ’n teenoorgestelde uitwerking | Vermenigvuldiging en deling is omgekeerde bewerkings. |
| investigate | verb | to discover and examine something in order to find out the truth about it | The research group investigated the influence of temperature on the curing time of concrete. | ondersoek | werkwoord | iets ontdek en ondersoek om die waarheid daaroor uit te vind | Die navorsingspan het die invloed van temperatuur ondersoek op die tyd wat nodig is vir beton om hard te word. |
| investigative | adjective | relating to an investigation | The investigative nature of your work requires that you pay careful attention. | ondersoekend | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met ’n ondersoek | Die ondersoekende aard van jou werk vereis dat jy deeglik aandag gee. |
| invoke | verb | to use or provide as a reason to support something that you are saying or doing | The politician invoked historical events to support her argument. | beroep | werkwoord | as rede gebruik of verstrek om iets wat jy sê of doen te ondersteun | Die politikus het haar op geskiedkundige gebeure beroep om haar argument te steun. |
| involve | verb | to include (something or someone) as a necessary part | Being a student involves hard work and commitment. | behels | werkwoord | (iets of iemand) as ’n noodsaaklike deel insluit | Om ’n student te wees behels harde werk en toewyding. |
| ironic | adjective | characterised by irony | It is ironic to praise economic growth while it does not mean anything to the man in the street. | ironies | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur ironie | Dit is ironies om ekonomiese groei te prys, terwyl dit vir mense op straat niks beteken nie. |
| ironise | verb | mock by using irony | As she walks out of the examination room, she ironises the difficult paper with the words: Wasn’t it children’s games now! | ironiseer | werkwoord | bespot deur ironie te gebruik | Toe sy uit die eksamenlokaal stap, ironiseer sy die moeilike vraestel met die woorde: Was dit nie nou kinderspeletjies nie! |
| irony | noun | use of words or of a figure of speech saying the opposite of what is meant, or contrast between what is expected and what really happens | The irony is that the giant wrestling champion’s name is Tiny. | ironie | naamwoord | woordgebruik of stylfiguur wat die teenoorgestelde sê van wat bedoel word, of kontras tussen wat verwag word en wat werklik gebeur | Die ironie is dat die reuse-stoeikampioen se naam Kleintjie is. |
| isolate | verb | to place or set apart | The doctors isolated the person who has the infectious disease so that the infection does not spread. | isoleer | werkwoord | eenkant plaas of afsonder | Die dokters het die persoon met die aansteeklike siekte geïsoleer sodat die infeksie nie versprei nie. |
| issuable | adjective | authorised for issue | The number of issuable tickets for the upcoming show is limited. | uitreikbaar | byvoeglike naamwoord | wat uitgereik kan word | Die getal uitreikbare kaartjies vir die komende vertoning is beperk. |
| issue | noun | a topic for discussion or debate | The issue of misuse of hospital funds has been raised in a public debate on healthcare. | kwessie | naamwoord | ’n onderwerp vir bespreking of debat | Die kwessie van misbruik van hospitaalfondse is geopper in ’n openbare debat oor gesondheidsorg. |
| issue | noun | one of a series of magazines | The article on irrigation in the Western Cape appears in the latest issue of the journal. | uitgawe | naamwoord | een in ’n reeks tydskrifte | Die artikel oor besproeiing in die Wes-Kaap verskyn in die nuutste uitgawe van die tydskrif. |
| issue | verb | to give or distribute something | Campus officials very quickly issue traffic tickets to students who park on lecturers’ places. | uitreik | werkwoord | iets gee of versprei | Kampusbeamptes reik baie gou verkeerskaartjies uit aan studente wat op dosente se plekke parkeer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| issue | noun | a book or journal that is published | Publishing an additional issue of the academic journal is not economically feasible. | uitgawe | naamwoord | boek of tydskrif wat uitgegee word | Om ’n addisionele uitgawe van die akademiese tydskrif te laat verskyn, is nie ekonomies haalbaar nie. |
| issue | noun | an important topic that people discuss or think about | The issue of poverty in the country need to be addressed. | vraagstuk | naamwoord | ’n belangrike onderwerp wat mense bespreek of waaroor hulle nadink | Die vraagstuk van armoede in die land moet aandag kry. |
| issued | adjective | placed into the public domain | The newly issued film is going to cause great controversy. | uitgereik | byvoeglike naamwoord | in die openbare domein geplaas | Die pas uitgereikte film gaan groot omstredenheid veroorsaak. |
| italicise | verb | type or print in italics | Underlined words should be italicised when typing the manuscript on your computer. | kursiveer | werkwoord | in skuins of kursiewe letters tik of druk | Woorde wat onderstreep is, moet gekursiveer word wanneer jy die manuskrip op jou rekenaar oortik. |
| italics | noun | italic letters | In printed text, the titles of books are in italics. | kursief | naamwoord | letters wat skuins gedruk is | In gedrukte teks staan die titels van boeke in kursief. |
| journal | noun | a written daily record of news, events, activities | She recorded her personal research observations in a journal. | joernaal | naamwoord | ’n daagliks geskrewe verslag van nuus, gebeure, aktiwiteite | Sy het haar persoonlike navorsingswaarnemings in ’n joernaal aangeteken. |
| journal | noun | a periodical or magazine which deals with a specific subject or profession | A Durban schoolgirl has made her mark on the medical world by becoming the youngest ever contributor to the internationally respected South African Medical Journal. | joernaal | naamwoord | ’n tydskrif wat oor ’n besondere onderwerp of beroep handel | ’n Durbanse skoolmeisie het haar stempel op die mediese wêreld afgedruk deur die jongste bydraer tot die internasionaal gerespekteerde South African Medical Journal te word. |
| journal | noun | a periodical or magazine which deals with a specific subject or profession | I receive four issues of the SA Journal of Chemistry per annum. | tydskrif | naamwoord | ’n tydskrif wat oor ’n besondere onderwerp of beroep handel | Ek ontvang jaarliks vier uitgawes van die SA Tydskrif vir Chemie. |
| judicial | adjective | relating to the legal system, a court of law or judges, or to their decisions or judgments | We instigated a judicial inquiry into the mismanagement of funds by the directors of the company. | geregtelik | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot die regstelsel, ’n geregshof of regters, of hul beslissings of uitsprake | Ons het ’n geregtelike ondersoek ingestel na die wanbestuur van fondse deur die direkteure van die maatskappy. |
| justification | noun | explanation for a statement | Her argument contains sufficient justification to convince her listeners. | regverdiging | naamwoord | verduideliking vir ’n stelling | Haar argument bevat voldoende regverdiging om haar luisteraars te oortuig. |
| justify | verb | to mitigate events and your own or others’ behaviour by falsely justifying it with your reason | The student justifies his aggressive behaviour towards his lecturers by attributing it to personal problems. | verdedig | werkwoord | gebeure of jou eie of ander se gedrag probeer versag deur dit met redes te probeer regverdig | Die student verdedig sy aggressiewe gedrag teenoor sy dosente deur dit aan persoonlike probleme toe te skryf. |
| justify | verb | show to be right by providing proof | She justified her methodological choices by discussing potential advantages for the study. | regverdig | werkwoord | bewys dat iets reg is deur dit met bewyse te steun | Sy het haar metodologiese keuses geregverdig deur potensiële voordele vir die studie te bespreek. |
| juxtapose | verb | to contrast things with each other | The poet cleverly juxtaposes silence and noise. | jukstaponeer | werkwoord | dinge met mekaar kontrasteer | Die digter jukstaponeer stilte en geraas op ’n slim manier. |
| juxtapose | verb | place two issues side by side to highlight similarities or differences | The monsters are skilfully crafted, single heads which juxtapose abstract and figurative elements. | jukstaponeer | werkwoord | twee kwessies langs mekaar plaas om ooreenkomste of verskille uit te lig | Die monsters is vaardig gebeeldhou, alleen die koppe, wat abstrakte en figuurlike elemente jukstaponeer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| juxtaposition | noun | two concepts or things being placed next to one another with the purpose of contrast | The strange juxtaposition of father and son figures within the confined space of the sailboat prompts one to look at the painting with greater attention. | jukstaposisie | naamwoord | twee konsepte of dinge wat langs mekaar geplaas word met die doel om te kontrasteer | Die vreemde jukstaposisie van die figure van die vader en die seun in die beperkte ruimte van die seilboot, laat ’n mens met groter aandag na die skildery kyk. |
| juxtaposition | noun | two things being placed next to one another with a contrasting effect | Although some cultural traditions have been foresaken, others still form an integral part of our daily life, often blending with each other and with modern elements to present a fascinating juxtaposition of old and new. | jukstaposisie | byvoeglike naamwoord | twee dinge wat langs mekaar geplaas word met ’n kontrasterende effek | Hoewel sommige kulturele tradisies laat vaar is, vorm ander steeds ’n integrale deel van ons daaglikse lewe, waar hulle dikwels met mekaar en met moderne elemente saamsmelt om ’n boeiende jukstaposisie van oud en nuut te bied. |
| know | verb | to be aware of something or understand something | Every scientist has to know the basics of her subject. | ken | werkwoord | bewus wees van iets of iets verstaan | Elke wetenskaplike moet die basiese beginsels van haar vak ken. |
| know | verb | to be aware of something | Greek philosopher Socrates said thousands of years ago that people who know that they can never know everything are truly wise. | weet | werkwoord | van iets bewus wees | Die Griekse wysgeer Sokrates het duisende jare gelede gesê dat mense wat weet dat hulle nooit alles kan weet nie, werklik verstandig is. |
| know-how | noun | an ability which includes both knowledge and skill | The possibility that anyone with the know-how could clone humans has led to an international ban on human cloning. | kundigheid | naamwoord | bekwaamheid wat sowel kennis as vaardigheid insluit | Die moontlikheid dat enigiemand met die kundigheid mense kan kloon, het gelei tot ’n internasionale verbod op menslike kloning. |
| knowledge | noun | familiarity with facts or situations | Having knowledge means that you can present facts about something correctly insofar as they can be proven. | kennis | naamwoord | vertroudheid met feite of situasies | Om kennis te hê, beteken dat jy feite oor iets korrek kan aanbied vir sover dit bewys kan word. |
| knowledgeable | adjective | well-informed or skilled | We need to get a knowledgeable person to solve the problem. | kundig | byvoeglike naamwoord | goed ingelig of vaardig | Ons moet ’n kundige persoon kry om die probleem op te los. |
| knowledgeable | adjective | a person who is well-informed or skilled | One would expect cabinet ministers to be knowledgeable about matters in their departments. | kundige | naamwoord | ’n persoon wat goed ingelig of vaardig is | ’n Mens sou verwag dat kabinetsministers kundiges moet wees rakende sake in hul departemente. |
| known | adjective | that people know or is familiar | The modest researcher is known for her brilliant research. | bekend | byvoeglike naamwoord | wat of waarvan mense weet | Die beskeie navorser is bekend vir haar briljante navorsing. |
| label | noun | a brief description given for purposes of identification | The label on the bottle indicates how many tablets you should take. | etiket | naamwoord | ’n kort beskrywing wat gegee word vir doeleindes van identifikasie | Die etiket op die bottel dui aan hoeveel tablette jy moet neem. |
| label | noun | word used by people to indicate some characteristic of a person | Her actions bear the label of a finely civilised woman, but his that of a thug. | etiket | naamwoord | woord wat deur mense gebruik word om ’n kenmerk van ’n persoon aan te dui | Haar optrede dra die etiket van ’n fyn beskaafde vrou, maar syne dié van ’n boef. |
| label | verb | to give a name to or brief description of someone or something | She carefully labelled each jar of chemicals in the laboratory. | etiketteer | werkwoord | aan iemand of iets ’n naam gee of die persoon of ding kortliks beskryf | Sy het elke bottel met chemikalieë in die laboratorium noukeurig geëtiketteer. |
| label | verb | describe someone by means of a label | Throughout the world, people label him as a leader with true integrity. | bestempel | werkwoord | iemand deur middel van ’n etiket beskryf | Oor die wêreld heen bestempel mense hom as ’n leier met ware integriteit. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| lasting | adjective | which lasts or endures a long time | In a lasting relationship like that of Timothy and Bianca couples talk to each other about their fears. | vas | byvoeglike naamwoord | wat lank duur of ’n lang tyd bestaan | In ’n vaste verhouding soos dié van Timothy en Bianca praat paartjies met mekaar oor hul vrese. |
| launch | verb | to start something such as an official military or important public activity | The centre launched its new research project in January. | bekendstel | werkwoord | om iets te begin, soos ’n amptelike militêre of belangrike openbare aktiwiteit | Die sentrum het in Januarie sy nuwe navorsingsprojek bekendgestel. |
| layer | noun | single thickness of some substance that lies over a surface or between surfaces | They had to remove the old layer of paint before painting the cupboard blue. | laag | naamwoord | enkele dikte van ’n stof wat oor ’n oppervlak of tussen oppervlakke lê | Hulle moes die ou laag verf verwyder voordat hulle die kas blou kon verf. |
| layer | noun | one of the levels in an organisation, set of ideas or system | There are many layers of meaning in his paintings. | laag | naamwoord | een van die vlakke in ’n organisasie, stel idees of stelsel | Daar is verskeie lae betekenis in sy skilderye. |
| lead | verb | to give direction | The Springbok captain has led his team through a difficult season. | lei | werkwoord | rigting gee | Die Springbok-kaptein het sy span deur ’n moeilike seisoen gelei. |
| leadership | noun | the action of leading or managing people | The economy should recover under a president who shows strong leadership. | leierskap | naamwoord | die handeling van mense te lei of te bestuur | Die ekonomie moet herstel onder ’n president wat sterk leierskap toon. |
| leading | adjective | showing leadership | The president played a leading role in the peace negotiations. | leidend | byvoeglike naamwoord | wat leierskap toon | Die president het ’n leidende rol in die vredesonderhandelinge gespeel. |
| lead to | verb | to cause or result in | Drug addiction often leads to criminal behaviour. | lei tot | woordgroep | veroorsaak of tot gevolg hê | Dwelmverslawing lei dikwels tot kriminele gedrag. |
| lecture | verb | to give a long talk to a group of people about a particular subject, especially in order to teach students at a university | The professor lectured the students on genetic manipulation. | onderrig | werkwoord | ’n lang praatjie oor ’n spesifieke onderwerp hou voor ’n groep mense, veral om studente aan ’n universiteit te onderrig | Die professor het die studente oor genetiese manipulasie onderrig. |
| lecture | noun | a long talk which gives information about a particular subject to an audience, usually at university or at a conference | It is interesting to see what techniques speakers use to present their lectures. | lesing | naamwoord | ’n lang praatjie wat inligting oor ’n bepaalde onderwerp aan ’n gehoor oordra, gewoonlik op universiteit of tydens ’n konferensie | Dit is interessant om te sien watter tegnieke sprekers gebruik om hul lesings aan te bied. |
| legal | adjective | established by or founded upon law or official rules | The legal age limit for drinking alcohol is 18. | wettig | byvoeglike naamwoord | ingestel deur of gegrond op ’n wet of amptelike reëls | Die wettige ouderdomsperk vir die drink van alkohol is 18 jaar. |
| legal | adjective | connected with the law | It is important to get legal advice before you marry. | wetlike | byvoeglike naamwoord | verbonde aan die reg | Dit is belangrik om wetlike advies te kry voordat jy trou. |
| legislation | noun | a law or set of laws passed by parliament | Legislation was introduced on the labelling of genetically manipulated food. | wetgewing | naamwoord | ’n wet of stel wette wat deur die parlement goedgekeur is | Wetgewing is ingestel oor die etikettering van geneties gemanipuleerde voedsel. |
| legitimate | adjective | that is correct and acceptable according to the law. | Selling liquor from your home is not a legitimate business. | wettig | byvoeglike naamwoord | wat volgens die wet korrek en aanvaarbaar is. | Die verkoop van drank by jou huis is nie ’n wettige besigheid nie. |
| lemma | noun | title word or keyword in a work of reference or dictionary | Lemmas are listed in alphabetical order in the dictionary. | lemma | naamwoord | titelwoord of trefwoord in ’n naslaanwerk of woordeboek | Lemmas word in alfabetiese volgorde in die woordeboek gelys. |
| letter | noun | exactly as it was said or written | You cannot understand the figurative nature of literature if you interpret everything according to the letter. | letter | naamwoord | presies soos dit gesê of geskryf is | Jy kan nie die figuurlike aard van die letterkunde verstaan as jy alles volgens die letter interpreteer nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| level | noun | standard or position on a scale | The international conference on new developments in quantum physics that I attended was at such a high level that many of us could not understand the papers. | vlak | naamwoord | standaard of posisie op ’n skaal | Die internasionale konferensie oor nuwe ontwikkelings in die kwantumfisika wat ek bygewoon het, was op so ’n hoë vlak dat baie van ons nie die referate kon verstaan nie. |
| level down | verb | to bring down to the same level or standard as something else | It is disappointing how standards in education and in various service delivery sectors in South Africa are leveled down. | vervlak | woorddeel | tot dieselfde vlak of standaard as iets anders verlaag word | Dit is teleurstellend hoe standaarde in onderwys en in verskillende diensleweringsektore in Suid-Afrika vervlak word. |
| levelling | noun | action of bringing something to the same level or standard as something else in order to attain uniformity | More and more people are becoming concerned about the downward levelling of standards in South Africa’s education and municipal service delivery systems. | gelykmaking | naamwoord | handeling van iets op dieselfde vlak of peil as iets anders te bring deur skakerings en nuanses weg te werk om eenvormigheid te verkry | Al hoe meer mense raak bekommerd oor die afwaartse gelykmaking van standaarde in Suid-Afrika se onderwys- en munisipale diensleweringstelsels. |
| limit | verb | to set a restriction to the size or amount above or below something may not extend | Students must limit themselves to the core facts of each test question, otherwise they will not be able to finish the test. | beperk | werkwoord | ’n perk op die aantal of grootte stel waar bo of waar onder iets nie mag gaan nie | Studente moet hulself beperk tot die kernfeite van elke toetsvraag, anders sal hulle die toets nie kan voltooi nie. |
| limit | noun | the greatest or smallest amount that is allowed | He pushed his body to its physical limits during the marathon. | grens | naamwoord | die grootste of kleinste aantal of hoeveelheid wat toegelaat word | Hy het sy liggaam tydens die marathon tot sy fisieke grense gedruk. |
| limitation | noun | a limit on what something can do or how good they can be | The company has placed a limitation on the time we have for completing the project. | beperking | naamwoord | ’n beperking op wat iets kan doen of hoe goed dit kan wees | Die maatskappy het ’n beperking gestel op die tyd wat ons het om die projek te voltooi. |
| limited | adjective | restricted in size, amount or time | The time in which we have to complete the project is limited. | beperk | byvoeglike naamwoord | beperk in grootte, hoeveelheid of tyd | Die tyd waarin ons die projek moet voltooi, is beperk. |
| limitedness | adjective | condition of being restricted in size, quantity or time | Often, scientific progress is hampered by the limitedness of ideological views. | beperktheid | naamwoord | toestand van beperk te wees wat grootte, hoeveelheid of tyd betref | Wetenskaplike vooruitgang word dikwels belemmer deur die beperktheid van ideologiese sienings. |
| line | noun | hierarchical or chronological exposition from one point to the next | Although the writer’s words follow each other directly, one must constantly read back to follow his line of thought. | lyn | naamwoord | hiërargiese of chronologiese uiteensetting van een punt na die volgende | Alhoewel die skrywer se woorde mekaar direk volg, moet ’n mens voortdurend teruglees om die lyn van sy gedagtes te volg. |
| linear | adjective, adverb | arranged along a straight line or progressing in logical steps | The author’s work should not be read linearly. | lineêr | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat in ’n reguit lyn gerangskik is of in logiese stappe vorder | Die skrywer se werk moet nie lineêr gelees word nie. |
| linguistic | adjective | relating to language or linguistics | The focus in linguistic journals is obviously linguistic. | taalkundig | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot taal of taalkunde | Die fokus in linguistiese tydskrifte is uiteraard taalkundig. |
| linguistics | noun | study of the language system or subdivisions thereof | Linguistics focuses on the study of the language system in general, but different subdivisions of linguistics focus on the structure of specific languages. | linguistiek | naamwoord | studie van die taalsisteem of vertakkinge daarvan | Die linguistiek fokus op bestudering van die taalsisteem in die algemeen, maar verskillende onderafdelings van die taalkunde fokus op die struktuur van spesifieke tale. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| link | verb | to literally connect | A conjunction links two main sentences or a main sentence and a clause. | verbind | werkwoord | letterlik saamvoeg | ’n Voegwoord verbind twee hoofsinne of ’n hoofsin en bysin met mekaar. |
| link | noun | the relationship between things or situations, especially where there is a logical connection | The link between the main sentence and the clause is established by a conjunction. | verband | naamwoord | die verhouding tussen dinge of situasies, veral waar daar ’n logiese opeenvolging is | Die verband tussen die hoofsin en die bysin word deur ’n voegwoord bewerkstellig. |
| list | verb | make a list of things in a particular order | List the ten most important causes of poverty. | lys | werkwoord | ’n lys maak deur dinge in ’n spesifieke volgorde te plaas | Lys die tien vernaamste oorsake van armoede. |
| literal | adjective | with the basic or usual meaning | In legal language, words are usually used in their literal meaning. | letterlik | byvoeglike naamwoord | waaraan die basiese of gewone betekenis gekoppel word | In regstaal word woorde gewoonlik in hul letterlike betekenis gebruik. |
| literate | adjective | able to read and write | The literate person can recognise all the letters of the alphabet in different combinations in words. | geletterd | byvoeglike naamwoord | wat kan lees en skryf | Die geletterde persoon kan al die letters van die alfabet in verskillende kombinasies in woorde herken. |
| litotes | noun | figure of speech that emphasises something by reduction, e.g.: I hope you like the old gift. | Whenever my grandmother gives me a very expensive gift, she always uses lithotes to downplay it as something insignificant. | litotes | naamwoord | stylfiguur waardeur iets beklemtoon word deur dit te verklein of versag, bv.: Ek hoop jy hou van die ou geskenkie | Wanneer my ouma vir my ’n besondere duur geskenk gee, gebruik sy altyd litotes om die af te maak as iets nietigs. |
| locate | verb | determine the place of someone or something by searching or examining | The mechanic located the fault in the engine of the car. | opspoor | werkwoord | deur ’n soektog of ondersoek vasstel waar iets of iemand is | Die werktuigkundige het die fout in die motor se enjin opgespoor. |
| located | adjective | be in a specific place | Factories should ideally be located close to energy sources. | geleë | byvoeglike naamwoord | in of op ’n spesifieke plek wees | Fabrieke behoort ideaal gesproke naby energiehulpbronne geleë te wees. |
| logic | noun | sensible reasons for doing something | The logic behind the idea is almost impossible to see unless you have read the first three chapters. | logika | naamwoord | sinvolle redes vir die doen van iets | Die logika agter die idee is amper onmoontlik om te sien tensy jy die eerste drie hoofstukke gelees het. |
| logic | noun | science of the general laws underlying correct, systematic thinking | Computer science students are required to study logic in order to improve their reasoning skills for advanced programming. | logika | naamwoord | wetenskap van die algemene wette onderliggend aan juiste, sistematiese denke | Rekenaarwetenskapstudente moet logika bestudeer om hul redenasievaardighede vir gevorderde programmering te verbeter. |
| logic | noun | reasoning that connects cause and effect | The judge could not see the logic and asked the advocate to clarify his argument. | logika | naamwoord | redenering wat oorsaak en gevolg met mekaar in verband bring | Die regter kon nie die logika sien nie en het die advokaat gevra om sy betoog te verhelder. |
| logical | adjective | following the rules of logic | The report is presented in a simple and logical way. | logies | byvoeglike naamwoord | wat die reëls van logika volg | Die verslag word op ’n eenvoudige en logiese manier aangebied. |
| logical | adjective, adverb | according to the rules of logic and argument | A logical line of thought does not necessarily express a valid view. | logies | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens die reëls van logika en argumentvoering | ’n Logiese gedagtelyn verwoord nie noodwendig ’n geldige siening nie. |
| magnitude | noun | relative importance, size or extent | No one realised the magnitude of the environmental problem. | omvang | naamwoord | relatiewe belangrikheid, grootte of omvang. | Niemand het die omvang van die omgewingsprobleem besef nie. |
| maintain | verb | let something continue or proceed | Some municipalities in South Africa are struggling to maintain basic municipal services. | handhaaf | werkwoord | iets volhou of laat voortgaan | Sommige munisipaliteite in Suid-Afrika sukkel om basiese munisipale dienste te handhaaf. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| maintain | verb | to keep in a certain state, position or activity | She has found it difficult to maintain a healthy balance between studying and partying. | handhaaf | werkwoord | iets in ’n bepaalde toestand of plek hou of ’n bepaalde aktiwiteit laat voortsit | Sy het dit moeilik gevind om ’n gesonde balans tussen studie en partytjie hou te handhaaf. |
| maintain | verb | to state strongly that something is true | He still maintains that he is innocent. | volhou | werkwoord | daarop aandring dat iets die waarheid is | Hy hou steeds vol dat hy onskuldig is. |
| major | noun | important subject that a student takes at a university or college | Business Management was one of her majors. | hoofvak | naamwoord | belangrike vak wat ’n student aan ’n universiteit of kollege volg | Ondernemingsbestuur was een van haar hoofvakke. |
| major | adjective | important | Unemployment is a major problem in South Africa. | groot | byvoeglike naamwoord | belangrik | Werkloosheid is ’n groot probleem in Suid-Afrika. |
| manifest | adjective | which can be seen clearly | The manifest form of liver cancer is systemic starvation. | sigbaar | byvoeglike naamwoord | wat duidelik gesien kan word | Die sigbare vorm van lewerkanker is stelselmatige verhongering. |
| manifest | verb | to be clearly visible | True democracy manifests in equal rights to all people. | manifesteer | werkwoord | duidelik blyk | Ware demokrasie manifesteer in gelyke regte vir almal. |
| manifest | verb | to show or demonstrate clearly | Tetanus is one of the diseases that clearly manifests itself in the nervous system. | openbaar | werkwoord | duidelik wys of vertoon | Tetanus is een van die siektes wat hom duidelik in die senuweestelsel openbaar. |
| manifestation | noun | symptom of something abstract or theoretical | One sees the manifestation of democracy in equal rights to all. | manifestasie | naamwoord | simptoom van iets abstraks of teoreties | ’n Mens sien die manifestasie van demokrasie in gelyke regte vir almal. |
| manipulate | verb | to influence or control in a shrewd or devious manner | The voters are manipulated by party propaganda. | manipuleer | werkwoord | op ’n sluwe of slinkse manier beïnvloed of beheer | Die kiesers word deur partypropaganda gemanipuleer. |
| manipulate | verb | to control or handle something skilfully | The crane driver is an expert at manipulating the huge construction crane. | manipuleer | werkwoord | iets behendig beheer of hanteer | Die hyskraanbestuurder is ’n kundige in die manipulering van die groot konstruksiekraan. |
| manual | adjective | mainly using the hands or physical strength | His job in the construction industry involves mostly manual labour. | hande- | woorddeel | wat hoofsaaklik die hande of fisieke krag gebruik | Sy werk in die konstruksiebedryf behels hoofsaaklik handearbeid. |
| manual | noun | a book or leaflet that tells you how to do something | If you don't know where the parts are or what they look like, look in your owner's manual. | handleiding | naamwoord | ’n boek of pamflet wat jou vertel hoe om iets te doen | As jy nie weet waar die onderdele is of hoe hulle lyk nie, kyk in jou handleiding. |
| margin | noun | limit of accuracy or reliability | The samples in the individual metropolitan areas are small and the margin of error is therefore higher. | foutgrens | naamwoord | grens of perk van akkuraatheid of betroubaarheid | Die monsters in die individuele metropolitaanse gebiede is klein en die foutgrens is dus hoër. |
| margin | noun | a group that is not included in the main group | Life is tough for those who live on the margins of society, such as prostitutes and beggars. | rand | naamwoord | ’n groep wat nie by die hoofgroep ingesluit is nie | Die lewe is moeilik vir mense soos prostitute en bedelaars wat op die rand van die samelewing woon. |
| margin | noun | the boundary line or area immediately inside the boundary | Lecturers normally write their feedback in the margins of the written or printed page. | kantlyn | naamwoord | die grenslyn of area onmiddellik binne die grens | Dosente skryf gewoonlik hul terugvoer in die kantlyn van die geskrewe of gedrukte bladsy. |
| margin | noun | border of a page | When you read to study, it is helpful to make notes in the margin about facts that you may be uncertain about. | kantlyn | naamwoord | kantlyn van ’n bladsy | As jy lees om te studeer, is dit nuttig om in die kantlyn aantekeninge te maak oor feite waarvan jy dalk onseker is. |
| margin | noun | the edge or the border of something | Xenophobia is often experienced by foreigners living and working on the margins of informal neighbourhoods. | rand | naamwoord | die kant of die grens van iets | Xenofobie word dikwels ervaar deur buitelanders wat op die rand van informele buurte woon en werk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| marginalise | verb | move to a lower or outer boundary | The lower-paid groups were marginalised by the emerging middle class. | marginaliseer | werkwoord | na ’n buitenste grens uitskuif | Die laer besoldigde groepe is deur die opkomende middelklas gemarginaliseer. |
| marginalised | adjective | relating to people or things that are treated as if they are not important | Karretjiemense are a marginalised group because farmers no longer employ them as sheep shearers. | gemarginaliseer | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met mense of dinge wat behandel word asof hulle onbelangrik is | Karretjiemense is ’n gemarginaliseerde groep omdat boere hulle nie meer as skaapskeerders in diens neem nie. |
| mark | verb | award points or a symbol for value or correctness | The lecturer marks our assignments. | nasien | werkwoord | punte of ’n simbool vir waarde of korrektheid toeken | Die dosent sien ons werkopdragte na. |
| mark | noun | a number or symbol that indicates performance | I am proud of the excellent mark I received for my test. | punt | naamwoord | ’n getal of simbool wat prestasie aandui | Ek is trots op die uitstekende punt wat ek vir my toets behaal het. |
| marked | adjective | that has been checked and corrected | Students can collect their marked assignments at prof. Smith’s secretary. | gemerk | byvoeglike naamwoord | wat nagesien is en waarvoor punte gegee is | Studente kan hul gemerkte opdragte by prof. Smith se sekretaresse afhaal. |
| marking | noun | the checking or correction of tests or assignments | Professor Anderson is well known for his strict marking of geology assignments. | nasien | naamwoord | die nagaan van toetse of werkopdragte | Professor Anderson is bekend vir sy streng nasien van geologieopdragte. |
| match | verb | to be in agreement with | The data in your report does not match your colleague’s. | ooreenstem | werkwoord | ooreenkom met | Die data in jou verslag stem nie ooreen met dié van jou kollega nie. |
| material | noun | information or ideas used in books, films, etc. | The film director used historical material to make her film more realistic. | materiaal | naamwoord | inligting of idees wat in boeke, films, ens. gebruik word | Die filmregisseur het geskiedkundige materiaal gebruik om haar film meer realisties te maak. |
| material | adjective | The artist skilfully utilises the material qualities of the canvas and the paint. | The artist skilfully utilised the material qualities of the canvas and the paint. | materieel | byvoeglike naamwoord | gekoppel aan fisiese voorwerpe of toestande in die fisiese wêreld | Die kunstenaar benut die materiële eienskappe van die doek en die verf vaardig. |
| matrix | noun | a substance, situation or environment in which something originates, develops or is contained | The matrix of all life on earth is said to be the ocean. | matriks | naamwoord | ’n stof, situasie of omgewing waarin iets ontstaan, ontwikkel of vervat is | Daar word gesê dat die matriks van alle lewe op aarde die oseaan is. |
| matrix | noun | an arrangement of data in columns and rows | The data is displayed in a matrix, and then discussed verbally. | matriks | naamwoord | ’n rangskikking van data in kolomme en rye | Die data word in ’n matriks vertoon en dan mondelings bespreek. |
| matter | noun | a situation or subject that is being dealt with | The matter of state corruption must be tackled to the bone. | kwessie | naamwoord | ’n situasie of onderwerp wat hanteer word | Die kwessie van staatskorrupsie moet tot op die been oopgevlek word. |
| mature | verb | to advance physically, mentally or emotionally | The framework designed in the eighties gradually matured. | ontwikkel | werkwoord | fisiek, geestelik of emosioneel vorder | Die raamwerk wat in die tagtigerjare ontwerp is, het geleidelik ontwikkel. |
| mature | adjective | relatively advanced physically, mentally and (or) emotionally | If so much of a species is caught that the adult fish of that species do not get a chance to breed, overexploitation takes place. | volwasse | byvoeglike naamwoord | fisiek, geestelik en (of) emosioneel redelik gevorderd | As daar so baie van ’n soort gevang word dat die volwasse visse van daardie spesie nie kans kry om aan te teel nie, vind oorontginning plaas. |
| maximum | adjective | the largest amount possible, allowed or required | Both teams have been battling to win games lately and they will be desperate to pocket maximum points from this game. | maksimum | byvoeglike naamwoord | die grootste hoeveelheid moontlik wat toegelaat of vereis word | Albei spanne het die afgelope tyd gesukkel om wedstryde te wen en hulle sal desperaat wees om die maksimum punte in hierdie wedstryd in te palm. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| maximum | noun | the largest amount possible, allowed or required | The university enrols a maximum of 16 000 new first-year students per year. | maksimum | naamwoord | die grootste hoeveelheid moontlik wat toegelaat of vereis word | Die universiteit laat ’n maksimum van 16 000 nuwe eerstejaars per jaar toe. |
| mean | verb | to have the intention | If a student sets out his thoughts clearly in a test answer, his lecturer will understand what he means. | bedoel | werkwoord | die doel of bedoeling hê | As ’n student sy gedagtes duidelik in ’n toetsantwoord uiteensit, sal sy dosent verstaan wat hy bedoel. |
| mean | verb | amount or come down to | What does it mean to be really poor? | beteken | werkwoord | neerkom op | Wat beteken dit om regtig arm te wees? |
| mean | verb | be of particular importance | Einstein’s theory of relativity still means a great deal to today’s cosmologists. | beteken | werkwoord | van bepaalde belang wees | Einstein se relatiwiteitsteorie beteken nog baie vir die hedendaagse kosmoloë. |
| mean | verb | to express an idea | I mean, how can you lose a game if you have an extra player to your advantage? | meen | werkwoord | ’n idee uitspreek of verwoord | Ek meen, hoe kan jy ’n wedstryd verloor as jy ’n ekstra speler tot jou voordeel het? |
| meaning | noun | what is meant or intended by a word, text or action | The meaning behind his words is not as simple as it might seem. | betekenis | naamwoord | wat met ’n woord, teks of handeling bedoel word | Die betekenis agter sy woorde is nie so eenvoudig soos dit mag lyk nie. |
| meaning | noun | what is meant by a certain word, text, concept, etc. | Every student should know the meaning of certain words in her field of study and also realise that such words can often mean something different in ordinary language. | betekenis | naamwoord | wat met ’n bepaalde woord, teks, konsep, ens. bedoel word | Elke student moet die betekenis van sekere woorde in haar vakgebied ken en ook besef dat sulke woorde in gewone taal dikwels iets anders kan beteken. |
| meaning | noun | what is meant by a word or action | A regular reader understands the literal and figurative meaning of words. | betekenis | naamwoord | wat ’n woord of handeling beteken | Iemand wat gereeld lees, verstaan die letterlike en figuurlike betekenis van woorde. |
| meaningful | adjective | having a purpose or meaning | The lecturer encourages meaningful contributions during lessons. | betekenisvol | byvoeglike naamwoord | met ’n doel of betekenis | Die dosent moedig betekenisvolle bydraes aan tydens lesings. |
| meaningful | adjective | having a purpose or meaning | Our Economics lecturer always encourages meaningful comments from students during his lectures. | sinvol | byvoeglike naamwoord | met ’n doel of betekenis | Ons ekonomiedosent moedig altyd sinvolle kommentaar van studente tydens sy lesings aan. |
| meaningfulness | noun | the purpose or meaning of something | Janet doubts the meaningfulness of a fourth qualification, as her three degrees have given her a highly satisfying job that she will lose if she enrolls for another degree. | sinvolheid | naamwoord | die doel of betekenis van iets | Janet betwyfel die sinvolheid van ’n vierde kwalifikasie, aangesien haar drie grade haar ’n baie bevredigende werk gee wat sy sal verloor as sy vir ’n ander graad inskryf. |
| mechanism | noun | device consisting of a piece of machinery | A special mechanism in the intake system ensures that the engine delivers the best performance at all heights above sea level. | meganisme | naamwoord | toestel wat uit ’n stuk masjinerie bestaan | ’n Spesiale meganisme in die inlaatstelsel sorg dat die enjin die beste verrigting op alle hoogtes bo seevlak lewer. |
| median | noun | the numerical value separating the upper half from the lower half of a sample or population | The five students in the class have a percentage of 34, 56, 57, 76 and 87, respectively, and the median is 57. | mediaan | naamwoord | die numeriese waarde wat die boonste helfte van die onderste helfte van ’n steekproef of populasie skei | Die vyf studente in die klas het onderskeidelik ’n persentasie van 34, 56, 57, 76 en 87, en die mediaan is 57. |
| mediate | verb | to act between parties to reconcile differences | She mediated between her two colleagues to end the argument. | bemiddel | werkwoord | om tussen partye op te tree om verskille te besleg | Sy het ussen haar twee kollegas bemiddel om die argument te beëindig. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| mediate | verb | to make it possible for something to happen | The two lawyers are attempting to mediate a settlement between the plaintiff and defendant. | bemiddel | werkwoord | dit moontlik maak dat iets kan gebeur | Die twee advokate probeer ’n skikking tussen die eiser en die verweerder bemiddel. |
| mediate | verb | to bring about an agreement or reconciliation between conflicting parties | Several people have tried to mediate between the miners and management to resolve the salary dispute. | medieer | werkwoord | ’n ooreenkoms of versoening tussen botsende partye probeer bewerkstellig | Verskeie mense het tussen die mynwerkers en die bestuur probeer medieer om die salarisgeskil op te los. |
| mediating | adjective | intervening in a dispute and trying to bring about reconciliation | The mediating efforts of several people were unsuccessful in resolving the salary dispute. | bemiddelend | byvoeglike naamwoord | wat in ’n dispuut ingeryp en versoening probeer bewerkstellig | Die bemiddelende pogings van verskeie persone was onsuksesvol om die salarisgeskil op te los. |
| mediation | noun | the process of intervention in a dispute to bring about reconciliation | The mediation between management and the miners was successful and they returned to work. | bemiddeling | naamwoord | die proses van ingryping in ’n dispuut om versoening te bewerkstellig | Die bemiddeling tussen die bestuur en die mynwerkers was suksesvol en hulle het weer begin werk. |
| mediator | noun | a person who intervenes in a dispute to bring about reconciliation | The mediators tried their best to resolve the salary dispute between the miners and the management. | bemiddelaar | naamwoord | iemand wat in ’n dispuut ingryp om versoening te bewerkstellig | Die bemiddelaars het hul bes probeer om die salarisgeskil tussen die mynwerkers en die bestuur op te los. |
| medium | noun | a way of communicating information | Radio and television are the best media to communicate important information to a wide audience. | medium | naamwoord | ’n manier om inligting oor te dra | Radio en televisie is die beste media om belangrike inligting aan ’n breë gehoor oor te dra. |
| meet | verb | to be acceptable or satisfactory | When food is sold, it must meet the requirements of basic hygiene. | voldoen aan | woordgroep | aanvaarbaar of bevredigend wees | Wanneer kos verkoop word, moet dit aan die vereistes van basiese higiëne voldoen. |
| mental | adjective | involving the mind or an intellectual process | Difficult mathematical calculations require intense mental effort. | verstandelik | byvoeglike naamwoord | wat die verstand betrek of ’n intellektuele proses behels | Moeilike wiskundige berekenings verg intense verstandelike inspanning. |
| metalanguage | noun | terminology used to talk about language, e.g. text, context, genre, style, figurative, literal, etc. | Young learners should be allowed to read for fun and not be overwhelmed with literary metalanguage. | metataal | naamwoord | terminologie wat ’n mens gebruik om oor taal te praat, bv. teks, konteks, genre, styl, figuurlik, letterlik, ens. | Jong leerders moet toegelaat word om te lees vir plesier en nie met literêre metataal oordonder word nie. |
| metaphor | noun | concise comparison, such as when the author of Song of Songs says: My beloved is a bag of myrrh | Poets use strategies such as symbolism and metaphor to contribute to the ambiguousness of their poetry. | metafoor | naamwoord | beknopte vergelyking, soos wanneer die skrywer van Hooglied sê: My geliefde is ’n sakkie mirre | Digters gebruik strategieë soos simboliek en metafoor om tot die dubbelsinnigheid van hul poësie by te dra. |
| metaphorical | adjective | using a metaphor or metaphors | Opperman is known for his metaphorical handling of language in his poetry. | metafories | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur ’n metafoor of metafore | Opperman is bekend vir sy metaforiese hantering van taal in sy digkuns. |
| method | noun | a way of doing something, especially a systematic way | We used different statistical methods of analysis. | metode | naamwoord | ’n manier om iets te doen, veral ’n sistematiese manier | Ons het verskillende statistiese ontledingsmetodes gebruik. |
| method | noun | way to achieve a specific goal | The research method is largely determined by the researcher’s theory and hypotheses. | metode | naamwoord | werkwyse om ’n bepaalde doel te bereik | Die metode van navorsing word grootliks deur die navorser se teorie en hipoteses bepaal. |
| methodical | adjective, adverb | according to a method | Dr. Matshego launched a methodical study of the psychological effects of unemployment on single-parent families. | metodies | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens ’n metode | Dr Matshego het ’n metodiese studie van die sielkundige gevolge van werkloosheid op enkelouergesinne geloods. |
| methodology | noun | a set of methods and principles to perform a particular activity | The methodology used by the researcher should lead to useful research results. | metodiek | naamwoord | ’n stel metodes en beginsels vir die uitvoer van ’n bepaalde aktiwiteit | Die metodiek wat die navorser gebruik, moet lei tot nuttige navorsingsresultate. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| methodology | noun | a set of methods and principles to perform a particular activity | The research methodology provides a general approach a researcher uses to conduct a research study. | metodologie | naamwoord | ’n stel metodes en beginsels vir die uitvoer van ’n spesifieke aktiwiteit | Die navorsingsmetodologie verskaf die algemene benadering wat die navorser gebruik om ’n studie uit te voer. |
| migrate | verb | to move from one country or region to another and settle there | Many mine workers have migrated from rural areas to mining areas to find work. | migreer | werkwoord | van een land of streek na ’n ander verhuis en daar bly | Baie mynwerkers het van landelike gebiede na myngebiede migreer om werk te vind. |
| mind | noun | a person’s intellect, ability to think and reason | Persons with a developed mind more easily recognise views that are different from their own. | denke | naamwoord | ’n persoon se verstand, sy of haar vermoë om te dink en redeneer | Persone met ontwikkelde denke herken makliker sienings wat van hul eie verskil. |
| minimal | adjective | the least possible or very small in size | The hail caused minimal damage to the car. | minimaal | byvoeglike naamwoord | die mins moontlike of baie klein | Die hael het minimale skade aan die motor aangerig. |
| minimum | adjective | the least possible | The minimum amount to top-up a cell phone account is R50. | minimum | byvoeglike naamwoord | die kleinste moontlike | Die minimum bedrag nodig om ’n selfoonrekening aan te vul, is R50. |
| minimum | noun | the smallest possible quantity or amount | The class notes will cost a minimum of R50. | minimum | naamwoord | die kleinste moontlike hoeveelheid of bedrag | Die klasnotas sal ’n minimum van R50 kos. |
| minor | adjective | small, limited or small in quantity or size | Only minor editorial changes were necessary to prepare the article for publication. | gering | byvoeglike naamwoord | klein, beperk of min in hoeveelheid of maat | Slegs geringe redaksionele wysigings was nodig om die artikel vir publikasie voor te berei. |
| mistake | noun | to make an error | I made a mistake to underestimate my opponent’s knowledge of the topic of the debate. | misgis | werkwoord | verkeerd oordeel en ’n fout begaan | Ek het my met my teenstander se kennis van die debatsonderwerp misgis en hom heeltemal onderskat. |
| mistake | noun | an error of judgement, oversight or miscalculation | My mistake about the amount of study material almost cost me my degree, because I started reading too late and therefore I was unprepared for the final exam. | fout | naamwoord | ’n vergissing, oorsig of foutiewe berekening | My fout wat betref die hoeveelheid studiemateriaal het my amper my graad gekos, omdat ek te laat begin lees het en daarom onvoorbereid was vir die eindeksamen. |
| mode | noun | how something is done or how it happens | Writing and speech are the primary modes of communication studied by linguists, whereas pictures and 3D-objects are the primary modes for artists. | wyse | naamwoord | hoe iets gedoen word of hoe dit gebeur | Skrif en spraak is die belangrikste wyses van kommunikasie wat deur taalkundiges bestudeer word, terwyl prente en 3D-voorwerpe vir kunstenaars die primêre vorme is. |
| modern | adjective | relating to the present | Jungle dwellers will probably not understand modern phenomena such as the computer and smartphone. | modern | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met die hede | Oerwoudbewoners sal waarskynlik nie moderne verskynsels soos die rekenaar en slimfoon verstaan nie. |
| modernism | noun | school of thought characterised by the pursuit of what is considered modern – liberal thinking, modern ideas, practices and styles | Many people blame modernism for the disappearance of marriage as a traditional institution because so many young people nowadays live together without getting married. | modernisme | naamwoord | stroming of neiging gekenmerk deur die navolging van wat as modern beskou word – liberale denke, moderne idees, praktyke en style | Baie mense blameer die modernisme vir die verdwyning van die huwelik as ’n tradisionele instelling, omdat so baie jong mense vandag saamwoon sonder om te trou. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| modernist | adjective | associated with modernism | People who accept everything that is modern and liberal as good and right, without critical thinking, are modernist in their outlook on life. | modernisties | byvoeglike naamwoord | wat met modernisme geassosieer word | Mense wat alles wat modern en liberaal is as goed en reg aanvaar, sonder kritiese denke, is modernisties in hul lewensuitkyk. |
| modernity | noun | state of being modern | Wordsworth has been transformed by literary theory from a poet of nature to a key figure of modernity. | moderniteit | naamwoord | toestand van modern te wees | Wordsworth is deur literêre teorie omvorm van ’n natuurdigter tot ’n sleutelfiguur van moderniteit. |
| modification | noun | the act or process of changing something to make it better or more suitable for something | Research on the modification of different types of games can be a valuable contribution to the game-based learning environment. | modifikasie | naamwoord | die handeling of proses van iets te verwerk of te verander om dit beter of meer geskik vir iets te maak | Navorsing oor die modifikasie van verskillende soorte speletjies kan ’n waardevolle bydrae tot die spelgebaseerde leeromgewing maak. |
| modification | noun | the act or process of changing something to make it better or more suitable for something | The results of his experiments led to the modification of his initial hypotheses. | wysiging | naamwoord | die handeling of proses van iets te verwerk of te verander om dit beter of meer geskik vir iets te maak | Die resultate van sy eksperimente het gelei tot die wysiging van sy aanvanklike hipoteses. |
| modified | adjective | having been processed or changed to improve it or make it better | They planted genetically modified seeds. | gemodifiseer | byvoeglike naamwoord | wat verwerk of verander is om dit te verbeter of meer geskik te maak | Hulle het geneties gemodifiseerde saad gesaai. |
| modify | verb | to make different, adapt or cause to change | She modified the recipe by using water instead of milk. | aanpas | werkwoord | anders maak, wysig of (laat) verander | Sy het die resep aangepas deur water in plaas van melk te gebruik. |
| modify | verb | to make different, adapt or cause to change | Researchers modify their initial hypotheses if they are refuted by their experiments. | wysig | werkwoord | anders maak, aanpas of (laat) verander | Navorsers wysig hul aanvanklike hipoteses as dit deur hul eksperimente weerlê word. |
| momentum | noun | the ability to keep developing or moving forward at the same pace | Water and Sanitation Forums have gained momentum as communities realise the importance of their effectiveness as platforms to articulate their grievances on service delivery. | momentum | naamwoord | die vermoë om teen dieselfde tempo te bly ontwikkel of vorentoe te beweeg | Water- en sanitasieforums het momentum gekry namate gemeenskappe die belangrikheid en doeltreffendheid van dié platforms gesnap het om hul griewe rakende dienslewering te verwoord |
| monitor | verb | check or keep an eye on | The teacher monitored his reading and saw great improvement in speed and understanding as the year progressed. | monitor | werkwoord | nagaan of dophou | Die onderwyser het sy lees gemonitor en gesien dat sy leestempo en -begrip in die loop van die jaar baie verbeter het. |
| morphological | adjective | regarding the form | One of the tools for understanding words is morphological knowledge, because the stem of a word contains the basic meaning. | morfologies | byvoeglike naamwoord | rakende die vorm | Een van die hulpmiddels om woorde te verstaan, is morfologiese kennis, want die stam van ’n woord, bevat die basiese betekenis. |
| morphology | noun | (study and knowledge of) the parts that make up words and how words are formed | The morphology of words is useful if one wants to trace the meaning of words. | morfologie | naamwoord | (leer en kennis van) die dele waaruit woorde bestaan en hoe woorde gevorm word | Die morfologie van woorde is nuttig as ’n mens die betekenis van woorde wil naspeur. |
| motif | noun | concept that forms part of the theme of a text | In the example sentence, each italic word is a motif. | motief | naamwoord | konsep wat deel vorm van die tema van ’n teks | In die voorbeeldsin is elke kursiewe woord ’n motief. |
| motivate | verb | encourage someone to do something | The promotion motivated him to work harder. | motiveer | werkwoord | iemand aanspoor om iets te doen | Die bevordering het hom gemotiveer om harder te werk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| motivate | verb | to supply reasons for a statement | Remember to motivate your answers. | motiveer | werkwoord | ’n rede of redes verskaf vir ’n stelling | Onthou om jou antwoorde te motiveer. |
| motivate | verb | supply reasons for a statement | If you make statements without motivating them with facts and examples, they are unconvincing. | staaf | werkwoord | redes vir ’n stelling gee | As jy stellings maak sonder om hulle met feite en voorbeelde te staaf, is jou stellings onoortuigend. |
| motivated | adjective | supported by adequate reasons | Each of his statements is well motivated by fact and example. | gemotiveer | byvoeglike naamwoord | ondersteun deur voldoende redes | Elkeen van sy stellings is goed gemotiveerd met feit en voorbeeld. |
| motivated | adjective | well-argued and well-justified | The speaker soon convinced the panel with his well-motivated statements. | gestaaf | byvoeglike naamwoord | behoorlik aangevoer en geregverdig | Die spreker het die paneel gou oortuig met sy goed gestaafde stellings. |
| motivation | noun | reason why something is done or reason for a particular action | People with strong intrinsic motivation usually succeed in what they do. | motivering | naamwoord | rede waarom iets gedoen word of rede vir ’n bepaalde optrede | Mense met sterk intrinsieke motivering slaag gewoonlik in wat hulle doen. |
| motivation | noun | reason for acting in a certain way | Statements without factual motivation do not convince the critical reader. | motivering | naamwoord | rede waarom op ’n sekere wyse opgetree word | Stellings sonder feitelike motivering oortuig nie die kritiese leser nie. |
| motive | noun | the reason for doing something, usually something negative | Investigators were unable to establish a motive for the crime. | motief | naamwoord | die rede waarom iets gedoen word, gewoonlik iets negatiefs | Speurders kon nie ’n motief vir die misdaad vasstel nie. |
| mutual | adjective | common to or shared by two or more parties | Teachers usually aim to build a relationship of mutual respect and understanding between themselves and their learners. | wedersyds | byvoeglike naamwoord | gemeenskaplik aan of gedeel deur twee of meer partye | Onderwysers wil gewoonlik ’n verhouding van wedersydse respek en begrip tussen hulself en hul leerders bou. |
| myth | noun | an ancient story or tale usually explaining the origin of natural phenomena | Creation myths are found in many cultures. | mite | naamwoord | ’n antieke storie of verhaal wat gewoonlik die oorsprong van natuurlike verskynsels verklaar | Skeppingsmites kom in baie kulture voor. |
| myth | noun | something fictional, untrue or unproven | It is a myth that trolls live under bridges. | mite | naamwoord | iets fiktief, onwaar of wat nie bewys kan word nie | Dit is ’n mite dat trolle onder brûe woon. |
| name | verb | to appoint in a position or office | Professor Seakhoa has been named the new vice-rector of the university. | aanwys | werkwoord | in ’n amp of betrekking aanstel | Professor Seakhoa is aangewys as die nuwe viserektor van die universiteit. |
| negate | verb | to stop something from having an effect | Alcohol often negates the effects of the medicine. | ongedaan maak | woordgroep | keer dat iets ’n uitwerking het | Alkohol maak dikwels die uitwerking van die medisyne ongedaan. |
| negate | verb | to state that something does not exist or is not true | Fatherhood can apparently be negated until seven days after birth then reality kicks in. | ontken | werkwoord | sê dat iets nie bestaan nie of dat dit onwaar is | Vaderskap kan blykbaar ontken word tot sewe dae ná geboorte, dan dring die werklikheid deur. |
| neologism | noun | new word or phrase, or a recognised word used in a new meaning | The term LOAD SHEDDING is a neologism which came into existence because of Eskom’s inability to provide electricity. | neologisme | naamwoord | nuwe woord of frase, of ’n erkende woord wat in ’n nuwe betekenis gebruik word | Die woord BEURTKRAG is ’n neologisme wat geskep is as gevolg van Eskom se onvermoë om elektrisiteit te voorsien. |
| neologistic | adjective | regarding a new word | The neologistic word LOAD SHEDDING originated during South Africa’s electricity crisis in 2018. | neologisties | byvoeglike naamwoord | rakende ’n nuwe woord | Die neologistiese woord BEURTKRAG het in 2018 tydens die elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika ontstaan. |
| network | noun | a group of people or institutions which work together and are connected to one another | The extended network of the family is thought to be the foundation of a successful society. | netwerk | naamwoord | ’n groep mense of instansies wat saamwerk en met mekaar verbind is | Die uitgebreide netwerk van die gesin word beskou as die grondslag van ’n suksesvolle samelewing. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| neutral | adjective | not taking sides in a disagreement | I prefer to remain neutral on this matter. | neutraal | byvoeglike naamwoord | wat nie kant kies in ’n meningsverskil nie | Ek verkies om neutraal te bly wat hierdie aangeleentheid betref. |
| neutral | adjective | which do not express any strong opinion | Business communication should use neutral language. | neutraal | byvoeglike naamwoord | wat geen sterk mening uitspreek nie | Sakekommunikasie moet neutrale taal gebruik. |
| nevertheless | adverb | despite this fact | It was a predictable, nevertheless entertaining, film. | nogtans | bywoord | ongeag hierdie feit | Dit was ’n voorspelbare, nogtans onderhoudende film. |
| next | adjective | following immediately after something else | The next aspect to be addressed is fire prevention. | volgende | byvoeglike naamwoord | wat onmiddellik na iets anders volg | Die volgende aspek wat aandag moet kry, is brandvoorkoming. |
| next | adjective | following in time or order | The next aspect that will be dealt with, is the prevention of fires. | volgende | byvoeglike naamwoord | eerskomende in tyd of volgorde | Die volgende aspek wat behandel word, is die voorkoming van brande. |
| niche | noun | a job or activity that is perfectly suited to someone | She found her niche in the banking world as an equities trader. | nis | naamwoord | ’n werk of aktiwiteit wat perfek by iemand pas | Sy het haar nis in die bankwêreld gevind as aandelehandelaar. |
| nihilism | noun | theory that rejects all existing systems and faith in these systems | Some of the most popular music was created as a result of musicians and singers using the principle of nihilism to create original sounds. | nihilisme | naamwoord | teorie wat alle bestaande stelsels en geloof in hierdie stelsels verwerp | Van die gewildste musiek is geskep deur musikante en sangers wat die beginsel van nihilisme gebruik het om oorspronklike klanke te skep. |
| nihilistic | adjective | rejecting all principles of religion and morality | The self-destructive urge of many young people is often explained as the result of their nihilistic feeling about life, therefore one can in a sense refer to them as nihilists. | nihilisties | byvoeglike naamwoord | wat alle beginsels van godsdiens en moraliteit verwerp | Die selfvernietigsdrang van baie jong mense word dikwels verklaar as die resultaat van hulle nihilistiese gevoel oor die lewe, daarom kan ’n mens in ’n sekere sin na hulle as nihiliste verwys. |
| nominate | verb | to suggest formally that somebody should be chosen for an important role, prize, etc. | He nominated his friend as class representative. | nomineer | werkwoord | formeel voorstel dat iemand vir iets soos ’n belangrike rol of prys gekies word | Hy het sy vriend genomineer as klasverteenwoordiger. |
| nominated | adjective | who has been named | I know the nominated vice-rector of the university. | aangewys | byvoeglike naamwoord | wat benoem is | Ek ken die aangewysde vise-rektor van die universiteit. |
| nonetheless | adverb | despite this fact | A student’s level of academic literacy is not the only factor that influences his or her performance, it is nonetheless one of the critical contributing factors that determines academic success. | nietemin | bywoord | ongeag hierdie feit | Die vlak van akademiese geletterdheid van ’n student is nie die enigste faktor wat sy of haar prestasie beïnvloed nie, maar dit is nietemin een van die belangrikste faktore wat akademiese sukses bepaal. |
| norm | noun | a standard, model or pattern that is accepted within a specific group, or is considered typical of a particular group | Women who stay at home and live off their husbands’ incomes are no longer the norm in the USA. | norm | naamwoord | ’n standaard, model of patroon wat binne ’n spesifieke groep aanvaar word, of as tipies van ’n bepaalde groep beskou word | Vroue wat tuis bly en van hul mans se inkomste leef, is nie meer die norm in die VSA nie. |
| norm | noun | standard, benchmark or guideline | There are a number of norms that determine whether a prospective student is ready for academic study at a university. | norm | naamwoord | standaard, maatstaf of riglyn | Daar is ’n aantal norme wat bepaal of ’n voornemende student gereed is vir akademiese studie aan ’n universiteit. |
| normal | adjective | the usual or average standard, level or type | Anger is a healthy, normal emotion when expressed appropriately. | normaal | byvoeglike naamwoord | die gewone of gemiddelde standaard, vlak of tipe | Woede is ’n gesonde, normale emosie indien dit toepaslik uitgedruk word. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| normative | adjective | characterized by norms | Language teaching that aims at a generally accepted form of the target language is normative in nature. | normatief | byvoeglike naamwoord | deur norme gekenmerk | Taalonderrig wat gerig is op ’n algemeen aanvaarde vorm van die doeltaal, is normatief van aard. |
| notable | adjective | that can be noted or taken note of | A notable feature is the ease with which children interact with technology. | opmerklik | byvoeglike naamwoord | wat opgemerk of van kennis geneem kan word | ’n Opmerklike kenmerk is die gemak waarmee kinders met tegnologie omgaan. |
| note | verb | notice and (or) give an opinion | Our lecturer always notes something encouraging in our assignments, even if we did not do well. | oplet | werkwoord | kennis neem van en (of) ’n opinie gee | Ons dosent let altyd iets bemoedigends in ons opdragte op, al het ons nie goed gevaar nie. |
| noteworthy | noun | deserving of receiving attention | A private sale exposes one to various risks, but two are particularly noteworthy. | opmerklik | naamwoord | wat aandag verdien | ’n Privaat verkoping stel ’n mens aan verskillende risiko's bloot, maar veral twee is opmerklik. |
| notice | verb | to observe or to pay attention to | The researcher noticed significant differences during his observation of chimpanzees and gorillas. | opmerk | werkwoord | sien of agterkom | Die navorser het beduidende verskille opgemerk tydens sy waarneming van sjimpansees en gorillas. |
| notion | noun | an idea, belief or opinion about something, which is often not very clear or precise | As early as 1725 John Clarke examined the notion of moral good and evil. | begrip | naamwoord | ’n idee, geloof of opinie oor iets, wat dikwels nie baie duidelik of presies is nie | Reeds in 1725 ondersoek John Clarke die begrippe morele goed en kwaad. |
| notwithstanding | adverb | without being affected by | Notwithstanding the evidence, the man will not be charged with murder. | ondanks | bywoord | sonder om geraak te word deur | Ondanks die getuienis, sal die man nie van moord aangekla word nie. |
| novel | adjective | new or unlike anything that has been seen, done or created before | Her novel idea is to open a street theater in the central business district of the city. | vreemd | byvoeglike naamwoord | nuut of anders as enigiets wat voorheen gesien, gedoen of geskep is | Haar vreemde idee is om ’n straatteater in die sentrale sakekern van die stad te open. |
| novel | noun | a lengthy narrative in prose | The writer’s novels are studied in English departments all over the country. | roman | naamwoord | ’n lang prosawerk | Die skrywer se romans word in Engelsdepartemente oor die hele land bestudeer. |
| nuance | noun | subtle difference in meaning or shade | The experienced poet creates subtle nuances of darkness and light through punning. | nuanse | naamwoord | subtiele verskil in betekenis of skakering | Die ervare digter skep deur woordspeling subtiele nuanses van duisternis en lig. |
| nuance | verb | to reproduce the effect of shade in painting | The skilled painter nuances her painting with different shades of green. | nuanseer | werkwoord | Die bekwame skilder nuanseer haar skildery met verskillende skakerings van groen. | Die bedrewe skilder nuanseer haar skildery met verskillende skakerings van groen. |
| nuance | verb | to choose words subtly | The skilled poet manages to nuance his poem with a wordplay of light and dark. | nuanseer | werkwoord | woorde fyn kies | Die bekwame digter slaag daarin om sy gedig te nuanseer met ’n woordspel van lig en donker. |
| nuanced | adjective | characterised by subtle shades of meaning | The nuanced wordplay of light and dark in the poem is fascinating. | genuanseerd | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur subtiele betekenisonderskeidings | Die genuanseerde woordspel van lig en donker in die gedig fassineer. |
| nuanced | adjective | where the effect of shade has been reproduced in a painting | Only the experienced painter sees the nuanced use of green in her painting. | genuanseer | byvoeglike naamwoord | waar die effek van skaduwee in ’n skildery bewerkstellig is | Net die ervare skilder sien die genuanseerde gebruik van groen in haar skildery. |
| nuclear | adjective | related to an atomic nucleus, or nuclear or atomic power | An increase in nuclear charge results in a greater attraction between the electron and the nucleus. | kern- | woorddeel | wat met ’n atoomkern, of kern- of atoomkrag verband hou | ’n Toename in kernlading lei tot ’n groter aantrekkingskrag tussen die elektron en die kern. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| nuclear | adjective | using, producing or resulting from energy derived from splitting an atom | The country is looking into using nuclear energy more extensively in the near future. | kern- | woorddeel | wat gebruik maak van, vervaardig word met of ontstaan as gevolg van energie wat deur atoomsplitsing verkry word | Die land ondersoek uitgebreider gebruik van kernenergie in die nabye toekoms. |
| objectification | noun | process of making something impersonal or objective | Objectification of his own emotional reactions during a court case is one of the outstanding qualities of a competent judge. | objektivering | naamwoord | proses om iets onpersoonlik of objektief te maak | Objektivering van sy eie emosionele reaksies tydens ’n hofsaak is een van die uitstaande eienskappe van ’n bekwame regter. |
| objectify | verb | to make objective or impersonal | In order to render a fair verdict, a judge must objectify her own emotional reactions. | objektiveer | werkwoord | objektief of onpersoonlik maak | Om ’n regverdige uitspraak te kan lewer, moet ’n regter haar eie emosionele reaksies objektiveer. |
| objective | noun | the goal being pursued | Her objective was to obtain six distinctions. | mikpunt | naamwoord | doel waarna gestreef word | Haar mikpunt was om ses onderskeidings te behaal. |
| objective | adjective | not influenced by personal feelings or opinions | The teacher tries to be an objective marker of assignments in order to be fair to the learners. | objektief | byvoeglike naamwoord | nie deur persoonlike gevoelens of opinies beïnvloed nie | Die onderwyser probeer ’n objektiewe nasiener van opdragte wees ten einde regverdig teenoor die leerders te wees. |
| objective | adjective | existing outside the mind | According to constructivists there is no objective reality. | objektief | byvoeglike naamwoord | wat buite die bewussyn bestaan | Volgens konstruktiviste bestaan daar geen objektiewe werklikheid nie. |
| objective | adjective, adverb | ignoring subjective opinion in favour of facts | The judge’s objective verdict was astounding precisely because his friends were involved in the crime. | objektief | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat subjektiewe opinie ignoreer ten gunste van feite | Die regter se objektiewe uitspraak was verbasend gegewe dat sy vriende by die misdaad betrokke was. |
| objectivism | noun | school of thought that emphasises objective thinking as a prerequisite for impartial research | No modern version of contract law wholly embodies subjectivism or objectivism. | objektivisme | naamwoord | denkrigting wat objektiewe denke beklemtoon as voorvereiste vir onpartydige navorsing | Geen moderne weergawe van kontraktereg omvat subjektivisme of objektivisme volledig nie. |
| oblige | verb | to force or require someone to do something, usually by law or agreement | A researcher is required to allow participants to withdraw their responses at any time during the research. | verplig | werkwoord | iets vereis of iemand dwing om iets te doen, gewoonlik volgens wet of ooreenkoms | ’n Navorser is verplig om deelnemers enige tyd gedurende die navorsing toe te laat om hul response terug te trek. |
| observant | adjective | listening or looking with attention, observing fine detail | Susan is an observant student who sees the finest details of a case. | oplettend | byvoeglike naamwoord | wat met aandag luister of kyk en fyn detail waarneem | Susan is ’n oplettende student wat die fynste besonderhede van ’n saak sien. |
| observantness | noun | careful attention | Susan’s observantness is astounding – she sees detail that others completely miss. | oplettendheid | naamwoord | noukeurige aandag | Susan se oplettendheid verstom – sy sien besonderhede raak wat ander heeltemal ontgaan. |
| observation | noun | listening or looking with attention, heeding fine detail | The researcher compiled his longstanding observations about the behaviour of chimpanzees and baboons in a report. | waarneming | naamwoord | die handeling van met aandag te luister of te kyk en op fyn detail te let | Die navorser het sy jare lange waarnemings van die gedrag van sjimpansees en bobbejane in ’n verslag saamgevoeg. |
| observation | noun | looking with attention | Fine observation is important in the field, where botany students should be able to point out differences between plant species. | waarneming | naamwoord | die handeling van fyn kyk en dophou | Fyn waarneming is belangrik in die veld, waar plantkunde-studente verskille tussen plantsoorte moet kan uitwys. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| observe | verb | to obey rules, laws, etc. | During the entire process the design protocol has to be observed. | nakom | werkwoord | reëls, wette, ens. gehoorsaam | Gedurende die hele proses moet die ontwerpprotokol nagekom word. |
| observe | verb | to see or notice | During the lesson the lecturer observed that many students had not downloaded the notes. | opmerk | werkwoord | sien of waarneem | Gedurende die les het die dosent opgemerk dat baie studente nie die notas afgelaai het nie. |
| observe | verb | to become aware of, to notice or to see | The researcher observed significant differences between chimpanzees and gorillas. | waarneem | werkwoord | gewaar, sien of agterkom | Die navorser het beduidende verskille tussen sjimpansees en gorillas waargeneem. |
| observe | verb | to make a remark | It looks like it is going to rain, she observed. | opmerk | werkwoord | ’n opmerking maak | Dit lyk of dit gaan reën, het sy opgemerk. |
| observe | verb | to become aware of, to notice or see | Botany students observe fine differences between plants in the field. | raaksien | werkwoord | bewus word van, sien of opmerk | Plantkunde-studente sien fyn verskille tussen plante in die veld raak. |
| observed | adjective | that has been noticed or seen | The researcher carefully notes all the differences observed between the chimpanzees and the baboons. | waargenome | byvoeglike naamwoord | wat waargeneem, gesien of opgemerk is | Die navorser hou noukeurig boek van die waargenome verskille tussen die sjimpansees en die bobbejane. |
| obsolete | adjective | no longer needed or in use | I was told my old computer was obsolete and I can’t get replacement parts. | verouderd | byvoeglike naamwoord | nie meer nodig of in gebruik nie | Daar is vir my gesê my ou rekenaar is verouderd en ek kan nie onderdele daarvoor kry nie. |
| obtain | verb | to get or come into possession of | He obtained permission to miss school for a day so that he could attend the funeral. | verkry | werkwoord | kry of in besit neem | Hy het toestemming gekry om ’n dag skool te mis sodat hy die begrafnis kon bywoon. |
| obtain | verb | to get or come into possession of | Prof. Cunningham obtained all his degrees at the University of Pretoria. | verwerf | werkwoord | kry of in besit neem | Prof. Cunningham het al sy grade aan die Universiteit van Pretoria verwerf. |
| obtained | adjective | got or acquired | Dr. Motlanthe recently added a B.Comm. degree to his already obtained degrees. | behaal | byvoeglike naamwoord | wat ontvang of verwerf is | Dr Motlanthe het onlangs ’n B.Comm.-graad by sy reeds behaalde grade gevoeg. |
| obvious | adjective | easily perceived with the senses or mind | He missed the obvious fact that someone tampered with the sample. | ooglopend | byvoeglike naamwoord | wat maklik met die sintuie of verstand waargeneem word | Hy het die ooglopende feit misgekyk dat iemand met die monster gepeuter het. |
| occupy | verb | to have an official position | The head of the English Department has occupied several important positions before her appointment in the current post. | beklee | werkwoord | ’n amptelike pos hê | Die hoof van die Departement Engels het verskeie belangrike poste beklee voordat sy in die huidige pos aangestel is. |
| occupy | verb | to enter and take control of a place | The squatters occupied the land illegally. | beset | werkwoord | ’n plek binnegaan en beheer daarvan neem | Die plakkers het die grond onwettig beset. |
| occupy | verb | to fill or use a space or surface | The city of London covers an area of 2,9 square kilometers. | beslaan | werkwoord | ’n spasie of oppervlak vul of gebruik | Die stad Londen beslaan ’n oppervlak van 2,9 vierkante kilometer. |
| occur | verb | to be found to exist | The disease occurs primarily in adults. | voorkom | werkwoord | wat bestaan en aangetref word | Die siekte kom hoofsaaklik by volwassenes voor. |
| occur | verb | to happen, take place or come about | The theft of the three computers occurred yesterday morning. | plaasvind | werkwoord | gebeur of voorkom | Die diefstal van die drie rekenaars het gisteroggend plaasgevind. |
| odd | adjective | an indefinite quantity, usually slightly more than the round number mentioned | It happened in a small town in Minnesota about fifty-odd years ago | ongeveer | byvoeglike naamwoord | ’n onbepaalde hoeveelheid, gewoonlik effens meer as die genoemde afgeronde getal | Dit het ongeveer 50 jaar gelede in ’n klein dorpie in Minnesota gebeur. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| odd | adjective | unusual or peculiar | During the observation one baby behaved in an odd way. | vreemd | byvoeglike naamwoord | ongewoon of eienaardig | Tydens die waarneming het een baba op ’n vreemde manier gereageer. |
| offset | verb | to use one cost, payment or situation in order to cancel or reduce the effect of another | Authorities use non-violent methods to offset violent methods. | teenwerk | werkwoord | een koste, betaling of situasie gebruik om die uitwerking van ’n ander te kanselleer of te verminder | Owerhede gebruik niegewelddadige metodes om gewelddadige metodes teen te werk. |
| ongoing | adjective | currently happening | The design and development of new learning material is an ongoing process. | deurlopend | byvoeglike naamwoord | wat tans gebeur | Die ontwerp en ontwikkeling van nuwe leermateriaal is ’n deurlopende proses. |
| onus | noun | obligation or responsibility | The onus rests on the students to pass their subjects. | onus | naamwoord | verpligting of verantwoordelikheid | Die onus rus op die studente om hul vakke te slaag. |
| opinion | noun | based on feelings and assumptions | Asking someone's opinion and then embarrassing her in front of a group of people by disregarding her input, is bullying. | mening | naamwoord | gebaseer op gevoelens en aannames | Om iemand se mening te vra en haar dan voor ’n groep mense in die verleentheid te stel deur haar insette te verontagsaam, is boelie. |
| opinion | noun | someone’s feelings or thoughts about something, rather than a fact | In my opinion, the author of the monograph conducted insufficient research to come to any definite conclusions. | mening | naamwoord | iemand se gevoelens of gedagtes oor iets, eerder as ’n feit | Na my mening het die skrywer van die monografie onvoldoende navorsing gedoen om tot definitiewe gevolgtrekkings te kom. |
| opinion | noun | a view based on a subjective value system and not on facts, therefore not necessarily true | A person’s opinion is based on his or her subjective value system and therefore not necessarily true. | opinie | naamwoord | ’n siening gebaseer op ’n subjektiewe waardestelsel en nie op feite nie, en dus nie noodwendig waar nie | ’n Persoon se opinie is op sy of haar subjektiewe waardesisteem gebaseer en dus nie noodwendig waar nie. |
| opinionated | adjective | self-willed or obstinate | Her opinionated attitude shows that she thinks she alone has the truth. | eiewys | byvoeglike naamwoord | eiesinnig of hardkoppig | Haar eiewyse houding toon dat sy dink dat sy alleen oor die waarheid beskik. |
| opposite | noun | something contrary to that which is discussed | The public debate between the two experts is going to continue for a long time, because if one claims X, the other tries to prove the opposite. | teendeel | naamwoord | iets wat in stryd is met dit wat bespreek word | Die openbare debat tussen die twee kenners gaan nog lank duur, want as die een X beweer, probeer die ander die teendeel bewys. |
| option | noun | one of a number of things from which only one can be chosen. | Online course delivery has become a viable option. | opsie | naamwoord | een van ’n aantal dinge waaruit slegs een gekies kan word | Aanlyn kursusaflewering het ’n lewensvatbare opsie geword. |
| option | noun | choice between two or more things | You have two options: a full-length essay or two short paragraph answers. | opsie | naamwoord | keuse tussen twee of meer dinge | Jy het twee opsies: ’n vollengte-opstel of twee kort paragraafantwoorde. |
| optional | adjective | where an option can be exercised | Because the question is optional, you can ignore it if you don’t understand it. | opsioneel | byvoeglike naamwoord | waar ’n keuse uitgeoefen kan word | Omdat die vraag opsioneel is, kan jy dit ignoreer as jy dit nie verstaan nie. |
| order | noun | a series of events, actions, numbers or letters, especially one after the other | Bibliographical references must be arranged in alphabetical order according to authors’ surnames. | volgorde | naamwoord | ’n reeks gebeure, handelinge, getalle of letters, veral die een na die ander | Bibliografiese verwysings moet in alfabetiese volgorde gerangskik word volgens outeurs se vanne. |
| orientate | verb | to make yourself or someone else familiar with a new situation | Many young people are often simply thrown into the deep end without being properly orientated or inducted. | oriënteer | werkwoord | jouself of iemand anders met ’n nuwe situasie vertroud maak | Baie jong mense word dikwels bloot aan die diep kant ingegooi sonder om behoorlik georiënteer of ingewy te word. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| orientate | verb | to direct the interest of someone to something | Students at technical colleges are orientated towards practical subjects. | oriënteer | werkwoord | iemand se belangstelling op iets te rig | Studente by tegniese kolleges word na praktiese vakke georiënteer. |
| orthodox | adjective | according to orthodoxy – strict and religious, or conservative or dogmatic | They are a disciplined, well-trained choir, with an orthodox feel. | ortodoks | byvoeglike naamwoord | volgens ortodoksie – streng en gelowig, of konserwatief of dogmaties | Hulle is ’n gedissiplineerde, goed opgeleide koor met ’n ortodokse gevoel. |
| orthodox | adjective | accepted by most people as right or normal | The difference between test cricket – with orthodox field placings – and instant cricket where the limiting of runs is about all that matters, is big. | ortodoks | byvoeglike naamwoord | deur die meeste mense as reg of normaal aanvaar | Die verskil tussen toetskrieket – met ortodokse veldplasings – en kitskrieket waar die lopies beperk word, is groot. |
| orthodoxy | noun | generally accepted theory, doctrine or practice | Modern believers increasingly experience the orthodoxy of the traditional Christian churches as alienating and exaggerated. | ortodoksie | naamwoord | algemeen aanvaarde teorie, leerstelling of praktyk | Moderne gelowiges ervaar die ortodoksie van die tradisionele Christelike kerke toenemend as vervreemdend en oordrewe. |
| outcome | noun | result of something | The outcome of the negotiations were disappointing. | uitslag | naamwoord | resultaat van iets | Die uitslag van die onderhandelinge was teleurstellend. |
| output | noun | something delivered or produced | The output of the firm has increased during the past year as a result of a greater demand. | uitset | naamwoord | iets wat gelewer of geproduseer word | Die uitset van die onderneming het die afgelope jaar toegeneem as gevolg van ’n groter vraag. |
| overall | adjective | including everything | The learners showed an overall improvement in their reading, writing and spelling abilities. | algeheel | byvoeglike naamwoord | wat alles insluit | Die leerders het ’n algehele verbetering in hul lees-, skryf- en spelvaardighede getoon. |
| overlap | verb | to extend over or cover a part of something else | This year the July school and university holidays overlap by two weeks. | oorvleuel | werkwoord | oor ’n deel van iets anders strek of daarmee saamval | Vanjaar oorvleuel die skool- en universiteitsvakansies in Julie met twee weke. |
| overlap | noun | a shared idea, responsibility, activity, etc. | There is a considerable overlap between the syllabus for mathematics and physics. | oorvleueling | naamwoord | ’n gedeelde idee, verantwoordelikheid, aktiwiteit, ens. | Daar is ’n aansienlike oorvleueling tussen die leerplan vir wiskunde en fisika. |
| overly | adverb | too (much) | One has to be careful not to become overly romantic when longing for the farm life of yesteryear. | oordrewe | bywoord | te (veel) | ’n Mens moet oppas dat jy nie oordrewe romanties raak as jy na die plaaslewe van vroeër verlang nie. |
| overview | noun | concise summary of the main points | The book gives a good overview of South African history from the Stone Age to the present. | oorsig | naamwoord | bondige opsomming van die hoofpunte | Die boek gee ’n goeie oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die steentydperk tot nou. |
| oxymoron | noun | figure of speech which links two opposites, e.g. old news | Oxymoron or not, quad bikes are loads of fun for young and old. | oksimoron | naamwoord | stylfiguur wat twee teenoorgesteldes verbind, bv. ou nuus | Oksimoron of te not, vierwielmotorfietse is hope pret vir oud en jonk. |
| panel | noun | sheet that forms a section of something and often separates something from something else | The office is visible through the door’s glass panel. | paneel | naamwoord | plaat wat ’n deel van iets vorm en dikwels iets van iets anders skei | Die kantoor is sigbaar deur die glaspaneel van die deur. |
| panel | noun | a group of knowledgeable people who give advice or their opinion about an issue | The panel comprised of academic staff and senior students. | paneel | naamwoord | ’n groep kundige mense wat advies of hul menings oor ’n saak gee | Die paneel het bestaan uit akademiese personeel en senior studente. |
| paper | noun | a lecture, often presented at a conference or at a seminar | It is interesting to see what techniques speakers use to present their papers at a conference. | referaat | naamwoord | ’n lesing, dikwels aangebied tydens ’n konferensie of seminaar | Dit is interessant om te sien watter tegnieke sprekers gebruik om hul referate tydens ’n konferensie aan te bied. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| paradigm | noun | an example of the pattern of things | Nelson Mandela has become the paradigm of a statesman with integrity for people across the world. | paradigma | naamwoord | ’n voorbeeld van die patroon van dinge | Nelson Mandela het vir mense oor die wêreld heen die paradigma geword van ’n staatsman met integriteit. |
| paradigm | noun | a standard or typical example | Cape Town stands as the paradigm of a vibrant tourist destination in South Africa. | paradigma | naamwoord | ’n standaard- of tipiese voorbeeld | Kaapstad staan uit as paradigma van ’n lewendige toeristebestemming in Suid-Afrika. |
| paradigm | noun | a set of ideas explaining how a subject should be understood | Recent research challenges the current philosophical paradigm. | paradigma | naamwoord | ’n stel idees wat verduidelik hoe ’n onderwerp verstaan moet word | Onlangse navorsing daag die huidige filosofiese paradigma uit. |
| paradigm | noun | framework within which theory formation about a phenomenon or subject area takes place in a specific period | The paradigm of apartheid in South Africa has changed since 1994. | paradigma | naamwoord | raamwerk waarbinne teorievorming oor ’n verskynsel of vakgebied in ’n bepaalde tydperk plaasvind | Die paradigma van apartheid in Suid-Afrika het sedert 1994 verander. |
| paradigmatic | adjective | as an example of something | Oppression is a paradigmatic violation of human rights. | paradigmaties | byvoeglike naamwoord | as ’n voorbeeld van iets | Onderdrukking is ’n paradigmatiese skending van menseregte. |
| paradox | noun | apparent contradiction of juxtaposition of conflicting opinions | For me, the greatest paradox is the simultaneous experience of sadness and joy. | paradoks | naamwoord | oënskynlike weerspreking of jukstaponering van botsende menings | Vir my is die grootste paradoks die gelyktydige ervaring van hartseer en vreugde. |
| paradoxical | adjective | self-contradictionary | The saying Fight for peace is paradoxical. | paradoksaal | byvoeglike naamwoord | self-weersprekend | Die gesegde Veg vir vrede is paradoksaal. |
| parallel | adjective | similar or happening at the same time | This new computer has functions parallel to those of a tablet. | parallel | byvoeglike naamwoord | soortgelyk of wat op dieselfde tyd gebeur | Hierdie nuwe rekenaar het funksies wat parallel is aan dié van ’n tablet. |
| parallel | adjective | side by side and continuously having the same distance from each other | He strongly feels that the artist and the student should develop along parallel lines, emphasising the interdependence of the two parties from which both would learn and grow. | parallel | byvoeglike naamwoord | langs mekaar en voortdurend ewe ver van mekaar af | Hy voel sterk dat die kunstenaar en die student langs parallelle lyne moet ontwikkel en beklemtoon die interafhanklikheid van die twee partye, waaruit albei sal leer en groei. |
| parallel | noun | comparison between two things or issues | A parallel is drawn between two issues when they are compared. | parallel | naamwoord | vergelyking tussen twee dinge of kwessies | Daar word ’n parallel getrek tussen twee sake wanneer hulle met mekaar vergelyk word. |
| paraphrase | noun | version of the content of a text in your own words that shows you understand it | Instead of quoting three full paragraphs verbatim, the author writes a brief paraphrase of the main points of the passage he wants to discuss. | parafrase | naamwoord | weergawe van die inhoud van ’n teks in jou eie woorde, wat wys dat jy dit verstaan | In plaas daarvan om drie volledige paragrawe woordeliks aan te haal, maak die skrywer ’n kort parafrase van die hoofpunte van die gedeelte wat hy wil bespreek. |
| paraphrase | verb | to write something in your own words | If you paraphrase an article, you need to understand it, otherwise you might not be able to capture the spirit of the research. | parafraseer | werkwoord | iets in jou eie woorde skryf | As jy ’n artikel parafraseer, moet jy dit verstaan, anders kan jy nie die kern van die navorsing weergee nie. |
| paraphrased | adjective | summed up or expressed in your own words | Her paraphrased version of the article shows that she understands the content. | geparafraseer | byvoeglike naamwoord | in jou eie woorde opgesom of weergegee | Haar geparafraseerde weergawe van die artikel toon dat sy die inhoud verstaan. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| parenthesis | noun | an extra explanation or idea – a word, phrase or sentence – which is inserted into a passage and is marked off with brackets, dashes or commas | He included the example as a parenthesis to his main argument. | parentese | naamwoord | ’n ekstra verduideliking of idee – ’n woord, frase of sin – wat tussen hakies, aandagstrepe of kommas in ’n sin ingevoeg word | Hy het die voorbeeld as ’n parentese by sy hoofargument gevoeg. |
| parenthesis | noun | insertion in a sentence | In the following sentence, the parenthesis appears between commas: The author, who happens to be my cousin, received the MC Moller Award for entomological research this year. | parentese | naamwoord | invoeging in ’n sin | In die volgende sin staan die parentese tussen kommas: Die skrywer, wat toevallig my neef is, het vanjaar die MC Moller-toekenning vir entomologiese navorsing ontvang. |
| parenthetic | adjective | making use of parenthesis | Authors often add parenthetical remarks if they want to emphasise something. | parenteties | byvoeglike naamwoord | wat van parentese gebruik maak | Skrywers voeg dikwels parentetiese opmerkings by as hulle iets wil beklemtoon. |
| parodied | adjective | imitating someone or something in a mocking or comical way, with deliberate exaggeration for ironic effect | The parodied presentation of the famous painting Mona Lisa is condemned by art experts. | geparodieer | byvoeglike naamwoord | wat iemand of iets op ’n bespotlike of komiese manier naboots en opsetlik oordryf vir ironiese effek | Die geparodieerde voorstelling van die beroemde skildery Mona Lisa word deur kunskenners veroordeel. |
| parody | noun | mocking mimicry or funny reworking of something serious | The most popular drama of the year was a parody of King Lear. | parodie | naamwoord | spottende mimiek of snaakse blik op iets ernstigs | Die gewildste drama van die jaar was ’n parodie op King Lear. |
| parody | verb | to imitate mockingly | Cartoonists regularly parody politicians’ behaviour and appearance. | parodieer | werkwoord | spottend naboots | Spotprenttekenaars parodieer gereeld politici se gedrag en voorkoms. |
| parodying | noun | imitation of someone or the style of an artist in a mocking or comical way with deliberate exaggeration for ironic effect | The undermining and parodying of history is characteristic of postmodernist fiction. | parodiëring | naamwoord | nabootsing van iemand of die styl van ’n kunstenaar op ’n spottende of komiese manier met doelbewuste oordrywing vir ironiese effek | Die ondermyning en parodiëring van geskiedenis is kenmerkend van postmodernistiese fiksie. |
| paronym | noun | any of two or more words with the same stem | The paronyms reflect and reflex are derived from the same stem. | paroniem | naamwoord | enigeen van twee of meer woorde wat ’n stam gemeen het | Die paronieme reflekteer en refleks is van dieselfde stam afgelei. |
| paronymic | adjective | with respect to words derived from the same stem | Paronymic word are words like sing and singer, wise and wisdom. | paroniem | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot woorde wat van dieselfde stam afgelei is | Paronieme woorde is woorde soos sing en sanger, wysheid en wysgeer. |
| participate | verb | to be actively involved, share or take part in an activity | The students are encouraged to participate in class discussions. | deelneem | werkwoord | aktief betrokke wees of aan ’n aktiwiteit deelneem | Die studente word aangemoedig om aan klasbesprekings deel te neem. |
| particular | adjective | indicating a specific person or thing. | Students must pay particular attention to spelling when writing an essay. | besonder | byvoeglike naamwoord | wat ’n spesifieke persoon of ding aandui | Studente moet besondere aandag aan spelling gee wanneer hulle ’n opstel skryf. |
| partisan | adjective | who supports a person, group or cause strongly and enthusiastically and does not always think clearly about the matter | Celtic, lying fourth from the bottom, are always dangerous customers especially when playing before their partisan followers. | partydig | byvoeglike naamwoord | wat ’n persoon, groep of saak sterk en entoesiasities steun en nie altyd helder oor die saak dink nie | Celtic, wat vierde van onder af lê, is altyd gevaarlike kalante, veral wanneer hulle voor hul partydige volgelinge speel. |
| partisan | noun | someone who supports a person, group or cause strongly and enthusiastically and does not always think clearly about the matter | They are dangerous customers, especially when playing before their partisans | ondersteuner | naamwoord | iemand wat ’n persoon, groep of saak sterk en entoesiasities steun en nie altyd helder oor die saak dink nie | Hulle is gevaarlike kalante, veral wanneer hulle voor hul ondersteuners speel. |
| passive | adjective | accepting a situation and not trying to change it | The children are portrayed as passive recipients of culture. | passief | byvoeglike naamwoord | wat ’n situasie aanvaar en dit nie probeer verander nie | Die kinders word uitgebeeld as passiewe ontvangers van kultuur. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| passive | noun | form of the verb used when the sentence starts with the object instead of with the subject | An example of a sentence in the passive is: The ball was kicked by the boy. | passief | naamwoord | vorm van die werkwoord wat gebruik word wanneer ’n sin met die voorwerp in plaas van met die onderwerp begin | ’n Voorbeeld van ’n sin in die passief is: Die bal is deur die seun geskop. |
| peculiar | adjective | strange or different to what is expected | The students struggle to understand the peculiar pronunciation of their new lecturer | eienaardig | byvoeglike naamwoord | vreemd of anders as verwag | Die studente sukkel om hul nuwe dosent se eienaardige uitspraak te verstaan. |
| pendulum | noun | something that changes regularly from one position to an opposite one | The pendulum of public opinion regarding abortion has swung from pro-life to pro-choice. | pendulum | naamwoord | iets wat gereeld van een posisie na ’n teenoorgestelde verander | Die pendulum van die openbare mening rakende aborsie het van pro-lewe na pro-keuse geswaai. |
| perceive | verb | to become aware of through the senses | A substance is perceived as a liquid when it flows freely like water. | waarneem | werkwoord | deur middel van die sintuie bewus word van | ’n Stof word as ’n vloeistof waargeneem as dit vryelik vloei soos water. |
| perceive | verb | to become aware of, realize or understand something | Botany students perceive the finer differences between plants in the veld. | sien | werkwoord | van iets bewus word, iets besef of iets verstaan | Plantkunde-studente sien die fyner verskille tussen plante in die veld. |
| percentage | noun | numerical value calculated in terms of a fraction of which the number 100 is the divisor | The average percentage of the first-year mathematics class was 45 percent. | persentasie | naamwoord | numeriese waarde wat bereken word in terme van ’n breuk waarvan die getal 100 die deler is | Die gemiddelde persentasie van die eerstejaarwiskunde-klas was 45 persent. |
| percentage | noun | a proportion in relation to a whole | If you look at the first-year students' maths marks on a percentage basis, this looks like a group of hard-working students. | persentasiegewys | bywoord | verhouding ten opsigte van die geheel | As ’n mens persentasiegewys na die eerstejaars se wiskundepunte kyk, lyk dit na ’n groep hardwerkende studente. |
| percentage point | noun | numeric unit in which an increase or decrease or the significance of a matter is expressed, and which is usually equal to one percent | This year’s class did 7 percentage points better than last year’s group. | persentasiepunt | naamwoord | numeriese eenheid waarin ’n styging of daling of die beduidendheid van ’n saak uitgedruk word, en wat gewoonlik gelyk is aan een persent | Vanjaar se klas het 7 persentasiepunte beter gevaar as die groep van verlede jaar. |
| period | noun | a particular length of time | He was absent for a period of three months. | periode | naamwoord | ’n bepaalde tydsduur | Hy was vir ’n periode van drie maande afwesig. |
| period | noun | a particular time in history or in someone's life | The 1980s was a turbulent period in the SA history. | tydperk | naamwoord | ’n bepaalde tyd in die geskiedenis of in iemand se lewe | Die 1980’s was ’n onstuimige tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis. |
| periodic | | occuring at regular intervals | The periodic outbreak of violence in the Middle East is worrying. | periodiek | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat met gereelde tussenposes voorkom | Die periodieke uitbreek van geweld in die Midde-Ooste is kommerwekkend. |
| periodise | verb | to divide into periods | It is an accepted technique to periodise the history of a country according to decades. | periodiseer | werkwoord | in periodes verdeel | Dit is ’n aanvaarde tegniek om die geskiedenis van ’n land volgens dekades te periodiseer. |
| peripheral | adjective | with respect to the outer edge of something, for instance a circle | With a policy of eleven official languages, the role of African languages and literature must be freed from the peripheral and submissive role it has played in the past. | periferaal | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot die buitenste rand van iets, byvoorbeeld ’n sirkel | Met ’n beleid van elf amptelike tale moet die rol van Afrikatale en -literatuur bevry word van die periferale en onderdanige rol wat dit in die verlede gespeel het. |
| periphery | noun | the outer limits of an area | The government seems to focus delivery on the centre and ignores the periphery – that is, rural areas. | periferie | naamwoord | die buitenste rand van ’n gebied | Dit lyk asof die regering aflewering op die sentrum rig en die periferie – dit is landelike gebiede – ignoreer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| permanency | noun | the quality of staying in the same state or being permanent | The permanency of our country's electricity supply is determined by factors such as crime-free service delivery and corruption-free managers. | bestendigheid | naamwoord | toestand van onveranderd te bly of permanent te wees | Die bestendigheid van ons land se elektrisiteitsvoorsiening word bepaal deur faktore soos misdaadvrye dienslewering en korrupsievrye bestuurders. |
| perpetual | adjective | repeated over and over again, in a way that is annoying. | His perpetual lateness in the morning is irritating staff members. | gedurig | byvoeglike naamwoord | wat oor en oor herhaal word, op ’n irriterende manier | Sy gedurige laatkommery soggens irriteer die personeel. |
| perpetual | adjective | continuing all the time | Perpetual sadness is a characteristic of depressed people. | voortdurend | byvoeglike naamwoord | wat heeltyd aanhou | Voortdurende hartseer is ’n kenmerk van depressiewe mense. |
| persist | verb | to continue to happen or exist | Rumours of corruption persisted for many months although the department denied the charges. | voortduur | werkwoord | aanhou bestaan of gebeur | Gerugte van korrupsie het baie maande voortgeduur, al het die departement die aanklagte ontken. |
| persist | verb | to continue to do something despite difficulties or opposition | He persists in his endeavours to get assisted euthanasia legalised. | volhard | werkwoord | voortgaan om iets te doen ondanks probleme of teenkanting | Hy volhard in sy pogings om genadedood te laat wettig. |
| personification | noun | assigning human qualities to inanimate things, animals or nature | When the author says the clouds are crying and the wind is panting in the chimney, he uses personification. | personifikasie | naamwoord | toekenning van menslike eienskappe aan dinge, diere of die natuur | Wanneer die skrywer sê dat die wolke huil en die wind in die skoorsteen hyg, gebruik hy personifikasie. |
| personified | adjective | using personification | The personified verb suggests that the rain will be portrayed as a person. | gepersonifieer | byvoeglike naamwoord | waarby personifikasie gebruik word | Die gepersonifieerde werkwoord suggereer dat die reën as ’n persoon voorgestel gaan word. |
| personify | verb | to represent something non-human in a human way by giving it human characteristics | When the poet writes: The wind sings in the reeds, he uses personification and thus personifies the wind. | personifieer | werkwoord | iets niemenslik op ’n menslike manier voorstel deur menslike eienskappe daaraan te gee | Wanneer die digter skryf dat die wind in die riete sing, gebruik hy personifikasie en personifieer hy dus die wind. |
| perspective | noun | capacity or form in which the mutual and meaningful coherence of or connection between matters, ideas or facts becomes clear | Watching the TV news every day helps me keep my own problems in perspective. | perspektief | naamwoord | hoedanigheid of vorm waarin die onderlinge en betekenisvolle samehang van of verband tussen sake, idees of feite duidelik blyk | As ek daagliks na die nuus op TV kyk, help dit my om my eie probleme in perspektief te hou. |
| perspective | noun | specific way of looking at the world, influenced by a certain value system | Pieter did not travel much and also read little outside his field of reference, consequently his perspective on other cultures was limited. | perspektief | naamwoord | spesifieke manier van kyk na die wêreld, beïnvloed deur ’n bepaalde waardestelsel | Pieter het nie veel gereis nie en het ook min buite sy verwysingsveld gelees, gevolglik was sy perspektief op ander kulture beperk. |
| perspective | adjective | regarding an evaluation, insight or view regarding a particular matter | Students who consider all perspectives on their topic write in a perspective style. | perspektiwiese | byvoeglike naamwoord | wat verband hou met ’n evaluasie, insig of siening ten opsigte van ’n bepaalde saak | Studente wat alle perspektiewe op hul onderwerp in ag neem, skryf in ’n perspektiwiese styl. |
| perspective | noun | a way of regarding situations or topics | Her perspective on the death penalty was coloured by her religious conviction. | perspektief | naamwoord | manier waarop situasies of onderwerpe beskou word | Haar perspektief op die doodstraf is gekleur deur haar geloofsoortuiging. |
| persuade | verb | to talk someone into doing something and give them good reasons for doing so | The English teacher tries to persuade the students to read different genres. | omhaal | werkwoord | iemand ompraat om iets te doen deur goeie redes te verskaf | Die Engelsonderwyser probeer die studente omhaal om verskillende genres te lees. |
| persuade | verb | to talk someone into doing something and give them good reasons for doing so | The organisers are hoping to persuade a few more sponsors to come on board. | oorreed | werkwoord | iemand ompraat om iets te doen deur goeie redes te verskaf | Die organiseerders hoop om nog ’n paar borge te oorreed om aan boord te kom. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| persuasion | noun | the ability to talk someone into doing something and give them good reasons for doing so | Techniques of persuasion in written and verbal communication make readers and listeners feel the author or speaker is communicating with conviction. | oorreding | naamwoord | die vermoë om iemand om te praat om iets te doen en goeie redes daarvoor aan te voer | Tegnieke van oorreding in geskrewe en mondelinge kommunikasie laat dit vir lesers en luisteraars voel dat die skrywer of spreker met oortuiging kommunikeer. |
| persuasive | adjective, adverb | good at persuading someone to do something or believe something | The charismatic speaker's persuasive speaking style leaves listeners hanging on his lips. | oortuigend | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat goed daarin slaag om iemand om te praat om iets te doen of iets te glo | Die charismatiese spreker se oortuigende praatstyl laat luisteraars aan sy lippe hang. |
| pertinent | adjective | relevant or directly concerned with something | A good student asks pertinent questions. | relevant | byvoeglike naamwoord | toepaslik of direk gemoeid met iets | 'n Goeie student stel relevante vrae. |
| pervade | verb | to spread gradually throughout every part of something | The smell of pizza pervaded the kitchen. | deurtrek | werkwoord | geleidelik deur elke deel van iets versprei | Die geur van pizza het die hele kombuis deurtrek. |
| phase | noun | any distinct time period in a sequence of events | Her teenager is going through a rebellious phase. | fase | naamwoord | enige afsonderlike tydperk in 'n reeks gebeure | Haar tiener gaan deur 'n rebelse fase. |
| phase in | verb | to plan or do something gradually in an orderly way | Computer literacy classes are being phased into the curriculum. | infaseer | werkwoord | geleidelik, op 'n ordelike manier begin doen | Rekenaargeletterdheidsklasse word in die kurrikulum ingefaseer. |
| phenomenal | adjective | exceptionally good | Winston Churchill was a phenomenal British politician – indeed a phenomenon! | fenomenaal | byvoeglike naamwoord | buitengewoon goed | Winston Churchill was 'n fenomenale Britse politikus – inderdaad 'n fenomeen! |
| phenomenological | adjective | according to the theory of phenomenology | Friedrich Hegel's way of reasoning is phenomenological. | fenomenologies | byvoeglike naamwoord | volgens die teorie van fenomenologie | Friedrich Hegel se denkwyse is fenomenologies. |
| phenomenology | noun | trend in philosophy that thoroughly and accurately describes phenomena without hypotheses about their causes | Phenomenology is a trend in philosophy that maintains that every individual has a unique state of knowledge, based on previous experiences and inherited ideas. | fenomenologie | naamwoord | stroming in die filosofie wat verskynsels (fenomene) grondig en noukeurig beskryf sonder hipoteses oor die oorsake daarvan | Fenomenologie is 'n stroming in die filosofie wat aanvoer dat elke individu unieke kennis het, gebaseer op vorige ervarings en oorgeërfde idees. |
| phenomenon | noun | object of perception through senses or consciousness | The phenomenon of gang violence is a major cause of concern for sociologists and psychologists. | verskynsel | naamwoord | objek wat deur die sintuie of bewussyn waargeneem word | Die verskynsel van bendegeweld is vir sosioloë en sielkundiges 'n groot rede tot kommer |
| phenomenon | noun | a remarkable thing or situation that can be observed | A solar eclipse always remains an interesting phenomenon. | verskynsel | naamwoord | 'n merkwaardige ding of situasie wat waargeneem kan word | 'n Sonsverduistering bly altyd 'n interessante verskynsel. |
| phenomenon | noun | any state or process known through the senses | Meteorologists are interested in natural phenomena such as floods and droughts. | verskynsel | naamwoord | enige toestand of proses wat deur die sintuie bekend is | Metereoloë stel belang in natuurlike verskynsels soos vloede en droogtes. |
| philosophical | adjective, adverb | considering matters and situations sensible and undisturbed, even resigned | I have never experienced such a philosophical attitude! | filosofies | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat sake en situasies verstandig en ongestoord, selfs gelate beskou | Ek het nog nooit so 'n filosofiese houding beleef nie! |
| philosophical | adjective, adverb | according to the principles of philosophy | During yesterday's philosophical debate about the independent place of ethics outside the context of belief, I realised how philosophical the debaters think. | filosofies | byvoeglike naamwoord, bywoord | volgens die beginsels van die filosofie | Tydens gister se filosofiese debat oor die onafhanklike plek van etiek buite die konteks van geloof, het ek besef hoe filosofies die debatteerders dink. |
| philosophise | verb | to speculate or theorise about serious issues | My roommate can spend hours with his friends philosophising about the relativity of truth. | filosofeer | werkwoord | oor ernstige kwessies bespiegel of teoretiseer | My kamermaat kan ure met sy vriende oor die relatiwiteit van waarheid filosofeer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| philosophy | noun | a belief or system of beliefs resulting from the search for knowledge. | His degree is in philosophy. | filosofie | naamwoord | ’n oortuiging of ’n geloofstelsel wat spruit uit die soeke na kennis | Sy graad is in filosofie. |
| philosophy | noun | science that examines the meaning of things and of life | It is essential that all students understand at least the basic philosophy underlying their field of study. | filosofie | naamwoord | wetenskap wat die betekenis van dinge en die lewe ondersoek | Dit is noodsaaklik dat alle studente ten minste die basiese filosofie onderliggend aan hul vakgebied verstaan. |
| physical | adjective | involving the body as distinguished from the mind or spirit | He prefers physical challenges, like running marathons, to studying. | fisiek | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot die liggaam, onderskei van die gees | Hy verkies fisieke uitdagings, soos om marathons te hardloop, bo studeer. |
| pivotal | adjective | very important, usually because other things depend on it | The film’s special effects have played a pivotal role in attracting large audiences. | deurslaggewend | byvoeglike naamwoord | baie belangrik, gewoonlik omdat ander dinge daarvan afhang | Die spesiale effekte van die film het ’n deurslaggewende rol gespeel om groot gehore te lok. |
| plagiarise | verb | to commit plagiarism | You plagiarise if you copy an author’s exact words and style and pretend that it is your own. | plagieer | werkwoord | plagiaat pleeg | Jy palgieer as jy ’n skrywer se presiese woorde en styl kopieer en voorgee dat dit jou eie is. |
| plagiarise | verb | to copy another person’s ideas or words and pretend that they are your own | Students who commit plagiarism will not be given any credit for plagiarised work. | plagieer | werkwoord | iemand anders se idees of woorde kopieer en voorgee dat dit jou eie is | Studente wat plagieer, sal geen krediet kry vir geplagieerde werk nie. |
| plagiarism | noun | the criminal practice of presenting someone else’s work or ideas as your own | Somebody who presents the exact words of another writer without acknowledgment of author and source text commits plagiarism. | plagiaat | naamwoord | die kriminele praktyk om iemand anders se werk of idees as jou eie voor te stel | Iemand wat die presiese woorde van ’n ander skrywer aanbied sonder erkenning van die outeur en bronteks, pleeg plagiaat. |
| plan | verb | think ahead and make arrangements | Sometimes your personal circumstances can prevent you following the career path you have planned. | beplan | werkwoord | vooruit dink en reëlings tref | Soms kan ’n mens se persoonlike omstandighede verhinder dat jy die loopbaan volg wat jy beplan het. |
| planned | adjective | having made arrangements in advance | Find out as much as you can about the planned change and why it is happening. | beplan | byvoeglike naamwoord | wat vooraf bedink en uitgewerk is | Vind soveel as moontlik uit oor die beplande verandering en waarom dit gebeur. |
| planning | noun | the act of making plans | Learn how to use spreadsheets for your financial planning. | beplanning | naamwoord | die maak van planne | Leer hoe om sigblaaie vir jou finansiële beplanning te gebruik. |
| platitude | noun | an expression or saying that has been made too often to be interesting | Politicians are inclined to think that they are satisfying their constituents by making ample use of platitudes, but that is not the case. | gemeenplaas | naamwoord | ’n uitdrukking of gesegde wat so dikwels gebruik word dat dit nie meer interessant is nie | Politici is geneig om te dink dat hulle deur die gebruik van gemeenplase hul kiesers tevrede stel, maar dis allermins die geval. |
| pleonasm | noun | use of more words than necessary to name or describe something | An inexperienced writer often uses pleonasm to demonstrate a flashy style or because she has not yet learned to formulate accurately. | pleonasme | naamwoord | gebruik van meer woorde as wat nodig is om iets te benoem of te beskryf | ’n Onervare skrywer gebruik dikwels pleonasme om ’n spoggerige styl te demonstreer of omdat sy nog nie geleer het om akkuraat te formuleer nie. |
| pleonastic | adjective | making use of pleonasms | The writer’s style is clearly pleonastic. | pleonasties | byvoeglike naamwoord | wat pleonasmes gebruik | Die skrywer se styl is duidelik pleonasties. |
| plot | noun | the plan or story of a book or film | Did you follow the plot of the movie or are you just as confused as I am? | intrige | naamwoord | die plan of storielyn van ’n boek of rolprent | Kon jy die intrige van die fliek volg of is jy net so verward soos ek? |
| point | noun | issue, matter or question | The influence of AIDS on human health is a sensitive point of discussion. | punt | naamwoord | kwessie, saak of vraag | Die invloed van vigs op die mens se gesondheid is ’n sensitiewe punt van bespreking. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| point | noun | topic for discussion or debate | The impact of changing weather patterns on the economy is the next point of discussion. | punt | naamwoord | onderwerp vir bespreking of debat | Die impak van veranderende weerpatrone op die ekonomie is die volgende punt vir bespreking. |
| point of view | noun | angle from which someone approaches a situation | Cognitive experts regard intelligence as the ability to temporarily experience a situation from a different point of view than your own. | oogpunt | naamwoord | hoek waaruit iemand ’n situasie benader | Kognitiewe kundiges beskou intelligensie as die vermoë om ’n situasie tydelik vanuit ’n ander oogpunt as jou eie te ervaar. |
| pole | noun | opinion or quality that is the opposite of another | The positions put forward by the two academics fall at opposite poles of the debate | pool | naamwoord | mening of kenmerk wat die teenoorgestelde van ’n ander is | Die standpunte wat deur die twee akademici voorgehou word, lê op uiterste pole van die debat. |
| polemical | adjective, adverb | in a quarrelsome way | The polemical letters in the press show how divided the people are about the new government appointments. | polemies | byvoeglike naamwoord, bywoord | op ’n uitdagende, twisgierige manier | Die polemiese briewe in die media wys hoe verdeeld die mense is oor die nuwe regeringsaanstellings. |
| policy | noun | a plan of action adopted by an individual or social group | The new policy entrenches multilingualism. | beleid | naamwoord | ’n plan van aksie wat deur ’n individu of sosiale groep aanvaar word | Die nuwe beleid verskans veeltaligheid. |
| polyseme | noun | any of the multiple meanings that word can have | The word HAND has different polysemes. | poliseem | naamwoord | enigeen van die meervoudige betekenisse wat woord kan hê | Die woord HAND het verskillende poliseme. |
| polysemic | adjective | with more than one meaning | The word LEG is polysemic. | polisemies | byvoeglike naamwoord | met meer as een betekenisonderskeiding | Die woord BEEN is polisemies. |
| polysemy | noun | the capacity of a word or phrase to have multiple meanings | Polysemy is fairly general in all languages. | polisemie | naamwoord | die verskynsel dat ’n woord, woorddeel of frase meer as een betekenisonderskeiding kan hê | Polisemie is redelik algemeen in alle tale. |
| portion | noun | a part of something bigger | A portion of the profits will be given to the old age home. | gedeelte | naamwoord | ’n deel van iets groter | ’n Gedeelte van die wins sal aan die ouetehuis gegee word. |
| portion | verb | to divide something into smaller parts | She portioned out the sweets between the three children. | verdeel | werkwoord | iets in kleiner dele verdeel | Sy het die lekkers tussen die drie kinders verdeel. |
| portray | verb | to describe or show someone or something in a particular way | The novel portrays the joys and sorrows of a human life. | uitbeeld | werkwoord | iets of iemand op ’n bepaalde manier beskryf of wys | Die roman beeld die vreugdes en smart van ’n mens se lewe uit. |
| portray | verb | to describe or show someone or something in a particular way | The ordinary soldier is portrayed as a moral and religious figure, while the officers represent the heartless authority. | uitbeeld | werkwoord | iemand of iets op ’n bepaalde manier beskryf of wys | Die gewone soldaat word uitgebeeld as ’n morele en godsdienstige figuur, terwyl die offisiere die hartelose owerheid voorstel. |
| portray | verb | to express something | If talent were to be measured in terms of how a singer portrays emotion in a song (instead of measuring it in album sales) then this singer wins hands down. | weergee | werkwoord | uitdrukking gee aan iets | As talent gemeet moet word aan die hand van hoe ’n sanger emosie in ’n lied weergee (in plaas daarvan om dit in albumverkope te meet), dan wen hierdie sanger loshande. |
| portrayal | noun | the expression of something | The author’s sensuous portrayal of her characters makes them convincing. | uitbeelding | naamwoord | die uitdrukking van iets | Die skrywer se sintuiglike uitbeelding van haar karakters maak hulle oortuigend. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| portrayal | noun | the depiction of something | According to the Leroux children, Kannemeyer's portrayal of Etienne Leroux's life is particularly accurate. | weergawe | naamwoord | die uitbeelding van iets | Volgens die Leroux-kinders is Kannemeyer se weergawe van Etienne Leroux se lewe besonder akkuraat. |
| pose | verb | to create or state a problem which has to be dealt with in a certain way. | Shift work and working long hours pose great problems for employees and employers. | oplewer | werkwoord | om 'n probleem te veroorsaak wat op 'n bepaalde manier hanteer moet word. | Skofwerk en lang ure lewer vir werknemers en werkgewers groot probleme op. |
| pose | verb | to ask | This chapter discusses the research questions posed. | stel | werkwoord | om te vra | Hierdie hoofstuk bespreek die navorsingsvrae wat gestel word. |
| posit | verb | to suggest that something is true so that it can be used as the basis for an argument | He posits that learning is motivated by imagination, meaningful opportunities and communication with others. | postuleer | werkwoord | voorgee dat iets waar is sodat dit as basis vir 'n argument gebruik kan word | Hy postuleer dat leer gemotiveer word deur die verbeelding, betekenisvolle geleenthede en kommunikasie met ander. |
| positive | adjective | good and encouraging | There are positive signs that she will recover. | positief | byvoeglike naamwoord | goed en aanmoedigend | Daar is positiewe tekens dat sy sal herstel. |
| positive | adjective | good and supportive | The new curriculum has received positive response from academic departments. | positief | byvoeglike naamwoord | goed en ondersteunend | Die nuwe kurrikulum het positiewe reaksie van akademiese departemente gekry. |
| positive | adjective | sure or certain of something | He was positive that he had paid the electricity bill. | seker | byvoeglike naamwoord | oortuig van iets | Hy was seker dat hy die elektrisiteitsrekening betaal het. |
| positivism | noun | school of thought which sees knowledge and meaning as objective and therefore free from the social influence of context | Critical theory departs form positivism by taking into account cultural and social conditions which necessarily influence interpretation. | positivisme | naamwoord | denkrigting wat kennis en betekenis as objektief beskou en dus vry van die sosiale invloed van konteks | Kritiese teorie wyk af van die positivisme deur kulturele en sosiale omstandighede in ag te neem wat noodwendig interpretasie beïnvloed. |
| positivistic | adjective | according to the principles of positivism | Teachers who accept only one answer in all cases as correct are positivistic in their approach. | positivisties | byvoeglike naamwoord | volgens die beginsels van die positivisme | Onderwysers wat in alle gevalle slegs een antwoord korrek aanvaar, is positivisties in hul benadering. |
| possible | adjective | that can be done or achieved | I believe it is possible to have fun and be cool and also to be responsible, sensitive and tactful. | moontlik | byvoeglike naamwoord | wat gedoen of bereik kan word | Ek glo dit is moontlik om pret te hê en koel te wees, en terselfdertyd verantwoordelik, sensitief en taktvol. |
| postmodernism | noun | school of thought in the arts, philosophy, religion, technology and a variety of other fields that arose after and deviated from various 20th century movements representing modernism, and which are characterised by nonfundamentalist, more accommodating views | To a great extent the literature on postmodernism has been dominated by philosophers and modern language theorists. | postmodernisme | naamwoord | denkrigting in die kunste, filosofie, godsdiens, tegnologie en 'n verskeidenheid ander gebiede wat ontstaan het ná en afwyk van verskillende 20ste eeuse bewegings wat die modernisme verteenwoordig, en wat gekenmerk word deur niefundamentalistiese, meer akkommoderende sienings | Die literatuur oor postmodernisme is tot 'n groot mate oorheers deur filosowe en moderne taalteoretici. |
| postmodernist | adjective | according to postmodern theory | If you think truth is relative because it is determined by social, historical and cultural contexts, you think in a postmodernist way. | postmodernisties | byvoeglike naamwoord | volgens die teorie van postmodernisme | As jy dink dat die waarheid relatief is omdat dit deur sosiale, historiese en kulturele kontekste bepaal word, dink jy op 'n postmodernistiese manier. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| post-structuralism | noun | Intellectual movement in France in the 1960's and 1970's as a criticism of the structural basis on which structuralism studies and explains human culture | To a great extent the literature on post-structuralism has been dominated by philosophers and modern language theorists. | post-strukturalisme | naamwoord | Intellektuele beweging in Frankryk in die 1960's en 1970's as kritiek op die strukturele basis waarop strukturalisme die menslike kultuur bestudeer en verklaar | Die literatuur oor post-strukturalisme is tot 'n groot mate oorheers deur filosowe en moderne taalteoretici. |
| post-structuralist | adjective | according to the theory of post-structuralism | The post-structuralist views of writers such as Derrida, Foucault and Deleuze have strongly antagonised the more traditional scholars and caused repercussions especially in the world of literary criticism. | post-strukturalisties | byvoeglike naamwoord | volgens die teorie van die post-strukturalisme | Die post-strukturalistiese sienings van skrywers soos Derrida, Foucault en Deleuze het die meer tradisionele geleerdes sterk gegrief en veral in die wêreld van literêre kritiek reperkussies veroorsaak. |
| postulate | noun | proposition suggesting the existence or truth of something as the basis for reasoning | Offe challenges the postulate of an organised capitalism. | postulaat | naamwoord | stelling wat die bestaan of waarheid van iets as die basis vir redenasie voorstel | Offe daag die postulaat van 'n georganiseerde kapitalisme uit. |
| postulate | verb | to suggest that something is true so that it can be used as the basis for an argument | Researchers postulate that a big comet killed the dinosaurs. | postuleer | werkwoord | aan die hand doen dat iets waar is sodat dit as basis vir 'n argument gebruik kan word | Navorsers postuleer dat 'n groot komeet die dinosourusse uitgewis het. |
| postulate | verb | to make a statement | MacMillan (2019: 445) postulates that violence often occurs in well-to-do households. | postuleer | werkwoord | 'n stelling maak | MacMillan (2019: 445) postuleer dat geweld dikwels in welgestelde huishoudings voorkom. |
| potential | adjective | that can develop into something | The increase of malaria is a potential threat to Sub-Saharan Africa. | potensieel | byvoeglike naamwoord | wat tot dit wat genoem word, kan ontwikkel | Die toename van malaria is 'n potensiële bedreiging vir Afrika suid van die Sahara. |
| potential | noun | the possibility of something developing in a certain way | When he killed his pet, it became clear that he had a potential for violence. | potensiaal | naamwoord | die moontlikheid dat iets op 'n sekere manier kan ontwikkel | Toe hy sy troeteldier doodmaak, het dit duidelik geword dat hy 'n potensiaal vir geweld het. |
| practical | adjective, adverb | taking concrete solutions into consideration | A practical solution to poverty is employment and training. | prakties | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat konkrete oplossings in agneem | 'n Praktiese oplossing vir armoede is werkverskaffing en opleiding. |
| practice | noun | way of doing something | The scientific practice requires the same kind of dedication with which good athletes practice their sport. | praktyk | naamwoord | manier waarop iets gedoen word | Die wetenskaplike praktyk vereis dieselfde toewyding waarmee goeie atlete hul sport beoefen. |
| practice | noun | a professional business | The old doctor wants his daughter to take over his practice when he retires. | praktyk | naamwoord | 'n professionele onderneming | Die ou dokter wil hê sy dogter moet sy praktyk oorneem wanneer hy aftree. |
| practice | noun | usual way of doing something | Lobola is a common practice in Africa. | praktyk | naamwoord | gewone manier om iets te doen | Lobola is 'n algemene gebruik in Afrika. |
| practise | verb | to do something regularly as part of your normal behaviour | Mohamed took us to small artists' village where this unique art form is practised. | beoefen | werkwoord | iets gereeld, as deel van jou normale gedrag doen | Mohamed het ons na 'n klein kunstenaarsdorpie geneem waar hierdie unieke kunsvorm beoefen word. |
| practise | verb | to specialise in something | Practicing scientific research requires the same kind of dedication with which good athletes practice their sport. | beoefen | werkwoord | in iets spesialiseer | Om wetenskaplike navorsing te beoefen vereis dieselfde toewyding as waarmee goeie atlete hul sport beoefen. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| practise | verb | to apply theories in a practical way | Some doctors practice while others do medical research. | praktiseer | werkwoord | teorieë prakties toepas | Sommige dokters praktiseer terwyl ander mediese navorsing doen. |
| practitioner | noun | someone who works in a learned profession, such as medicine or law | She was treated by a medical practitioner. | praktisyn | naamwoord | iemand wat ’n beroep as geleerde beoefen, soos medisyne of regte | Sy is deur ’n mediese praktisyn behandel. |
| pragmatic | adjective | sensible and practical rather than theoretical or idealistic | A pragmatic approach to problem-solving is an American philosophical tradition centred on the linking of practice and theory. | pragmaties | byvoeglike naamwoord | verstandig en prakties eerder as teoreties of idealisties | ’n Pragmatiese benadering tot probleemoplossing is ’n Amerikaanse filosofiese tradisie wat fokus op die lê van verbande tussen praktyk en teorie. |
| pragmatic | adjective, adverb | in a practical way | The pragmatic politician thinks practically if she warns against the consequences of decisions in the everyday life of the community. | pragmaties | byvoeglike naamwoord, bywoord | op ’n praktiese manier | Die pragmatiese politikus dink prakties wanneer sy waarsku teen die gevolge van besluite in die alledaagse lewe van die gemeenskap. |
| pragmatism | noun | school of thought that finds the meaning of concepts in their practical applicability to situations | Pragmatism should be thoroughly considered by politicians when making promises to voters. | pragmatisme | naamwoord | denkrigting wat die betekenis van begrippe vind in die praktiese toepaslikheid daarvan op situasies | Politici moet pragmatisme vooropstel wanneer hulle beloftes aan kiesers maak. |
| pragmatist | noun | a person who is guided by practical considerations, more than by ideas | The pragmatist tries to solve a problem by looking at what can be done that is practically possible and feasible. | pragmatis | naamwoord | iemand wat deur praktiese oorwegings gelei word, meer as deur idees | Die pragmatis probeer ’n probleem oplos deur te kyk na wat prakties moontlik en uitvoerbaar is. |
| precede | verb | be earlier in time than | The main research project was preceded by a pilot study. | voorafgaan | werkwoord | vroeër plaasvind as | Die hoofnavorsingsprojek is deur ’n loodsstudie voorafgegaan. |
| precede | verb | be earlier in time than | A five-year study period in America preceded his current study in South Africa. | voorafgaan | werkwoord | vroeër as iets anders plaasvind | ’n Studieperiode van vyf jaar in Amerika het sy huidige studie in Suid-Afrika voorafgegaan. |
| precedence | noun | state of being more important to do than other things | We urge them not to allow greed to take precedence over fairness. | voorrang | naamwoord | toestand van eerste aandag te moet kry | Ons doen ’n beroep op hulle om nie toe te laat dat gierigheid voorrang kry bo billikheid nie. |
| preceding | adjective | coming before something else | You must also describe the preceding events and not just the current crisis. | voorafgaande | byvoeglike naamwoord | wat voor iets anders gebeur | Jy moet ook die voorafgaande gebeure beskryf en nie net die huidige krisis nie. |
| precious | adjective | of great value | I consider loyalty to be a precious trait in a friendship. | kosbaar | byvoeglike naamwoord | van groot waarde | Ek beskou lojaliteit as ’n kosbare eienskap in ’n vriendskap. |
| precipitate | verb | to make something serious happen suddenly | What is disturbing is that this confrontation could precipitate campus unrest. | ontketen | werkwoord | iets ernstigs skielik laat gebeur | Wat ontstellend is, is dat hierdie konfrontasie kampusonrus kan ontketen. |
| precipitate | verb | to cause something to happen too soon | He precipitated the staffing crisis by resigning from his job. | verhaas | werkwoord | iets te gou laat gebeur | Hy het die personeelkrisis verhaas deur uit sy pos te bedank. |
| precise | adjective | exact, accurate or clearly delimited | Definitions of concepts need to be precise. | presies | byvoeglike naamwoord | noukeurig, akkuraat of duidelik afgebaken | Definisies van begrippe moet presies wees. |
| predict | verb | to tell in advance | We cannot predict what is going to happen. | voorspel | werkwoord | vooraf vertel | Ons kan nie voorspel wat gaan gebeur nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| predominant | adjective | for the most part | The response of the students to the lecture was predominantly positive. | oorwegend | byvoeglike naamwoord | vir die grootste deel | Die reaksie van die studente op die lesing was oorwegend positief. |
| predominant | adjective | more noticeable or important than anything else | Death is the predominant theme of the poem. | oorheersend | byvoeglike naamwoord | opvallender of belangriker as enigiets anders | Die dood is die oorheersende tema van die gedig. |
| prejudice | noun | an unreasonable dislike of someone or something, especially when it is based on race, religion, gender, etc. | Laws against racial prejudice must be strictly enforced. | vooroordeel | naamwoord | ’n onredelike afkeer van iemand of iets, veral as dit gebaseer is op ras, godsdiens, geslag, ens. | Wette teen rasgebaseerde vooroordele moet streng toegepas word. |
| prejudiced | adjective | having its origin in an unreasonable dislike of someone or something, especially when it is based on race, religion, gender, etc. | People who hold a prejudiced view of dissidents show a lack of objective thinking. | bevooroordeeld | byvoeglike naamwoord | wat sy oorsprong het in ’n onredelike afkeer van iemand of iets, veral as dit gebaseer is op ras, godsdiens, geslag, ens. | Mense met ’n bevooroordeelde siening van andersdenkendes toon ’n gebrek aan objektiewe denke. |
| preliminary | adjective | preceding or in preparation for something more important | The athlete did well in the preliminary races, but lost the main race. | voorafgaande | byvoeglike naamwoord | voorafgaande of ter voorbereiding van iets belangrikers | Die atleet het goed gevaar in die voorafgaande wedlope, maar die hoofwedloop verloor. |
| preliminary | noun | an exam that precedes a more important exam, often in preparation for it | You may not sit for the exam unless you have taken part in the preliminaries. | voorbereidende eksamen | woordgroep | ’n eksamen wat ’n belangriker eksamen voorafgaan, dikwels ter voorbereiding daarop | Jy mag nie aan die eksamen deelneem tensy jy aan die voorbereidende eksamen deelgeneem het nie. |
| premise | noun | an idea which forms the basis of an argument | Our law system is based on the premise that you are innocent until proven guilty. | aanname | naamwoord | ’n idee wat die basis van ’n argument vorm | Ons regstelsel is gebaseer op die aanname dat jy onskuldig is totdat jy skuldig bevind word. |
| premise | noun | a proposition from which another proposition is inferred or follows as a conclusion | A conclusion follows a premise. | uitgangspunt | naamwoord | ’n stelling waaruit ’n ander stelling afgelei word of waaruit ’n gevolgtrekking voortvloei | ’n Gevolgtrekking volg op ’n uitgangspunt. |
| premise | verb | to make a statement that you accept as true and to use this idea to develop other ideas | He premised his argument on the idea that all genders are equal. | vooronderstel | werkwoord | ’n stelling maak wat jy as waar aanvaar en dit te gebruik om ander idees te ontwikkel | Hy het vooronderstel dat alle geslagte gelyk is. |
| preponderance | noun | that which carries most weight with someone | The preponderance of opinion lies with the moderate thinkers. | oorwig | naamwoord | dit wat die grootste gewig by iemand dra | Die oorwig van opinie lê by die gematigde denkers. |
| preposition | noun | a word that shows the position of something or indicates a relationship between two referents in a sentence | In the sentence The book is in the library, the preposition (in) shows location. | voorsetsel | naamwoord | ’n woord wat die plek van iets aandui of ’n verband tussen twee referente in ’n sin | In die sin Die boek is in die biblioteek, dui die voorsetsel (in) plek aan. |
| present | verb | deliver something like a speech | She presents her paper convincingly. | aanbied | werkwoord | iets soos ’n toespraak lewer | Sy bied haar referaat oortuigend aan. |
| presentation | noun | the delivering of something like a speech or a paper | The student’s presentation was particularly convincing as she supported her statements with examples that were illustrated through computer graphics. | aanbieding | naamwoord | die lewering van iets soos ’n toespraak of ’n referaat | Die student se aanbieding was besonder oortuigend, want sy het haar stellings ondersteun met voorbeelde wat sy met rekenaargrafika toegelig het. |
| prestige | noun | respect and importance earned for things done | Her career as a writer has brought her prestige. | aansien | naamwoord | respek en belangrikheid wat verdien is vir dinge wat gedoen is | Haar loopbaan as skrywer het haar aansien besorg. |
| presume | verb | take to be the case or to be true | I presume that you are still coming to the party. | veronderstel | werkwoord | aanneem dat iets die geval is of waar is | Ek veronderstel jy kom nog na die partytjie toe. |
| presume | verb | to suppose that something exists or is true although it is not yet proven | Since she has already published two articles it is presumed that she is able to complete her PhD. | aanneem | werkwoord | veronderstel dat iets bestaan of waar is, hoewel dit nog nie bewys is nie | Aangesien sy reeds twee artikels gepubliseer het, word daar aangeneem dat sy in staat is om haar PhD te voltooi. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| prevail | verb | be common or exist | Recent visitors may have noticed the pristine environment and safe, friendly atmosphere that now prevails there. | heers | werkwoord | algemeen wees of bestaan | Onlangse besoekers het dalk die ongerepte omgewing en veilige, vriendelike atmosfeer wat nou daar heers, opgemerk. |
| prevail | verb | to exist at a particular time in a particular place | Different conceptions of death and disease have prevailed during different periods of history. | algemeen wees | woordgroep | op ’n bepaalde tyd op ’n bepaalde plek bestaan | Verskillende opvattings oor dood en siektes is algemeen gedurende verskillende periodes van die geskiedenis. |
| previous | adjective | preceding something else in time or order | The previous chapter was about the human skeleton. | vorige | byvoeglike naamwoord | wat iets anders in tyd of volgorde voorafgaan | Die vorige hoofstuk het oor die menslike skelet gehandel. |
| primary | adjective | first in rank, importance or value | A primary cause of infant mortality is lack of clean water. | primêr | byvoeglike naamwoord | eerste in rang, belangrikheid of waarde | ’n Primêre oorsaak van babasterftes is ’n gebrek aan skoon water. |
| prime | adjective | most basic or important | Smoking is the prime cause of lung cancer. | vernaam | byvoeglike naamwoord | mees basiese of belangrikste | Rook is die vernaamste oorsaak van longkanker. |
| principal | adjective | most important | The principal component of natural gas is methane. | hoof- | woorddeel | belangrikste | Die hoofkomponent van aardgas is metaan. |
| principle | noun | a law, rule or theory on which something is based | Gravity is one of the basic principles of physics. | beginsel | naamwoord | ’n wet, reël of teorie waarop iets gebaseer is | Swaartekrag is een van die basiese beginsels van fisika. |
| principle | noun | in general | In principle, we could soon enjoy holidays on the moon. | beginsel | naamwoord | in die algemeen | In beginsel sou ons binnekort vakansies op die maan kon geniet. |
| principled | adjective | said of a person who shows recognition of right and wrong | Our philosophy professor is a principled man who does not deviate from his life principles. | beginselvas | byvoeglike naamwoord | gesê van iemand van wie dit bly dat hy of sy tussen reg en verkeerd kan onderskei | Ons filosofieprofessor is ’n beginselvaste man wat nie van sy lewensbeginsels afwyk nie. |
| prior | adjective | earlier in time | He had prior knowledge of the fraud. | voorafgaande | byvoeglike naamwoord | vroeër | Hy het voorafgaande kennis van die bedrog gehad. |
| prioritise | verb | to put in order of importance | You must prioritise your activities, otherwise you will neglect your studies. | prioriseer | werkwoord | in volgorde van belangrikheid plaas | Jy moet jou aktiwiteite prioriseer, anders sal jy jou studies afskeep. |
| priority | noun | the thing that you think is most important | The welfare of our children is our main concern, and their best interests are our first priority. | prioriteit | naamwoord | die ding wat volgens iemand die belangrikste is | Die welsyn van ons kinders is ons grootste bekommernis, en hulle beste belang is ons eerste prioriteit. |
| probable | adjective | likely to happen or to be true | It is probable that different results will be obtained, since the soil conditions were different. | waarskynlik | byvoeglike naamwoord | wat vermoedelik sal gebeur of waar is | Dit is waarskynlik dat verskillende resultate verkry sal word, aangesien die grondtoestande verskil het. |
| probably | adverb | almost certain, as far as one knows | Domestic violence probably also occurs in affluent households. | waarskynlik | bywoord | byna seker, sover ’n mens weet | Gesinsgeweld kom waarskynlik ook in welgestelde huishoudings voor. |
| problem | noun | something that is regarded as bad or harmful | Our main problem today is unemployment. | probleem | naamwoord | iets wat as sleg of skadelik beskou word | Ons grootste probleem vandag is werkloosheid. |
| problematic | adjective | causing problems, or difficult to solve | It is extremely problematic if students commit plagiarism because it impairs the integrity of the academic world. | problematies | byvoeglike naamwoord | wat probleme veroorsaak, of moeilik is om op te los | Dit is uiters problematies as studente plagiaat pleeg, aangesien dit die integriteit van die akademiese wêreld skaad. |
| problematise | verb | cause problems or make something even more complicated | The high unemployment rate further problematises the crime situation. | problematiseer | werkwoord | probleme veroorsaak of iets nog ingewikkelder maak | Die hoë werkloosheidsyfer problematiseer die misdaadsituasie verder. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| proceed | verb | to move ahead | You have obtained four out of five at this level, and may proceed to the next level of the program. | aangaan | werkwoord | om voort te gaan | Jy het vier uit vyf op hierdie vlak behaal en jy kan aangaan na die volgende vlak van die program. |
| process | noun | a series of actions that are taken to achieve a particular result | Writing as a process involve planning, writing, revising and editing. | proses | naamwoord | ’n reeks handelinge wat verrig word om ’n bepaalde resultaat te bereik | Skryf as ’n proses behels beplanning, skryf, hersiening en redigering. |
| process | noun | a series of actions taken towards a specific goal | Writing is a dynamic intellectual process of writing and rewriting until you know readers will understand your text. | proses | naamwoord | ’n reeks handeling wat onderneem word met ’n bepaalde doel voor oë | Skryf is ’n dinamiese intellektuele proses van skryf en herskryf totdat jy seker is dat lesers jou teks sal verstaan. |
| process | noun | as a series of steps in order to achieve a particular outcome | Researchers who treat their research as a process take longer to complete their degree. | prosesmatig | byvoeglike naamwoord, bywoord | as ’n proses met die doel om ’n sekere uitkoms te bereik | Navorsers wat hul navorsing prosesmatig aanpak, neem langer om hul graad te voltooi. |
| process | verb | to put information into a computer in order to use it | Statistics South Africa process a large amount of data annually. | verwerk | werkwoord | inligting in ’n rekenaar invoer om dit te kan gebruik | Statistieke Suid-Afrika verwerk jaarliks ’n groot hoeveelheid data. |
| procure | verb | to get or obtain | You need to procure the services of a lawyer to handle the dispute. | bekom | werkwoord | kry of verkry | Jy moet die dienste van ’n prokureur bekom om die geskil te hanteer. |
| produce | verb | to make or deliver | Academics must produce a number of academic articles annually to advance their careers. | produseer | werkwoord | maak of lewer | Akademici moet jaarliks ’n aantal akademiese artikels produseer om hul loopbaan te bevorder. |
| product | noun | end result of something made or produced | The product of her years of research was a brilliant thesis. | produk | naamwoord | eindresultaat van iets wat gemaak of geproduseer is | Die produk van haar jare lange navorsing was ’n briljante proefskrif. |
| productive | adjective | able to produce large amounts of food, crops, goods, etc. | From her four articles this year, one can see that she was academically productive. | produktief | byvoeglike naamwoord | in staat om groot hoeveelhede voedsel, gewasse, goedere, ens. te produseer | Uit haar vier artikels vanjaar kan ’n mens sien dat sy akademies produktief was. |
| professional | adjective | working in and specifically trained for a particular profession | The company is looking to recruit young professional people. | professioneel | byvoeglike naamwoord | wat ’n besondere beroep beoefen en spesifiek daarvoor opgelei is | Die onderneming wil jong professionele mense werf. |
| professional | noun | someone who works in a job for which special training is necessary | It is not difficult to see that the carpentry was done by a professional. | professionele persoon | woordgroep | iemand wat werk doen waarvoor spesiale opleiding nodig is | Dit is nie moeilik om te sien dat die skrynwerk deur ’n vakman gedoen is nie. |
| profound | adjective | demonstrating great knowledge or insight | I understand most of dr. Van Jaarsveld’s lectures in spite of their profound nature, because he explains concepts so clearly. | diepgaande | byvoeglike naamwoord | wat groot kennis of insig toon | Ek verstaan die meeste van dr. Van Jaarsveld se lesings ten spyte van hul diepgaande aard, omdat hy konsepte so duidelik verklaar. |
| profound | adjective | involving intense or deep emotion | It is often difficult for the hasty reader to read a profound argument and truly understand it. | diepsinnig | byvoeglike naamwoord | wat intense of diep emosie behels | Dit is dikwels moeilik vir die haastige leser om ’n diepsinnige argument te lees en dit werklik te verstaan. |
| profundity | noun | great knowledge and deep penetration into ideas | It was an event filled with profundity. | diepte | naamwoord | groot kennis en die deurdring tot die kern van idees | Dit was ’n gebeurtenis vol diepte. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| profundity | noun | a matter of great depth and intensity | It is a challenge for speedy readers to understand the profundity of certain literary texts, because it is time consuming to read them with thought and attention. | diepgang | naamwoord | ’n saak van groot diepte en intensiteit | Dit is ’n uitdaging vir vinnige lesers om die diepgang van sekere literêre tekste te verstaan, want dit is tydrowend om dit met gedagtes en aandag te lees. |
| progress | noun | the process of going forward or developing | During the study’s progress certain limitations and obstacles became evident. | vordering | naamwoord | proses van voortgang of ontwikkeling | Tydens die vordering van die studie het sekere beperkings en struikelblokke duidelik geword. |
| progression | noun | the process of moving gradually to a more advanced state | The progression in the student’s performance is reflected by her improving marks. | vordering | naamwoord | die proses om geleidelik na ’n meer gevorderde toestand te beweeg | Die vordering in die prestasie van die student word weerspieël deur die verbetering in haar punte. |
| progressive | adjective, adverb | developing in stages | There was a progressive improvement in the student’s marks. | progressief | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat in fases ontwikkel | Daar was ’n progressiewe verbetering in die student se punte. |
| prohibit | verb | to forbid | Smoking is prohibited in most restaurants. | verbied | werkwoord | iets belet | Rook word in die meeste restaurante verbied. |
| project | noun | an important and carefully planned piece of work | He has three projects to complete for Accounting 101. | projek | naamwoord | ’n belangrike en noukeurig beplande stuk werk | Hy moet drie projekte vir Rekeningkunde 101 voltooi. |
| project | verb | to plan or calculate what will happen | The business projected that its profits would increase by 20 percent in the next year. | voorspel | werkwoord | beplan of bereken wat gaan gebeur | Die besigheid het voorspel dat sy wins in die volgende jaar met 20 persent sou styg. |
| promote | verb | to contribute to the progress or growth of | He used his influence to promote liberal views in his native country. | bevorder | werkwoord | bydra tot die vordering of groei van | Hy het sy invloed gebruik om liberale sienings in sy geboorteland te bevorder. |
| promote | verb | to move to a higher rank or position | She was promoted to head of department. | bevorder | werkwoord | na ’n hoër rang of posisie skuif | Sy is tot departementshoof bevorder. |
| proof | noun | information that shows that something is true | The documents are proof that he committed fraud. | bewys | naamwoord | inligting wat wys dat iets waar is | Die dokumente is bewys dat hy bedrog gepleeg het. |
| propagate | verb | to spread a particular opinion or specific information | The missionaries propagated their religion in Africa. | propageer | werkwoord | ’n bepaalde opvatting of spesifieke inligting versprei | Die sendelinge het hul godsdiens in Afrika propageer. |
| propensity | noun | a tendency to behave in a certain way | Children who grow up in dysfunctional homes may have a propensity to violence. | neiging | naamwoord | ’n geneigdheid om op ’n sekere manier op te tree | Kinders wat in disfunksionele huise grootword, kan ’n neiging tot geweld openbaar. |
| proportion | noun | part of a whole | A small proportion of the earth’s volcanoes is active. | gedeelte | naamwoord | deel van ’n geheel | ’n Klein gedeelte van die aarde se vulkane is aktief. |
| proportion | noun | the relationship of one thing to another in size, amount or number | Your mark will improve in proportion to the amount of effort you put in. | verhouding | naamwoord | die verhouding van een ding tot ’n ander in grootte, hoeveelheid of getal | Jou punt sal verbeter in verhouding tot die hoeveelheid moeite wat jy doen. |
| proportion | noun | the comparative relation to the whole | The man has a harmonic physique, because his torso is in harmonious proportion to his lower body. | verhouding | naamwoord | onderlinge betrekking ten opsigte van die geheel | Die man het ’n eweredige liggaamsbou, want sy bolyf is in harmoniese verhouding tot sy onderlyf. |
| proportion | noun | the comparative relation to the whole | The proportions of the building made it look strange. | proporsie | naamwoord | onderlinge betrekking ten opsigte van die geheel | Die proporsies van die gebou het dit vreemd laat lyk. |
| proposal | noun | usually a formal or written suggestion or plan | Everyone gratefully accepted the chairman’s proposal that the committee adjourn for lunch. | voorstel | naamwoord | gewoonlik ’n formele of skriftelike voorstel of plan | Almal het die voorsitter se voorstel dat die komitee vir middagete verdaag, met dank aanvaar. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| propose | verb | to make a suggestion, usually formally or in writing | The chairman proposes that the committee adjourn for lunch because everyone is hungry. | voorstel | werkwoord | ’n voorstel maak, gewoonlik formeel of skriftelik | Die voorsitter stel voor dat die komitee vir middagete verdaag omdat almal honger is. |
| proposed | adjective | what is suggested | The committee members immediately carried out the chair’s proposed action. | voorgestel | byvoeglike naamwoord | wat aan die hand gedoen word | Die komiteelede het die voorsitter se voorgestelde optrede dadelik uitgevoer. |
| prospect | noun | the possibility of future success | There is no immediate prospect to increase research productivity. | vooruitsig | naamwoord | die moontlikheid van toekomstige sukses | Daar is geen onmiddellike vooruitsig om die navorsingsproduktiwiteit te verhoog nie. |
| protocol | noun | the accepted ways of doing things under certain formal circumstances | According to her research protocol she is using a mixed methods approach. | protokol | naamwoord | die aanvaarde maniere van dinge doen onder sekere formele omstandighede | Volgens haar protokol vir navorsing is haar benadering een van gemengde metodes. |
| provable | adjective | that can be proven | The purpose of science is to test a hypothesis to see if it is provable. | bewysbaar | byvoeglike naamwoord | wat bewys kan word | Die doel van die wetenskap is om ’n hipotese te toets om te sien of dit bewysbaar is. |
| prove | verb | to provide evidence that something is true | He proved that sucrose is not more detrimental than fructose in diabetic patients. | bewys | werkwoord | bewyse lewer dat iets waar is | Hy het bewys dat sukrose nie nadeliger as fruktose vir diabetiese pasiënte is nie. |
| proven | adjective | having been shown to be true | The validity of his theory relies on newly proven facts. | bewese | byvoeglike naamwoord | waarvan aangetoon is dat dit waar is | Die geldigheid van sy teorie berus op nuut bewese feite. |
| provide | verb | give or make available | The textbooks provided do not meet the needs of the students. | verskaf | werkwoord | gee of beskikbaar stel | Die handboeke wat verskaf word, voldoen nie aan die studente se behoeftes nie. |
| publication | noun | the act or process of editing, printing and distributing a text or texts | The research comes shortly after the publication of a book on South African emigration patterns. | publikasie | naamwoord | die handeling of proses om ’n teks of tekste te versorg, te druk en te versprei | Die navorsing kom kort ná die publikasie van ’n boek oor Suid-Afrikaanse emigrasiepatrone. |
| publication | noun | the act of making something known to the public | The proceedings followed the publication of a government report on the local film and television industry. | publikasie | naamwoord | die handeling om iets aan die publiek bekend te maak | Die verrigtinge volg op die publikasie van ’n regeringsverslag oor die plaaslike rolprent- en televisiebedryf. |
| publication | noun | something that comes from the press into the public domain | The publication was compiled by the training and development officer. | publikasie | naamwoord | iets wat van die pers in die publieke domein kom | Die publikasie is saamgestel deur die opleidings-en-ontwikkelingsbeampte. |
| publish | verb | to prepare and issue a text for public distribution or sale | She found someone to publish her poems. | publiseer | werkwoord | ’n teks voorberei en uitgee vir openbare verspreiding of om verkoop te word | Sy het iemand gekry om haar gedigte te publiseer. |
| purchase | noun | something obtained by paying money for it | The laptop was a necessary purchase. | aankoop | naamwoord | iets wat verkry word deur geld daarvoor te betaal | Die skootrekenaar was ’n noodsaaklike aankoop. |
| purchase | verb | to get something by paying money for it | They just signed an offer to purchase the house. | koop | werkwoord | iets kry deur geld daarvoor te betaal | Hulle het pas ’n aanbod onderteken om die huis te koop. |
| purport | verb | to claim to be the case | He purports to speak on behalf of the residents. | voorgee | werkwoord | beweer dat dit die geval is | Hy gee voor om namens die inwoners te praat. |
| purpose | noun | ultimate goal or objective | The purpose of her medical studies is to become a successful pediatrician. | doel | naamwoord | oogmerk of doelwit | Die doel van haar mediese studies is om ’n suksesvolle kinderarts te word. |
| purposeful | adjective | with a specific purpose or goal in mind | One can see from the purposeful way in which she studies that she wants to pass with distinction at the end of the year. | doelgerig | byvoeglike naamwoord | met ’n spesifieke oogmerk of doel voor oë | Aan die doelgerigte manier waarop sy studeer, kan ’n mens sien dat sy die jaar met lof wil slaag. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pursue | verb | to try to achieve something over a period of time | With guidance and support, she pursues her dreams. | nastreef | werkwoord | oor ’n tydperk iets probeer bereik | Met leiding en ondersteuning streef sy haar drome na. |
| purview | noun | purpose or tendency | Religious people love books with a religious purview. | strekking | naamwoord | doel of neiging | Gelowige mense hou van boeke met ’n godsdienstige strekking. |
| qualification | noun | an extra piece of information that limits that which has been said, written or believed before | She welcomed the proposal without qualification. | voorbehoud | naamwoord | ’n ekstra brokkie inligting wat iets wat vooraf gesê, geskryf of geglo is, beperk | Sy het die voorstel sonder voorbehoud verwelkom. |
| qualification | noun | limiting of the meaning of a word or statement to make it less general | The statement requires qualification. | kwalifisering | naamwoord | beperking van die betekenis van ’n woord of stelling om dit minder algemeen te maak | Die stelling benodig kwalifisering. |
| qualification | noun | an exam you have passed, skills or experience that make you able to do a specific job | The student was not honest about his qualifications. | kwalifikasie | naamwoord | ’n eksamen wat jy geslaag het, vaardighede of ervaring wat jou in staat stel om ’n spesifieke werk te doen | Die student was nie eerlik oor sy kwalifikasies nie. |
| qualify | verb | to supply more information | The adjective qualifies the noun. | bepaal | werkwoord | meer inligting verskaf | Die byvoeglike naamwoord bepaal die selfstandige naamwoord. |
| qualify | verb | to support with more detail, evidence or examples | Certain statements will have to be qualified to make the argument stronger. | kwalifiseer | werkwoord | met meer besonderhede, bewyse of voorbeelde ondersteun | Sekere stellings sal gekwalifiseer moet word om die argument sterker te maak. |
| qualify | verb | to pass an examination or be successful in a sports competition so that you can continue to the next stage or be able to do a particular job | Her father qualified as a teacher 28 years ago. | kwalifiseer | werkwoord | ’n eksamen slaag of suksesvol wees in ’n sportkompetisie sodat jy met die volgende fase kan voortgaan of gereed is om ’n spesifieke werk te doen | Haar pa het 28 jaar gelede as onderwyser gekwalifiseer. |
| qualifying | adjective | which describes something in more detail | The adjective stands in a qualifying relation to the noun. | kwalifiserend | byvoeglike naamwoord | wat iets nader beskryf | Die byvoeglike naamwoord staan in ’n kwalifiserende verhouding tot die selfstandige naamwoord. |
| qualitative | adjective | which measures the quality rather than the quantity of something | Open-ended questions were used to collect qualitative data. | kwalitatief | byvoeglike naamwoord | wat die gehalte eerder as die hoeveelheid van iets meet | Oop vrae is gebruik om kwalitatiewe data in te samel. |
| qualitative | adjective | that is researched or analysed by describing its quality | Qualitative research focuses on the experimental process and the influence of context on data. | kwalitatief | byvoeglike naamwoord | wat nagevors of ontleed word deur die kwaliteit daarvan te beskryf | Kwalitatiewe navorsing fokus op die eksperimentele proses en die invloed van konteks op data. |
| quality | noun | a standard, measured against other things | The quality of her research is the product of expertise and dedication. | kwaliteit | naamwoord | ’n standaard, gemeet aan ander dinge | Die kwaliteit van haar navorsing is die produk van kundigheid en toewyding. |
| quantitative | adjective | that can be researched or analysed by means of measurement | Data that can be analysed numerically and mathematically are quantitative in nature. | kwantitatief | byvoeglike naamwoord | wat deur meting nagevors of ontleed kan word | Data wat numeries en wiskundig ontleed kan word, is kwantitatief van aard. |
| quantity | noun | measurable quantity | In the last few years, growth has been deliberately limited so that the focus can be on quality rather than quantity. | kwantiteit | naamwoord | meetbare hoeveelheid | In die laaste paar jaar is groei doelbewus beperk sodat daar op gehalte eerder as kwantiteit gekonsentreer kan word. |
| question | verb | to ask questions, often in official or academic context | Einstein seriously questioned Niels Bohr’s quantum theory early in the 20th century, because he did not believe in its validity. | bevraagteken | werkwoord | om vrae te stel, dikwels in amptelike of akademiese verband | Einstein het Niels Bohr se kwantumteorie vroeg in die 20ste eeu ernstig bevraagteken, omdat hy nie in die geldigheid daarvan geglo het nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| questioning | noun | the critical process of asking questions | Niels Bohr refuted Einstein's questioning of his quantum theory at the large gathering of scientists in 1927 by providing evidence for each and every one of Einstein's questions. | bevraagtekening | naamwoord | kritiese proses van vrae te stel | Niels Bohr het Einstein se bevraagtekening van sy kwantumteorie tydens die groot byeenkoms van wetenskaplikes in 1927 weerlê deur bewyse te lewer vir elkeen van Einstein se vrae. |
| quotation | noun | words from another person, which somebody uses in their own writing or speech, with an indication of the source | When you want to use quotations in a text that you are writing, the sources of such quotations should be properly acknowledged. | aanhaling | naamwoord | woorde van 'n ander persoon, wat iemand in sy of haar eie skryfwerk of toespraak gebruik, met 'n aanduiding van die bron | As jy aanhalings wil gebruik in 'n teks wat jy skryf, moet die bronne van sulke aanhalings behoorlik erken word. |
| quote | verb | to use what somebody else has said or written in your writing or speech | He quoted from a reputable source to give his own writing more credibility. | aanhaal | werkwoord | iets wat iemand anders gesê het, presies net so in jou eie werk herhaal | Hy haal uit 'n betroubare bron aan om aan sy eie skryfwerk groter geloofwaardigheid te verleen. |
| quoted | adjective | taken from another text without changing anything | Quoted words must be enclosed in quotation marks. | aangehaal | byvoeglike naamwoord | wat net so uit 'n ander teks gehaal is sonder om enigiets daaraan te verander | Aangehaalde woorde moet tussen aanhalingstekens staan. |
| radical | adjective | new and different, and likely to have a strong effect | It's tempting to make radical changes in many areas of your life. | ingrypend | byvoeglike naamwoord | nuut en anders, en wat waarskynlik 'n sterk uitwerking sal hê | Dis aanloklik om op baie terreine van jou lewe ingrypende veranderings aan te bring. |
| radical | adjective | in favour of drastic political change | During those days his progressive views were regarded to be radical. | radikaal | byvoeglike naamwoord | ten gunste van ingrypende politieke verandering | Destyds is sy progressiewe beskouings as radikaal beskou. |
| radical | noun | someone who holds radical views | Religious radicals stormed into the cathedral and overturned the sculptures of saints. | radikaal | naamwoord | iemand wat radikale sieninge het. | Godsdienstige radikale het die katedraal binnegestorm en beelde van heiliges omgestamp. |
| random | adjective | chosen in such a way that all possible choices have an equal chance | He used a random sample of 1 500 housewives to determine their opinions on waste separation in the home. | ewekansig | byvoeglike naamwoord | so gekies dat alle moontlike keuses 'n gelyke kans het | Hy het 'n ewekansige steekproef van 1 500 huisvroue gebruik om hul mening oor die sortering van afval in die huis te bepaal. |
| random | adjective | in a way that all possible choices have an equal chance of being considered | The findings are based on a random sample survey of 1 450 registered voters in South Africa. | ewekansig | byvoeglike naamwoord | op so 'n manier dat alle moontlike keuses 'n gelyke kans het om oorweeg te word | Die bevindings is gebaseer op 'n ewekansige steekproefopname onder 1 450 geregistreerde kiesers in Suid-Afrika. |
| random | adjective, adverb | without a plan or logical order | The accumulation of random facts often occurs in assignments. | lukraak | byvoeglike naamwoord, bywoord | sonder 'n plan of logiese volgorde | 'n Opeenstapeling van lukrake feite kom dikwels in werkstukke voor. |
| random | adjective | without an order or plan | When the fluid was heated, molecules start moving randomly. | lukraak | byvoeglike naamwoord | sonder 'n plan of logiese volgorde | Toe die vloeistof verhit was, het molekules lukraak begin beweeg. |
| randomness | noun | state of being without a logical order or plan | The randomness of statements without motivation is one reason why students fail in their assignments. | willekeurigheid | naamwoord | toestand van sonder 'n plan of logiese volgorde te wees | Die willekeurigheid van stellings sonder motivering is een van die redes waarom studente hul werkopdragte druip. |
| range | noun | all sorts of things of the same general kind | The software package has a range of applications in quantity surveying. | verskeidenheid | naamwoord | allerhande dinge van dieselfde algemene soort | Die sagtewarepakket het 'n verskeidenheid toepassings in bourekene. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| range | noun | the limits within which something varies | He is going to talk to the education department to see how schools can be involved in a series of competitions from poster design to songwriting. | reeks | naamwoord | die perke waarbinne iets wissel | Hy gaan met die onderwysdepartement praat om te kyk hoe skole betrek kan word by ’n reeks kompetisies van plakkate ontwerp tot liedjies skryf. |
| range | verb | to vary between two specific limits | Prices range between R5 000 and R7 000. | wissel | werkwoord | om tussen twee spesifieke perke te wissel | Pryse wissel tussen R5 000 en R7 000. |
| range | verb | to cover a number of things in addition to those mentioned | Her interests range from mechanics to fishing. | wissel | werkwoord | ’n aantal dinge dek naas dit wat genoem is | Haar belangstellings wissel van meganika tot visvang. |
| rated | adjective | categorised according to quality | The rated tennis players are all within the top ten of the country. | gekeur | byvoeglike naamwoord | volgens gehalte ingedeel | Die gekeurde tennisspelers is almal onder die toptien van die land. |
| ratio | noun | a relationship between two amounts | The ratio of 32 learners per teacher was finalised after consultations with teacher unions and school governing body organisations. | verhouding | naamwoord | ’n verhouding tussen twee getalle of hoeveelhede | Die verhouding van 32 leerders per onderwyser is vasgestel na oorlegpleging met onderwysersunies en skoolbeheerliggame. |
| rational | adjective | based on or using reason | We are waiting for a rational explanation of the peculiar legislation. | rasioneel | byvoeglike naamwoord | wat rede gebruik of op rede gebaseer is | Ons wag op ’n rasionele verduideliking van die eienaardige wetgewing. |
| rational | adjective | based on or using reason | We must make decisions that are rational and in our own best interests. | verstandig | byvoeglike naamwoord | wat rede gebruik of op rede gebaseer is | Ons moet verstandige besluite neem wat in ons eie belang is. |
| rational | adjective | based on or using reason | Please think twice about this, and then make a rational decision. | redelik | byvoeglike naamwoord | wat rede gebruik of op rede gebaseer is | Dink asseblief twee keer hieroor en neem dan ’n redelike besluit. |
| rationalisation | noun | act or process of rationalising | People often use the psychological trick of rationalisation as a defense mechanism to justify their poor behaviour through simplified arguments. | rasionalisering | naamwoord | handeling of proses van te rasionaliseer | Mense gebruik dikwels die sielkundige truuk van rasionalisering as verdedigingsmeganisme om hul swak gedrag deur middel van vereenvoudigde argumente te regverdig. |
| rationalisation | noun | giving reasons for one's behaviour that makes the action taken sound logical, but that have been made up after the fact | He offers all sorts of rationalisations for his strange behaviour. | rasionalisering | naamwoord | die gee van redes vir gedrag wat die optrede logies laat klink, maar wat agterna bedink is | Hy bied allerhande rasionaliserings vir sy vreemde gedrag aan. |
| rationalisation | noun | the process of making a company or industry more efficient, especially by laying off staff | A spokesperson confirmed the company was proceeding with a rationalisation plan but said retrenchment figures had not been finalised. | rasionalisering | naamwoord | die proses om ’n onderneming of bedryf doeltreffender te maak, veral deur personeel te verminder | ’n Woordvoerder het bevestig dat die maatskappy met ’n plan vir rasionalisering voortgaan, maar gesê die afleggingsyfers is nog nie gefinaliseer nie. |
| rationalise | verb | give a rational explanation or justification | Hitler’s re-occupation of the Ruhr area was a calculated decision, therefore historians can rationalise it. | rasionaliseer | werkwoord | ’n rasionele verduideliking of regverdiging gee | Hitler se herbesetting van die Ruhr-gebied was ’n berekende besluit, daarom kan historici dit rasionaliseer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rationalise | verb | cut spending and reduce jobs by layoffs | The government now has to rationalise and cut public service posts, because the country can clearly not afford the salary bill of public servants. | rasionaliseer | werkwoord | besteding verminder en werksgeleenthede deur afleggings verminder | Die regering moet nou rasionaliseer en staatsdiensposte besnoei, omdat die land duidelik nie die salarisrekening van staatsamptenare kan bekostig nie. |
| rationalised | adjective | that has been placed into the sphere of reason or logic | His rationalised arguments didn’t fool anyone, because everyone knew what was really happening. | gerasionaliseer | byvoeglike naamwoord | wat in die sfeer van die rede of die logika ingetrek is | Sy gerasionaliseerde argumente het niemand geflous nie, want almal het geweet wat regtig gebeur. |
| rationalism | noun | any school of thought that overestimates the role of reason in the acquisition of knowledge | It is actually incomprehensible that people living in a so-called postmodern time still fall back into the rationalism of two centuries ago. | rasionalisme | naamwoord | enige denkrigting wat die rol van die rede in die verwerwing van kennis oorskat | Dit is eintlik onbegryplik dat mense wat in ’n sogenaamde postmoderne tyd leef, nog terugval in die rasionalisme van twee eeue gelede. |
| rationalist | adjective | too strongly focused on the reasonable at the expense of the spiritual | A rationalistic approach to problem solving denies the equally valid role that emotions, intuition, sensuality and imagination can play within human reasoning. | rasionalisties | byvoeglike naamwoord | te sterk gefokus op die redelike ten koste van die geestelike | ’n Rasionalistiese benadering tot probleemoplossing ontken die ewe geldige rol wat emosies, intuïsie, sensualiteit en verbeelding binne die menslike redenasie kan speel. |
| react | verb | to show a response to something | When the rich believe the poor will revolt, they react by trying to impose draconian restrictions. | reageer | werkwoord | ’n reaksie op iets toon | Wanneer die rykes glo dat die armes in opstand sal kom, reageer hulle deur drakoniese beperkings in te stel. |
| react | verb | to respond in a particular way | Students usually react positively to an enthusiastic lecturer. | reageer | werkwoord | op ’n bepaalde manier reageer | Studente reageer gewoonlik positief op ’n entoesiastiese dosent. |
| reaction | noun | action in response to something | It is evident from the students’ positive reaction that they enjoyed the lecture. | reaksie | naamwoord | aksie in reaksie op iets | Dit is duidelik uit die positiewe reaksie van die studente dat hulle die lesing geniet het. |
| realisation | noun | achievement of something that has been anticipated or looked forward to | For her the graduation ceremony was the realisation of her dream. | verwesenliking | naamwoord | die bereiking van iets waarvoor gewag is of waarna uitgesien is | Vir haar was die gradeplegtigheid die verwesenliking van haar droom. |
| realise | verb | to become aware of a particular situation or a fact | Twenty years later he realised that he had made a mistake. | besef | werkwoord | van ’n bepaalde situasie of feit bewus raak | Twintig jaar later het hy besef dat hy ’n fout gemaak het. |
| realise | verb | to understand something with insight | She eventually realised that her actions had been wrong. | insien | werkwoord | iets met insig verstaan | Sy het uiteindelik ingesien dat haar optrede verkeerd was. |
| realise | verb | to achieve something that has been anticipated or looked forward to | After eight years of dedicated study, she realised her dream of a doctorate in Physics. | verwesenlik | werkwoord | iets bereik waarvoor gewag is of waarna uitgesien is | Ná agt jaar van toegewyde studie het sy haar droom van ’n doktorsgraad in fisika verwesenlik. |
| reason | noun | explanation or justification for something | We are still waiting for an explanation of the reasons behind the strange law so that we can understand why it was accepted. | rede | naamwoord | verduideliking of regverdiging vir iets | Ons wag steeds vir ’n verduideliking van die redes vir die vreemde wet, sodat ons kan verstaan waarom dit aanvaar is. |
| reason | noun | explanation for something | There are good reasons for learning a second language. | rede | naamwoord | verduideliking vir iets | Daar is goeie redes vir die aanleer van ’n tweede taal. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| reason | noun | the ability of the mind to form opinions and understand arguments | Human reason has the power to change society. | rede | naamwoord | die vermoë van die verstand om opinies te vorm en argumente te verstaan | Menslike rede het die mag om die samelewing te verander. |
| reason | noun | explanation or justification | Her argument contains sufficient reasons to convince her listeners. | rede | naamwoord | verduideliking of regverdiging | Haar argument bevat voldoende redes om haar luisteraars te oortuig. |
| reason | verb | to judge a situation, based on evidence provided in a logical way. | They reason that increased consumption has the potential to improve the economy. | redeneer | werkwoord | ’n situasie beoordeel, gebaseer op bewyse wat op ’n logiese manier verskaf word. | Hulle redeneer dat verhoogde verbruik die ekonomie kan verbeter. |
| reason | verb | to state your point of view with your logical mind | She reasoned logically so that everyone could easily follow her point of view. | redeneer | werkwoord | jou verstand gebruik en jou standpunt deur logiese denke stel | Sy het logies geredeneer sodat almal maklik haar standpunt kon volg. |
| reasoning | noun | the way in which a point of view is argued | Her reasoning convinced her listeners. | redenasie | naamwoord | manier waarop geredeneer word | Haar redenasie het haar luisteraars oortuig. |
| recommend | verb | to tell someone that something will be suitable for a particular purpose | The lecturer recommends Combrink’s book on paragraph writing. | aanbeveel | werkwoord | vir iemand sê dat iets vir ’n bepaalde doel geskik sal wees | Die dosent beveel Combrink se boek oor die skryf van paragrawe aan. |
| recommend | verb | to tell someone that something will be suitable for a particular purpose | A friend recommended this hotel. | aanbeveel | werkwoord | vir iemand sê dat iets vir ’n bepaalde doel geskik sal wees | ’n Vriend het hierdie hotel aanbeveel. |
| recommendation | noun | the proposal that something will be suitable for a particular purpose | Most students pay attention to the lecturer's recommendations on which books to read. | aanbeveling | naamwoord | die raad dat iets vir ’n spesifieke doel geskik sal wees | Die meeste studente steur hulle aan die dosent se aanbevelings oor watter boeke hulle moet lees. |
| recommended | adjective | advised as suitable for a particular purpose | The students find the recommended book useful. | aanbevole | byvoeglike naamwoord | aanbeveel as geskik vir ’n spesifieke doel | Die studente vind die aanbevole boek nuttig. |
| reconcile | verb | to neutralise and accommodate contradictions | You cannot reconcile the divergent political views of Socialism and Communism. | versoen | werkwoord | teenstrydighede neutraliseer en akkommodeer | Mens kan nie die uiteenlopende politieke sienings van sosialisme en kommunisme versoen nie. |
| recount | verb | to tell an experience in the order that the events took place | The opening chapters of the book recount the glories of the monarch and the loyalty of his people. | vertel | werkwoord | uitwei oor ’n ervaring in die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het | Die openingshoofstukke van die boek vertel van die glorie van die monarg en die lojaliteit van sy volk. |
| recount | noun | a chronological account of an event or a series of events | In his autobiography he gives a recount of the circumstances that lead to his deportation. | vertelling | naamwoord | ’n chronologiese weergawe van ’n gebeurtenis of ’n reeks gebeure | In sy outobiografie bied hy ’n vertelling aan van die omstandighede wat tot sy deportasie gelei het. |
| recover | verb | to return to the normal state after some difficulty | He is still recovering from a stroke. | herstel | werkwoord | na die normale toestand terugkeer nadat ’n probleem van die een of ander aard ondervind is | Hy herstel nog van ’n beroerte. |
| recover | verb | to get back the same amount of money that you originally spent or that somebody owed you | The retailer has to charge more to recover the costs of the renovation. | verhaal | werkwoord | dieselfde bedrag terugkry wat jy oorspronklik uitgegee het of wat iemand jou geskuld het | Die kleinhandelaar moet meer vra om die koste van die opknapping te verhaal. |
| recur | verb | to happen again | No-one can say that such a flood or a greater one may not recur next month, next year or next decade. | voorkom | verb | herhaal word | Niemand kan sê dat so ’n vloed of ’n groter vloed nie weer volgende maand, volgende jaar of volgende dekade sal voorkom nie. |
| recurring | adjective | happening again | Guilt and pride are recurring themes in his work. | terugkerend | byvoeglike naamwoord | wat weer voorkom | Skuld en trots is terugkerende temas in sy werk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| refer | verb | to send something to someone with more authority or knowledge | The case has been referred to the High Court. | verwys | werkwoord | iets na iemand met meer gesag of kennis stuur | Die saak is na die Hooggeregshof verwys. |
| refer | verb | to acknowledge a source | The written sources that he refers to in his thesis are somewhat dated. | verwys | werkwoord | ’n bron erken | Die geskrewe bronne waarna hy in sy tesis verwys, is ietwat verouderd. |
| refer | verb | to consult another section of the same source or another source to find information | I would like to refer you to page 88. | verwys | werkwoord | ’n ander afdeling van dieselfde bron of ’n ander bron raadpleeg om inligting te vind | Ek verwys u graag na bladsy 88. |
| refer | verb | to mention an author or a text | Even if you write about an author’s views in your own words, you still have to refer to the author and source text you consulted. | verwys | werkwoord | ’n skrywer of teks noem | Selfs as jy in jou eie woorde oor ’n skrywer se siening skryf, moet jy steeds verwys na die skrywer en bronteks wat jy geraadpleeg het. |
| reference | noun | a thing you say or write that mentions a person or a source | I found the reference to Stanley’s book in my colleague’s latest article. | verwysing | naamwoord | iets wat jy sê of skryf waarin jy ’n persoon of ’n bron vermeld | Ek het die verwysing na Stanley se boek in my kollega se jongste artikel gekry. |
| reference | noun | a thing you say or write that mentions a person or a source | The list of references was cross-checked with the sources cited in the body of the dissertation. | verwysing | naamwoord | iets wat jy sê of skryf wat ’n persoon of ’n bron meld | Die lys verwysings is vergelyk met die bronne wat in die proefskrif aangehaal word. |
| reference book | noun | a book that can be consulted for information on specific matters | The lecturer keeps the reference book on reserve in the library. | naslaanwerk | naamwoord | ’n boek wat geraadpleeg kan word vir inligting oor spesifieke aangeleenthede | Die dosent hou die naslaanwerk op reserwe in die biblioteek. |
| referenced | adjective | obtained by consulting a text | The referenced source that so impresses my colleague is already outdated. | geraadpleeg | byvoeglike naamwoord | verkry deur ’n teks te raadpleeg | Die geraadpleegde bron wat my kollega so beïndruk, is inderwaarheid reeds verouderd. |
| refine | verb | to make something, such as a theory, better by making changes to it | The database is refined to remember previous searches and to combine those with new searches. | verfyn | werkwoord | iets, soos ’n teorie, beter maak deur veranderinge aan te bring | Die databasis is verfyn om vorige soektogte te onthou en dit met nuwe soektogte te kombineer. |
| reflect | verb | to think carefully and deeply about something | The introductory chapter critically reflects on the pros and cons of the neoliberal university. | besin | werkwoord | deeglik oor iets nadink | In die inleiding word daar krities besin oor die voor- en nadele van die neoliberale universiteit. |
| reflect | verb | to express expectations, perceptions and feelings about an experience | In their essays students had to reflect on their experiences gained during a visit to a frail care centre. | besin | werkwoord | verwagtinge, persepsies en gevoelens oor ’n ervaring uitdruk | In hul opstelle moes studente besin oor hul ervarings wat hulle tydens ’n besoek aan ’n tengersorgsentrum opgedoen het. |
| reflect | verb | to think carefully and deeply about something | A prudent person reflects before making decisions about his future. | nadink | werkwoord | deeglik en diep oor iets besin | As ’n mens verstandig is, dink jy na voordat jy besluite oor jou toekoms neem. |
| reflection | noun | the action of thinking carefully and deply about something | Reflection is not only the outstanding characteristic of the philosopher but also of the true student. | nadenke | naamwoord | die handeling van deeglik oor iets na te dink | Nadenke is nie net die uitstaande kenmerk van die filosoof nie, maar ook van die ware student. |
| reflection | noun | the action of making use of the intellect and thinking about something | Without reflection as a process of inner inquiry we are equal to the animal that lives purely on instinct. | refleksie | naamwoord | die handeling van die intellek te gebruik en oor iets na te dink | Sonder refleksie as ’n proses van innerlike ondersoek is ons gelyk aan die dier wat bloot op instink leef. |
| reflective | adjective | thinking carefully and deeply about something | The reflective person tries to think critically about his own actions. | besinnend | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur diep en deeglike nadenke oor iets | Die besinnende mens probeer krities nadink oor sy optrede. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| reform | verb | to make something better | South Africa reformed its educational system again to focus not only on outcomes, but also on the process. | hervorm | werkwoord | iets beter maak | Suid-Afrika het sy onderwysstelsel opnuut hervorm om nie net op uitkomste te fokus nie, maar ook op die proses. |
| reform | noun | a change made to a system in order to make it better | The economic reforms meant that more jobs were available. | hervorming | naamwoord | ’n verandering aan ’n stelsel om dit beter te maak | Die ekonomiese hervormings het beteken dat meer werkgeleenthede beskikbaar was. |
| refutable | adjective | proof that a theory or statement is wrong | His theory is easily refutable. | weerlegbaar | byvoeglike naamwoord | bewys dat ’n teorie of stelling verkeerd is | Sy teorie is maklik weerlegbaar. |
| refutation | noun | the proof that a theory or statement is wrong | The ecologist’s brilliant refutation of existing global warming theories was front page news. | weerlegging | naamwoord | bewys dat ’n teorie of stelling verkeerd is | Die ekoloog se briljante weerlegging van bestaande teorieë oor aardverwarming was voorbladnuus. |
| refute | verb | to prove that a theory or statement is wrong | Over the years many scholars have tried to refute some of Einstein’s theories. | weerlê | werkwoord | bewys dat ’n teorie of stelling verkeerd is | Oor die jare het baie geleerdes Einstein se teorieë probeer weerlê. |
| refute | verb | to prove that a theory or statement is wrong | The accused’s legal team successfully refuted all the charges against their client. | weerlê | werkwoord | bewys dat ’n teorie of stelling verkeerd is | Die aangeklaagde se regspan het al die aanklagte teen hul kliënt suksesvol weerlê. |
| regime | noun | a government, especially one that has not been fairly elected | They predict that the new regime’s reign will be short-lived. | bewind | naamwoord | ’n regering, veral een wat nie regverdig verkies is nie | Hulle voorspel dat die nuwe bewind se heerskappy van korte duur sal wees. |
| region | noun | large area of land, usually with no exact limits | Coastal regions typically have moderate rainfall. | streek | naamwoord | groot gebied, gewoonlik sonder presiese grense | Kusstreke het tipies ’n matige reënval. |
| register | noun | alphabetical list (at the back) of important words contained in a book | One can find background in the register of this history book about the historical figures that are at issue. | register | naamwoord | alfabetiese lys (agterin) van belangrike woorde wat in ’n boek voorkom | ’n Mens kan in die register van hierdie geskiedenisboek agtergrondinligting vind oor die historiese figure wat ter sprake is. |
| regulate | verb | to control something by means of rules | Professional organisations have codes of conduct that regulate the activities of their members. | reguleer | werkwoord | iets deur middel van reëls beheer | Professionele organisasies het gedragskodes wat die aktiwiteite van hul lede reguleer. |
| regulate | verb | to control the rate of a machine or process | The bypass valve regulates flow of hydraulic fluid. | reguleer | werkwoord | die tempo van ’n masjien of proses beheer | Die omleidingsklep reguleer die vloei van hidrouliese vloeistof. |
| reinforce | verb | to make something stronger and (or) support it with rewards | Edutainment programmes on television reinforce social and educational values while at the same time entertaining the viewer. | versterk | werkwoord | iets sterker maak en (of) dit met belonings steun | Opvoedvermaakprogramme op televisie versterk sosiale en opvoedkundige waardes terwyl dit terselfdertyd die kyker vermaak. |
| reject | noun | something that is seen as being substandard | The plate is a reject because it has a crack. | uitskot | naamwoord | iets wat as substandaard beskou word | Die bord is (fabrieks)uitskot omdat dit ’n kraak het. |
| reject | verb | refuse to accept, acknowledge or believe something | He rejects the theory of evolution. | verwerp | werkwoord | weier om iets te aanvaar, te erken of te glo | Hy verwerp die evolusieteorie. |
| relate | verb | to show a relationship or connection between two or more things | The questions relate to the 15 key characteristics of future leaders. | verband hou | woordgroep | ’n verband tussen dinge toon | Die vrae hou verband met die 15 sleutelkenmerke van toekomstige leiers. |
| relate | verb | report something | She related her heart-rending story to the newspaper. | vertel | werkwoord | van iets verslag doen | Sy het haar hartseer verhaal aan die koerant vertel. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| relative | adjective, adverb | considered in relation to something else | Many people struggle to understand the principle of relative meaning. | relatief | byvoeglike naamwoord, bywoord | beskou in verhouding tot iets anders | Baie mense sukkel om die beginsel van relatiewe betekenis te verstaan. |
| relativise | verb | placing things in relation to other things, which reduces their absolute value | If you relativise your emotions, it may be that you talk away your own difficulties, present your problems too lightly or make your situation look too rosy. | relativeer | werkwoord | dinge in verhouding tot ander dinge plaas, wat die absolute waarde daarvan verminder | As jy jou emosies relativeer, kan dit wees dat jy jou probleme wegpraat, hulle te lig stel of jou situasie te rooskleurig laat lyk. |
| relativism | noun | theory that all knowledge, truth, norms and principles are relative, implicating that they can change from one group, culture or situation to another | In 1958 the poet N.P. van Wyk Louw pointed out how relativism deconstructs itself, because the theory of relativism is itself an absolute statement. | relativisme | naamwoord | teorie dat alle kennis, waarheid, norme en beginsels relatief is, wat impliseer dat dit van een groep, kultuur of situasie na ’n ander kan verander | In 1958 wys die digter N.P. van Wyk Louw daarop dat relativisme homself dekonstrueer, aangesien die teorie van relativisme self ’n absolute stelling is. |
| relativistic | adjective | according to the view that there are no abstract universal truths that apply to all peoples and cultures at all times | The view that there are no abstract universal truths that apply to all peoples and cultures at all times is relativistic. | relativisties | byvoeglike naamwoord | volgens die siening dat daar geen abstrakte universele waarhede is wat te alle tye op alle volke en kulture van toepassing is nie | Die siening dat daar nie abstrakte universele waarhede is wat te alle tye op alle volke en kulture van toepassing is nie, is relativisties. |
| relativity | noun | the absence of standards | We live in the dimension of relativity – we understand things because they exist in relation to other things. | relatiwiteit | naamwoord | die afwesigheid van standaarde | Ons leef in die dimensie van relatiwiteit – ons verstaan dinge omdat hulle in verhouding tot ander dinge bestaan. |
| relax | verb | to rest while you are doing something enjoyable | Stress can be managed by making time to relax. | ontspan | werkwoord | rus terwyl jy iets aangenaams doen | Stres kan beheer word deur tyd te maak vir ontspan. |
| relax | verb | to become less anxious | People with high stress levels can teach themselves to relax, among others through breathing exercises. | ontspan | werkwoord | minder gespanne word | Mense met hoë stresvlakke kan hulleself leer ontspan, onder andere deur asemhalingsoefeninge te doen. |
| relax | verb | to make less strict | The Department of Home affairs relaxed visa restrictions. | verslap | werkwoord | minder streng maak | Die Departement van Binnelandse Sake het visumbeperkings verslap. |
| release | verb | to grant freedom to | He was released from custody after the charges were withdrawn. | vrylaat | werkwoord | vryheid verleen aan | Hy is uit aanhouding vrygelaat nadat die aanklagte teruggetrek is. |
| release | verb | to make known to the public | The government released the new crime statistics. | vrystel | werkwoord | aan die publiek bekend maak | Die regering het die nuwe misdaadstatistieke vrygestel. |
| relevance | noun | the state of being appropriate | Writers should make sure of the thematic relevance of all their textual facts. | relevansie | naamwoord | toestand van gepas wees | Skrywers moet hulle van die tematiese relevansie van hul teksfeite vergewis. |
| relevant | adjective, adverb | appropriate to the context of what is being done | We received all the relevant documents. | relevant | byvoeglike naamwoord, bywoord | toepaslik vir die konteks van wat gedoen word | Ons het al die relevante dokumente ontvang. |
| relevant | adjective | having a bearing on or a connection with something | It is important to have the relevant experience when applying for a job. | toepaslik | byvoeglike naamwoord | wat met iets verband hou | Dit is belangrik om die toepaslike ervaring te hê wanneer jy aansoek doen vir ’n werk. |
| reliable | adjective | likely to be correct or true | The journalist got the information from a reliable source. | betroubaar | byvoeglike naamwoord | waarskynlik korrek of waar | Die joernalis het die inligting van ’n betroubare bron gekry. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| reliable | adjective | that can be replicated | He demonstrated that the research was reliable by indicating how it was repeated with another group of respondents. | betroubaar | byvoeglike naamwoord | wat herhaal kan word | Hy het getoon dat die navorsing betroubaar was deur aan te dui hoe dit met ’n ander groep respondente herhaal is. |
| reluctance | noun | a certain degree of unwillingness | The reluctance of the university to intervene led to an extended legal process. | onwilligheid | naamwoord | ’n sekere mate van teësinnigheid | Die onwilligheid van die universiteit om in te gryp, het gelei tot ’n uitgebreide regsproses. |
| reluctant | adjective | not wanting to do something | The research unit was reluctant to move due to the absence of natural light in the new offices. | onwillig | byvoeglike naamwoord | wat iets nie wil doen nie | Die navorsingseenheid was onwillig om te trek weens die afwesigheid van natuurlike lig in die nuwe kantore. |
| rely on | verb | to need or depend on something | The disabled completely rely on their monthly disability grant. | staatmaak op | werkwoord | iets nodig hê of daarvan afhanklik wees | Gestremdes maak volledig staat op hul maandelikse ongeskiktheidstoelae. |
| rely on | verb | to have confidence or faith in something | She relied heavily on the comments of her supervisor. | steun op | werkwoord | vertroue in iets hê | Sy het sterk op die kommentaar van haar toesighouer gesteun. |
| remark | noun | a (negative) comment about something | After the professor made certain remarks about the theory of evolution, some students made scathing remarks about him as a person. | aanmerking | naamwoord | ’n (negatiewe) opmerking oor iets | Nadat die professor sekere [positiewe] opmerkings oor die evolusieteorie gemaak het, het sommige studente skerp [negatiewe] aanmerkings oor hom as persoon gemaak. |
| remark | verb | to say something with special reference to something else | While explaining complicated mathematical concepts, the lecturer jokingly remarks that students have to try to stay awake. | opmerk | werkwoord | iets sê met spesiale verwysing na iets anders | Terwyl hy ingewikkelde wiskundige konsepte verduidelik, merk die dosent skertsend op dat studente moet probeer om wakker te bly. |
| remark | noun | a (positive) comment about something | After the professor made certain remarks about the theory of evolution, some students made scathing remarks about him as a person. | opmerking | naamwoord | ’n stukkie (positiewe) kommentaar oor iets | Nadat die professor sekere [positiewe] opmerkings oor die evolusieteorie gemaak het, het sommige studente skerp [negatiewe] aanmerkings oor hom as persoon gemaak. |
| remove | verb | to take something away | It is important to remove impurities before mixing the two substances. | verwyder | werkwoord | iets wegvat | Dit is belangrik om onsuiwerhede te verwyder voordat jy die twee stowwe meng. |
| Renaissance | noun | transition phase between the Middle Ages and the modern era | In die West, the Renaissance is generally regarded as the beginning of modern times. | Renaissance | naamwoord | oorgangsfase tussen die Middeleeue en die moderne era | In die Weste word die Renaissance algemeen as die begin van die moderne tyd beskou. |
| renaissance | noun | revival, especially in the fields of the arts and literature | The term African Renaissance was born from the view that developing African states and their people are reviving culturally, scientifically and economically. | renaissance | naamwoord | opbloei, veral op die gebied van die kunste en letterkunde | Die term Afrika-renaissance is gebore uit die siening dat ontwikkelende Afrikastate en hul mense kultureel, wetenskaplik en ekonomies herleef. |
| render | verb | to give something to somebody | She rendered her services to the shelter free of charge. | lewer | werkwoord | iets aan iemand gee | Sy het haar dienste gratis aan die skuiling gelewer. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| render | verb | to cause something to be a certain way | New technology renders older technology obsolete. | maak | werkwoord | iets op ’n sekere manier laat | Nuwe tegnologie maak ouer tegnologie verouderd. |
| render | verb | to show something in a certain way in a work of art | The horse is poorly rendered in the painting. | uitbeeld | werkwoord | iets op ’n bepaalde manier in ’n kunswerk weergee | Die perd is swak uitgebeeld in die skildery. |
| replica | noun | exact imitation of the original | The replica of the Van Gogh painting will not achieve nearly as much at the auction as the original. | replika | naamwoord | presiese namaaksel van die oorspronklike | Die replika van die Van Gogh-skildery sal nie naastenby soveel soos die oorspronklike op die veiling behaal nie. |
| replicate | verb | to produce the same thing again | His research replicates previous work done by his colleagues. | herhaal | werkwoord | weer dieselfde ding produseer | Sy navorsing herhaal vorige werk wat deur sy kollegas gedoen is. |
| reply | verb | react to an opponent’s arguments at the end of a debate | Members of Parliament have the right to reply to the minister’s speech. | repliek lewer | werkwoord | op ’n opponent se argumente reageer aan die einde van ’n debat | Parlementslede het die reg om repliek te lewer op die minister se toespraak. |
| reply | verb | give an answer | M. asked the officer what the problem was, to which the policeman replied he was under arrest for drunken driving. | antwoord | werkwoord | ’n antwoord gee | M. het die beampte gevra wat die probleem was, waarop die polisieman geantwoord het dat hy in hegtenis geneem is weens dronkbestuur. |
| report | noun | communication on a matter after it has been thoroughly investigated | The Minister of Education’s report on the inadequate provision of textbooks will be released today. | verslag | naamwoord | kommunikasie oor ’n saak nadat dit deeglik ondersoek is | Die Minister van Onderwys se verslag oor die onvoldoende voorsiening van handboeke word vandag bekend gemaak. |
| report | verb | give an account of something | Students who study Social Work have to report on conditions in informal residential areas at the end of the semester. | verslag doen | woordgroep | van iets rekenskap gee | Studente wat maatskaplike werk studeer, moet aan die einde van die semester verslag doen oor toestande in informele woongebiede. |
| reproduce | verb | to copy | The publisher gave him permission to reproduce the book. | reproduseer | werkwoord | kopieer | Die uitgewer het hom toestemming gegee om die boek te reproduseer. |
| reproduce | verb | to repeat the original as far as possible | Cancer occurs when abnormal cells grow, reproduce and form a tumour. | reproduseer | werkwoord | die oorspronklike so getrou moontlik herhaal | Kanker kom voor wanneer abnormale selle groei, reproduseer en ’n gewas vorm. |
| reproduce | verb | to put into own words | Some lecturers expect students to reproduce the views of other writers verbatim. | weergee | werkwoord | in eie woorde stel | Sommige dosente verwag studente moet ander skrywers se sienings woordeliks weergee. |
| reproduced | adjective | exactly or almost exactly like the original | Reproduced facts just mean that the person is parroting someone else’s statements. | gereproduseer | byvoeglike naamwoord | presies of byna net soos die oorspronklike | Gereproduseerde feite beteken gewoon dat die persoon iemand anders se stellings napraat. |
| reproduction | noun | something that has been reproduced, of which a replica has been made | Reproduction of facts and scholarly views does not necessarily mean that a student understands the subject. | reproduksie | naamwoord | iets wat gereproduseer is, waarvan ’n replika gemaak is | Reproduksie van feite en vakkundige sienings beteken nog nie dat ’n student die vak verstaan nie. |
| repudiate | verb | to refuse to accept something | He repudiated the opinions held by churches other than his own. | verwerp | werkwoord | weier om iets te aanvaar | Hy het die menings van ander Kerke as sy eie verwerp. |
| require | verb | to have need of | Five patients required surgery. | benodig | werkwoord | nodig hê | Vyf pasiënte het operasies benodig. |
| require | verb | to make something necessary | Accounting 101 is required for a BCom degree. | vereis | werkwoord | iets noodsaaklik maak | Rekeningkunde 101 word vir ’n BCom-graad vereis. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| require | verb | to make something necessary | The study program in the medical sciences requires commitment from the student. | verg | werkwoord | iets noodsaak | Die studieprogram in die mediese wetenskappe verg toewyding van die student. |
| required | adjective | which is necessary | The student does not meet the required mark to pass his exam. | vereis | byvoeglike naamwoord | wat nodig is | Die student behaal nie die vereiste punt om sy eksamen te slaag nie. |
| requirement | noun | a compulsary or necessary condition | Fitness is a requirement for fitness instructors. | vereiste | naamwoord | iets wat verpligtend of noodsaaklik is | Fiksheid is ’n vereiste vir fiksheidsinstrukteurs. |
| requirement | noun | a necessary qualification | Fitness is a requirement for entry as a fitness instructor. | vereiste | naamwoord | ’n noodsaaklike voorwaarde | Fiksheid is ’n vereiste vir toelating as fiksheidsinstrukteur. |
| research | verb | to conduct a careful study to discover new facts | I am researching the life cycle of the blue whale. | ondersoek | werkwoord | ’n noukeurige studie onderneem om nuwe feite te ontdek | Ek ondersoek die lewensiklus van die blouwalvis. |
| research | verb | to conduct a careful study to discover new facts | University lecturers are expected to research new developments in their field of study. | navors | werkwoord | ’n noukeurige studie onderneem om nuwe feite te ontdek | Daar word van universiteitsdosente verwag om nuwe ontwikkelinge in hul vakgebied na te vors. |
| research | noun | a careful study to discover new facts. | All lecturers must do research, as well as teach. | navorsing | naamwoord | ’n deeglike studie om nuwe feite te ontdek. | Alle dosente moet navorsing doen en ook klasgee. |
| research | noun | careful investigation that discovers new facts or proves hypotheses, reviews existing conclusions, or finds practical application for theories | The research that the doctoral student is currently doing will help to intercept plastic bottles at estuaries before they end up in the sea. | navorsing | naamwoord | noukeurige ondersoek wat nuwe feite ontdek of hipoteses bewys, bestaande gevolgtrekkings hersien of praktiese toepassing vir teorieë vind | Die navorsing wat die doktorale student tans doen, sal help om plastiekbottels by riviermondings te onderskep voordat hulle in die see beland. |
| researched | adjective | investigated systematically | Fortunately, the researched problem was solved. | nagevors | byvoeglike naamwoord | sistematies ondersoek; produk van navorsing | Die nagevorsde probleem is gelukkig opgelos. |
| reservoir | noun | a large supply or collection of something | The Internet is a reservoir of information. | reservoir | naamwoord | ’n groot voorraad of versameling van iets. | Die internet is ’n reservoir van inligting. |
| reside | verb | to live at (in) | It has become a trend for adult children to reside with their parents until they are into their thirties. | woon | werkwoord | tuis wees | Dit het ’n neiging geword dat volwassenes tot in hulle dertigs nog by hul ouers woon. |
| resident | adjective | who lives or works in a place. | His life changed when he became resident artist at the centre. | inwonend | byvoeglike naamwoord | wat in ’n plek woon of werk. | Sy lewe het verander toe hy inwonende kunstenaar by die sentrum geword het. |
| resident | noun | someone who lives or works in a place | He is a resident of Cameroon. | inwoner | naamwoord | iemand wat in ’n plek woon of werk | Hy is ’n inwoner van Kameroen. |
| residue | noun | the part of money or property that remains after all the debts have been paid | The residue of the estate was divided among the heirs. | oorskot | naamwoord | die deel van geld of eiendom wat oorbly nadat al die skuld betaal is | Die oorskot van die boedel is onder die erfgename verdeel. |
| residue | noun | what is left behind after the main part has been taken away | He found that the concentration of the microscopic particles was too low, and that one would have expected more residue on their hands if shots had been fired. | residu | naamwoord | wat oorbly nadat die hoofdeel weggeneem is | Hy het bevind dat die konsentrasie van die mikroskopiese deeltjies te laag was, en dat ’n mens meer residu op hul hande sou verwag as daar skote gevuur is. |
| resilient | adjective | being able to recover quickly from adverse circumstances | Jeff faced many hardships in his life, yet he was alway resilient and able to overcome adverse circumstances. | veerkragtig | byvoeglike naamwoord | teen ongunstige omstandighede bestand en in staat om vinnig te herstel | Jeff het in sy lewe met baie ontberings te kampe gehad, tog was hy altyd veerkragtig en in staat om ongunstige omstandighede te oorkom. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| resistance | noun | ability to persist biologically and psychologically | The drought resistance of plants is important when planting in arid parts of the country. | bestandheid | naamwoord | vermoë om biologies en sielkundig uit en aan te hou | Die bestandheid van plante teen droogte is belangrik wanneer daar in droë dele van die land geplant word. |
| resource | noun | supply of something that a country or an organisation possesses and can use | It should be realised that natural resources used in generating electricity, such as coal and water, are not infinite. | hulpbron | naamwoord | voorraad van iets wat 'n land of organisasie besit en kan gebruik | Daar moet besef word dat natuurlike hulpbronne wat gebruik word vir die opwekking van elektrisiteit, soos steenkool en water, nie onbeperk is nie. |
| resource | noun | something that can be used to help achieve an aim | Students may access printed material and online resources for the assignment. | bron | naamwoord | iets wat gebruik kan word om om 'n doel te help bereik | Studente het toegang tot gedrukte materiaal en aanlyn bronne vir die opdrag. |
| respective | adjective | various | My two brothers did very well in their respective fields of study (Physics and Mathematics). | onderskeie | byvoeglike naamwoord | verskillende | My twee broers het baie goed gevaar in hul onderskeie studierigtings (Fisika en Wiskunde). |
| respectively | adverb | separately and in the order already mentioned | Tomorrow Mary and Peter will write their exams in French and Mathematics respectively. | onderskeidelik | bywoord | afsonderlik en in die volgorde wat reeds genoem is | Môre skryf Mary en Peter hul eksamens in onderskeidelik Frans en Wiskunde. |
| respond | verb | to react to something | The lecturer responded to the queries of the students via e-mail. | reageer | werkwoord | op iets reageer | Die dosent het per e-pos op die vrae van die studente gereageer. |
| respond | verb | to improve as a result of a particular treatment | The cancer patient responded well to radiation. | reageer | werkwoord | verbeter as gevolg van 'n spesifieke behandeling | Die kankerpasiënt het goed gereageer op die bestraling. |
| respond | verb | to say or do something in reply to something | Students usually respond positively to an enthusiastic lecturer. | reageer | werkwoord | iets sê of doen in antwoord op iets | Studente reageer gewoonlik positief op 'n entoesiastiese dosent. |
| response | noun | reaction to something | I am awaiting a response from the ethics committee regarding my research proposal. | antwoord | naamwoord | reaksie op iets. | Ek wag op 'n antwoord van die etiekkomitee rakende my navorsingsvoorstel. |
| responsive | adjective | as a reaction to something | The lecturer's enthusiasm often leads to responsive students asking questions and voicing opinions in class. | responsief | byvoeglike naamwoord | as reaksie op iets | Die entoesiasme van die dosent lei dikwels daartoe dat responsiewe studente vrae stel en hul mening in die klas uitspreek. |
| restore | verb | to bring back a situation that existed before | Investor confidence seems to have been restored after the institution of the new government. | herstel | werkwoord | 'n situasie wat voorheen bestaan het, terugbring of herstel | Beleggersvertroue is blykbaar herstel na die instelling van die nuwe regering. |
| restrain | verb | to hold someone back | They had to restrain the patient after his mental breakdown. | bedwing | werkwoord | iemand terughou | Hulle moes die pasiënt bedwing ná sy geestelike ineenstorting. |
| restrict | verb | to limit the size, amount or range of something | Passengers are restricted to one litre of fortified wine on overseas flights. | beperk | werkwoord | 'n limiet op die grootte, hoeveelheid of omvang van iets plaas | Passasiers word beperk tot een liter gefortifiseerde wyn op oorsese vlugte. |
| restrict | verb | to limit yourself to a certain amount of something or a certain activity | She restricted the amount of fat in her diet. | beperk | werkwoord | jouself tot 'n sekere aktiwiteit of 'n sekere hoeveelheid van iets beperk | Sy het die hoeveelheid vet in haar dieet beperk. |
| restriction | noun | a limiting condition | Lecturers usually place a restriction on the number of words students are allowed to use in test answers. | beperking | naamwoord | 'n beperkende toestand | Dosente plaas gewoonlik 'n beperking op die aantal woorde wat studente in toetsantwoorde mag gebruik. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| restrictive | adjective | setting boundaries or limits | This restrictive daily routine has frustrated him. | beperkend | byvoeglike naamwoord | wat grense of perke stel | Hierdie beperkende daaglikse roetine het hom gefrustreer. |
| result | noun | something that has happened or is produced because of something else | Because government mismanagement is increasing, distrust of leadership is the result. | gevolg | naamwoord | iets wat gebeur of ontstaan het as gevolg van iets anders | Omdat wanbestuur deur die regering toeneem, is wantroue in leierskap die gevolg. |
| result | noun | as a consequence | Mismanagement at government-level is increasing and as a result, confidence in leadership decreases. | gevolglik | byvoeglike naamwoord | as ’n gevolg | Wanbestuur op regeringsvlak neem toe en gevolglik neem die vertroue in leierskap af. |
| result | noun | something that has happened or is produced because of something else | The results showed that there is an acute lack of critical management skills especially in the areas of strategic capability and leadership. | resultaat | naamwoord | iets wat gebeur of ontstaan het as gevolg van iets anders | Die resultate het getoon dat daar ’n akute gebrek aan kritieke bestuursvaardighede is, veral op die gebied van strategiese vermoë en leierskap. |
| retain | verb | to keep a substance that has been taken in | Compost helps to retain moisture in the soil. | behou | werkwoord | ’n stof wat in- of opgeneem is, terughou | Kompos help om vog in die grond te behou. |
| retain | verb | to keep someone or something | The company uses loyalty programmes to retain its customers. | behou | werkwoord | iemand of iets hou, seker maak dat jy die persoon of ding nie kwytraak nie | Die maatskappy gebruik lojaliteitsprogramme om sy klante te behou. |
| retard | verb | to slow a process | A lack of nutritious food retards the growth of children in poor countries. | vertraag | werkwoord | ’n proses stadiger laat verloop | ’n Tekort aan voedsame kos vertraag die groei van kinders in arm lande. |
| retrogradation | noun | backward movement or decrease in quality | The striking retrograde in the author’s last two works is apparently due to a rare brain disease recently diagnosed with him. | agteruitgang | naamwoord | beweging agteruit of daling in kwaliteit | Die opvallende agteruitgang in die laaste twee werke van die skrywer is blykbaar te wyte aan ’n seldsame breinsiekte wat onlangs by hom gediagnoseer is. |
| retrograde | adjective | arranged according to the end of words | a retrograde dictionary | retrograad | byvoeglike naamwoord | volgens die eindletters van woorde gerangskik | ’n retrograde woordeboek |
| retrospection | noun | looking back and thinking about one’s own actions, which often leads to new insight | I was too bound up with the problems of the present moment to enjoy the luxury of retrospection. | retrospeksie | naamwoord | die terugkyk en nadink oor eie optrede, wat dikwels lei tot nuwe insig | Ek was te vasgevang in die probleme van die oomblik om die luukse van retrospeksie te geniet. |
| retrospective | adjective, adverb | looking back on past events or situations | Retrospective solutions to problems are the result of an objective look at problem situations in the past. | terugwerkend | byvoeglike naamwoord, bywoord | wat terugkyk na gebeure of situasies in die verlede | Terugwerkende oplossings vir probleme is die resultaat van ’n objektiewe blik op probleemsituasies in die verlede. |
| reveal | verb | to let information become known | After he had made the allegations he was forced to reveal his sources. | openbaar | werkwoord | inligting bekend maak | Nadat hy die bewerings gemaak het, moes hy sy bronne openbaar. |
| reveal | verb | to make known which was previously kept secret | The most recent research has revealed that a high-protein diet can be detrimental to certain people. | toon | werkwoord | bekend maak wat voorheen geheim gehou is | Die mees onlangse navorsing het aan die lig gebring dat ’n proteïenryke dieet skadelik kan wees vir sommige mense. |
| revenue | noun | the entire amount of income before any deductions are made | This month’s revenue is down by 3 percent from last month. | inkomste | naamwoord | die totale inkomste voordat enige aftrekkings gemaak word | Die inkomste is hierdie maand 3 persent laer as verlede maand. |
| reverberate | verb | have (serious) consequences | The conflict reverberated around the world. | opslae maak | woordgroep | (ernstige) gevolge hê | Die konflik het oor die wêreld heen opslae gemaak. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| reverse | adjective | in the opposite order to the usual order | The choir left the hall in reverse order with the archdeacon leaving last. | omgekeerd | byvoeglike naamwoord | in die teenoorgestelde volgorde as die gewone volgorde | Die koor het die saal in omgekeerde volgorde verlaat met die aartsdeken wat laaste vertrek. |
| reverse | verb | to change completely so that it is the opposite of what it was before | The telephone company has reversed the backlog, and all the applicants who apply for telephone lines are now helped within a month. | omkeer | werkwoord | heeltemal verander sodat dit die teenoorgestelde is van wat dit was | Die telefoonmaatskappy het die agterstand omgekeer en al die aansoekers wat aansoek doen om telefoonlyne word nou binne ’n maand gehelp. |
| revise | verb | to change something in order to make it better or more suitable | You can be awarded a pass mark if you substantively revise your essay. | hersien | werkwoord | iets verander om dit beter of meer geskik te maak | Jy kan ’n slaagpunt kry as jy jou opstel deeglik hersien. |
| revise | verb | to study work that you have already learnt | She thoroughly revised her work for the supplementary examination. | hersien | werkwoord | werk bestudeer wat jy reeds geleer het | Sy het haar werk vir die aanvullende eksamen deeglik hersien. |
| revolt | verb | to reject authority, often violently | The oppression of Antiochus caused the Jews under the leadership of the Maccabees to revolt. | rebelleer | werkwoord | gesag verwerp, dikwels met geweld | Die onderdrukking van Antiochus het veroorsaak dat die Jode onder leiding van die Makkabeërs gerebelleer het. |
| revolt | noun | a protest against authority | On October 31, 1517, Martin Luther nailed his famous ninety-five statements to the church door in Wittenberg, which was a sign of the widespread revolt against the Church. | opstand | naamwoord | protes teen gesag | Martin Luther het op 31 Oktober 1517 sy beroemde vyf-en-negentig stellinge teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker, wat ’n teken was van die wydverspreide opstand teen die Kerk. |
| revolution | noun | a single complete turn | In the 1990s a high-performance disk drive on your computer rotated at a speed of 90 revolutions per second. | omwenteling | naamwoord | ’n enkele volledige draai | In die negentigerjare het ’n hoëspoedskyfaandrywer op jou rekenaar teen 90 omwentelings per sekonde gedraai. |
| revolution | noun | an important change in ways of thinking or doing that affects many people | The industrial revolution was started by technological innovations such as the printing press. | revolusie | naamwoord | ’n belangrike verandering in denk- of doenwyses wat baie mense raak | Die industriële revolusie is begin deur tegnologiese uitvindings soos die drukpers. |
| revolve | verb | to focus on one thing | The discussion revolved around global warming. | wentel | werkwoord | op een ding fokus | Die bespreking het gewentel om aardverwarming. |
| rhetoric | noun | kuns van logiese redenering en die gebruik van oorredingstegnieke tydens die voer van ’n debat | In his well-known work, Rhetoric, Aristotle set out the rules of argument in fine detail. | retorika | naamwoord | kuns van logiese argumentasie en oorredingstegnieke tydens debattering | In sy bekende werk, Retorika, het Aristoteles die reëls van argumentvoering in fyn besonderhede uiteengesit. |
| rhetorical | adjective | to which no answer is expected | A rhetorical question requires no answer, but involves the audience or reader in the thought process behind the argument. | retories | byvoeglike naamwoord | waarop daar nie ’n antwoord verwag word nie | ’n Retoriese vraag vereis geen antwoord nie, maar betrek die gehoor of leser by die gedagteproses agter die argument. |
| rhetorical | adjective | making use of grandiloquent words and superfluous clichés | The essay was windy and rhetorical in tone. | retories | byvoeglike naamwoord | waarin gebruik gemaak word van hoogdrawende woorde en oorbodige clichés | Die toon van die opstel was opgeblase en retories. |
| rhythm | noun | a repeated pattern of sounds or movements | The doctor listens to the rhythm of my heart beat. | ritme | naamwoord | ’n herhaalde patroon van klanke of bewegings | Die dokter luister na die ritme van my hartklop. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rhythm | noun | a regular pattern of changes | People have always organised events to match the rhythm of the seasons. | ritme | naamwoord | patroon teweeggebring deur gereelde veranderings | Mense het nog altyd geleenthede gereël om met die ritme van die seisoene saam te val. |
| rigid | adjective | not bending or changing shape | Bacterial cells have rigid cell walls around them. | stewig | byvoeglike naamwoord | nie buig of van vorm verander nie | Bakteriese selle het stewige wande. |
| rigid | adjective | not willing or able to change | Supervisors should never be too rigid in the advice to students. | rigied | byvoeglike naamwoord | nie bereid of in staat om te verander nie | Studieleiers moet nooit te rigied wees in hulle advies aan studente nie. |
| rigour | noun | the fact of being careful and paying great attention to detail | Research should be characterised by objectivity and rigour. | nougesetheid | naamwoord | versigtigheid en aandag aan detail | Navorsing moet gekenmerk word deur nougesetheid en strengheid. |
| rigour | noun | thoroughness in making sure something is correct | The rigours of the mathematics module caused many students to fail. | strengheid | naamwoord | deeglikheid om seker te maak iets is korrek | Die strengheid van die wiskundemodule het veroorsaak dat baie studente gedruip het. |
| role | noun | the actions and activities assigned to a person or group | The middle class has a critical role to play in helping the economy to grow and create jobs. | rol | naamwoord | die handelinge en aktiwiteite van aan ’n persoon of groep toegewys word | Die middelklas het ’n kritieke rol te speel om die ekonomie te help groei en werk te skep. |
| romance | noun | fascinating, mysterious or imaginative aura, character or mood often associated with something adventurous, imaginary or unreal, or with something from a bygone era | Many readers find in Barbara Cartland’s books a romance that is inherent in the space of castles, wealth and romantic love. | romantiek | naamwoord | fassinerende, geheimsinnige of verbeeldingryke aura, karakter of stemming wat dikwels met iets avontuurliks, denkbeeldig of onwerklik geassosieer word, of met iets uit ’n verbygegane era | Baie lesers vind in Barbara Cartland se boeke ’n romantiek wat inherent is aan die ruimte van kastele, rykdom en romantiese liefde. |
| romantic | adjective | characterised by an idealised view of reality | Standing in the dusk next to the waterfall is very romantic. | romanties | byvoeglike naamwoord | gekenmerk deur ’n geïdealiseerde beeld van die werklikheid | Om in die skemer langs die waterval te staan, is baie romanties. |
| romanticise | verb | represent in a romantic way | War is often romanticised by people who themselves have never had to survive in a war situation. | romantiseer | werkwoord | op ’n romantiese manier voorstel | Oorlog word dikwels geromantiseer deur mense wat self nog nooit in ’n oorlogsituasie moes oorleef nie. |
| Romanticism | noun | movement in the visual arts, literature and music that reached a peak in the late 18th and early 19th centuries, characterised by an increased interest in nature and the past, an emphasis on the individual's expression of emotion and imagination, an escape from reality and a revolt against existing conventions and social norms | You might for example define Romanticism as an artistic movement centrally concerned with the relationship between the self and others. | Romantiek | naamwoord | beweging in die visuele kunste, literatuur en musiek wat in die laat 18de en vroeë 19de eeu ’n hoogtepunt bereik het, gekenmerk deur ’n toenemende belangstelling in die natuur en die verlede, die klem op die individu se uitdrukking van emosie en verbeelding, ’n ontsnapping uit die werklikheid en ’n opstand teen bestaande konvensies en sosiale norme | Jy kan die Romantiek byvoorbeeld definieer as ’n artistieke beweging wat sentraal staan in die verhouding tussen die self en ander. |
| route | noun | an established road or path to travel along | The main shipping route to the Mediterranean is through the Suez Canal. | roete | naamwoord | ’n gevestigde weg of pad om langs te reis | Die hoofroete na die Middellandse See is deur die Suezkanaal. |
| route | noun | a certain way of achieving something | The fastest route to success is hard work. | weg | naamwoord | ’n bepaalde manier om iets te bereik | Die vinnigste weg na sukses is harde werk. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rudimentary | adjective | dealing with simple and basic facts or ideas | He had only a rudimentary understanding of medicine. | elementêr | byvoeglike naamwoord | gebaseer op eenvoudige en basiese feite of idees | Hy het slegs ’n elementêr begrip van geneeskunde gehad. |
| rudimentary | adjective | basic and undeveloped | Prehistoric people used rudimentary tools. | rudimentêr | byvoeglike naamwoord | basies en onontwikkeld | Prehistoriese mense het rudimentêre gereedskap gebruik. |
| sample | noun | manageable part of a larger whole from which the researcher can derive the properties from the whole with the appropriate statistical operations | By means of his sample of thousand matric learners, the researcher will hopefully gather enough information to be able to make valid inferences about the entire matric population. | steekproef | naamwoord | hanteerbare deel van ’n groter geheel waaruit die navorser met behulp van gepaste statistiese bewerkings die eienskappe van die geheel kan aflei | Deur middel van sy steekproef van duisend matriekleerders sal die navorser hopelik genoeg inligting insamel om geldige afleidings oor die hele matriekpopulasie te kan maak. |
| sanction | noun | a punishment to make people obey laws or customs | Sanctions against all leagues and associations who did not adhere to basic safety principles were being considered. | sanksie | naamwoord | ’n straf om mense wette of gebruike te laat gehoorsaam | Sanksies is oorweeg teen alle ligas en verenigings wat nie die basiese veiligheidsbeginsels nagekom het nie. |
| sanction | noun | permission or approval for an action | A Catholic cannot get divorced without the sanction of the Catholic church. | toestemming | naamwoord | toestemming of goedkeuring vir ’n handeling | ’n Katoliek kan nie skei sonder toestemming van die Katolieke Kerk nie. |
| sarcasm | noun | caustic mockery, intended to hurt | The following statement testifies to sarcasm: Wow, but you are too clever for words. Half of you fail the test with flying colours. | sarkasme | naamwoord | bytende spot, bedoel om seer te maak | Die volgende stelling getuig van sarkasme: Sjoe, maar julle is te slim vir woorde. Die helfte van julle druip die toets met lof. |
| sarcastic | adjective | using irony in order to mock, saying the opposite of what is meant | Her sarcastic words were directed to half the class who failed their tests. | sarkasties | byvoeglike naamwoord | wat ironie gebruik om te spot en die teenoorgestelde sê van wat bedoel word | Haar sarkastiese woorde was gerig aan die helfte van die klas wat hul toetse gedruip het. |
| satellite | noun | a natural body in space, which revolves around a larger body | The moon is one of the earth’s satellites. | satelliet | naamwoord | ’n natuurlike liggaam in die ruimte wat om ’n groter liggaam wentel. | Die maan is een van die aarde se satelliete. |
| satellite | noun | a country, town or organisation controlled by a larger one | Many East European countries were Russian satellites. | satelliet | naamwoord | ’n land, dorp of organisasie wat deur ’n groter een beheer word | Baie Oos-Europese lande was Russiese satelliete. |
| satellite | noun | a machine which has been sent into space and which revolves around a planet | The weather satellite sends valuable information back to earth. | satelliet | naamwoord | ’n masjien wat die ruimte ingestuur is en wat om ’n planeet wentel | Die weersatelliet stuur waardevolle inligting terug aarde toe. |
| satire | noun | the practice of exposing human or social folly, shortcomings or malpractices in a mocking, ironic or sarcastic way | The column provides a platform for the editor to post a weekly satire about his enemies. | satire | naamwoord | die gebruik dat menslike of maatskaplike dwaashede, tekortkominge of wanpraktyke op ’n spottende, ironiese of sarkastiese manier aan die kaak gestel word | Die rubriek bied ’n platform vir die redakteur om weekliks ’n satire oor sy vyande te plaas. |
| satirical | adjective, adverb | mocking or challenging | a satirical style | hekelend | byvoeglike naamwoord, bywoord | spottend of uitdagend | ’n hekelende styl |
| satirical | | making use of satire | The satirical style of Shapiro’s political cartoons often upsets the politicians because their mistakes are unmasked. | satiries | byvoeglike naamwoord | wat satire gebruik | Die satiriese styl van Shapiro se politieke tekenprente ontstel politici dikwels omdat hul foute ontmasker word. |
| satirise | verb | to criticise by means of satire | Cartoons generally satirise politicians’ mistakes and human weaknesses. | satiriseer | werkwoord | kritiek lewer deur middel van satire | Tekenprente satiriseer oor die algemeen politici se foute en menslike swakhede. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| satirise | verb | to make use of satire | Some sketches in newspapers satirise, among other things, the mistakes of politicians. | satiriseer | werkwoord | satire gebruik | Sommige sketse in koerante satireer onder meer die foute van politici. |
| saturate | verb | to fill something or someone completely with something so that nothing more can be added | The market is saturated with cell phone manufacturers. | versadig | werkwoord | iets of iemand heeltemal met iets vul sodat niks meer bygevoeg kan word nie | Die mark is versadig met selfoonvervaardigers. |
| scan | verb | to look quickly at something, e.g. a text, to find relevant information | She scanned through the article to find information on the causes of global warming. | vluglees | werkwoord | vinnig na iets kyk, bv. ’n teks, om relevante inligting te vind | Sy het die artikel gevluglees om inligting oor die oorsake van aardverwarming te vind. |
| scan | verb | to produce an image of a document by making use of a hardware appliance which uses light or another means | The terminologist scans relevant scientific articles to build a corpus of academic words. | skandeer | werkwoord | om ’n beeld van ’n dokument te bekom deur middel van ’n apparaat wat lig of ’n ander middel gebruik | Die terminoloog skandeer relevante wetenskaplike artikels om ’n korpus van akademiese woorde te bou. |
| scan | verb | to read with the eyes moving swiftly over the page in search of specific words | When you search for a snippet of information, you scan the text without reading every word. | skandeer | werkwoord | lees met die oë wat vinnig oor die bladsy beweeg op soek na spesifieke woorde | Wanneer jy na ’n brokkie inligting soek, skandeer jou oë die teks sonder om elke woord te lees. |
| scanning | noun | swift eye movement over a page to search for specific words | Scanning is the technique to search for information in a text without reading every word. | soeklees | naamwoord | vinnige oogbeweging oor ’n bladsy om na spesifieke woorde te soek | Soeklees is die tegniek om inligting in ’n teks te soek sonder om elke woord te lees. |
| scenario | noun | an outline or synopsis of a play | The screenplay writer has completed three scenarios for three films. | scenario | naamwoord | ’n skets in breë trekke of opsomming van ’n toneelstuk | Die draaiboekskrywer het drie scenario’s vir drie rolprente voltooi. |
| scenario | noun | the description of an event or series of events that may serve as an example | The lecturer gave the students four different scenarios to which they had to apply the framework. | scenario | naamwoord | die beskrywing van ’n gebeurtenis of reeks gebeure wat as voorbeeld kan dien | Die dosent het aan die studente vier verskillende scenario's gegee waarop hulle die raamwerk moes toepas. |
| schedule | noun | a list of times at which things are planned to occur | They completed the rocket launcher ahead of schedule. | skedule | naamwoord | ’n lys van tye waarop beplande dinge sal plaasvind | Hulle het die vuurpyllanseerder voor skedule voltooi. |
| schedule | verb | to include something in a schedule | The airline scheduled extra flights over the holiday season. | skeduleer | werkwoord | iets by ’n skedule insluit | Die lugdiens het ekstra vlugte gedurende die vakansieseisoen geskeduleer. |
| schema | noun | an outline of a plan or a theory | This schema serves as an expectation frame for the project. | skema | naamwoord | hoofpunte van ’n plan of teorie | Hierdie skema dien as ’n verwagtingsraamwerk vir die projek. |
| scheme | noun | an elaborate and systematic plan of action | Many people who work are members of a pension scheme. | skema | naamwoord | ’n uitgebreide en sistematiese plan van aksie | Baie mense wat werk, is lid van ’n pensioenskema. |
| science | noun | knowledge of phenomena and laws that are accepted as valid because they have been acquired through a systematic process of theorising, exact observation, experimentation, counterchecking and argumentation | In the exact sciences, researchers do not tend to make emotional statements. | wetenskap | naamwoord | kennis van verskynsels en wette wat as geldig aanvaar word omdat dit verkry is deur middel van ’n sistematiese proses van teoretisering, presiese waarneming, eksperimentering, kontrole en argumentasie | In die eksakte wetenskappe maak navorsers selde emosionele uitsprake. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| scientific | adjective | based on science | The scientific nature of the conference was evident in the way speakers explained their findings within the framework of their research theory and experimental setup. | wetenskaplik | byvoeglike naamwoord | op wetenskap gebaseer | Die wetenskaplike aard van die kongres was duidelik in die manier waarop sprekers hulle bevindings binne die raamwerk van hul navorsingsteorieë en eksperimentele opset verduidelik het. |
| scope | noun | framework | The research undertaken by the postgraduate student does not fall within the scope of the Humanities. | bestek | naamwoord | raamwerk | Die navorsing wat die nagraadse student doen, val nie binne die bestek van die Geesteswetenskappe nie. |
| scope | noun | an area in which something operates or has power or control | The police expanded the scope of their investigation. | omvang | naamwoord | ’n gebied waarbinne iets werk of mag of beheer het | Die polisie het die omvang van hulle ondersoek uitgebrei. |
| scope | noun | the extent or range which is covered by a book, discussion, etc. | The scope of the research is impressive. | omvang | naamwoord | die reikwydte van ’n boek, bespreking, ens. | Die omvang van die navorsing is indrukwekkend. |
| score | noun | the number of points you receive for a test or assignment | Students usually remain silent about their score for maths. | punt | naamwoord | die getal punte wat jy vir ’n toets of werkopdrag ontvang | Studente is gewoonlik stil oor die punte wat hulle vir wiskunde kry. |
| secrete | verb | to produce a liquid substance | A skunk secretes a terrible smelling liquid. | afskei | werkwoord | ’n vloeibare stof produseer | ’n Muishond skei ’n stink vloeistof af. |
| section | noun | separate part of a whole | The five sections of the physics textbook deal with five separate themes. | afdeling | naamwoord | onderdeel van ’n geheel | Die vyf afdelings van die fisikahandboek handel oor vyf afsonderlike temas. |
| section | noun | one of several parts or pieces that fit with others | The council of elders manage a section of their lands as a game reserve. | gedeelte | naamwoord | een van verskeie onderdele of stukke wat by ander pas | Die raad van oudstes bestuur ’n gedeelte van hul grond as ’n wildreservaat. |
| section | verb | to separate something into smaller parts | They sectioned the book into 17 chapters. | verdeel | werkwoord | iets in kleiner dele indeel | Hulle het die boek in 17 hoofstukke verdeel. |
| sector | noun | a particular aspect of life or activity | There is a general shortage of doctors in the public sector. | sektor | naamwoord | ’n bepaalde aspek van die lewe of ’n aktiwiteit | Daar is ’n algemene tekort aan dokters in die openbare sektor. |
| secure | verb | to obtain or achieve something | That division secured a major building contract. | bekom | werkwoord | om iets te bekom of te bereik | Daardie afdeling het ’n groot boukontrak bekom. |
| secure | adjective | free from danger or risk | He felt so secure in his job that he bought a new house. | veilig | byvoeglike naamwoord | vry van gevaar of risiko | Hy het so veilig gevoel in sy werk dat hy ’n nuwe huis gekoop het. |
| seek | verb | to try to do or find something | He sought to improve his English. | probeer | werkwoord | iets probeer doen of kry | Hy het probeer om sy Engels te verbeter. |
| segment | noun | a smaller part of something. | A segment of the painting was damaged. | segment | naamwoord | ’n kleiner deel van iets | ’n Segment van die skildery was beskadig. |
| segment | verb | to divide something into smaller parts | She segmented the orange so that each child could have a piece. | segmenteer | werkwoord | iets in kleiner dele verdeel | Sy het die lemoen gesegmenteer sodat elke kind ’n stuk kon hê. |
| select | verb | to choose someone or something carefully | Twenty finalists were selected to compete in the next round. | kies | werkwoord | iets of iemand versigtig uitsoek | Twintig finaliste is gekies om aan die volgende ronde deel te neem. |
| select | adjective | carefully chosen according to certain standards | Dog breeders only use select dogs to maintain pedigreed bloodlines. | uitgesoek | byvoeglike naamwoord | noukeurig gekies volgens sekere standaarde | Hondetelers gebruik slegs uitgesoekte honde om rasegte stambome te onderhou. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| seminar | noun | meeting of experts and students in a specific field of study for discussion, research or hands-on practice | An entomology seminar will be held over the weekend on the spreading of weeds from Australia. | seminaar | naamwoord | byeenkoms van kundiges en studente in ’n spesifieke vakrigting vir bespreking, navorsing of praktiese oefening | Die naweek word ’n entomologie-seminaar gehou oor die verspreiding van onkruid uit Australië. |
| sense | noun | the meaning or purpose of something | A regular reader understands the literal and figurative sense of words. | betekenis | naamwoord | die sin of bedoeling van iets | ’n Gereelde leser begryp die letterlike en figuurlike betekenis van woorde. |
| separate | verb | to divide into different parts or groups | If you read analytically, you separate paragraphs, sentences and even words from each other to examine them separately. | skei | werkwoord | in verskillende dele of groepe verdeel | As jy analities lees, skei jy paragrawe, sinne en selfs woorde van mekaar om hulle apart te ondersoek. |
| separate | verb | to divide into different parts or groups | The tour guide separated the group into smaller groups. | verdeel | werkwoord | in verskillende dele of groepe plaas | Die toergids het die groep in kleiner groepe verdeel. |
| separately | adverb | divided into different parts or groups | If you read analytically, you separate paragraphs, sentences and even words from each other to examine them separately. | afsonderlik | bywoord | wat in verskillende dele of groepe verdeel is | As jy analities lees, skei jy paragrawe, sinne en selfs woorde van mekaar om hulle afsonderlik te ondersoek. |
| sequence | noun | a series of events, numbers or actions that follow in a particular order. | Number each paragraph in the margin in order to indicate the correct sequence for the paragraphs. | volgorde | naamwoord | ’n reeks gebeure, getalle of handelinge in ’n bepaalde volgorde | Nommer elke paragraaf in die kantlyn om die regte volgorde vir die paragrawe aan te dui. |
| sequence | noun | a series of events, numbers or actions that follow in a particular order | Bibliographical references must be arranged in alphabetical sequence according to authors’ surnames. | volgorde | naamwoord | ’n reeks gebeure, getalle of handelinge in ’n bepaalde volgorde | Bibliografiese verwysings moet in alfabetiese volgorde gerangskik word volgens outeurs se vanne. |
| series | noun | a group of events or actions, especially happening one after another | The earthquake was followed by a series of smaller aftershocks. | reeks | naamwoord | ’n groep gebeure of handelinge, veral die een na die ander | Die aardbewing is gevolg deur ’n reeks kleiner naskokke. |
| shift | verb | to move from one position, opinion or situation to another | Public opinion has shifted: those who were in favour of the war are now opposing it. | verander | werkwoord | van een posisie, opinie of situasie na ’n ander beweeg | Die openbare mening het verander: diegene wat ten gunste van die oorlog was, is nou daarteen. |
| shift | noun | a move from one position, opinion or situation to another | There has been a shift in voter opinion during the student elections. | verskuiwing | naamwoord | ’n skuif van een posisie, mening of situasie na ’n ander | Daar het ’n verskuiwing in die menings van die kiesers plaasgevind tydens die studenteverkiesing. |
| significance | noun | the importance or meaning of something | When World War II broke out, many people did not realise the significance this event would have over the course of history. | betekenis | naamwoord | die belangrikheid of gewig van iets | Toe die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, het baie mense nie die betekenis besef wat dié gebeurtenis vir die verloop van die geskiedenis sou hê nie. |
| significant | adjective | meaningful or important | The increase in the petrol price will have a significant effect on food prices. | beduidend | byvoeglike naamwoord | betekenisvol of belangrik | Die styging in die petrolprys sal ’n beduidende uitwerking op voedselpryse hê. |
| significant | adjective | meaningful or important | When World War II broke out, many people did not realise how significant this event would be over the course of history. | belangrik | byvoeglike naamwoord | betekenisvol of belangrik | Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, het baie mense nie besef hoe belangrik hierdie gebeurtenis in die loop van die geskiedenis sou wees nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| signify | verb | to be a sign of something | In that particular culture her long hair signifies her status as an unmarried woman. | beteken | werkwoord | ’n teken van iets wees | In dié spesifieke kultuur dui haar lang hare op haar status as ongetroude vrou. |
| similar | adjective | like something else but not completely the same | They had similar experiences as students, even though they studied at different universities. | soortgelyk | byvoeglike naamwoord | soos iets anders, maar nie heeltemal dieselfde nie | Hulle het soortgelyke ervarings as studente gehad, al het hulle aan verskillende universiteite studeer. |
| similarity | noun | the state of being similar | There is no similarity between the data in your report and that of your colleague. | ooreenkoms | naamwoord | die toestand van soortgelyk te wees | Daar is geen ooreenkoms tussen die data in jou verslag en dié van jou kollega nie |
| simulate | verb | reproduce the behaviour or appearance of something or someone | They used the model to simulate the effects of a hurricane on the area. | simuleer | werkwoord | die gedrag of voorkoms van iets of iemand reproduseer | Hulle het die model gebruik om die uitwerking van ’n orkaan op die gebied te simuleer. |
| simulate | verb | to imitate the nature of something | In the play, the students shook a piece of corrugated iron to simulate the sound of thunder. | naboots | werkwoord | die aard van iets naboots | In die toneelstuk het die studente ’n sinkplaat geskud om die geluid van donderweer na te boots. |
| simulate | verb | to imitate the nature of something | In the beginner’s course in German, the students are all given new German identities and then simulate a whole new biography. | simuleer | werkwoord | die aard van iets naboots | In die beginnerskursus Duits kry die studente almal nuwe Duitse identiteite en simuleer dan ’n hele nuwe biografie. |
| simulated | adjective | mimicked or imitated | Each time, my roommate is lucky enough to get a certificate from a gullible doctor after a brilliantly simulated stomach ache. | gesimuleer | byvoeglike naamwoord | nageboots | Elke keer geluk dit my kamermaat om ná ’n briljant gesimuleerde maagpyn ’n siektesertifkaat van ’n goedgelowige dokter te kry. |
| simulation | noun | continuous role play as part of a teaching or training situation | Nowadays one can buy books with interesting examples of simulations within the school context, the business context, etc. | simulasie | naamwoord | deurlopende rolspel as deel van ’n onderrig- of opleidingsituasie | Deesdae kan ’n mens boeke koop met interessante voorbeelde van simulasies binne skoolverband, die sakekonteks, ens. |
| simulation | noun | imitation of a process | Experimental results have been analysed with computer simulations. | simulasie | naamwoord | nabootsing van ’n proses | Eksperimentele resultate is deur middel van rekenaarsimulasies geanaliseer. |
| simultaneous | adjective | happening or existing at the same time | A clearing operation to remove intruder wattle trees and a simultaneous operation to close down the last remnants of the mine will start in early December. | gelyktydig | byvoeglike naamwoord | wat op dieselfde tyd gebeur of bestaan | ’n Skoonmaakaksie om indringerwattelbome te verwyder en ’n gelyktydige operasie om die laaste oorblyfsels van die myn te sluit, begin vroeg in Desember. |
| site | noun | a place where something important happened | Hiroshima is still visited by those wanting to see the site of the first atomic bomb attack. | terrein | naamwoord | ’n plek waar iets belangriks gebeur het | Hiroshima word steeds besoek deur diegene wat die terrein van die eerste atoombomaanval wil sien. |
| skeleton | noun | the framework of something | She has not even completed the skeleton of her new novel, let alone filled in the details. | raamwerk | naamwoord | die raamwerk van iets | Sy het nie eers die raamwerk van haar nuwe roman voltooi nie, laat staan nog enige besonderhede ingevul. |
| sketch | noun | a short description of something | The abstract gives a brief sketch of the theoretical background. | skets | naamwoord | ’n kort beskrywing van iets | Die opsomming bied ’n kort skets van die teoretiese agtergrond. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| sketch | verb | outline something briefly and roughly | She sketched her house. | skets | werkwoord | iets vinnig en rofweg teken | Sy het haar huis geskets. |
| skill | noun | the ability to do something well or to master something difficult | The international researcher has also mastered the skill of charcoal sketching. | vaardigheid | naamwoord | die vermoë om iets goed te doen of iets moeiliks te bemeester | Die internasionale navorser het ook die vaardigheid van houtskoolskets bemeester. |
| skillful | adjective | said of someone who has mastered something and can do it well | The international researcher is also skillful in the art of charcoal sketching. | vaardig | byvoeglike naamwoord | wat iets goed bemeester het of dit goed kan uitvoer | Die internasionale navorser is ook vaardig in die kuns van houtskoolskets. |
| skim | verb | to read something quickly to find the main points | The student quickly skims the synopsis of the article to see if it is relevant to her own topic. | vluglees | werkwoord | iets vinnig lees om die hoofpunte te vind | Die student vluglees gou die sinopsis van die artikel om te sien of dit relevant is tot haar eie onderwerp. |
| skim | verb | page through | Before I read the book, I skimmed through it looking at the main headings and illustrations. | deurblaai | werkwoord | vinnig deurgaan | Voordat ek die boek gelees het, het ek dit deurgeblaai en na die hoofopskrifte en illustrasies gekyk. |
| society | noun | group of people with more or less the same interests and values | The values within a society normally influence the thinking of individuals within that society. | gemeenskap | naamwoord | groep mense met min of meer dieselfde belangstellings en waardes | Die waardes binne ’n gemeenskap beïnvloed normaalweg die denke van individue binne die samelewing. |
| solution | noun | the way to solve a problem | The solution to social issues is partly the responsibility of academics. | oplossing | naamwoord | die manier om ’n probleem op te los | Die oplossing vir sosiale kwessies is deels die verantwoordelikheid van akademici. |
| solvable | adjective | possible to solve | Social problems are only solvable if experts and academics work together. | oplosbaar | byvoeglike naamwoord | moontlik om op te los | Sosiale probleme is slegs oplosbaar as kenners en akademici saamwerk. |
| solve | verb | deal with a difficult situation | The end of poverty will largely solve the problem of hunger. | oplos | werkwoord | ’n moeilike situasie hanteer | Die einde van armoede sal die probleem van honger grootliks oplos. |
| solve | verb | to find a solution for problem | One of the most important tasks of the researcher is to solve research problems. | oplos | werkwoord | ’n oplossing vir ’n probleem vind | Een van die belangrikste take van die navorser is om navorsingsprobleme op te los. |
| sophisticated | adjective | showing or having a lot of experience of the world or of social situations | The demand for delicacies has risen with the emergence of a sophisticated urban population. | gesofistikeerd | byvoeglike naamwoord | baie ervaring van die wêreld of sosiale situasies toon of hê | Die vraag na lekkernye het toegeneem met die opkoms van ’n gesofistikeerde stedelike bevolking. |
| sophisticated | adjective | complicated or cleverly designed | Sophisticated software is needed for this kind of work-flow simulation. | gesofistikeerd | byvoeglike naamwoord | ingewikkeld of slim ontwerp | Gesofistikeerde sagteware is nodig vir hierdie soort werkvloei-simulasie. |
| source | noun | original text | The thorough student always indicates his sources in a bibliography. | bron | naamwoord | oorspronklike teks | Die deeglike student dui altyd sy bronne in ’n bibliografie aan. |
| source | noun | the place from which something comes | Oranges are a very good source of vitamin C. | bron | naamwoord | die plek waarvandaan iets kom | Lemoene is ’n baie goeie bron van vitamien C. |
| source | noun | a person or document that provides information | Good journalists never reveal their sources. | bron | naamwoord | ’n persoon of dokument wat inligting verskaf | Goeie joernaliste openbaar nooit hul bronne nie. |
| source | noun | the cause of something | A fractured femur was the source of the pain. | oorsprong | naamwoord | die oorsaak van iets | ’n Gebreekte femur was die oorsprong van die pyn. |
| spatial | adjective | concerning the position, size or shape of something | To be a good architect, you need to have fine spatial awareness. | ruimtelik | byvoeglike naamwoord | wat betref die posisie, grootte of vorm van iets | Om ’n goeie argitek te wees, moet jy ’n goeie ruimtelike bewustheid hê. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| speaker | noun | somebody who speaks or reads a paper | Three speakers from our law faculty delivered brilliant papers at an international conference. | spreker | naamwoord | iemand wat praat of ’n referaat lewer | Drie sprekers van ons regsfakulteit het briljante referate tydens ’n internasionale kongres gelewer. |
| specific | adjective | defined clearly | Students should support their statements with specific facts. | spesifiek | byvoeglike naamwoord | duidelik omskryf | Studente moet hul stellings met spesifieke feite ondersteun. |
| specific | adjective | particular, exact or detailed | In order to report the case they need the specific time of the incident. | spesifieke | byvoeglike naamwoord | spesifiek, presies of gedetailleerd | Ten einde die saak aan te meld, benodig hulle die spesifieke tyd van die voorval. |
| specifically | adverb | particular, exact or detailed | I specifically like the author’s style, because it’s simple and self-explanatory. | spesifiek | bywoord | spesifiek, presies of gedetailleerd | Ek hou spesifiek van die skrywer se styl, want dit is eenvoudig en selfverduidelikend. |
| specification | noun | description or detailed expression of something | Only a mathematical specification of the distance between galaxies will make man realise the enormity of the universe. | bepaling | naamwoord | beskrywing of gedetailleerde uitdrukking van iets | Slegs ’n wiskundige bepaling van die afstand tussen sterrestelsels sal die mens die grootheid van die heelal laat besef. |
| specification | noun | detailed description | I miss a clear specification of the steps you followed in your research. | spesifisering | naamwoord | gedetailleerde beskrywing | Ek mis duidelike spesifisering van die stappe wat jy in jou navorsing gevolg het. |
| specified | adjective | that has been stated or set | The specified date does not suit all members. | gespesifiseer | byvoeglike naamwoord | wat bepaal of vasgestel is | Die datum wat gespesifiseer word, pas nie al die lede nie. |
| specify | verb | to state a fact clearly or identify something clearly | The rescue team needed the GPS coordinates to specify the exact location of the plane crash. | bepaal | werkwoord | ’n feit duidelik stel of iets duidelik identifiseer | Die reddingspan het die GPS-koördinate nodig om die presiese ligging van die vliegongeluk te bepaal. |
| specify | verb | to describe in detail | You need to specify more clearly which chemicals you need in the laboratory. | spesifiseer | werkwoord | in detail beskryf | Jy moet duideliker spesifiseer watter chemikalieë jy in die laboratorium benodig. |
| spectrum | noun | a range of opinions or beliefs relating to the same subject | People across the political spectrum voted in favour of sanctions against countries that are guilty of the gross violation of human rights. | spektrum | naamwoord | ’n reeks opinies of oortuigings rakende dieselfde onderwerp | Mense regoor die politieke spektrum het ten gunste van ondersteunde sanksies gestem teen lande wat hulle skuldig maak aan die growwe skending van menseregte. |
| speculate | verb | to buy or sell goods or shares in the hope of making a profit | He has speculated very successfully on the stock market in the past. | spekuleer | werkwoord | goedere of aandele koop of verkoop in die hoop om wins te maak | Hy het in die verlede baie suksesvol op die aandelemark gespekuleer. |
| speculate | verb | to form an opinion without knowing all the facts | One can only speculate as to whether these circumstances will influence future events. | spekuleer | werkwoord | ’n opinie vorm sonder om al die feite te ken | ’n Mens kan maar net daaroor spekuleer of hierdie omstandighede toekomstige gebeure sal beïnvloed. |
| sphere | noun | area influenced by a particular person or organisation | The United States’ sphere of influence stretches across the entire globe. | sfeer | naamwoord | area wat deur ’n bepaalde persoon of organisasie beïnvloed word | Die Verenigde State se sfeer van invloed strek oor die hele aardbol. |
| spirit | noun | the non-physical part of a human as the seat of emotions | No brain surgeon has ever been able to physically indicate the seat of the human spirit. | gees | naamwoord | die niefisieke deel van ’n mens as setel van emosies | Geen breinchirurg kon nog ooit die setel van die menslike gees fisies aandui nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| spirit | noun | school of thought of a certain time in history | Some students clearly felt the university had imperialist connotations and should change in accordance with the spirit of the times. | tydgees | naamwoord | denkrigting van ’n bepaalde tyd in die geskiedenis | Sommige studente het duidelik gevoel dat die universiteit imperialistiese konnotasies het en moet verander in ooreenstemming met die tydgees. |
| spiritual | adjective | in a way that relates to the spirit or soul | Spiritual preparation is just as important as intellectual commitment. | geestelik | byvoeglike naamwoord | op ’n manier wat verband hou met die gees of siel | Geestelike voorbereiding is net so belangrik soos intellektuele toewyding. |
| spiritualise | verb | to take something spiritually | The balanced person maintains the balance between spirit and flesh by not wanting to spiritualise everything that happens. | vergeestelik | werkwoord | iets geestelik opneem | Die gebalanseerde mens handhaaf die balans tussen gees en vlees deur nie alles wat gebeur, te wil vergeestelik nie. |
| stable | adjective | resistant to change of position or condition | She has a very stable temper and hardly ever becomes upset. | stabiel | byvoeglike naamwoord | bestand teen verandering van posisie of toestand | Sy het ’n baie stabiele humeur en raak amper nooit ontsteld nie. |
| standard | noun | level of competence or expertise | What is the standard of academic language proficiency that universities expect from first-year students? | standaard | naamwoord | vlak van bekwaamheid of kundigheid | Wat is die standaard van akademiese taalvaardigheid wat universiteite van eerstejaarstudente verwag? |
| standardise | verb | establish a norm | Access tests that determine students’ language and numeracy skills should be standardised, otherwise they are of little value. | standaardiseer | werkwoord | ’n norm daarstel | Toegangstoetse wat studente se taal- en syfervaardighede bepaal, moet gestandaardiseer word, anders is dit van min waarde. |
| standardise | verb | raise something to the required level | Universities will have to standardise a minimum entry level through entrance tests. | standaardiseer | werkwoord | iets tot die vereiste vlak verhoog | Universiteite sal ’n minimum intreevlak moet standaardiseer deur middel van toelatingstoetse. |
| standardised | adjective | which meets certain set standards | Standardised access tests are used overseas to establish first-year access levels at universities. | gestandaardiseer | byvoeglike naamwoord | wat aan sekere vasgestelde standaarde voldoen | Gestandaardiseerde toelatingstoetse word oorsee gebruik om toegangsvlakke vir die eerste jaar by universiteite vas te stel. |
| starved | verb | to suffer because of a mental or spiritual need, or to crave something | She was starved of stimulating conversation. | uitgehonger wees | woordgroep | wat ly vanweë ’n geestelike of spirituele behoefte, of wat na iets hunker | Sy was uitgehonger vir stimulerende geselskap. |
| state | verb | to say something formally | Please state your relationship to the defendant. | meld | werkwoord | om formeel iets te sê | Meld u verhouding met die verweerder, asseblief. |
| state | verb | speak or write something with certainty | The student who states his argument logically, is able to formulate his view unambiguously. | stel | werkwoord | iets met sekerheid sê of skryf | Die student wat sy argument logies stel, is in staat om sy siening ondubbelsinnig te formuleer. |
| stated | adjective | something that has been said or written with certainty | The listeners were impressed with his clearly stated view on the contentious subject. | gestel | byvoeglike naamwoord | iets wat met sekerheid gesê of geskryf is | Die luisteraars was beïndruk met sy duidelik gestelde standpunt oor die omstrede onderwerp. |
| statement | noun | something that you say or write that gives information about something | Even though you are sure of your statement, you need to substantiate it with facts to persuade your reader or listener. | stelling | naamwoord | iets wat jy sê of skryf wat inligting oor iets gee | Al is jy seker van jou stelling, moet jy dit met feite staaf om jou leser of luisteraar te oortuig. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| statement | noun | something that you say or write that gives information about something | The company issued a formal statement concerning the allegations of fraud. | verklaring | naamwoord | iets wat jy sê of skryf wat inligting oor iets gee | Die maatskappy het ’n formele verklaring uitgereik oor die bewerings van bedrog. |
| stationary | adjective | not moving | The bus, having run out of fuel, was stationary. | stilstaande | byvoeglike naamwoord | wat nie beweeg nie | Die stilstaande bus se brandstof het opgeraak. |
| statistical | adjective | relating to the use of statistical data | The supervisor looks forward to reviewing the statistical processing of the data. | statisties | byvoeglike naamwoord | wat betrekking het op die gebruik van statistiese data | Die studieleier sien daarna uit om die statistiese verwerking van die data na te gaan. |
| statistics | noun | a collection of information shown in numbers | Official statistics state that two out of every three marriages in South Africa end in divorce. | statistieke | naamwoord | ’n versameling inligting aangebied in die vorm van getalle | Amptelike statistieke toon twee uit elke drie huwelike in Suid-Afrika loop uit op ’n egskeiding. |
| statistics | noun | method that collects and reproduces data in terms of numbers, figures and graphs | Statistics can be used to determine how many students who enroll at a university eventually obtain a degree. | statistiek | naamwoord | metode wat data versamel en weergee in terme van getalle, diagramme en grafieke | Statistieke kan gebruik word om te bepaal hoeveel studente wat by ’n universiteit inskryf, uiteindelik ’n graad behaal. |
| status | noun | a state at a particular time | Please give me an update on the status of the loan application. | status | naamwoord | ’n toestand op ’n spesifieke tydstip | Bring my asseblief op die hoogte oor die status van my leningsaansoek. |
| status | noun | one’s social, legal or professional rank | He is very proud of the high status he has achieved in the company. | status | naamwoord | iemand se sosiale, wetlike of professionele rang | Hy is baie trots op die hoë status wat hy in die maatskappy bereik het. |
| stereotype | noun | a fixed idea as to how a certain type of person should be or act | The idea that all Irish drink a lot is an unfair stereotype. | stereotipe | naamwoord | ’n vaste idee wat betref hoe ’n sekere soort persoon behoort te wees of op te tree | Die idee dat alle Iere baie drink, is ’n onregverdige stereotipe. |
| stereotype | noun | fixed image of something or someone | Our mathematics lecturer is the stereotype of a scattered professor. | stereotipe | naamwoord | geykte beeld van iets of iemand | Ons wiskundedosent is die stereotipe van ’n verstrooide professor. |
| stereotype | verb | to make assumptions about people or situations without regard to context | In a multi-cultural society, one must be careful not to stereotype people because they do not think, look or act like yourself. | stereotipeer | werkwoord | aannames maak oor mense of situasies sonder om die konteks in ag te neem | In ’n multikulturele samelewing moet ’n mens versigtig wees om mense nie te stereotipeer, omdat hulle nie soos jy dink, lyk of optree nie. |
| stereotyped | adjective | relating to a stereotype | The stereotyped image of the man is that of the selfish and unfaithful chauvinist. | stereotiep | byvoeglike naamwoord | wat betrekking het op ’n stereotipe | Die stereotiepe beeld van die man is dié van die selfsugtige en ontroue chauvinis. |
| stereotyped | adjective | well-worn or overused | People no longer want to hear stereotyped phrases. | geyk | byvoeglike naamwoord | oorgebruik of afgesaag | Mense wil nie meer geykte frases hoor nie. |
| stereotyping | noun | presentation of something or someone as a stereotype | Note the stereotyping in his categorical statements. | stereotipering | naamwoord | aanbieding van iets of iemand as ’n stereotipe | Let op die stereotipering in sy kategoriese stellings. |
| stimulate | verb | to make something or someone more active | Job creation is of the utmost importance to stimulate economic growth. | stimuleer | werkwoord | iets of iemand meer aktief maak | Werkskepping is van die uiterste belang om ekonomiese groei te stimuleer. |
| stipulate | verb | to state clearly that something must be done and how it must be done as part of an agreement | The contract stipulated that each employee is responsible for his or her own transport. | stipuleer | werkwoord | duidelik stel dat en hoe iets gedoen moet word as deel van ’n ooreenkoms | Die kontrak stipuleer dat elke werknemer verantwoordelik is vir sy of haar eie vervoer. |
| stipulate | verb | to state explicitly | The regulations of the university clearly stipulate that students may not be guilty of misconduct. | stipuleer | werkwoord | eksplisiet stel | Die regulasies van die universiteit bepaal duidelik dat studente hulle nie aan wangedrag skuldig mag maak nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| stipulated | adjective | something that has been specified | According to the stipulated regulations, no student may be guilty of misconduct. | voorgeskryf | byvoeglike naamwoord | iets wat gespesifiseer is | Volgens die voorgeskrewe regulasies mag geen student hom aan wangedrag skuldig maak nie. |
| stipulation | noun | something which has been stipulated | It is a clear stipulation from the university that a student may not be guilty of misconduct. | bepaling | naamwoord | iets wat gestipuleer is | Dit is ’n duidelike bepaling van die universiteit dat geen student hom aan wangedrag mag skuldig maak nie. |
| straightforward | noun | not difficult and easy to understand | There are a number of straightforward techniques to analyse the data. | eenvoudig | naamwoord | nie moeilik nie en maklik om te verstaan | Daar is ’n aantal eenvoudige tegnieke om die data te ontleed. |
| strange | adjective | extraordinary | The students don’t understand the lecturer due to his strange pronunciation. | vreemd | byvoeglike naamwoord | buitengewoon | Die studente verstaan die dosent nie vanweë sy vreemde uitspraak nie. |
| strategic | adjective | relating to long-term goals and how to achieve them | The strategic reader knows what to do when she encounters difficult words in a text. | strategies | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot langtermyndoelwitte en hoe om dit te bereik | Die strategiese leser weet wat om te doen wanneer sy moeilike woorde in ’n teks teëkom. |
| strategic | adjective | done as part of a plan to achieve a specific goal | Management must come up with a strategic plan to save the company from bankruptcy. | strategies | byvoeglike naamwoord | gedoen as deel van ’n plan om ’n bepaalde doel te bereik | Die bestuur moet met ’n strategiese plan vorendag kom om die maatskappy van bankrotskap te red. |
| strategist | noun | a person who is skilled in planning | The effective thinker acts as a true strategist to solve problems and crises. | strateeg | naamwoord | iemand wat goed kan beplan | Die effektiewe denker tree op as ’n ware strateeg om probleme en krisisse op te los. |
| strategy | noun | an elaborate and systematic plan of action | The strategy for the research involved a case study that employed individual interviews, document analysis and a questionnaire. | strategie | naamwoord | ’n uitgebreide en sistematiese plan van aksie | Die strategie vir die navorsing het ’n gevallestudie behels wat individuele onderhoude, dokumentanalise en ’n vraelys ingesluit het. |
| strategy | noun | elaborated overall plan to achieve a specific goal | The effective reader’s reading strategy contains a number of techniques that are determined by his or her reading purpose. | strategie | naamwoord | uitgebreide oorhoofse plan om ’n spesifieke doel te bereik | Die effektiewe leser se leesstrategie omvat ’n aantal tegnieke wat deur sy of haar leesdoel bepaal word. |
| stratum | noun | a class in society | Workers in the lower strata are always the most vulnerable. | stratum | naamwoord | ’n laag of klas in die samelewing | Werkers in die onderste strata is altyd die kwesbaarste. |
| stress | verb | to place special importance on something | The professor stressed the importance of attending all lectures and tutorial sessions. | benadruk | werkwoord | iets beklemtoon | Die professor het benadruk dat dit belangrik is om alle lesings en tutoriaalsessies by te woon. |
| stress | noun | the pressure put on something that may cause it to lose its form or break | The stress on the concrete caused the bridge to crack. | spanning | naamwoord | druk wat op iets geplaas word en wat kan veroorsaak dat dit sy vorm verloor of breek | Die spanning op die beton het die brug laat kraak. |
| stress | noun | difficulty that causes worry or emotional tension | He is suffering from examination stress. | stres | naamwoord | probleme wat kommer of emosionele spanning veroorsaak | Hy ly aan eksamenstres. |
| striking | adjective | noticeable because it is attractive, interesting or unusual | It was a striking scene. | treffend | byvoeglike naamwoord | opvallend omdat dit aantreklik, interessant of ongewoon is | Dit was ’n treffende toneel. |
| striking | adjective | making a positive or unusual impression | Provincial governments have made striking progress in improving financial management. | opvallend | byvoeglike naamwoord | wat ’n positiewe of ongewone indruk maak | Provinsiale regerings het opvallende vordering gemaak met die verbetering van finansiële bestuur. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| structural | adjective, adverb | relating to the structure | A text with structural defects will fail as a text. | struktureel | byvoeglike naamwoord, bywoord | met betrekking tot die struktuur | ’n Teks met strukturele gebreke sal as teks misluk. |
| structuralism | noun | intellectual approach to language, literature, society, etc., which focuses on relationships between different elements in a conceptual system | According to structuralism, elements of human life can only be understood in terms of their relationship to a universal structure. | strukturalisme | naamwoord | intellektuele benadering tot taal, literatuur, die samelewing, ens., wat fokus op verhoudings tussen verskillende elemente in ’n konseptuele sisteem | Volgens strukturalisme kan elemente van die menslike lewe slegs verstaan word in terme van hul verhouding tot ’n universele struktuur. |
| structuralist | adjective | according to the theory of structuralism | The structuralist mode of thinking, especially after 1950, began to be strongly reflected in disciplines such as anthropology, philosophy, psychology, literary criticism, economics and architecture. | strukturalisties | byvoeglike naamwoord | volgens die teorie van strukturalisme | Die strukturalistiese denkwyse, veral ná 1950, is sterk weerspieël in dissiplines soos antropologie, filosofie, sielkunde, literêre kritiek, ekonomie en argitektuur. |
| structure | verb | to organise something into a particular pattern | An organisation is typically structured according to its main functions or purposes. | struktureer | werkwoord | iets volgens ’n bepaalde patroon organiseer | ’n Organisasie is gewoonlik gestruktureer volgens sy hooffunksies of doelstellings. |
| structure | verb | to build something systematically | The student structures her assignment into three parts that are closely connected. | struktureer | werkwoord | iets stelselmatig bou | Die student struktureer haar opdrag in drie dele wat nou met mekaar verbind is. |
| structure | noun | the way in which the parts of something are connected or organised | The main headings are an indication of the structure of the report. | struktuur | naamwoord | die manier waarop die dele van iets verbind of georganiseer is | Die hoofopskrifte is ’n aanduiding van die struktuur van die verslag. |
| structure | noun | arrangement according to a plan or system | Students must pay close attention to the structure within which they build their arguments. | struktuur | naamwoord | rangskikking volgens ’n plan of sisteem | Studente moet deeglik let op die struktuur van die argumente wat hulle bou. |
| structured | adjective | relating to a structure | The student's careful and structured thinking impressed the lecturer. | gestruktureer | byvoeglike naamwoord | wat met ’n struktuur verband hou | Die student se noukeurige en gestruktureerde denke het die dosent beïndruk. |
| structuring | noun | arrangement according to a plan or system | The logical structuring of ideas in an academic essay is an important requirement. | strukturering | naamwoord | rangskikking volgens ’n plan of stelsel | Die logiese strukturering van idees in ’n akademiese opstel is ’n belangrike vereiste. |
| style | verb | a distinctive way of doing or presenting something | She continues to use a journalistic writing style in her essays, instead of an academic style. | styl | naamwoord | ’n besondere manier waarop iets gedoen of aangebied word | Sy gebruik steeds ’n joernalistieke skryfstyl in haar opstelle, in plaas van ’n akademiese styl. |
| style | verb | to make or do something in a particular way | He has tried to style the movie as a Fifties comedy. | stileer | werkwoord | iets op ’n bepaalde manier maak of doen | Hy het die film as ’n komedie uit die vyftigerjare probeer stileer. |
| subdivide | verb | to divide into parts | The huge group of chemistry students has been divided into several smaller classes. | onderverdeel | werkwoord | in dele verdeel | Die groot groep chemiestudente is in verskeie kleiner klasse onderverdeel. |
| subject | noun | main point being talked or written about | The subject of the congress was alcohol abuse. | onderwerp | naamwoord | hoofpunt waaroor gepraat of geskryf word | Die onderwerp van die kongres was alkoholmisbruik. |
| subjectify | verb | to make something into a personal matter | Over-emotional people tend to subjectify other people’s words, because they take everything too personally. | subjektiveer | werkwoord | van iets ’n persoonlike saak maak | Oor-emosionele mense is geneig om ander mense se woorde te subjektiveer, omdat hulle alles te persoonlik opneem. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| subjective | adjective | existing in the mind and not created by external conditions | Her belief that everyone is plotting against her is purely subjective. | subjektief | byvoeglike naamwoord | wat in die gees of verstand bestaan en nie deur eksterne toestande voorgebring word nie | Haar oortuiging dat almal teen haar saamsweer is suiwer subjektief. |
| subjective | adjective | beased on personal opinions or feelings | A judge may never allow his subjective opinions to influence his judgment. | subjektief | byvoeglike naamwoord | gebaseer op persoonlike menings of gevoelens | ’n Regter mag nie toelaat dat sy subjektiewe opinies sy oordeel beïnvloed nie. |
| subjectivity | noun | tendency to view a matter solely from a personal point of view | The subjectivity of his essay was a serious impediment. | subjektiwiteit | naamwoord | neiging om ’n saak slegs vanuit ’n persoonlike oogpunt te beskou | Die subjektiwiteit van sy opstel was ’n ernstige belemmering. |
| submission | noun | the action of providing somebody in authority with a document that they have to consider or judge | The service provides for the electronic submission of tax returns and payments via the Internet. | indiening | naamwoord | die handeling van ’n dokument te oorhandig aan iemand wat dit moet oorweeg of beoordeel | Die diens maak voorsiening vir die elektroniese indiening van belastingopgawes en betalings via die internet. |
| submit | verb | to provide somebody in authority with a document that they have to consider or judge | Students should read through their assignments before submitting them to their lecturers. | indien | werkwoord | aan iemand met gesag ’n dokument voorsien vir oorweging of beoordeling | Studente moet hulle werkopdragte deurlees voordat hulle dit by hulle dosente indien. |
| submit | verb | to provide somebody in authority with a document that they have to consider or judge | The Security Committee will submit its proposal to Parliament tomorrow. | voorlê | werkwoord | aan iemand met gesag ’n dokument besorg vir oorweging of beoordeling | Die Veiligheidskomitee sal môre sy voorstel aan die parlement voorlê. |
| submitted | adjective | handed over for consideration or assessment | One band chosen from the submitted demos will be invited to perform. | voorgelê | byvoeglike naamwoord | wat vir oorweging of beoordeling ingedien is | Een orkes wat uit die voorgelegde demo's gekies word, sal uitgenooi word om op te tree. |
| subordinate | adjective | of less importance | Many people still believe that women are subordinate to men. | ondergeskik | byvoeglike naamwoord | minder belangrik | Baie mense glo steeds dat vroue ondergeskik aan mans is. |
| subordinate | verb | lower in rank or importance | She was subordinated because her absenteeism from work was beginning to be a problem. | subordineer | werkwoord | ’n laer rang gee aan of minder belangrik maak | Sy is gesubordineer omdat haar afwesigheid by die werk ’n probleem begin word het. |
| subordinate | noun | a person who is of lesser importance or rank to someone else | Subordinates report to middle-managers, who, in turn, report to managers. | ondergeskikte | naamwoord | iemand wat ’n laer rang of ’n minder belangrike pos of posisie as iemand anders het | Ondergeskiktes rapporteer aan middelbestuurders wat op hulle beurt aan bestuurders verslag doen. |
| subordination | noun | the action of treating somebody as less important | The subordination of slaves to their masters was an accepted practice in the 17th century. | ondergeskiktheid | naamwoord | die optrede om iemand as minder belangrik te behandel | Die ondergeskiktheid van slawe aan hul meesters was ’n aanvaarde gebruik in die 17de eeu. |
| subsequent | adverb | following in time or order | The measures were implemented subsequent the hurricane in 2019. | na | bywoord | volgende in tyd of volgorde | Die maatreëls is ná die orkaan in 2019 geïmplementeer. |
| subsequent | adjective | following in time or order | During his State of the Nation address to Parliament last week and in subsequent interviews, the President made several promises. | daaropvolgend | byvoeglike naamwoord | volgende in tyd of volgorde | Tydens sy staatsrede aan die parlement verlede week en in daaropvolgende onderhoude, het die president verskeie beloftes gemaak. |
| subsequently | adverb | following in time or order | Subsequently the focus will be on fire prevention. | vervolgens | bywoord | volgende in tyd of volgorde | Vervolgens sal die fokus op brandvoorkoming val. |
| subsidy | adjective | a grant paid to an enterprise | The theatre was forced to close when the government withdrew its subsidy. | subsidie | byvoeglike naamwoord | ’n toelaag wat aan ’n onderneming betaal word | Die teater moes noodgedwonge sluit toe die regering sy subsidie onttrek. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| substitute | verb | to use or add in place of something of someone else | Since corn syrup was not freely available in the country it had to be substituted by molasses. | vervang | werkwoord | gebruik of byvoeg in die plek van iets of iemand anders | Aangesien koringstroop nie vryelik in die land beskikbaar was nie, moes dit deur melasse vervang word. |
| substitute | noun | someone or something that takes the place of someone or something else | There really is no substitute for thorough research before you decide on a new home. | plaasvervanger | naamwoord | gebruik of byvoeg in die plek van iets of iemand anders | Daar is regtig geen plaasvervanger vir deeglike navorsing voordat jy op ’n nuwe huis besluit nie. |
| subtitle | noun | second title of a book or article | The writer gave his book a final title, but still needs to formulate the subtitle. | subtitel | naamwoord | tweede titel van ’n boek of artikel | Die skrywer het sy boek ’n finale titel gegee, maar hy moet nog die subtitel formuleer. |
| subtitle | noun | written words at the bottom of a TV, cinema or computer screen, that repeat what is being said, usually in another language | The dialogue of the film is in French with subtitles in English. | onderskrif | naamwoord | geskrewe woorde onderaan ’n TV-, rolprent- of rekenaarskerm wat herhaal wat gesê word, gewoonlik in ’n ander taal | Die dialoog van die film is in Frans met onderskrifte in Engels. |
| subtle | adjective | not very obvious | Changes in weather patterns have been subtle over the past three months. | subtiel | byvoeglike naamwoord | nie baie opvallend nie | Veranderinge in weerpatrone was die laaste drie maande subtiel. |
| subtle | adjective | organised in a clever and sophisticated way | His argument for the death penalty was unusually subtle. | subtiel | byvoeglike naamwoord | op ’n slim, gesofistikeerde manier uiteengesit | Sy argument vir die doodstraf was buitengewoon subtiel. |
| succeed | verb | to get what you want by putting in effort | Hard work is the surest way to succeed. | slaag | werkwoord | kry wat jy wil hê deur moeite te doen | Harde werk is die sekerste manier om te slaag. |
| succeed | verb | to come directly after something or someone else | The queen was to have been succeeded by her son, but he died two days before his mother. | opvolg | werkwoord | direk ná iets of iemand anders kom | Die koningin sou opgevolg word deur haar seun, maar hy is twee dae voor sy moeder oorlede. |
| succession | noun | a number of things or people following each other in time | The lawyer convinces the magistrate through the systematic succession of statements and examples. | opeenvolging | naamwoord | ’n aantal dinge of mense wat mekaar in tyd opvolg | Die prokureur oortuig die landdros deur die sistematiese opeenvolging van verklarings en voorbeelde. |
| successive | adjective | following immediately, the one after the other | Animation is a technique of filming successive drawings. | opeenvolgend | byvoeglike naamwoord | wat onmiddellik, die een ná die ander volg | Animasie is ’n tegniek om opeenvolgende tekeninge te verfilm. |
| successor | adjective | a person who follows next in order | The question of poverty and what could be done about it was taken up by Archbishop Njongonkulu Ndungane, Desmond Tutu's successor. | opvolger | byvoeglike naamwoord | die volgende persoon in ’n bepaalde volgorde | Die vraag oor armoede en wat daaraan gedoen kan word, is deur aartsbiskop Njongonkulu Ndungane, Desmond Tutu se opvolger, opgeneem. |
| suffice | verb | to be enough | The evidence should suffice to convince the judge to give him a lighter sentence. | voldoende wees | woordgroep | genoeg wees | Die getuienis behoort voldoende wees om die regter te oortuig om hom ’n ligter vonnis te gee. |
| sufficient | adjective | enough | There is now sufficient evidence to say with the UK is one of the countries with the highest incidence of multiple sclerosis. | voldoende | naamwoord | genoeg | Daar is nou voldoende bewyse om te sê dat die VK een van die lande met die hoogste voorkoms van veelvuldige sklerose is. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| suggestion | noun | something that is indirectly stated or suggested | The art of suggestion is an attribute of poetic texts where the poet indirectly evokes images through subjective or sensory word choice. | suggestie | naamwoord | iets wat indirek gestel of voorgestel word | Die kuns van suggestie is ’n kenmerk van poëtiese tekste waar die digter indirek beelde oproep deur middel van subjektiewe of sintuiglike woordkeuse. |
| suggestion | noun | an idea regarding what can be done | Any suggestions or criticism regarding the course will be welcome. | voorstel | naamwoord | ’n idee met betrekking tot wat gedoen kan word | Enige voorstelle of kritiek rakende die kursus is welkom. |
| suit | verb | to be acceptable | Good writers use words that suit the context of their writing. | pas | werkwoord | aanvaarbaar wees | Goeie skrywers gebruik woorde wat die konteks van hul skryfwerk pas. |
| suitable | adjective | right or appropriate for a something | Dr. Slabbert has been appointed as researcher, because his thorough experience makes him the most suitable person for the job. | geskik | byvoeglike naamwoord | reg of gepas vir iets | Dr Slabbert is aangestel as navorser, omdat sy deeglike ervaring hom die geskikste persoon vir die werk maak. |
| summarise | verb | to give a summary of something | In order to write a good literature review you first have to summarise your core sources. | saamvat | werkwoord | ’n opsomming van iets gee | Om ’n goeie literatuuroorsig te kan skryf, moet u eers u kernbronne saamvat. |
| summarise | verb | to give a summary of something | Our lecturer wants us to summarise the contents of three prescribed articles. | opsom | werkwoord | ’n opsomming van iets gee | Ons dosent wil hê dat ons die inhoud van drie voorgeskrewe artikels moet opsom. |
| summary | noun | to give the main points or the gist of something | Stark and Dawes (2009) provide a good summary of the available research. | opsomming | naamwoord | die hoofpunte of die kern van iets gee | Stark en Dawes (2009) gee ’n goeie opsomming van die beskikbare navorsing. |
| summary | noun | the main points or the gist of a text | Responsible students make summaries after each lecture as part of their examination preparation. | opsomming | naamwoord | die hoofpunte of die kern van ’n teks | Verantwoordelike studente maak opsommings ná elke lesing as deel van hul eksamenvoorbereiding. |
| sum up | verb | to give a brief summary of something | I was not at the lecture so my friend had to sum up what I missed. | opsom | werkwoord | ’n kort opsomming van iets gee | Ek was nie by die lesing nie, dus moes my vriend opsom wat ek gemis het. |
| superficial | adjective | not thorough, deep or complete | Our study of light waves was only superficial and other researchers will now take the research further. | oppervlakkig | byvoeglike naamwoord | nie deeglik, in diepte of volledig nie | Ons studie van liggolwe was net oppervlakkig en ander navorsers sal die navorsing nou verder neem. |
| superficial | adjective | not thorough or complete | A superficial investigation may not yield all the facts to come to a valid conclusion. | oppervlakkig | byvoeglike naamwoord | nie deeglik of volledig nie | ’n Oppervlakkige ondersoek lewer miskien nie al die feite op tot ’n geldige slotsom te kom nie. |
| superficial | adjective | only touching the surface of something | The student’s superficial answer testifies to a lack of insight, because she reads her prescribed texts only superficially. | oppervlakkig | byvoeglike naamwoord | wat net die boonste vlak van iets aanraak | Die student se oppervlakkige antwoord getuig van ’n gebrek aan insig, omdat sy haar voorgeskrewe tekste slegs oppervlakkig lees. |
| superficial | adjective | in or connected to the top layer of something | He was in a car accident but luckily only sustained superficial injuries. | oppervlakkig | byvoeglike naamwoord | in of gekoppel aan die boonste laag van iets | Hy was in ’n motorongeluk, maar het gelukkig net oppervlakkige beserings opgedoen. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| superimpose | verb | to combine two systems or ideas so that one influences the other | Latin American culture is a mixture of European tradition superimposed onto native tradition. | superponeer | werkwoord | twee stelsels of idees kombineer sodat die een die ander een beïnvloed | Die Latyns-Amerikaanse kultuur is ’n mengsel van Europese tradisies wat op inheemse tradisies gesuperponeer is. |
| superior | noun | someone who is more important or has more authority than others | The colonel is my superior in the army. | hoof | naamwoord | iemand wat belangriker is of meer gesag het as ander | Die kolonel is my hoof in die weermag. |
| superior | adjective | better than someone or something else | Kenyan coffee is superior to all other kinds of coffee. | superieur | byvoeglike naamwoord | beter as iemand of iets anders | Keniaanse koffie is superieur ten opsigte van alle ander soorte koffie. |
| supplement | verb | to add to something in order to make it more complete | The questionnaire data were supplemented by interview data in order to provide a fuller and more detailed picture of poverty. | aanvul | werkwoord | iets by iets voeg om dit vollediger te maak | Die gegewens van die vraelys is aangevul met data uit onderhoude om ’n vollediger en meer gedetailleerde beeld van armoede te gee. |
| supplement | noun | an additional component that enhances the ability of someone or something | The doctor said he should take vitamin supplements. | aanvulling | naamwoord | ’n addisionele komponent wat die vermoë van iemand of iets verbeter | Die dokter het gesê hy moet vitamienaanvullings neem. |
| supplement | noun | an extra part of a newspaper, book, etc. | In my dissertation I only added one supplement at the back, but his contains three supplements. | bylaag | naamwoord | ’n ekstra deel by ’n koerant, boek, ens. | Ek het net een bylaag by my skripsie gevoeg, maar syne bevat drie bylaes. |
| support | verb | back up with arguments and supply evidence | You should always support your claims with enough facts and reasoning. | ondersteun | werkwoord | met argumente staaf en bewyse aanvoer | Jy behoort altyd jou stellings met voldoende feite en argumente te ondersteun. |
| support | verb | give weight to an argument | Students should remember to always support their views with clear arguments. | ondersteun | werkwoord | gewig aan ’n argument verleen | Studente moet onthou om altyd hul standpunte met helder argumente te ondersteun. |
| support | noun | something that carries weight | The support of one’s views through well-formulated arguments is an academic convention. | ondersteuning | naamwoord | iets wat gewig dra | Die ondersteuning van ’n mens se sienings deur goed geformuleerde argumente is ’n akademiese konvensie. |
| support | verb | to show that something is correct or true | The church supports the idea that spiritual belief helps one to cope with life’s stressors. | steun | werkwoord | toon dat iets korrek of waar is | Die kerk ondersteun die idee dat spirituele geloof ’n mens help om stresfaktore die hoof te bied. |
| supportive | adjective | that carries weight | We obtained supportive evidence for this explanation from a investigation of ... | ondersteunend | byvoeglike naamwoord | wat gewig verleen | Ons het ondersteunende bewyse vir hierdie verduideliking verkry uit ’n ondersoek na ... |
| suppose | verb | to imagine that something is true so that you can propose a possible result | The researcher supposes that domestic violence also occurs in well-to-do households. | veronderstel | werkwoord | jou verbeel dat iets waar is sodat jy ’n moontlike uitkoms kan voorspel | Die navorser veronderstel dat gesinsgeweld ook in welaf huishoudings voorkom. |
| suppose | verb | to state a belief that something is true, but without sufficient proof | One might suppose that graphical methods would provide an exceptionally useful output. | veronderstel | werkwoord | die oortuiging stel dat iets waar is, maar sonder voldoende bewys | ’n Mens kan veronderstel dat grafiese metodes ’n buitengewoon nuttige uitset sal lewer. |
| suppose | verb | to imagine that something is true so that you can propose a possible result | Suppose that the distance between X and Y are 100 m. | gestel | werkwoord | jou verbeel dat iets waar is sodat jy ’n moontlike uitkoms kan voorspel | Gestel die afstand tussen X en Y is 100 m. |
| supposed | adjective | assumed or believed | Your supposed facts are no more than your personal assumptions. | vermeende | byvoeglike naamwoord | wat aangeneem of geglo word | Jou vermeende feite is niks meer as persoonlike aannames nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| supposed | adjective | assumed or believed to be the case, but not necessarily so | We only work with supposed features of motorcyclists and therefore have to wait for more evidence of their real behaviour. | vermeende | byvoeglike naamwoord | waarvan daar aangeneem of geglo word dat dit die geval is, terwyl dit nie noodwendig so is nie | Ons werk slegs met vermeende kenmerke van motorfietsryers en moet dus wag vir meer bewyse van hul werklike gedrag. |
| supposition | noun | an assumption or something you believe | The researcher's supposition that domestic violence also occurs in affluent households, still needs verification. | aanname | naamwoord | 'n veronderstelling of iets wat jy glo | Die aanname van die navorser dat gesinsgeweld ook in welvarende huishoudings voorkom, moet nog geverifieer word. |
| suppress | verb | to put an end to something | Russia suppressed the Hungarian revolt in 1849. | onderdruk | werkwoord | iets beëindig | Rusland het die Hongaarse opstand in 1849 onderdruk. |
| suppress | verb | to restrain something or keep it from being known | The photojournalist had to suppress her fear and move into the crowd to get a close-up photograph. | onderdruk | werkwoord | iets beperk of verhoed dat dit bekend raak | Die fotojoernalis moes haar vrees onderdruk en in die skare inbeweeg om 'n foto van naby te kry. |
| supreme | adjective | the most important or the greatest that something or someone can be | Parliament is supreme and the judiciary is subservient to it. | belangrikste | byvoeglike naamwoord | die belangrikste of grootste wat iets of iemand kan wees | Die parlement is die belangrikste en die regbank is ondergeskik daaraan. |
| surface | noun | top layer or upper part of something | This region is a birding paradise and stretches to the deep valleys and mountains of the east where thermal springs bubble to the surface. | oppervlak | naamwoord | boonste laag of boonste gedeelte van iets | Hierdie streek is 'n voëlparadys en strek tot in die diep valleie en berge in die ooste waar warmwaterbronne na die oppervlak borrel. |
| surface | noun | the uppermost layer | Students who read only on the surface of their prescribed texts will never achieve the necessary insight into their subject. | bolangs | woordgroep | die boonste vlak | Studente wat hulle voorgeskrewe tekste slegs bolangs lees, sal nooit die nodige insig in hul vak bereik nie. |
| surround | verb | to be around something or someone | A child who is surrounded by caring parents and family members should develop emotional stability. | omring | werkwoord | rondom iets of iemand wees | 'n Kind wat omring is deur ouers en familielede wat omgee, behoort emosionele stabiliteit te ontwikkel. |
| survey | verb | to look at something carefully from a distance | The team surveyed their surroundings from the ship before deciding to go ashore and explore. | bespied | werkwoord | iets van 'n afstand bekyk of dophou | Die span het hul omgewing van die skip af bespied voordat hulle besluit het om aan wal te gaan en te verken. |
| survey | noun | set of questions asked to a large number of people | Certain statements were put to respondents from all the provinces, and information was gathered in three different ways: through a survey, in-depth interviews and focus group discussions. | opname | naamwoord | stel vrae wat aan 'n groot aantal mense gestel word | Sekere stellings is aan respondente uit al die provinsies gemaak, en inligting is op drie verskillende maniere versamel: deur middel van 'n opname, diepgaande onderhoude en fokusgroepbesprekings. |
| survey | verb | to think about the general consequences of a situation | They surveyed the possible consequences that a lack of sleep may have on people. | ondersoek | werkwoord | oor die algemene gevolge van 'n situasie nadink | Hulle het die moontlike gevolge ondersoek wat 'n gebrek aan slaap op mense kan hê. |
| survey | verb | to look at a piece of land for geographical or building purposes | The council surveyed the outlying areas of the city and found that there was not enough land available for more housing. | ondersoek | werkwoord | 'n stuk grond vir geografiese of boudoeleindes bestudeer | Die raad het die buitegebiede van die stad ondersoek en bevind dat daar nie genoeg grond beskikbaar is vir meer behuising nie. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| survey | noun | a map drawn up after surveying a piece of land | The geographical survey shows exactly where the volcanic fault lies. | opmeting | naamwoord | ’n kaart wat opgestel is ná die opmeting van ’n stuk grond | Die geografiese opmeting wys presies waar die vulkaniese fout lê. |
| survive | verb | continue to exist | Driven by the need to survive and feed their families, they'll tackle any job. | oorleef | werkwoord | bly bestaan | Gedryf deur die drang om te oorleef en hul gesinne te voed, sal hulle enige werk aanpak. |
| suspend | adjective | stop a process or a habit by imposing a freeze on it | The mining company suspended all operations in the area due to the instability caused by the dolomite formations. | opskort | byvoeglike naamwoord | ’n proses of ’n gewoonte stop deur dit te bevries | Die mynmaatskappy het alle bedrywighede in die gebied opgeskort weens die onstabiliteit wat die dolomietformasies veroorsaak het. |
| sustain | verb | to keep alive or make something continue | It is a challenge for educators to sustain the interest of learners in the classroom. | behou | werkwoord | aan die lewe hou of iets laat voortgaan | Dit is ’n uitdaging vir opvoeders om die belangstelling van leerders in die klaskamer te behou. |
| sustainable | adjective | able to continue | The high academic standards maintained until recently at universities will not be sustainable if the admission requirements are further scaled down. | volhoubaar | byvoeglike naamwoord | wat kan voortgaan of voortgesit kan word | Die hoë akademiese standaarde wat tot onlangs aan universiteite gehandhaaf is, sal nie volhoubaar wees as die toelatingsvereistes verder afgeskaal word nie. |
| switch | noun | a sudden change | The demand for local beer caused a switch from cultivating grapes to farming hops. | oorskakeling | naamwoord | ’n skielike verandering | Die vraag na plaaslike bier het die oorskakeling van druiwebouing na die plant van hop genoodsaak. |
| switch | verb | change from one thing to another | We need to have more versatile players who are able to switch from one position to another without encountering any problems. | oorskakel | werkwoord | van een ding na ’n ander verander | Ons moet meer veelsydige spelers hê wat van een posisie na ’n ander kan oorskakel sonder om probleme te ondervind. |
| syllogism | noun | reasoning process consisting of two premises from which a logical derivation follows | Aristotle’s analysis of the syllogism demonstrated how to reason by combining thoughts in trains of deductive reasoning. | sillogisme | naamwoord | proses van redenering wat bestaan uit twee uitgangspunte waaruit ’n logiese afleiding volg | Aristoteles se analise van die sillogisme demonstreer hoe om deduktief te redeneer deur gedagtes aaneen te skakel. |
| syllogistic | adjective | a process of logic in which two general statements lead to a more particular statement | The syllogistic theory does not provide satisfactory answers to all questions. | sillogisties | byvoeglike naamwoord | ’n proses van logika waarin twee algemene stellings tot ’n meer spesifieke stelling lei | Die sillogistiese teorie bied nie op alle vrae bevredigende antwoorde nie. |
| symbol | noun | a concrete sign, or thing, that has a particular meaning | In the novel the rose becomes a symbol for literally dozens of different things. | simbool | naamwoord | ’n konkrete teken, of ding, wat ’n bepaalde betekenis het | In die roman word die roos ’n simbool vir letterlik tientalle verskillende dinge. |
| symbolic | adjective, adverb | as a symbol | Traditionally, the red rose’s symbolic meaning is passionate love. | simbolies | byvoeglike naamwoord, bywoord | as simbool | Tradisioneel is die simboliese betekenis van ’n rooi roos, hartstogtelike liefde. |
| symbolise | verb | to represent a more general or an abstract situation or quality | The crucifix symbolises Christianity and the star of David Judaism. | simboliseer | werkwoord | ’n meer algemene of ’n abstrakte situasie of kwaliteit voorstel | Die kruisbeeld simboliseer die Christendom en die ster van Dawid die Judaïsme. |
| symbolise | verb | to be symbolic of something | A red rose symbolises love. | simboliseer | werkwoord | simbolies van iets wees | ’n Rooi roos simboliseer liefde. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| synchronisation | noun | act of sinchronising | The film technicians are working on the final synchronisation of sound and image in the last episode of the new TV-series. | sinchronisering | naamwoord | handeling van sinchroniseer | Die filmtegnici is besig met die finale sinchronisering van klank en beeld in die laaste episode van die nuwe TV-reeks. |
| synchronise | verb | to make things happen at the same time | The film technicians are now synchronising the image and sound in the last episode of the new series. | sinchroniseer | werkwoord | dinge op dieselfde tyd laat gebeur | Die filmtegnici sinchroniseer nou die beeld en klank in die laaste episode van die nuwe reeks. |
| synchronous | adjective | occuring at the same time | The film technicians made sure that the sound and image in the film were synchronous. | sinchronies | byvoeglike naamwoord | wat terselfdertyd gebeur | Die filmtegnici het gesorg dat die klank en beeld in die film sinchronies is. |
| synonym | noun | another word with more or less the same meaning | The word WORK is a synonym for LABOUR. | sinoniem | naamwoord | ’n ander woord met min of meer dieselfde betekenis | Die woord WERK is ’n sinoniem vir ARBEID. |
| synonymous | adjective | closely associated | ERASE is synonymous with DELETE. | sinoniem | byvoeglike naamwoord | nou geassosieer | UITVEE is sinoniem met SKRAP. |
| synoptic | adjective | a general summary | The book gives a synoptic view of South African art history. | oorsigtelik | byvoeglike naamwoord | ’n algemene opsomming | Die boek gee ’n oorsigtelike beeld van die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis. |
| syntactic | | at the level of the sentence | Academic texts often show syntactic defects, such as sentences without a main verb and incorrect word order after certain conjunctions. | sintakties | byvoeglike naamwoord | op die vlak van die sin | Akademiese tekste toon dikwels sintaktiese gebreke, soos sinne sonder ’n hoofwerkwoord en die verkeerde woordorde ná sekere voegwoorde. |
| syntax | noun | study of different types of sentences and the word relationships within these sentences | The syntax of African and Western languages differs in many aspects. | sintaksis | naamwoord | studie van verskillende soorte sinne en die verhoudings van woord tot mekaar in hierdie sinne | Die sintaksis van Afrika- en Westerse tale verskil in baie opsigte. |
| synthesis | noun | a combination of separate ideas from various sources with an indication of how they differ and how they are similar | Students do not realise the importance of a proper synthesis of viewpoints from various sources. | sintese | naamwoord | ’n kombinasie van verskillende idees uit verskillende bronne met ’n aanduiding van hoe hulle verskil en hoe hulle ooreenstem | Studente besef nie hoe belangrik ’n behoorlike sintese van perspektiewe uit verskillende bronne is nie. |
| synthesis | noun | creative merging of unrelated elements into a new whole | Facebook is a synthesis between technological facilitation and the human need for communication. | sintese | naamwoord | kreatiewe samevoeging van onverwante elemente tot ’n nuwe geheel | Facebook is ’n sintese tussen tegnologiese fasilitering en mense se behoefte aan kommunikasie. |
| synthesise | verb | to bring about an artificial composition | In building a theory, the researcher synthesises different facts and ideas into a coherent whole. | sintetiseer | werkwoord | ’n kunsmatige komposisie bewerkstellig | By die bou van ’n teorie sintetiseer die navorser verskillende feite en idees tot ’n samehangende geheel. |
| system | noun | group of objects or parts that work together according to an ordering principle | Even in the times of the ancient Greeks, accountants used complicated systems to keep accounting records. | stelsel | naamwoord | groep voorwerpe of onderdele wat volgens ’n ordeningsbeginsel saamwerk | Selfs in die tye van die antieke Grieke het rekenmeesters ingewikkelde stelsels gebruik om hulle boeke te laat klop. |
| systematic | adjective | according to a system or plan | It is important for companies that want to be innovative to undertake regular and systematic analyses of the market. | stelselmatig | byvoeglike naamwoord | volgens ’n stelsel of plan | Dit is belangrik vir ondernemings wat innoverend wil wees om die mark gereeld en stelselmatig te ontleed. |
| systematic | adjective | methodically executed, according to a plan | It is always refreshing to see such a systematic outline of points of view. | sistematies | byvoeglike naamwoord | metodies uitgevoer, volgens ’n plan | Dit is altyd verfrissend om so ’n sistematiese uiteensetting van standpunte te sien. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| systematically | adverb | according to a system or plan | Susan delivers her presentation systematically so that everyone can follow what she says. | puntsgewys | bywoord | volgens ’n stelsel of plan | Susan lewer haar aanbieding puntsgewys sodat almal volg wat sy sê. |
| systematise | verb | to place within a system | The teacher's task will often be to help pupils to systematise knowledge which they already have or evidence which they collect, and to keep the focus clear. | sistematiseer | werkwoord | in ’n stelsel of sisteem plaas | Die onderwyser se taak is dikwels om leerders te help om kennis wat hulle reeds het, of bewyse wat hulle versamel, te sistematiseer en die fokus duidelik te hou. |
| table | noun | a list of facts or numbers organised in columns and rows | The data was analysed using tables, graphs and discussions. | tabel | naamwoord | ’n lys feite of getalle wat in kolomme en rye gerangskik is | Die data is ontleed met behulp van tabelle, grafieke en besprekings. |
| table | noun | list, record or log that summarises figures or other data | The statistical table presents a negative picture in terms of economic growth. | tabel | naamwoord | lys, staat of verslag wat getalle of ander gegewens saamvat | Die statistiese tabel toon ’n negatiewe beeld in terme van ekonomiese groei. |
| taboo | noun | activity, subject or word that people avoid | Committing plagiarism is an academic taboo. | taboe | naamwoord | aktiwiteit, onderwerp of woord wat mense vermy | Om plagiaat te pleeg, is ’n akademiese taboe. |
| tabular | adjective | organised in the format of a table | The responses of the open-ended questions are presented in tabular format to analyse them more meaningfully. | tabulêr | byvoeglike naamwoord | georganiseer in die formaat van ’n tabel | Die antwoorde op die vryantwoordvrae word in tabulêre vorm aangebied sodat dit meer betekenisvol ontleed kan word. |
| tabular | adjective | organised in the format of a table | The lecturer expects her students to organise and present their research in tabular form. | tabel- | woorddeel | georganiseer in die formaat van ’n tabel | Die dosent verwag van haar studente om hul navorsing in tabelvorm te organiseer en aan te bied. |
| tabulate | verb | to present something in a table | It helps you to think more systematically when you tabulate the facts within the relevant categories. | tabelleer | werkwoord | in die vorm van ’n tabel weergee | Dit help jou om meer stelselmatig te dink as jy die feite binne die betrokke kategorieë tabelleer. |
| tabulate | verb | organise lists of facts or numbers in columns and rows | The data the researcher collected were tabulated. | tabuleer | werkwoord | feite of getalle in kolomme en rye organiseer | Die data wat die navorser versamel het, is getabuleer. |
| tabulated | adjective | presented as a table | One can illustrate the economic growth as tabulated data so that everyone can get a complete picture. | getabelleer | byvoeglike naamwoord | as ’n tabel aangebied | ’n Mens kan die ekonomiese groei in die vorm van getabelleerde data illustreer sodat almal ’n geheelbeeld kan kry. |
| tabulation | noun | lists of facts or numbers that are organised in columns and rows | The tabulation of data helps students to think more systematically. | tabellering | naamwoord | lyste feite of getalle wat in kolomme en rye aangebied word | Die tabellering van data help studente meer stelselmatig dink. |
| tangible | adjective | clear or definite | The police have tangible proof the suspect committed the robbery. | tasbaar | byvoeglike naamwoord | duidelik of definitief | Die polisie het tasbare bewyse dat die verdagte die diefstal gepleeg het. |
| target | noun | object of an action or attack | The half-marathon is my next target. | teiken | naamwoord | mikpunt van ’n handeling of aanval | Die halfmarathon is my volgende teiken. |
| task | noun | any piece of work which is undertaken or attempted | The researcher’s task was to analyse the interview data that was collected. | taak | naamwoord | enige stuk werk wat aangepak of onderneem word | Die navorser se taak was om die onderhouddata wat versamel is, te ontleed. |

| English Term | POS | English Definition | English Example | Afrikaans Term | POS2 | Afrikaans Definition | Afrikaans Example |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| tautological | adjective | making use of tautology | The phrase TO REPEAT AGAIN is tautological, because REPEAT already means to do something again. | toutologies | byvoeglike naamwoord | wat deur toutologie gekenmerk word | Die frase OM WEER TE HERHAAL is toutologies, want HERHAAL beteken reeds om weer iets te doen. |
| tautology | noun | phrase in which the same thing is said twice in different words | Bombastic speakers often use tautology to emphasise their statements. | toutologie | naamwoord | frase waarin dieselfde ding twee keer in verskillende woorde gesê word | Bombastiese sprekers gebruik dikwels toutologie om hul stellings te beklemtoon. |
| technical | noun | of or relating to a practical skill | She must consult a specialist dictionary to understand the technical terms used in the text. | tegnies | naamwoord | van of wat verband hou met ’n praktiese vaardigheid | Sy moet ’n vakwoordeboek raadpleeg om die tegniese terme wat in die teks gebruik word, te verstaan. |
| technical | adjective | relating to machines or exact details, rules or techniques | The technical possibilities of modern means of communication are endless. | tegnies | byvoeglike naamwoord | met betrekking tot masjiene of presiese besonderhede, reëls of tegnieke | Die tegniese moontlikhede van moderne kommunikasiemiddele is eindeloos. |
| technique | noun | a practical skill | The tennis champion’s technique is admired. | tegniek | naamwoord | ’n praktiese vaardigheid of vaardigheid | Die tenniskampioen se tegniek word bewonder. |
| technique | noun | a special method for doing something, usually involving skill | A new technique has been developed for purifying water. | tegniek | naamwoord | ’n spesiale metode om iets te doen, wat gewoonlik vaardigheid behels | ’n Nuwe tegniek is ontwikkel om water te suiwer. |
